# 'n Sosiografiese Studie

van

# Britsdistrik


deur

A. H. MULDER, M.A.

'n Proefskrif voorgelê ter verkryging van die Graad
**DOCTOR PHILOSOPHIAE**
in die Fakuliteit van Lettere en Wysbegeerte
aan die
Potchefstroomse Universiteit vir C. H. O.

Promotor: Prof. dr. D. C. S. du Preez


**Hartebeestpoortdam — Oorlooptrog**




**AQUA ET VITA**




Magaliesberg in die agtergrond, uitsig na noord




Vakansie-oord by die dam met Witwatersberg in die agtergrond




Omgewing gesien vanaf Magaliesberg suidwaarts

## BEPEINSING.

As ek, o Heer, u nagtelike hemel
daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;
hoe, deur U toeberei, die skugter maan
met stille gang oor sterrevelde gaan -

wat is die mens dan dat U hom gedenk het,
die mensekind wat U so ryk beskenk het.
Met eer en heerlikheid is hy gekroon,
skaars minder as die eng'le om u troon.

U laat hom heers. Tot aan die verste strande
gebied hy oor die werke van u hande.
U het, o Heer, dit onder hom gestel,
dit hoor sy stem en beef voor sy bevel.

Ps. 8 : 3, 4 en 5.

Opgedra aan:

Die nagedagtenis van my vader, wyle Komdt. P.W.A. Mülder, wat so objektief-simpatiek die posisie van die minderbevoorregtes kon benader in sy Christelike liefde vir sy medemens veral gedurende sy ampstermyn as Welvaartsbeampte in die eerste jare van die Nedersetting.

# INHOUDSOPGAWE.


| | | Bladsy. |
|---|---|---|
| | VOORWOORD. | i - iii |
| | DANKBETUIGINGS. | iv - vi |
| | HOOFSTUK I | 1 - 26 |
| | INLEIDING. | |
| | OOR DIE ONDERWERP. | 1 - 26 |
| A. | Aanleiding tot hierdie Studie........ | 1 - 9 |
| | I. Algemeen ........................ | 1 - 9 |
| B. | Sosiografie........................... | 9 - 19 |
| C. | Sosiografiese Studies in Suid-Afrika............................ | 19 - 20 |
| D. | Metodes van Ondersoek............... | 20 - 27 |
| | (a) Algemeen ........................ | 20 |
| | I. Algemene Riglyne vir 'n Sosiografiese Ondersoek .............. | 20 |
| | 1. Afbakening ...................... | 20 |
| | 2. Literatuurstudie ................ | 20 - 21 |
| | 3. Veldwerk ........................ | 21 |
| | i. Waarneming ................... | 21 |
| | ii. Partisipasie ................ | 21 |
| | 4. Seleksie van Feite .............. | 22 |
| | 5. Instelling van die Navorser ..... | 22 - 23 |
| | II. Besondere Metodes .............. | 23 |
| | 1. Beskrywende Metode .............. | 23 |
| | 2. Statistiese Metode .............. | 23 |
| | i. Die Statiese Aspek .......... | 24 |
| | ii. Die Dinamiese Aspek ......... | 24 |
| | III. Algemene Hulpmiddels by die Ondersoek en die Beskrywing van die Sosiale Verskynsels ............ | 24 |
| | 1. Kaarte, grafieke, afbeeldings en foto's ......................... | 25 |
| | 2. Die Vraelys en Besware teen die Vraelys ......................... | 25 - 26 |
| | 3. Dokumente ....................... | 26 |
| | 4. Sensusopnames ................... | 26 |
| | 5. Belastingopgawes ................ | 26 - 27 |
| | Slot: Waarde van 'n Sosiografiese Ondersoek ........................ | 27 |

## HOOFSTUK II.


| | | |
|---|---|---|
| | DIE GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND. | 28 |
| A. | Algemeen ............................ | 28 |
| B. | Die Voor-Silkaatstydperk ............ | 28 - 29 |
| C. | Koms van Silkaats .................. | 29 - 30 |
| D. | Koms van die Blanke ................ | 30 - 38 |


## HOOFSTUK III.


| | | |
|---|---|---|
| | GROOTTE, VORM EN GRENSE, SENTRA EN ADMINISTRASIE. | 39 - 51 |
| A. | Algemeen ............................ | 39 |
| B. | Grootte ............................. | 39 |
| C. | Vorm ................................ | 40 |
| D. | Grense .............................. | 40 - 41 |
| E. | Besondere Geografiese Sentra en Bevolkingskonsentrasies ............ | 41 - 48 |
| F. | Bestuur en Administrasie ........... | 48 - 51 |


## HOOFSTUK IV.


| | | |
|---|---|---|
| | DIE FISIES-GEOGRAFIESE MILIEU. | 52 |
| A. | Algemeen ............................ | 52 |
| B. | Ligging ............................. | 53 |
| | 1. Posisie .......................... | 53 - 54 |
| | 2. Hoogte bo Seespieël ............. | 54 |
| C. | Streekbeskrywing ................... | 54 |
| | I. Streek I ......................... | 54 |
| | a. Ligging .......................... | 54 |
| | b. Topografie ....................... | 55 |
| | c. Geologie ......................... | 55 - 57 |
| | d. Algemene Klimaatstoestande van Streek I................ | 57 |
| | e. Plantegroei ...................... | 57 - 58 |
| | II. Streek II of die Middelveld-streek ...................... | 58 |
| | a. Ligging .......................... | 58 - 59 |
| | b. Topografie ....................... | 59 - 60 |
| | c. Geologie ......................... | 60 - 62 |
| | d. Algemene Klimaatstoestande .. | 62 - 63 |
| | e. Plantegroei ...................... | 63 - 64 |

III. Streek III of die Bosveldstreek. 65 -

a. Ligging .................... 65

b. Topografie ................ 65 - 66

c. Geologie .................. 66 - 69

d. Algemene Klimaatstoestande .. 69

e. Plantegroei ............... 69 - 71

D. Fauna ......................... 71 - 75

E. Hidrografie ................... 75 - 81

F. Klimaat ....................... 82

a. Temperatuur ............... 82 - 84

b. Reënval ................... 84 - 90

c. Ryp ....................... 90

d. Winde ..................... 90 - 91

G. Slot .......................... 91

HOOFSTUK V.

BEBOUING. 92 - 139

A. Die Periode voor die Koms van die Blankes ........................ 92

a. Behuising ................. 92 - 94

b. Landbou ................... 94

c. Veeteelt .................. 94 - 95

B. Die Periode sedert die Koms van die Blanke ........................ 95

a. Behuising ................. 96 - 98

b. Landbou ................... 98 - 101

C. Die Bou van die Hartebeestpoortdam .. 101

a. Die Opvanggebied en die Opgaarkom ..................... 102 - 104

b. Die geskikste Plek vir die Wal .. 104

c. Die Oppervlakte van die Vrugbare Grond ...................... 104 - 105

d. Wetgewing en Vertragings ....... 105 - 109

e. Voorbereidingswerk ............. 109 - 111

f. Die Konstruksie van die Wal ..... 111 - 116

g. Die Aanlê van die Kanale ........ 116 - 120

D. Die Nedersettings .................... 120

a. Kleinfontein - Klipkop .......... 121

b. Mamagalieskraal ................ 122

c. Zanddrift ...................... 122

d. Kameeldrift .................... 122 - 123

e. Geluk .......................... 123 - 124

f. Die Losperfonteinse Opleidings-plaas .......................... 124 - 126

g. Sonop .......................... 126 - 132

h. Slotbeskouing oor die Nedersettings ...................... 132 - 133

E. Britsdorp ...................... 133 - 137

F. Slot ........................... 137 - 139

HOOFSTUK VI.

KOMMUNIKASIE, SOSIALE LIGGING EN VERKEER. 140 - 152

A. Algemeen ....................... 140 - 142

B. Kommunikasie ................... 142

(a) Paaie ...................... 142 - 143

(b) Spoorweë ................... 143 - 144

(c) Telefoon ................... 144 - 146

C. Huidige Sosiale Ligging ........ 146 - 147

D. Onderlinge Sosiale Ligging en verkeer ........................ 147 - 152

HOOFSTUK VII.

'N DEMOGRAFIE VAN DIE BLANKE BEVOLKING. 153 - 192

A. Algemeen ....................... 153 - 154

B. Stand van die Blanke Bevolking ...... 154 - 165

a. Verhouding van Meerderjariges tot Minderjariges .................. 156 - 162

b. Aanwas ......................... 162 - 165

C. Verhouding van Mans, Vrouens en Kinders in Gesinsverband ........... 165 - 170

D. Geboortes ...................... 170 - 173

E. Gesondheid en Sterftes ......... 173 - 185

F. Stand van Bevolking volgens Kerklikgesindtes ................. 185 - 186

G. Migrasie en die Onderlinge Verhouding .......................... 186 - 189

| | | |
|---|---|---|
| H. | Digtheid van Bevolking ............. | 189 - 191 |
| I. | Bevolking volgens Beroep ............ | 191 - 192 |
| | HOOFSTUK VIII. | |
| | EKONOMIESE STRUKTUUR. | 193 - 239 |
| A. | Algemeen .......................... | 193 - 197 |
| B. | Landbou ........................... | 197 - 219 |
| | a. Grondbesit en Inkomstes ......... | 197 - 203 |
| | b. Tabakbou ....................... | 203 - 208 |
| | c. Koringbou ...................... | 208 - 212 |
| | d. Ander Gewasse en Vrugte ......... | 212 |
| | i. Ertjies .................... | 212 - 214 |
| | ii. Waatlemoene en Spanspekke ... | 214 |
| | iii. Blomme .................... | 214 - 215 |
| | iv. Sitrusvrugte ............... | 215 - 216 |
| C. | Slotbeskouing t.o.v. Landbou-produkte ........................... | 216 - 219 |
| D. | Inkomstegroepe .................... | 219 - 229 |
| | a. Boere .......................... | 219 - 221 |
| | b. Ander Bedrywe .................. | 222 - 225 |
| | i. Handelsbanke meer in Besonder .................. | 225 - 227 |
| | ii. Ander Besighede meer in Besonder .................. | 227 - 229 |
| E. | Meganisering van die Landboubedryf .. | 229 - 234 |
| F. | Belastings Ingevorder .............. | 234 - 237 |
| G. | Koöperatiewe Vereniginge ........... | 237 - 238 |
| H. | Slot .............................. | 238 - 239 |
| | HOOFSTUK IX. | |
| | ORGANISASIES. | 240 - 273 |
| A. | Algemeen .......................... | 240 |
| B. | Landbouorganisasies ............... | 240 - 251 |
| | a. Die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging (M.K.T.V.) .................. | 241 - 248 |
| | b. Die Magaliesbergse Koring-koöperasie Beperk (M.K.K.) ...... | 248 - 251 |
| C. | Liefdadigheidsorganisasies onder Kerklike Toesig ................... | 252 - 257 |

| | | |
|---|---|---|
| | a. Die Gereformeerde Susters-organisasie (G.S.O.) ............ | 252 - 254 |
| | b. Die Nederduitsch Hervormde Susters-vereniging (N.H.S.V.) ........... | 254 |
| | c. Die Bond van Dienaresse ......... | 254 - 257 |
| D. | Ander Onafhanklike Vroueorganisasies. | 257 - 266 |
| | a. Die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie (S.A.V.F.) ............ | 257 - 263 |
| | b. Die Transvaalse Vroue Landbou-Unie (T.V.L.U.) ................. | 263 - 266 |
| E. | Jeugorganisasies van die Kerk ....... | 266 - 267 |
| F. | Politieke Organisasies .............. | 267 - 268 |
| G. | Kultuurorganisasies in Belang van Kuns en Musiek ...................... | 268 |
| | a. Die Kunsvereniging .............. | 268 |
| | b. Die Kunswedstrydvereniging....... | 268 |
| H. | Belangegroepe van Nie-Landboukundige Aard ................................ | 269 - 271 |
| | a. Die Transvaalse Onderwysers-vereniging. (T.O.) ............. | 269 - 270 |
| | b. Die Vereniging van Staatsdiens-klerke ........................... | 270 - 271 |
| I. | Sportverenigings .................... | 271 - 273 |


HOOFSTUK X.


| | | |
|---|---|---|
| | DIE GEESTELIKE GESTELDHEID VAN DIE GEMEENSKAP. | 274 - 325 |
| A. | Algemeen ............................ | 274 |
| B. | Godsdiens en Kerklikheid ............ | 274 |
| | a. Kerklikheid en Huwelik .......... | 275 - 278 |
| | b. Die Kerklike Agtergrond en Godsdienssin .................... | 278 - 283 |
| | c. Die Huisaltaar .................. | 284 - 285 |
| | d. Kerkbesoek ...................... | 285 - 288 |
| | e. Kerklike Houvas op die Sedelike Norme............................ | 288 - 289 |
| | f. Godsdiens en Politiek ........... | 290 - 291 |
| | g. Begrafnisse ..................... | 291 - 292 |
| C. | Onderwys en Opvoeding .............. | 292 |
| | a. Inleiding ....................... | 292 - 294 |
| | b. Vroeëre Onderwys ................ | 294 - 297 |
| | c. „Hartebeestpoort Irrigation Schools"....................... | 297 - 304 |

| | | |
|---|---|---|
| D. | Middelbare Onderwys ................ | 304 |
| | I. Die Hoër Huishoudskool „Martha Human" ................. | 304 - 308 |
| | II. Landbouonderwys ................ | 308 - 313 |
| | III. Akademiese en Praktiese Middelbare Onderwys ............ | 313 - 317 |
| E. | Moraal, Moraliteit, Kriminaliteit en Rehabilitasie .................... | 317 - 325 |


HOOFSTUK XI.


SAMEVATTENDE SLOTBESKOUING. 325 - 338

BIBLIOGRAFIE. 339 - 344


KAARTE.


| Nommer. | |
|---|---|
| 1. | Geologiese kaart, Britsdistrik. |
| 2. | Besproeiingsgebied. |
| 3. | Topografiese, Verkeersweë, Opvanggebied en ligging tot ander sentra. |
| 4. | Bevolkingsverspreiding. |
| 5. | Kompilasiekaart: Roodekopjes of Zwartkopjes 32, Mamagalieskraal 41 en Hartebeestpoort C. nr. 46. |


FOTOGRAFIESE OPNAMES.


| Nommers | Onderskrifte | |
|---|---|---|
| | Omgewing van die Hartebeestpoort en die Vallei ...................... | Voorblad |
| I en II | Die Ras-kanonne en onthulling van Ras se Grafsteen ......................... | 33/ 34 |
| III en IV | Ou Seringboom 1841 en ou tipe Woning ............................ | 97/ 98 |
| V tot VII | Oue en nuwe Oesmetodes ............. | 99/100 |
| VIII en IX | Hartebeestpoort en Vallei voor die Konstruksie ......................... | 103/104 |
| X en XI | Vervoer van Materiaal- Brits-Wes en osse voor trokke na die bouery ...... | 107/108 |
| XII en XIII | Hoofkwartiere van die Hartebeestpoortse Besproeiingskema en die Vloed van 1921 ..................... | 108/109 |
| XIV en XV | Konstruksie begin weer en Opgaring begin ............................ | 114/115 |
| XVI en XVII | Damwal en Dam ...................... | 115/116 |

| | | |
|---|---|---|
| XVIII en XIX | Outydse Vervoer en Dorsvloer ........ | 118/119 |
| XX tot XXII | Nedersettershuise en moderne Vervangings ......................... | 120/121 |
| XXIII en XXIV | Sonop en sy Hoofstraat ............. | 127/128 |
| XXV en XXVI | Sonop -- Mense in die straat en Tehuis vir oues van dae ............ | 129/130 |
| XXVII | Brits -- Murraylaan ............... | 133/134 |
| XXVIII | Kerkgeboue ......................... | 134/135 |
| XXIX | Boeresportfunksie .................. | 272/273 |
| XXX | Landbou Hoërskool en Omgewing (Lugfoto) .......................... | 308/309 |
| XXXI | Die Hoërskool van Brits ............ | 313/314 |

<u>GRAFIESE VOORSTELLINGS</u>.

| | |
|---|---|
| Verhouding van mans tot vroue in gesinsverband.. | 166/167 |
| Sterftes en geboortes ......................... | 173/174 |
| Sterftes, Brits ............................. | 176/177 |
| Inkomstegroepe ............................... | 222/223 |

# VOORWOORD.

Hierdie sosiografiese studie van Britsdistrik is die resultaat van ons waarneming van die snelle ontwikkeling van die distrik en van ons persoonlike inwoning in die distrik of gereelde besoeke sedert 1924, maar veral sedert 1946. Sedert 1950 tot 1953 het ons ons aandag ernstig aan die versameling van feite wat betrekking het op ons studie, gewy.

Ons is met die omgewing van Britsdistrik bekend sedert ons kinderjare toe die boere uit die omgewing van die Hoëveld, teen die einde van Mei, gereeld elke jaar na hulle plase in die Bosveld, ter wille van winterweiding vir hulle vee, getrek het. Teen die einde van September het die terugtog eers weer plaasgevind. Ons trekpad het van suid na noord oor die hele lengte van die huidige Britsdistrik geloop.

Sedert 1924 het hierdie trekgewoonte verander. Die Hartebeestpoortse Besproeiingskema het 'n werklikheid geword en die beesplase wat onder besproeiing gekom het, het nou onder akkerbouomstandighede, 'n hele gedaanteverwisseling ondergaan, want die moontlikhede wat deur die fisiese omgewing gebied word, is op 'n ander manier benut.

Sedertdien is die hele omgewing digter bevolk en permanent bewoon omdat hierdie nuwe tipe benutting meegebring het dat die bodem 'n veel groter bevolking kon huisves. Dit het ook 'n groter bestendigheid vereis en 'n groter bestendigheid meegebring. Die ontwikkeling en die benutting van die moontlikhede is dan ook ons uitgangspunt van hierdie sosiografiese studie.

Die hede word besien in die lig van die verlede, daarom is die historiese agtergrond bestudeer. Ons was besonder bevoorreg om etlike skakels uit die pioniersdae van die Voortrek persoonlik te ken. Van hierdie skakels wil ons graag die volgende noem:

1. Marthinus (Kruppel Martiensie) Schoeman, (eerste onderwyser in die omgewing) 1839 - 1925;
2. Willem L.J. Fourie, (1846-1938) eerste blanke in die omgewing gebore;
3. Christoffel F. Snyman, (1826-1924) wat daarop aanspraak maak dat hy in 1851 by die Victoria-waterval was; dus ongeveer 2 jaar voor Livingstone;
4. Cornelia Brits (Ouma Nela) voorheen weduwee Coetzee, gebore Potgieter 1820 en oorlede 1926;
5. Johannes Nicolaas Brits (1834-1932) seun van Gert Brits na wie die dorp en distrik vernoem is en 'n kleinseun van Johannes Nicolaas Brits die oorspronklike stigter en eienaar van die plaas Bloem Fontein, [1] O.V.S., en wat na 1848 tydens die Britse besetting, die plek verlaat het en na die huidige Britsomgewing verhuis het, saam met sy seun Gert;
6. Jacoba Brits (1863-1953) gebore Fourie, skoondogter van Gert Brits;
7. Catharine (Tant Tryna) du Plessis (1851-1953) gebore Janse van Rensburg;
8. Marthinus Nicolaas Ras (1856-1942);
9. Casper Jan Hendrik du Plessis (1857-1953) een van die Dorsland Trekkers.

Ons het ook etlike ou naturelle wat hulle in die Magaliesberg of in die nabygeleë koppe of rante tydens die regime van Silkaats versteek het, geken. Hierdie vlugtelinge het hulle by die blankes wat hulle destyds in die omgewing kom vestig het, gevoeg.

---

1) Oorspronklike spelling. Dit is ook die plaas waar die huidige Bloemfontein hoofstad van die O.V.S. aangelê is.

Die ou mense was van verskillende gebeurtenisse oog- en oorgetuies. Waar daar verskil voorgekom het i.v.m. sekere feite, het ons die persone bymekaar gebring om oor die dinge te gesels totdat die werklike feite aan die lig gekom het namate die bespreking hulle geheues opgefris het. Ons wil graag langs hierdie weg aan hulle nagedagtenis hulde bring.

Die Skrywer.

DANKBETUIGINGS.

Dit is vir ons 'n besonder aangename taak om langs hierdie weg ons hartlike dank uit te spreek teenoor elkeen van wie ons hulp, ondersteuning, raad of assistensie ontvang het.

1. Aan die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing ons hartlike dank en erkenning vir die gulle ad hoc-toekenning van £200 wat ons in staat gestel het om die navorsing te kon deurvoer.
2. Aan mnr. Nel, hoofmagistraat van Brits, en sy personeel ons besondere dank vir die beskikbaarstelling van 'n kantoor waar ons ongestoord die nodige insae kon kry in die benodigde registers, dokumente en wetsboeke wat goedgunstiglik aan ons vir die doel verskaf is. Ons waardeer ook die bereidwilligheid om ons van die nodige inligting waar ons om gevra het, te voorsien.
3. Aan die Direkteur van Sensus en Statistiek ons dank en waardering vir die toestemming om die benodigde gegewens uit die sensusopgawes van 8 Mei 1951 betreffende Britsdistrik, te versamel.
4. Aan die Stadsklerk van Brits ons hartlike dank vir insae in, die beskikbaarstelling van die munisipale dokumente en registers in soverre dit toelaatbaar was, en die bereidwilligheid om aan ons die nodige inligting waar ons om gevra het, te verskaf.
5. Ons innige dank aan die Bestuurders van die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging (M.K.T.V.) en die Magaliesbergse Koringkoöperasie (M.K.K.) vir die inligting en die nodige dokumente wat vir insae verskaf mog word.
6. Graag wil ons ons dank en erkentlikheid uitspreek teenoor die verskillende Staatsdepartemente wat

met soveel bereidwilligheid ons toegelaat het en selfs gehelp het om die nodige inligting en dokumente ter insae te bekom. Ons dink veral aan die Departemente van Besproeiing, Lande, Arbeid, Volkswelsyn en Landbou; verder betuig ons ons erkentlikheid aan die Administratiewe Ingenieur op Hartebeestpoort, die Superintendent van die Departement van Lande op Brits en die personeel van die Landbouproefstasies in Britsdistrik.

7. Met erkentlikheid maak ons dankbaar melding van die Transvaalse Departement van Onderwys wat toegelaat het dat ons toegang kon hê tot die ou joernale en sodanige dokumente van die skole in Britsdistrik, en tot die meer konfidensiële dokumente van Brits Hoërskool. Hiermee dan ook ons hartlike dank aan al die hoofde vir hulle vriendelikheid en bereidwilligheid in die verskaffing van die dokumente en die nodige inligting waar ons om gevra het.

8. Aan al die predikante en kerkrade wat met of sonder medewete so vriendelik gereageer het op ons gesprekke en vrae, bring ons ons opregte dank en waardering vir die verskaffing van die nodige inligting.

9. Dankbaar maak ons graag hier melding van hulle wat aan ons die nodige blokke van fotografiese opnames geleen het. Ons noem veral mnr. Johan Schoeman wat nie net aan ons sy groot versameling fotografiese blokke geleen het nie, maar ook so geredelik die gebruik van sy aangetekende gedagtes gegun het, en die toestemming om daarvan gebruik te maak, indien dit ons pas. Sy vriendelikheid en besondere belangstelling in ons studie was 'n riem onder die hart.

„Brits Pos Drukkery" wil ons dank vir die gebruik van sy koeranteargief. Verder wil ons mnr. Jack Cronjé baie hartlik bedank vir die fotografiese opnames en afdrukke, hulp en belangstelling in hierdie verband.

10. Aan ons promotor, prof. dr. D.C.S. du Preez, ons innige dank vir sy raad en leiding om koers en rigting te kry en vir sy bereidwilligheid om selfs tydens sy verlof van sy kosbare tyd af te sonder om ons te woord te staan.

11. Waarderend wil ons graag hier melding maak van die behulpsaamheid, bereidwilligheid en belangstelling van die administratiewe personeel van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

12. My eggenote mag ek nie vergeet nie omdat sy deur haar onbaatsugtige houding, voortdurende bereidwilligheid om op te offer, aansporing en behulpsaamheid ons so getrou ter sy gestaan het.

Ten slotte, hulde en dank aan almal wat gehelp en bygedra het deur hulle objektiewe en simpatieke houding om so 'n groot deel van ons volk wat uitgesak het en op „moedverloor-se-vlak" beland het, die broederhand te reik en hulle uit die moeras van minderwaardigheid, bedruktheid en terneergedruktheid op te hef tot waardige burgers van Suid-Afrika, en 'n sieraad te maak vir Land en Volk, Kerk en Staat.

Aàn die Alwyse Bestier van die Bouheer van die nasies die lof, die dank en eer.

Die Skrywer.

# HOOFSTUK I.

## INLEIDING.

## OOR DIE ONDERWERP.

### A. Aanleiding tot hierdie Studie:-

### I. Algemeen.

In 'n korte tydsbestek van 25 jaar het die huidige Britsdistrik ontwikkel. Dit was voorheen 'n beboste omgewing waarvan die ongerepte natuur deur sy plantegroei en wilde diere nog getuig het.

Slegs langs die Krokodilrivier is strokies grond bewerk en besproei deur middel van uitkeerwatervore wat deur die belanghebbers aangelê is.

Die moontlikhede wat die rivier en die vrugbare grond aan sy oewers ingehou het, is deur die pioniers sedert 1841 benut toe die eerste watervoor deur Albertus Venter aangelê is om grond sodoende te besproei. Die benutting van die moontlikhede in daardie tyd vergelyk nietig met die van die huidige. As ons egter die primitiewe gereedskap soos die ou boereploeg, pik en graaf vergelyk met die masjinerie van die twintigste eeu, dan het hulle merkwaardige werk verrig.

Teen 1863 het die verskillende familiegroepe wat hulle langs die Krokodilrivier kom vestig het, 7 uitkeervore aangelê en daarmee is 2,800 morg grond besproei. Hierdie vore, bekend as die 7 „ouvore", bestaan vandag nog as besproeiingseenhede in die besproeiingsgebied.

Die uitgestrekte beboste vlaktes is slegs as weiding vir die boer se vee benut. Hoëveldse boere het gereeld na hierdie geweste gedurende die wintermaande getrek ter wille van weiding vir hulle vee, want vir hulle was die omgewing die Bosveld.

Treffend stel Totius dit:

„En as die eerste rypies val
trek Bosveld toe wat kan, om
daar in lekker warrem son
hulle blanke laers uit te span." 1)

Oral tussen die bosse was geskikte kampplekke waar die tente van die verskillende families op die familie-plase opgeslaan was met tak-, riet- of grasskerms om elke tent.

Hierdie streek met sy maagdelike rykdom en moontlikhede was nie bestem om immer ongeskonde te bly nie, want as die vorige kenner of nuweling oor Kommandonek of Silkaatsnek op die teerpad per motor kom, lag 'n ander panorama van groen lappe wuiwende tarwegraan of ander landbougewasse soos bv. tabak, en die veelvuldige wonings hom toe. Hierdie gesig skep 'n totale ander indruk; hier is nou 'n ander lewe en die menslike aktiwiteite van 'n haastige arbeidsaamheid vorm 'n skerp kontras vergeleke met die rustigheid van voor 1920.

Dis nie meer 'n bostapyt wat voedsel en skuiling bied aan sy natuurkinders nie, maar 'n ander soort lewe wat wil leef ten spyte van die omringende skyndood van 'n winterslaap, ja selfs, as die droogte ander gebiede al swaar teister. Hier is lewe - „aqua et vita"!

Die moontlikhede van die fisiese omgewing stel die voorwaarde tot die benutting daarvan deur die mens. Die mens is 'n voelende, denkende, strewende wese wat deur sy aanvoeling en rede moontlikhede ontdek en benut volgens sy behoeftes binne die ruimte-tydsfaktor.

- - - - - - - - - - - - - - -

Die Unieregering van Suid-Afrika het 'n probleem van armoede en ellende geërf by die totstandkoming van die Unie in 1910. Hierdie probleem het van so 'n omvang

1) Totius: (Dr. J.D. Toit), „Trekkerswee" bl. 47.

gewees dat voorsiening moes gemaak word om dit die hoof te bied aangesien die toestand nog verder versleg het.

Hierdie vraagstuk het bekendheid verkry deur die naam „Armblanke Vraagstuk". Die „Armblanke Vraagstuk" was nie 'n onbekende nie, want sedert 1890 het hierdie verarmingsproses van die plattelandse bevolking, en veral die wegtrek van die verarmdes van die platteland na die stede en goudmynsentra die aandag van verantwoordelike persone en instansies in die kerk en in die staat begin geniet.

Op 8 en 9 Februarie 1893 vind 'n kerklike konferensie van die Kaapse Nederduitsche Gereformeerde Kerk plaas oor „De Arme Blanken". Die stigting van die Ned. Geref. Kerk se kerklike arbeidskolonie by Kakamas in 1898 het regstreeks uit hierdie werksaamhede voortgevloei. 1)

Dit was die eerste daadwerklike poging wat aangewend is om die vraagstuk aan te pak en die daad by die woord te voeg.

Die armoede van die landelike bevolking was ook in die Zuid-Afrikaansche Republiek ernstig, veral, daar dit verskerp is deur runderpes, droogtes en sprinkane. Die sitting van die Eerste Volksraad in 1897 is byna oorwegend aan die kwessie van die „arme burgers" of „arme blanken" gewy.

Uit die besprekings blyk dit al baie duidelik dat die naam „arme burgers" amptelik meer gebruik is. 2)

Dit was dan ook met die oog hierop dat genl. Hendrik J. Schoeman, lid van die Volksraad, aan President Kruger op die 28ste Mei 1898, tydens die feestelike ingebruikneming van sy eie Sophiasdam, gesuggereer het om 'n opgaardam, as staatsonderneming, in die Hartebeestpoort in die Magaliesberg te bou, ten einde 'n reeks besproeibare erwe,

---

1) Vide vir verdere besonderhede: Carnegie Kommissie, Verslag van „Die Armblanke-Vraagstuk in Suid-Afrika." Deel I. Ekonomiese verslag - Plattelandsverarming en Plaasverlating. Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch. 1932 bl. 19.

2) Vir verdere besonderhede raadpleeg: Z.A. Republiek, Notulen van den Eersten Volksraad, Zitting 1897, art. 110 e.v., Pretoria.

onderkant die dam uit te gee, waarop baie arm mense 'n lewensbestaan kon maak.

Die Sophiasdam, genoem na sy eggenote, is Schoeman se eie onderneming teen 'n koste van £10,000 in die poort waar die Krokodilrivier deur die Witwatersrand vloei. Die feestelikhede was van 'n groot omvang; daarom was die President en lede van die Uitvoerende Raad van die Republiek, o.a. genl. Piet Cronjé en die here J.H.M. Kock en Schalk Burger as gaste teenwoordig. Vir die suggestie van Schoeman was die President te vinde, maar die oorlogswolke van 1899-1902 het reeds die uitsig van die Zuid-Afrikaansche Republiek vertroebel.

Schoeman het egter op 1 April 1899 aan die regering geskryf dat hy bereid was om 'n gedeelte van sy plaas, geleë aan die Krokodilrivier te verkoop sodat dit uitgegee kan word as besproeibare erwe met die oog daarop om te dien vir die reeds genoemde doel. (Vide B.B. 1359/99.) [1)]

- - - - - - - - - - - - -

Na die Anglo-Boere Oorlog 1899-1902 was dit duidelik dat die proses van verarming intenser en omvangryker geword het, veral, in die voormalige Z.A. Republiek en in die voormalige Republiek van die Oranje Vrystaat, wat onder die verwoesting van die oorlog swaar gely het. Die plase was verwoes, die plaaswonings was afgebrand, die vee was weggeneem en die plaasgereedskap was vernietig.

Die toestand was so benard dat die na-oorlogse Transvaalse Regering die s.g. „Indigency Commission" aangestel het in 1906 om die vraagstuk te ondersoek. Die kommissie het sy verslag in 1908 uitgebring. [2)]

In 1906 lewer 'n Gekose Komitee van die Kaapse Parlement ook 'n verslag oor die „Armblanke Vraagstuk." [3)]

---

1) Vide vir verdere besonderhede i.v.m. hierdie feite ook: Schoeman, Johan: „Genl. Hendrik Schoeman." Caxton Beperk, Pretoria." 1950. bl. 86 en 87.

2) Vir verdere besonderhede vide: „Report of the Transvaal Indigency Commission 1906-'08" en „Minutes of Evidence", van dieselfde kommissie (Blouboek T.G 13 van 1908) en

3) Report of the Select Committee on The Poor White Question (A.10 - 1906)

Wat die getal armblankes betref, kan met geen sekerheid aanduidings gegee word nie en alle getalle berus meer op skatting of onwetenskaplike metodes van berekening. Maar dat die getal groot was in verhouding tot die totale blanke bevolking lei geen twyfel nie. Net so seldsaam as wat die benaming „Armblanke" in 1953 gehoor word, so algemeen was die benaming teen 1910 tot ongeveer 1938 dat dit 'n bekende benaming selfs onder die kinders was.

Oor die hele aangeleentheid van die „Armblanke Vraagstuk" is dit ons hier nou nie te doen nie. Die hele aangeleentheid is deur die Carnegiekommissie ondersoek en 'n ingaande verslag van 5 boekdele is oor die vraagstuk in druk in 1932 deur die Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, uitgegee.

Een feit bly egter soos 'n paal bo water staan, en dit is, dat ons hier met 'n sosiale verskynsel te doen gehad het van nasionale omvang. Hier was 'n menslike behoefte en nood wat die verantwoordelike instansies genoodsaak het om dit aan te pak en op te los.

Die „Armblanke Vraagstuk" het in die Unie van Suid-Afrika sulke ernstige afmetings aangeneem teen 1913-14, dat daaroor nie langer gesels, geredeneer, gedebateer of gedogmatiseer kon word nie. Die vraagstuk het al nypender geword en het om daadwerklike optrede geroep. Iets moes gedoen word en baie gou ook, want sy omvang het al ernstiger geword en toegeneem.

Die primêre menslike behoeftes soos voedsel, kleding, woonplek en gesondheid moet bevredig word om 'n normale menslike samelewing daar te stel, en om in hierdie behoeftes te voorsien bly die mens groteliks afhanklik van sy fisiese omgewing.

MacIver stel dit saaklik as volg: „Geography provides an external set of conditions under which life of man in society proceeds. These conditions can never be ignored

by the sociologist, but his task is to show their relations to the direct determinants of social phenomena, the attitudes and interests of men. Man adapts himself to all kinds of geographical conditions, but he is not resourceless in meeting them ... he puts his imprint upon it." 1)

Om in die primêre behoeftes in die eerste plek te voorsien, is van owerheidsweë ondersoek ingestel na die moontlikhede en voorwaardes wat hierdie bepaalde fisiese omgewing bied en hoe dit benut kan word.

Hierdie ondersoek het uiteindelik tot die sogenaamde „Project Report" wat die Hartebeestpoortse Irrigasieskema soos deur F.E. Kanthack, Direkteur van Besproeiing, voorgelê aan die Unie Volksraad in Februarie, 1914 behels, gelei. 2)

Toe die Hartebeestpoortse Irrigasieskema aan die Unie-Volksraad voorgestel is, is telkens na die armes verwys. Die destydse Minister van Lande het by die indiening van die wetsontwerp o.a. gesê: „De hoofddoel van het plan is een oplossing te vinden voor de armenblankenkwestie." Hy het verder betoog en die hoop uitgespreek dat almal wat dit met die doel eens is, die skema sal steun en het voortgegaan: „De Irrigatie Departement helpt de armen zoveel mogelijk en hoopt nog vele andere plannen voor te brengen. Men moet offers brengen en de hand in de zak steken om de armen te helpen." 3)

Die Eerste Minister het die skema gesteun deur op die moontlikhede van die skema en die noodsaaklikheid daarvan te wys: ...„de Direkteur is zeer voorzichtig en men kan zich op zijn onderzoek verlaten. De positie is een der

---

1) MacIver, R.M.: „Society". Farrar & Rinehart, Inc. New York, 4de druk, 1940. bl. 95.

2) Vide Blouboek U.G. 1914.

3) Vide Volksraadsdebatten 1914, Kaapstad.

beste in de Unie. Er zijn boeren die steeds achteruit gaan en naar de dorpen stroomen. Zij verarmen doorlopend en het lid heeft sterk verbetering bepleit. Het Huis moet verantwoordelijkheid op zich nemen om hen (de armen) te helpen ..." 1)

Die voorstel is sonder veel teëkanting aanvaar en so het die „Armblanke Vraagstuk" en die daaruit voortspruitende „Project Report" aanleiding gegee tot die totstandkoming van „Het Hartebeestpoort Besproeiingschema in de Krokodilrivier", (Wet nr. 32 van 1914).

Hier was dus 'n menslike behoefte en nood die stootkrag om die moontlikhede van die fisiese omgewing te ondersoek, om die moontlikhede te benut en sodoende die menslike behoefte te bevredig.

Ons het daarom ook getrag om in die verskillende hoofstukke die moontlikhede en voorwaardes van die fisiese omgewing na te gaan sowel as die maniere waarop dit benut is en om die „resultate" van die benutting aan te toon. Hierdie benutting het 'n veranderde kultuurpeil meegebring; „Culture, ....., rests ultimately on man's highly developed mental capacities". 2)

Die moontlikhede wat benut is en die ervaring wat opgedoen is in hierdie benutting, het bygedra tot die opheffing van baie wat uitgesak het in die stryd om te bestaan, en wat 'n helpende hand so broodnodig gehad het om weer koers te kry en om met nuwe moed die skouer aan die wiel te sit en vooruit te beur.

Die benutting van die moontlikhede wat die fisiese omgewing gebied het, het 'n menslike samelewing laat ontstaan uit 'n groot verskeidenheid van karakters afkomstig

---

1) Vide Volksraadsdebatten 1914, Kaapstad.

2) Ogburn, William F. and Nimkoff, Meyer F.: „A Handbook of Sociology". Routledge & Kegan Paul, Ltd.", London 1953. bl. 8.

uit verskillende dele van die land en dit het hierdie verskeidenheid saamgesnoer tot 'n homogeniteit.

Ons het vandag in die huidige Britsdistrik met 'n homogene tipe van 'n menslike samelewing te doen waarin dieselfde tipe van boerderybedryf beoefen word ooreenkomstig die soorte gewasse wat in hierdie spesifieke tipe van fisiese omgewing aard en aangepas kan word. Die voorwaarde vir hierdie homogeniteit lê opgesluit in die bodemgesteldheid van 'n vrugbare en 'n bewerkbare grond onderhewig aan sy eiesoortige klimaatsgesteldheid wat dit moontlik gemaak het om met behulp van die nodige water en besproeiingsfasiliteite 'n intensiewe boerderystelsel te beoefen.

Wanneer 'n menslike samelewing soos hierdie een, of enige ander, bestudeer word binne sy spesifieke fisiese omgewing, doen sekere verskynsels hulle voor wat onwillekeurig vrae laat ontstaan, soos: Wanneer? Waarom nou juis hier? Waarom hierdie spesifieke karakter?

Die navorser kom dan eindelik tot die gevolgtrekking dat die verskynsels wat hulle in so 'n kultuurgemeenskap binne die ruimte van 'n kultuurlandskap voordoen nie gepredetermineerd is nie omdat die fisiese milieu nie 'n oorsaak (determinisme) is nie, maar 'n voorwaarde, daar dit die ontwikkeling van 'n kultuur kan belemmer, maar ook die moontlikhede bied om ontwikkel te word. 1) Dit is dan ook duidelik dat by die ondersoek en bestudering van die verskynsels in 'n kultuurlandskap, possibiliteit en kondisionaliteit faktore is wat veel sterker na vore tree wanneer die „resultate" van die menslike handeling betrag word.

---

1) De Jong, Dr. G.: „De Geografie in haar verschillende vormen." (openbare les gegee by die aanvaarding van die lektoramp in die Ekonomiese Geografie aan De Vrije Universiteit, Amsterdam, op Vrydag 5 Nov. 1948) van de Schrijver.
Raadpleeg veral bl. 8 van hierdie werk.

Die handeling van die mens word dikwels op 'n sekere tydstip aan bande gelê deur verskynsels buite sy beheer; dog aangesien ons bely dat die Christelike wêreldbeskouing van beslissende invloed by die verklaring van die verskynsels en by die beoordeling van die betekenis van die verskynsels vir die kultuur is, en omdat ons glo dat God regeer en ook middellik werk, sou dit ongerymd wees om aan te neem dat die toekoms hom onafhanklik van die kragte van die hede sal ontwikkel.

Die menslike samelewing is immers soos die roeiers wat op die boot sit met die oog op die stuurman aan die roer gerig, maar met die rug in die rigting waarheen hulle roei, gekeer. Hulle voer die bevele uit en roei na die doelwit waarheen die stuurman stuur. So sien ons dan die hede in die verlede en die hede wat ook eenmaal toekoms was sonder om die standpunt in te neem van hulle wat die toekoms uit die hede en die verlede wil determineer.

Elkeen doen dus wat sy hand vind om te doen in die ruimte en die tyd tot sy beskikking, binne die raamwerk van possibiliteit en kondisionaliteit na gelang van sy ervaring, intelligensie, kennis en vernuf.

B. Sosiografie.

Waar ons ons hier ten doel gestel het om ondersoek in te stel hoe dit met die maatskaplike werklikheid op 'n bepaalde plek presies gesteld is, het ons ons op die terrein begewe om sosiale verskynsels binne 'n bepaalde gebied te ondersoek en het dus nie met die studiegebied van die algemene maatskappywetenskap te doen nie, of met die ontstaan en die ontwikkeling van die hele menslike samelewing met al die verskynsels wat daarin voorkom nie. Ons het getrag om 'n sosiale eenheid of groep so volledig en noukeurig moontlik te ondersoek en te beskryf.

Die Amerikaners noem hierdie soort ondersoek „Regional Sociology" 1) omdat die ondersoek beperk is tot 'n spesifieke streek. Die soort ondersoek word ook sosiografie of sosiale geografie genoem.

In Holland tref ons twee skole aan. Die Amsterdamse skool noem die soort ondersoek sosiografie in navolging van die grondlegger van sosiografie, Steinmetz en sy dissipels. Hierdie skool beweer dat die sosiale verskynsels wat uit die bodem-mens-verhouding voortvloei soos deur die aanhangers van die Utrechtse skool (Holland) in hulle sosiale geografie neergelê, alleen goed begryp kan word wanneer hierdie verskynsels i.v.m. die hele kompleks van die verskynsels van die spesifieke sosiale groep, besien word.

Die Amsterdamse skool stel dit dat die sosiale geografie (Utrecht) slegs die bodem-mens-verhouding met die klem op die mens t.o.v. sy aktiwiteite ten aansien van die bodem bestudeer, en dan alleen die sosiale verskynsels wat uit die bodem-mens-verhouding hulle voordoen; m.a.w. „het besef van de levenstijl van een aan een bepaalde streek gebonden leefgemeenschap." 2)

Ons skaar ons egter aan die kant van die Amsterdamse rigting, want Steinmetz se uitgangspunt was nie die aardoppervlakte nie, maar die sosiale groepering. „De sociale verschijnselen der verschillende groepen moeten in volle omvang beschreven en onderzocht worden en bij de verklaring moet men oog hebben voor alle mogelijke factoren, niet alleen voor physisch-geografische, maar ook en vooral

---

1) Raadpleeg: Zimmerman, Carle C.: „Outline of American Regional Sociology." The Phillips Book Store, Harvard Square, Cambridge. 1947.

2) Keuning, Dr. H.J.: „Regionalisme." bl. 3-5 (rede uitgespreek by die aanvaarding van die hoogleraaramp aan die Rijks Universiteit, Groningen, op 12 Feb. 1949). J.B. Wolters-Groningen. Vergelyk ook sy werk: „Het Nederlandsche Volk in Zijn Woongebied." - 's Gravenhage 1947, bladsye 1 en 2.

L.W. Ons onderstreep.

voor psychische, culturele, historische, godsdienstige, sociale, politieke en ekonomische oorzaken die in onderlinge wisselwerking het leven der groep bepalen". [1)]

De Jong beklemtoon verder die feit dat „de sociografie een werklijkheidswetenschap (is), en geen normatiewe wetenschap in de zin van een wetenschap van het behoren, (want) ze heeft te maken met het zijn." [2)]

Groenman wat ook die veld van ondersoek, taak en gebied van die sosiografie bepaal soos die hierbo genoemde geleerdes, sê: „de sociografie tracht vast te stellen, hoe het met de maatschaplijke werklikheid op een bepaalde plaats precies gesteld is. Precies, d.w.z. voor zover de materie zich daarvoor leent in cijfers uitgedrukt en liefst met een rangorde toegekent aan die faktoren, die tot het ontstaan van een verschijnsel hebben geleid." [3)]

Volgens hierdie uitsprake merk ons 'n duidelike verskil tussen die sosiografie en die sosiale geografie wat in werklikheid 'n onderdeel van die sosiografie is. Sosiale geografie kan getipeer word as die wetenskap „die het verband met het geografisch milieu onder ogen ziet."[4)] Dit is dus duidelik dat slegs wanneer die ondersoek, beskrywing en verklaring hom toespits op die wisselwerking tussen die fisiese omgewing en die samelewing dit sosiale geografie genoem kan word.

Dit is ook duidelik dat daar 'n verskil tussen sosiologie en sosiografie is. Die sosioloog hou hom nie met die verskillende groepe in die menslike gemeenskappe op

---

1) De Jong, dr. G.: a.w. bl. 10. Vgl. ook die polemiek tussen J.P. Kruyt, F. van Heek en J.Ch. W. Verstege in „Mensch en Maatskappij," Jaargang 20, 1944/45 bl. 65-77, 201-211 en 327-346. L.W. Ons onderstreep.

2) De Jong: a.w. bl. 14.

3) Groenman, Prof. dr. S.: „De Sociograaf en Zijn Object" in „Mensch en Maatschappij" 15 Maart 1951, 26e jaargang nr. 2, bl. 75. N.V. Drukkery, 'T. Koggeschip, Amsterdam.

4) Wat is sociografie? Sociologisch Bulletin - Jaargang I (1947), nr. I. bl. 36.

dieselfde wyse besig as die sosiograaf nie. Die sosiograaf beperk hom tot die ondersoek van die verskillende menslike gemeenskappe. Die empiriese sosioloog ontleen egter sy feite aan die verskillende sosiale groeperinge, daar die menslike samelewing (die algemene) uit die verskillende sosiale groeperinge (die besondere) bestaan.

Die uitgangspunt van die empiriese sosioloog is dus konkreet empiries en wanneer hy vermeld waar hy sy materiaal vandaan haal, dan verwys hy na die verskillende sosiale groeperinge - die besondere en die konkrete. Die eindbevindinge van die empiriese sosioloog is egter algemeen en abstraherend. Vir hierdie algemene en geabstraheerde bevindinge moet hy dan 'n verklaring soek.

Sosiografiese navorsing is dus vir die sosioloog van onskatbare waarde omdat dit vir die sosiologiese arbeid baie krities-gesuiwerde materiaal lewer waarmee gewerk kan word. Hoe meer materiaal die sosioloog tot sy beskikking het en oor hoe meer menslike gemeenskappe daardie materiaal strek, des te betroubaarder kan die algemeen geabstraheerde bevindinge wat uit daardie konkrete materiaal verkry word, wees. Die sosiologiese bevindinge wat reeds daar is, kan weer op hulle beurt vir die sosiograaf die rigting aanwys hoe hy by die bestudering van 'n bepaalde menslike gemeenskap te werk moet gaan.

Volgens ons betoog tot dusver is dit dus nodig om 'n ondersoek van 'n betrokke omgewing te maak in die lig van sy sosiale struktuur en volgens die beskouing van die Amsterdamse rigting wat in navolging van Steinmetz en sy dissipels dit Soziographie [1] noem en dit as volg

---

1) Dr. Robert Michels (-Weltw. Archiv, Julie 1932) sê i.v.m. hierdie term:- „Dass der Name SOZIOGRAPHIE ZUERST 1913 VON S.R. STEINMETZ GEBRAUCHT WORDEN ZEI, WIE R. HEBERLE BEHAUPTET, ENTSPRICHT NICHT DEN TATSACHEN." Michels sê dat hy die woord selfs eerder gebruik het.

definieer: „(als) de studie der volken en hunner onderdelen in hun verscheidenheid." 1)

Hiervolgens is die sosiografie dus die wetenskap wat hom ten doel en objek stel die sosiale eenhede of groepe, groot of klein, so volledig en noukeurig moontlik te ondersoek en te beskryf. Die studiegebied sal dus beperk wees tot een hele gemeenskap (Afrikaanse), 'n provinsie (Transvaal), 'n stad (Johannesburg), 'n dorp (Brits), of 'n distrik, 'n wyk, 'n straat, e.d.; of ook 'n spesifieke sosiale verskynsel binne die verband van 'n bepaalde gemeenskap soos bv. armoede of welvaart, óf bevolkingsaanwas óf -agteruitgang, e.d. verskynsels. 2)

Die sosiografie is dus 'n werklikheidswetenskap. Dit bring egter geen bevindinge oor die maatskappy in die algemeen of oor 'n bepaalde maatskaplike verskynsel in die algemeen nie, maar alleen bevindinge oor 'n bepaalde gemeenskap of oor 'n spesifieke verskynsel soos dit in 'n bepaalde gemeenskap of op 'n bepaalde plek voorkom. Die eintlike sosiografie beskryf en verklaar dus 'n bepaalde gemeenskap in sy geheel en in al sy ingewikkeldheid; maar dit hoort tog ook seker binne die gebied van die sosiografie tuis wanneer 'n spesifieke verskynsel soos bv. armoede of welvaart binne die verband van 'n bepaalde menslike samelewing soos van Britsdistrik, beskryf en verklaar word.

Die samehang mag egter nie uit die oog verloor word nie, want alhoewel die sosiografie binne die genoemde beperkings moet bly, het dit tog 'n onafsienbare terrein sodat die sosiograaf dikwels verplig is om hom nog meer te beperk bv. tot een of enkele van die genoemde terreine

---

1) Steinmetz, S.R.: „Inleiding tot De Sociologie" (1931) ~~a.w.~~ bl. 35 e.v. Vgl. ook ter Veen, H.N.: „Steinmetz' beteekenis voor de Aardrykskunde in Nederland" - in „Mensch en Maatskappij" (tydskrif) a.w. 1933; nrs. 1 en 2.

2) Vide ook Steinmetz, S.R.: „Inleiding tot De Sosiologie", a.w. bl. 35 en 36.

binne 'n bepaalde gebied vanweë hulle omvangrykheid sonder om egter ooit die algehele samehang uit die oog te verloor.

Daar is sosiograwe wat op een bepaalde terrein spesialiseer al na gelang hulle belangstelling of deskundigheid. [1)]

Dit is dus ook duidelik dat die „Sociografie de sociale wetenschap (is), die zich bezighoudt met de bestudering van de groepverschijnselen in het leven der huidige cultuurvolken of hun onderdelen. De verschijnselen worden echter alleen bestudeerd in hun verscheidenheid en in hun onderlinge zamehang." [2)]

Hiervolgens het die sosiografie hom die „huidige cultuurvolken" as afgebakende gebied en wel die groepverskynsels in hulle sosiale lewe ten doel gestel. Dit het dus te doen met die beskaafde volksgemeenskappe net soos die sosiologie hom ook besighou met die beskaafde samelewing. Dit wil nou seker nie sê dat die sosiografie en veral die sosiologie geen kennis van die minder beskaafde volke of 'n primitiewe samelewing neem nie, maar laasgenoemde is egter die studiegebied van die etnografie en die etnologie onderskeidelik.

Die etnografie is ook 'n beskrywende en verklarende wetenskap net soos die sosiografie, maar dit het te doen met die minder beskaafde volksgroepe en loop dus parallel met die sosiografie. [3)]

---

1) Die volgende proefskrifte is hiervan genoegsame bewys. Die titels is karakteristiek.
(a) Van Hinte, E.: „Sociale en Economische Geografie van Harlingen", (proefskrif vir D. Litt. et Phil.) Nico Poort- Harlingen, 1936.
(b) Ploegsma, N.D.: „Oorspronkelijkheid en Economisch Aspect van het dorp op Java en Madoera." (proefskrif vir L.L.D.). Universiteits Boekhandel, Antiquariaat, J. Ginsberg, Leiden. 1936.
(c) Van Dyk, L.J.: „Landschapsbedrijven als middel tot opheffing van onontwikkelde streken in Nederlandsch-Indië." (proefskrif vir D.Sc. (Agric.). Zomer en Keunings, Wageningen. 1942. Deurgaans word hierdie spesifieke verskynsels binne die algehele samehang bestudeer.

2) Wat is Sociografie? Sociologisch Bulletin, Jaargang 1, 1947. nr. I, bl. 35.
L.W. Ons onderstreep.

3) Vide ook: Steinmetz, S.R.: a.w. bl. 40, 2de druk. Hersien deur J.P. Kruyt, 1942. Bohn, Haarlem, of bl. 42 in die 1931 uitgawe.

Van Hinte lê in sy proefskrif neer dat: „De Sociografie beschrijft vóór zij verklaart. Zij heeft informatorische trekken. Dat wil niet zeggen, dat zij inventariseert of catalogiseert. Zij beschrijft typerend. Daar de Sociografie het heden wil verklaren, heeft zij met vele verschijnselen uit het verleden rekening te houden." 1)

Dit is ook begryplik dat enige ondersoek wat hom toespits op die huidige toestand, gesien moet word teen 'n agtergrond van die verlede, want uit die verlede word die hede verklaar.

Al is die sosiografie 'n jong wetenskap, is sy terrein van arbeid reeds min of meer afgebaken. Steinmetz wat hieraan 'n groot deel van sy aandag geskenk het, het meermale daardie terrein beskryf en omskryf en dit is baie duidelik uit die definisie dat die objek en gebied van die sosiografie, soos deur hom gegrondves in 1913 in „De Stellung der Soziographie in der Reihe der Soziaalwissenschaften," terreine soos die demografie, ekonomiese sosiografie, kriminografie, reliografie, beskrywende regsosiologie en net so ook die sosiale geografie as onderdele insluit. 2)

Maar wat nou van „Regional Sociology" van die Amerikaners? Is dit ook 'n onderdeel van sosiografie of is dit identies met sosiografie?

Ons stel Carle Zimmerman hier aan die woord: „Regional Sociology is partly a study of provincial and localistic historic cultural areas and partly of the integrating or the uniting of diverse geographic, producing and consuming regions into the same production consumption units. It is a study of a type of group - not all groups." 3)

---

1) Van Hinte, E.: Aangehaalde proefskrif, bl. 14.

2) Vide Sociologisch Bulletin Jaargang I, 1947, nr. I, a.w. bl. 36.

3) Zimmerman: a.w. Hoofstuk I, bl. 1.

Hiervolgens beoog hy slegs een soort van groep, nie alle groepe nie, binne 'n bepaalde ruimte en 'n bepaalde tyd. Ons vind dus 'n ruimte-tyd-groep-idee by hom omdat dit geografies produserende en verbruikstreke is, besien binne sy ontwikkelingsgeskiedenis; d.w.s. die verlede.

Zimmerman maak 'n verskil tussen die woorde „geography" en „geographic" in hierdie sin dat hy laasgenoemde gebruik om die natuuromgewing aan te dui in teenstelling met „geography" wat die menslike element ook moet aandui.

Hy verwys dan na Preston James met die woorde: „He seeks to find the mutual arrangements on the earth of land forms, plants, animals and human communities where he (Preston James) uses geography in the broad sense of description." 1) Omtrent die gebruik van „geographic" voer Zimmerman aan: „For our purposes geographic is used to refer to the forces on the face of the earth which are not man-made. It is a limited definition which uses the word to mean a 'study of the influence of natural environment on man'." 2)

Wat die streek betref, vind ons by Zimmerman feitlik 'n hoeveelheid kragte van geografiese, historiese en sosiale aard wat saamwerk en vermeng om 'n streek met 'n eie homogeniteit te vorm, en hierdie homogeniteit is nodig, volgens hom, om 'n intimiteit van die menslike doen en late daar te stel, want, „a basic idea of regionalism is that of a geographic area of some physical or natural homogeneity. It has to have some homogeneity itself in order to create intimacy in its human elements. This natural homogeneity extends itself into the human civilization of the area by bringing about considerable similarity of the main social practices - making a living and living." 3)

---

1) Zimmerman, C.C.: a.w. bl. 2. Vide ook: James, Preston: An outline of Geography." Boston - 1935, bl. VIII.

2) Zimmerman, C.C.: a.w. bl. 2.

3) Zimmerman, C.C.: a.w. bl. 8.

Dus, volgens Zimmerman, sal so 'n streek waarin 'n menslike samelewing hom bevind, ontwikkel en ontplooi, die fisiese basis wees van die homogeniteit; m.a.w., die ondersoeker streef in sy afbakening slegs na die homogene en nie na die verskeidenheid in sy onderlinge samehang nie. Die sosiografie beoog egter nie die homogene alleen nie, maar soos die sosiale groepering hom binne 'n gebied openbaar in sy verskeidenheid; dus ook die heterogene.

Dit is moontlik om die afbakening van die studiegebied so te bepaal dat sy sosiale karakter homogeen sal wees, maar dan sal ons waarskynlik net te doen kry met spesifieke landelike gemeenskappe soos ons bv. in Suid-Afrika in die Bosveld-, die Karoo- of die Namakwalandstreek sal aantref.

Kom ons egter tot die Hoëveldstreek, openbaar 'n groot verskeidenheid van menslike aktiwiteite en sosiale groeperinge hulle binne die streek wat voldoen aan dieselfde fisiese karakter. [1] Die boerderybelange is homogeen, maar wat van die Randse gebied binne hierdie streek? En wat 'n afbakening binne hierdie Randse gebied betref, sal dit uiters moeilik wees, indien moontlik, om dit in sodanige streke in te deel dat 'n homogene karakter vir elke streek verkry kan word omdat die stedelike gebied deur sy komplekse belange „in making a living and living" van 'n heterogene aard is. Tog wil Zimmerman die homogeniteit in die studiegebied behou en bewaar en lê 'n beginsel neer i.v.m. die begrip streek: „The basic regional-making forces are so mixed up with historical and social factors that regional complexes have to be limited to areas with a somewhat similar culture." [2]

Sy gevolgtrekking is dan ook: „Thus regional sociology, which is a special sociology in itself, is limited

---

1) Vide ook Sorokin and Zimmerman: „Principles of Rural- Urban Sociology," bl. 23. Henry Holt & Co., New York: 1939.

2) Zimmerman, C.C.: a.w. bl. 9.

not only by the logical differentiation of its subject matter from other sociologies, but also by the fact that its concrete localization must be specially limited in social time and social space. Regional sociology is not only a study of the 'regional' influences in man's culture, but is also limited to areas of similar socio-cultural identity such as the United States of America." 1)

So kom die ondersoeker tot die drie dimensies wat 'n streek-idee vorm, nl. geografiese faktore, sosiale tyd en sosiale ruimte. Geografiese faktore is veelvuldig soos reënval, temperatuur, klimaat, uiterlike vorm van die gebied, bodemgesteldheid, ligging, natuurlike plantegroei, e.d.

Sosiale tyd is 'n begrip wat verskil van wiskundige tyd of verbysnelling van jare; dit is min of meer 'n tydperk waarin sekere sosiale gebruike in swang is bv. die pruiketydperk.

Sosiale ruimte verdeel die mensheid weer in groot gebiede van min of meer breë gemeenskaplike belange. So kan sosiale ruimte op een tydstip soos die huidige atoomtydstip die hele Wes-Europa, Amerika en die hele idee van die westerse beskawing insluit en dit kan ook beperk wees tot 'n heel klein gebied soos 'n wyk of straat waar daar gemeenskaplike belange is.

Zimmerman definieer „Regional Sociology" dan as volg: „Regional Sociology is an approach to the location of Man's values and activities on this globe to the extent that indefinite areas become understandably definite from a combination of geographic factors, working in fairly recognizable similarities of social time and social space." 2)

---

1) Zimmerman C.C. bl. 10.
L.W. Ons onderstreep.

2) Zimmerman C.C.: a.w. bl. 15.

Volgens hierdie definisie kom ons tot die gevolgtrekking dat „Regional Sociology" eintlik niks anders is as die ondersoek na die rol wat die mens gespeel het om 'n streek te beheers binne die sosiale tyd sodat dit duidelik die sosiale tydskarakteristiek dra. Hier tref ons ook die bodem-mens-verhouding aan wat „Regional Sociology" sinoniem met sosiale geografie stel en dus tot 'n onderdeel van sosiografie maak.

Zimmerman verdeel dan ook die Verenigde State van Amerika in sewe streke waarvan die geografiese faktore aangedui word en wat die mense doen en gedoen het in die bewoonde ruimte om dit te maak wat dit is. Dit is nie juis 'n sosiografiese ondersoek as sodanig nie, maar 'n ondersoek met 'n ekonomiese inslag sodat die ondersoek onder ekonomiese aardrykskunde ook geklassifiseer kan word.

C. <u>Sosiografiese Studies in Suid-Afrika.</u>

In Suid-Afrika het ook enkele werke van dergelike aard verskyn, maar 'n omlyning en beskrywing van die wetenskap self is blykbaar minder bekend. Die „Armblanke Vraagstuk" is volgens die definisie 'n sosiale verskynsel binne 'n spesifieke gebied. Hierdie vraagstuk is deur die s.g. Carnegie-kommissie ondersoek. In hierdie verslag wat in 1932 verskyn het, vind ons die oorsake en omvang van die maatskaplike verskynsel in Suid-Afrika.

Die verskynsel armoede, soos gekenmerk in hierdie vraagstuk, word in die verslag volgens verskeie aspekte benader, beskryf en verklaar, maar aangesien die kommissie ook daartoe oorgaan om middels aan die hand te doen oor die oplossing en verligting van die toestand, wat wel binne die perke van so 'n kommissie se werksaamhede tuishoort, kry ons hier met 'n sosiografiese studie te doen, maar wat van die feite gebruik maak om die remedie aan te dui; d.w.s. dit gaan oor tot toegepaste sosiologie en kan dus onder Sosiale Welsyn of Sosiale Volksorg geklassifiseer word.

In 1943 het die proefskrif van P.W. Kotzé verskyn onder die titel „Namakwaland" met die ondertitel „'n Sosiologiese studie van 'n geïsoleerde gemeenskap." Hier bepaal die navorser hom tot 'n spesifieke gemeenskap en bestempel die gemeenskap as 'n geïsoleerde gemeenskap en hy stel hom 'n volledige opname van alle aspekte van die gemeenskapslewe in die verafgeleë en geïsoleerde distrik Namakwaland ten doel.[1] Volgens die inhoud en beperking van die gebied, sou ons die ondertitel liewer „'n Sosiografiese studie van 'n geïsoleerde gemeenskap," genoem het.

D. Metodes van Ondersoek.

(a) Algemeen.

Die taak en die veld van ondersoek van hierdie wetenskap, alhoewel jonk, is reeds deur Steinmetz afgebaken en volgens die definisie kan ook sy metodes van ondersoek opgestel word.

I. Algemene Riglyne vir 'n Sosiografiese Ondersoek.

1. Afbakening.

Afbakening van die studieterrein is noodsaaklik omdat, selfs binne die beperkte gebied, so 'n verskeidenheid van sosiale verskynsels kan voorkom dat die ondersoek baie bemoeilik en vermeerder kan word sonder om tot gewenste resultate te geraak en sukses te behaal. Om so 'n groot sosiale verskeidenheid te benader, kan ook maklik tot veralgemening en oppervlakkigheid lei. Die afbakening binne die studieterrein sal dan min of meer ooreenkom met die afsonderlike hoofstukke wat betrekking het op die gebied van ondersoek soos in die titel bepaal.

2. Literatuurstudie.

Vir 'n behoorlike ondersoek is dit nodig dat die navorser moet weet wat ander navorsers op soortgelyke terrein te lande of elders uitgevoer het, voordat hy met vrug

---

1) Kotzé, P.W.: „Namakwaland" - 'n Sosiologiese studie van 'n geïsoleerde gemeenskap - (Proefskrif) bl. 1. Nas. Pers Bpk., Kaapstad, 1943.

ondersoek kan instel. Alhoewel die ondersoeker die feite van die betrokke veld van ondersoek deur persoonlike waarneming en na aanleiding van die opgedane ervaring kan begin bestudeer, sal dit tog onwetenskaplik wees om nie gebruik te maak van die kennis wat deur ander ondersoekers opgedoen is nie, want dit kan o.a. so maklik lei tot tydvermorsing deur die toepassing van metodes wat reeds deur hulle as onwetenskaplik bevind is.

3. Veldwerk.

Die sosiograaf moet hom direk tot die betrokke menslike samelewing wend om sy onderwerp daar te bestudeer. Sy ondersoek sal dan hoofsaaklik uit waarneming eerder as proefneming bestaan, want die samelewing is vir die proefondervindelike metode te oneindig ingewikkeld. Die moeilikheid is voor die handliggend omdat dit nie moontlik is om alle faktore op te spoor en hulle sterkte-verhouding in die „veroorsaking" van die verskynsel of vraagstuk noukeurig vas te stel nie. Verder sal so 'n eksperiment gewoonlik offers eis en teen die opoffering van die mens as proefmateriaal in die belang van wetenskaplike bevindinge bestaan kragtige etiese besware.

i. Waarneming, uiterlik en innerlik, bly dus die aangewese weg.

In die waarneming kan op die normale ontwikkeling van die gemeenskap of op die verskynsels wat verband hou met die abnormale verhoudings soos slegte arbeidstoestande, agterbuurtes, of sosiale euwels, e.d., toegespits word.

ii. Partisipasie is 'n baie nuttige metode in die veldwerk, want saamwoon en saam deelneem en werklike belewing is die waardevolste middel om tot die nodige kennis te kom. Waar dit persoonlik nie altyd moontlik is nie, kan gebruik gemaak word van prominente persone as getuies wat wel in so 'n posisie geplaas is.

4. Seleksie van Feite.

Sodra die afbakening vasgestel is, moet alleen die versamelde feite wat daarmee in verband staan, ondersoek en die ander feite moet uitgesluit word. Die regte gegewens moet voortdurend uitgesoek word, anders sal baie min bereik word. Die gegewens moet noukeurig vergelyk word om die relatiewe waardes daarvan te bepaal. Dit is dan ook nog noodsaaklik om die betekenis van hierdie feite nader te ontleed ten einde suiwere, wetenskaplik bruikbare materiaal te verkry. Die uitgesoekte en ontlede feite lei die ondersoeker dikwels weer tot die ontdekking van nuwe probleme en daardeur die soeke na nuwe feite wat onontbeerlik vir die wetenskap as sodanig is. Die ontleding lei ook tot groter helderheid en begrippe kan hierdeur duideliker omlyn word. Sinteties kan die feite en begrippe weer op hulle regte plek geplaas word ten einde die samehang met ander feite en begrippe beter te verstaan.

5. Instelling van die Navorser.

Dit is nodig dat die navorser simpatiek-objektief te werk moet gaan. Hy moet simpatiek teenoor die sosiale verskynsel binne die ruimte-tydsfaktor staan, anders sal sy ondersoek misluk daar die regte gesindheid andersins ontbreek. Deur 'n simpatieke houding bereik die ondersoeker die anders ontoegangklike dieptes van die mensesiel. Die ondersoeker kan hierin deur introspeksie en miskien ook deur retrospeksie gesteun word om te poog om hom met die betrokke persone te vereenselwig en hom in die spesifieke geval in te lewe.

Die ondersoeker moet egter ook objektief staan sodat hy die feite in die regte perspektief kan sien en nie deur vooroordele of oordrewe meegevoel sy insig belemmer nie. Deur subjektiwiteit en persoonlike menings kan sy gevolgtrekkings uit sy bevindings dus sodanig vermink word dat die ondersoek feitlik nutteloos vir die wetenskap sal wees.

Die navorser moet oor 'n fyn speursin beskik, daarby moet hy gou die vertroue kan wen wanneer hy direk met mense te doen kry. Hy moet dus ook baie taktvol wees.

II. Besondere Metodes.

In verband met alle ondersoeke oor sosiale verskynsels moet die induktiewe en deduktiewe metodes gevolg word, m.a.w. algemene beginsels moet op spesiale gevalle opgebou word, en dan moet weer verdere beginsels daarvan afgelei word. Die versameling van gegewens oor, en die klassifikasies van feite omtrent sosiale verskynsels is eintlik die taak van die sosiograaf om hulle van nut te laat wees vir die sosioloog. Ons kan dit nader verduidelik deur korteliks die beskrywende en statistiese metodes nader te bespreek.

1. Beskrywende Metode.

Omdat sosiografie 'n werklikheidswetenskap is, moet daar ook van die konkrete feite uitgegaan word. Die ondersoek van die sosiale verskynsels sal altyd uit 'n waarneming van die lewe, van dele van die samelewing en van sy ontwikkeling in die algemeen bestaan. Die metode sal dus beskrywend en konkreet wees en die gevolgtrekkings sal eerder uit die waarnemings as uit die abstrakte redenering, afgelei word. Die waargenome feite is van groot belang, want daar kan altyd algemene wette van die feite afgelei word.

2. Statistiese Metode.

Hierdie metode is 'n wetenskaplike middel om die feite i.v.m. die samelewing en die verhoudings tussen groepe feite te bepaal. Dit is 'n poging om sosiale kragte of waardes in terme van getal te meet. Die grondbeginsel hier is noukeurige telling. Die eerste vereiste is om die gegewe eenheid te bepaal en daarna moet die herhaaldelike voorkoms daarvan in 'n gegewe tydperk op 'n gegewe plek bepaal word. Die doel van die statistiese metode is tweërlei (i) die statiese en (ii) die dinamiese aspekte.

i. Die Statiese Aspek.

Dit beteken dat die deel van die samelewing ondersoek moet word om die sosiale verhouding op 'n gegewe tydstip te bepaal. Vooruitgang of verandering word nie in aanmerking geneem nie. Aangesien die samelewing voortdurend verander en dit tyd neem om 'n ondersoek uit te voer, word hierdie doel nooit heeltemal bereik nie. 'n Sensusopname is staties, want dit word op 'n gegewe tydstip gedoen en daarom het so 'n volkstelling altyd betrekking op die verlede.

ii. Die Dinamiese Aspek.

Dit dien as aanvulling van die statiese omdat dit rekening hou met die voortdurende verandering van die samelewing. Die doel is om die verandering van die sosiale verhoudings tussen groepe van die samestelling van die bevolking, die toestande waaronder die mense lewe, en van hulle gewoontes en ideale aan te toon. Dit verteenwoordig 'n reeks statiese voorstellings van verhoudings in natuurlike volgorde. Die sukses daarvan hang baie van die noukeurigheid van die opeenvolgende statiese voorstellings af. Die dinamiese aspek is dus van groot belang om afleidings te kan maak.

Die versamelde feite is van min waarde, tensy hulle op 'n verstandige wyse gebruik word. Sorgvuldige ontleding is nodig voordat die sosiale verhouding of die sosiale voor- of agteruitgang op grond van die feite bepaal kan word, en selfs die beste resultate wat verkry kan word, sal 'n hoë mate van waarskynlikheid besit, omdat dit so moeilik is om algemene opgawes te verkry, en soveel prosesse nodig is voordat die finale gevolgtrekkings gemaak kan word. [1)]

III. Algemene Hulpmiddels by die Ondersoek van die Beskrywing van die Sosiale Verskynsels.

---

1) Opmerking: Vide ook Coetzee, J. Chr., en Van Rooy D.J.: „Beginsels en Metodes van die Hoër Onderwys." Van Schaik Beperk, Pretoria, 1949. Hoofstuk XI deur Du Preez, D.C.S. veral bl. 241-245.

1. <u>Kaarte, grafieke, afbeeldings en foto's</u>, is veral van groot waarde om resultate te bevestig. Hierdeur word bewysvoering vergemaklik en meer verstaanbaar.

2. <u>Die Vraelys en Besware teen die Vraelys.</u>

Die opstel van 'n vraelys om kennis in te samel oor sekere feite binne die bepaalde gebied is baie noodsaaklik, maar die praktyk het bewys gelewer dat die uitstuur van sulke lyste om ingevul te word, nie die gewenste resultate oplewer nie omdat die persone, aan wie die lyste gestuur word, dit nie altyd doen nie en slegs 'n klein persentasie lyste kom weer terug, daar sulke mense die vraelyste met onverskilligheid en selfs met agterdog bejeën.

Die beste manier is nog om die antwoorde na ondervraging self in te vul of om dit te doen met behulp van helpers. Waar sulke lyste uitgestuur was, het die antwoorde veels te dikwels getoon dat dit gebrekkig is. Sommige mense ly aan 'n minderwaardigheidskompleks en wil hulle óf laat styg in die publieke opinie óf verswyg liewer die werklikheid. Die meerderwaardige tipes wil hulle ook anders voordoen as wat hulle werklik is. Al sou daar ook nie 'n naam of iets dergeliks verwag word nie, is hulle tog van opinie dat die navorser wel weet van wie die inligting kom. Baie is weer agterdogtig en is van mening dat hulle deur die waarheid te verstrek, in 'n moeilike posisie geplaas kan word, daar dit miskien die owerheid nuwe geleenthede sal bied om swaarder belastings op te lê of dat hulle blootgestel sal wees aan vervolging t.o.v. moontlike verswygings i.v.m. belastings.

Sodra die vraelys van enigsins persoonlike aard is soos oor inkomste, uitgawes, skoolpeil, e.d. kan die navorser maar seker wees dat die grootste aantal antwoorde nie die juiste informasie verstrek nie.

Om genoemde redes bly persoonlike waarneming die geskikste metode en veral deur partisipasie en saamwoon in die omgewing. Ons wil toegee dat dit nie altyd 'n

praktiese metode is nie omdat die navorser nie altyd in staat gestel is om dit te doen nie, en dit is ook tydrowend. Die navorser kan egter gebruikmaak van prominente inwoners, veral as hy seker is dat sulke prominente inwoners onpartydig en objektief genoeg teenoor die inwoners van hulle omgewing staan.

Ons ervaring was dat 'n onderwyser in wie sy leerlinge 'n vertroue het, 'n buitengewoon groot toeganklikheid het by die ouers en selfs van hulle intiemste sake kennis dra, veral as die ouers seker daarvan is dat hulle geheime wat hulle meegedeel het, veilig is.

3. Dokumente.

Dit is ook nodig om dokumentêre bewyse te bekom. Toegang tot sulke stukke, wanneer daartoe die nodige verlof vergun word, is waardevol.

4. Sensusopnames.

'n Sensusopname verskaf altyd waardevolle inligting as 'n mens toegang tot die indiwiduele dokumente kan verkry. Daar sal gevalle wees waar alle inligting nie altyd betroubaar is nie en dit kan 'n mens slegs te wete kom as 'n mens die omgewing ken. In sulke gevalle is 'n persoonlike besoek of besoeke waardevol om die nodige informasie wel te verkry.

5. Belastingopgawes.

Belastingopgawes, ten einde 'n betroubare finansiële oorsig te kan gee, sou waardevol wees, maar dit word as streng konfidensieel beskou en toegang daartoe word ook nie verleen nie.

So is handelsbanke, koöperatiewe besighede en polisierekords vir die navorser, i.v.m. indiwiduele gevalle, ook geslote boeke. Algemene opgawes, en dan ook slegs by benadering, word verskaf.

Die navorser moet egter trag om, soveel moontlik, liggame en persone wat gedurig met die sosiale aangeleenthede

en met die mense van die omgewing te doen het, te nader in verband met sy ondersoek.

Slot: Waarde van 'n Sosiografiese Ondersoek.

Al die sosiale verskynsels soos nering, inkomste, godsdiens, onderwys en opvoeding, vermaaklikhede, organisasies, gesinslewe, huweliksgewoontes, begrafnisgewoontes, e.d., van die betrokke groep of gemeenskap word aangeteken en gesistematiseer. Hierdie sosiale verskynsels word beskryf soos hulle hulle binne 'n spesifieke ruimte-tydsfaktor geopenbaar het. Sulke studies is uiters noodsaaklik, want weldra sal baie van die gewoontes, gebruike, instellings, e.d. verlore wees omdat kontak hiermee verlore gaan. Die nageslag sal daar niks van weet nie, omdat baie van hierdie gewoontes, gebruike, ens. in die moderne tyd in onbruik raak of nie meer bestaan nie. Hierdie verskynsels het sosio-kulturele waarde en verdien dus om bewaar te bly.

Waar die sosiograaf te doen het met 'n beperkte gebied van ondersoek soos die verskillende sosiale groeperinge, ontleen die empiriese sosioloog sy feitemateriaal hieraan, daar die menslike samelewing (die algemene) uit die sosiale groeperinge (die besondere) bestaan.

Sosiografiese ondersoek is dus vir die empiriese sosioloog van onskatbare waarde omdat dit vir die sosiologiese ondersoek baie krities-gesuiwerde materiaal lewer. Hoe meer materiaal van die besondere aard die sosioloog tot sy beskikking het des te betroubaarder kan sy algemeen geabstraheerde bevindinge wees.

# HOOFSTUK II.

## DIE GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND.

### A. Algemeen.

Dit is voor alles nodig om die hede te besien teen die agtergrond van sy verlede. Die fisiese omgewing was hier, maar die blanke beskawing is hier 'n weinig meer as 'n eeu gelede ingedra deur die Voortrekkers wat hier 'n Christelike beskawing kom plant het te midde van 'n chaotiese toestand waar 'n barbaarse heidendom deur moord en doodslag geheers het. Sedert die koms van die blanke is hier geleidelik met 'n ontwikkelingsproses begin wat die moontlikhede van die fisiese omgewing binne hulle ruimtetydsfaktor benut het. Hierop word nog voortgebou, maar onder veranderde en veranderende omstandighede binne die sosiale tydsfaktor.

### B. Die Voor-Silkaatstydperk.

Die historiese agtergrond wat dateer uit die dae toe die naturelle voor die koms van Silkaats (Umzilikatze) hier op hulle manier geboer en werksaam was, is betreklik onbekend. [1] Volgens die mededeling van die ou naturelle het hulle beeste aangehou en hulle vrouens het met 'n soort pik die grond op klein skaal bewerk. Hulle het 'n bietjie kafferkoring gesaai en marakkas ('n soort pampoen) geplant; ook het hulle mielies verbou; verder het hulle ook veldplante en wildevrugte vir voedsel versamel.

Veelwywery was 'n gewoonte, maar kon slegs deur die ryker mans bekostig word, want die „lobôla" was 9 tot 12 beeste vir 'n meidjie van hubare ouderdom. Vir elke kind wat gebore is voor die „lobôla" betaal was, moes 'n ekstra

---

1) Ons het die voorreg gehad om 'n paar van die ou Makatese uit die Mogalé en Mamogalé stamme te ken. Ma-Saklané en Ra-Tsoeri was 'n naturellevrou en haar vader wat uit die dae van Silkaats se regime as vlugtelinge in die Magaliesberg skuiling gevind het. Hulle het ons baie vertel uit daardie tyd. Ra-Tsoeri is oorlede toe ons nog 'n kind was, maar Ma-Saklané is eers in 1928 oorlede. Volgens haar mededeling was sy al getroud toe die blankes hier gekom het, want haar oudste kind het sy Harmaans genoem na Hermanus Philippus Potgieter broer van genl. A.H. Potgieter. Ou mense uit daardie dae het dit bevestig.

bees bygevoeg word. As dit nie geskied nie, het die vader van die vrou die seggenskap oor die kinders behou en kon hy die meidjies later uithuwelik teen „lobôla"-betaling. Hierdie gewoonte het nogal 'n sterk sedelike houvas op die naturel gehad in soverre dit volgens hulle gebruike omtrent die huwelik, buite-egtelike geboortes beperk het. Hierdie tradisionele gewoonte leef vandag nog voort waar die naturel nie ontstam geraak het nie. By die ontstamde naturelle in hierdie omgewing sterf die lobôla-gewoonte vandag uit. Menige ou naturel voel hieroor verontrus en hou die stadslewe daarvoor verantwoordelik.

C. Koms van Silkaats.

Volgens die mededelings van die ou naturelle het Silkaats met sy koms hier dood en verderf gesaai, en slegs die wat kon vlug en skuiling vind, het die beulgerig van die gevlugte Tsjaka-generaal met sy impi ontkom, en is gespaar gebly.

Omstreeks 1824-1826 het Silkaats met sy kommando die wyk geneem en die wrede gerig van Tsjaka ontvlug. [1] Hy het verder en verder padgegee totdat hy hom in die huidige Magaliesbergomgewing kom vestig het langs „Khatsjan". [2] Hier was hy ver genoeg van Tsjaka af en kon van hier sy strooptogte en moordtogte ongehinderd voortsit. Langs die Oeri-rivier [2] tussen die nabyliggende koppe en rante, het hy sy vee-legkrale gehad. Hier het Silkaats die Mogalé mans uitgeroei en die vrouens geneem. Tot luttele jare was die stempel van sy regime hier duidelik sigbaar gewees en op plekke waar die blanke nog nie sy kultuurgraaf gebruik het nie, is die spore nog oral herkenbaar.

Silkaatsnek sal 'n ewige monument bly van hierdie barbaar se septer. Die bergtoppe aan weerskante van die nek

1) Vide Cie Prof. dr. S.F.N.: „Geskiedenis vir Suid-Afrika", deel II 1795-1918. 2de Druk. Pro Ecclesia-Drukkery, Pastoriestraat, Stellenbosch, 1932. bl. 307.

2) Van ou Matebeli's verkry. Khatsjan = „ver weg" (Matebeli naam vir die latere Magaliesberg.) Oeri = „ek sê" (Matebeli) - (Krokodilrivier vandag).

waaroor die pad van Pretoria na Brits loop, was sy wagte se uitkyktorings. Die hoë kranse was sy skavot vanwaar die ongelukkige slagoffers na benede gestamp is om as voedsel vir die roofdiere te dien. In 1832 het Dingaan se hordes uit Natal 'n aanval hier teen Silkaats van stapel gestuur. Silkaats het wel die slagveld 1) behou maar kon sy groot getal geroofde beeste nie terugneem nie.

Omdat hy 'n tweede aanval van Dingaan gevrees het, het hy van hier sy hoofstat verskuif na Mosega (Gosegwa) * in Maricodistrik. In die huidige Britsomgewing het egter nog van sy onderdane bly woon tot na 1837.

D. Koms van die Blanke.

In Oktober 1836 het die Matebeli 'n strooptog geloods teen die Voortrekkers wat toe nog in die huidige Oranje Vrystaat was op hulle noordwaartse trek. Hier het die Voortrekkers onder leiding van Hermanus Philippus Potgieter, 2) (in afwesigheid van sy broer Andries Hendrik Potgieter, wat op die spoor van Louis Trichardt se trek na hulle gaan soek het) die aanval wel afgeslaan, maar nie sonder die verlies van al hulle beeste nie, wat deur die Matebeli weggevoer is. Die plek waar die slag gelewer is, is „Vegkop" genoem. Teen die einde van 1836 is 'n strafekspedisie onder die leiding van Andries Hendrik Potgieter en Gerrit Maritz vanaf die huidige en toe pasgestigte

---

1) Vide ook: Stockenström, Eric.: „Geskiedenis van S.A." 1700 1914 bl. 219-220. Pro Ecclesia-Drukkery - Stellenbosch.

* Opmerking: Mosega is Gosegwa (dit sny) volgens die naturelle-uitspraak. Marico is Madico (Bloedpoort) volgens die naturelle-uitspraak.

2) Hierdie feit is oor en oor beklemtoon deur sy nageslagte en deur oorlewendes uit daardie dae en ook mense buite die familieband, wat aan die Potgietertrek behoort het, soos Christoffel Snyman en Frederick Kotzé. Ons het nog die voorreg gehad om van hulle te ken en daar ons op die Hoërskool geleer het dat Sarel Cilliers die aanvoerder was, is dit onder hulle aandag gebring en het hulle dit betwis. Sarel Cilliers was hulle predikant, soos hulle sê, en hy was wel 'n dapper maar 'n te onverskillige man, sonder strategie en moes oom Hermaans waarneem in Oom Hendrik se afwesigheid.

Winburg, op tou gesit teen Silkaats in sy hoofkraal Mosega (Gosegwa). *

Op 17 Januarie 1837 het hulle die eerste aanslag teen die Matebeli en wel teen die buiteposte van Mosega geloods; op 8 Februarie 1837 is die stat oorrompel en is die weggevoerde beeste teruggevat. Die mag van Silkaats was toe nog nie gebreek nie en hy het 'n gevaar gebly. Na hierdie slag het Silkaats al sy volgelinge saamgeroep en 'n nuwe gevaar het gedreig.

'n Tweede strafekspedisie is deur A.H. Potgieter en Pieter Lafras Uys in Oktober 1837 met 135 man onderneem. In November 1837 is die Matebelimag totaal gebreek tydens die Kapain (e-Gabeni) of Marikwaslag en het die Matebeli die wyk geneem tot in die huidige Matebeliland tussen die Limpopo- en die Sambesiriviere. 1)

Dit was teen hierdie tyd dat Hermanus Philippus Potgieter met 'n aantal burgers in die huidige Britsomgewing opgedaag en die oorblyfsels van Silkaats se onderdane van hier verdryf het. Die vlugteling-oorblyfsels van die Mogalé- en Mamogaléstamme kon toe uit hulle skuilplekke te voorskyn kom. 2) Van hierdie burgers het hulle in 1841 saam met H.P. Potgieter en Gert Kruger in die Bo-Magaliesriviervallei, tussen die Magaliesberg en die Witwatersrand gaan vestig. Albertus Venter en sy familie en 'n Pretorius-familie het in dieselfde tyd die Magaliesberg oorgetrek en hulle langs die Krokodilrivier omtrent 3 myl suid van die huidige Brits gaan vestig. Venter en Pretorius het dadelik begin met die aanlê van 'n uitkeervoor uit die

---

* Opmerking: Raadpleeg i.v.m. hierdie geskiedenis ook Boëseken, dr. A.J. Kruger, dr. D.W. en Kieser, dr. A. „Drie Eeue", deel II, Nasionale Boekhandel 1952, veral bladsye 189-192, 195, 199-200 en 261-263.

1) Vide ook: Stockenström Eric.: a.w. bl. 219, 220, 230, 231, 252-255; Asook Gie, S.F.N. a.w. bl. 317 en Potgieter, dr. Carel en Theunissen, N.H.: „Komdt. Genl. Hendrik Potgieter". Afrikaanse Pers, Bpk. Johannesburg. Hoofstuk IX.

2) Vide voetnoot 1, bl. 28.

rivier en het die grond langs die oewer onder besproeiing, begin bewerk. [1] Met hulle eerste pogings het die kultuur van die blanke begin.

Andries Hendrik Potgieter het hom in 1841 ook aan die noordelike rante van die Magaliesberg op Buffelshoek, halfpad tussen Brits en Rustenburg, gaan vestig en teen die einde van 1842 is hy na Potchefstroom van waar hy op 6 Nov. 1843 na Delagoabaai is i.v.m. handelsooreenkomste. Teen die einde van 1844 het Potgieter met sy hele gevolg vanuit Potchefstroom en Magaliesberg op advies van Smellenkamp na Oos-Transvaal getrek om nader aan Delagoabaai en verder van die Engelse af te wees. Hier stig hy Andries Ohrigstad.

Die omgewing was onderhewig aan malaria en vanweë die ongesondheid asook die ongenoeë wat ontstaan het onder die burgers na die aankoms van 'n trek wat gevlug het uit Natal om onder die Engelse vlag uit te kom, het hulle hier uitmekaar gespat. Die leier van hierdie trek uit Natal was Jacobus Johannes Burger 'n voormalige Volksraadsekretaris in Natal.[2] Na verskillende onaangename verwikkelinge het die Trekkers uitmekaar gespat en die land bewoon.

Die uitgebreide Kruger-familie van wie Gert en Casper Kruger die hoofde was, was van die eerstes wat Ohrigstad verlaat het, maar het getrou by Potgieter gestaan. [3]

Gert Kruger se familie en die van Hermanus Potgieter het weer na hulle aanleg op Hekpoort aan die Bo-Magaliesrivier getrek, terwyl Casper Kruger hom voorlopig in die

---

1) Oor die voornaam van Pretorius het daar verskil bestaan maar volgens verdere navraag het dit geblyk dat sy naam Willem was. Dit kon ook Frans wees want altwee name kom onder die nageslagte voor, en Frans Pretorius het in 1850 op Zoutpansdrift waarheen hy getrek het, gesterf aan slepende koors. (malaria.) Meegedeel deur ons informante. (Sien Voorwoord.)

2) Vide Stockenström, Eric.: a.w. bl. 281, asook Walker, Eric: „A History of South-Africa," Longman's bl. 256 en 257. Vir besonderhede i.v.m. die ongenoeë en die hele heen en weer trekkery vide Potgieter en Theunissen a.w. Hoofstukke XIV tot XVII.

3) Vide ook: Potgieter en Theunissen a.w. bl. 142.

omgewing van die huidige Bethal gevestig het. Die Fourie-families het na die huidige Ermelo getrek, terwyl die families Stander en Ras na die huidige Standerton verhuis het. [1]

Die familie van Philippus Fourie het die omgewing van Ermelo verlaat en hulle teen die einde van 1846 in die huidige Britsdistrik kom vestig en die plaas Krokodildrift aangelê in die onmiddellike omgewing suid van Britsdorp. Hier is die eerste blanke, Willem Lodewikus Johannes Fourie, seun van Philippus, gebore. [2] Saam met Philippus Fourie het sy aanverwante families: Schoeman, de Beer en Robbertse gekom. [3] Die nageslagte woon nog hier.

In 1850 het Lambertus Fourie, 'n ander seun van Philippus die plaas op die regter oewer, bekend as Krokodildrift-Oos [4] van Albertus Venter geruil. In 1875 het hy die gedeelte laat registreer as „De Kroon" waar sy nageslagte nog woon.

Ongeveer 1850 het die families Stander, Ras en Hermann hulle ook op Krokodildrift-Oos kom vestig. Hierdie families was onder mekaar verswaer en het hulle later verder verswaer onder die Fourie-familie.

Die omgewing het vinnig tussen 1850 en 1860 bevolk geraak. Casper Kruger het met sy gevolg ook teen 1846-'47, 'n plaas 6 myl noord van die huidige Brits langs die Krokodilrivier, aangelê. Hierdie plaas het die naam „Zoutpansdrift" [5] gekry. Die Krugers het hier vanuit Bethal

---

1) Volgens getuienis van die pioniers in die voorwoord genoem.


2) Volgens getuienis van die pioniers in die voorwoord genoem.

3) Volgens getuienis van die pioniers in die voorwoord genoem.

4) Krokodildrift het sy naam gekry vanweë die feit dat 'n groepie vrouens wat besoek by die oorkantse bure wou aflê, verras is deur 'n krokodil in die drif. Deurdat 'n vrou haar kappie na die krokodil gegooi het, het die vrouens ontsnap en het die drif die naam Vrouensdrift of Krokodildrift gekry. Laasgenoemde het egter behoue gebly. (Meegedeel deur die pioniers).

5) Zoutpansdrift het sy naam te danke aan die feit dat die pioniers deur die drif getrek het na die soutpanne verder noord om sout te gaan haal. (Meegedeel deur pioniers, vide die Voorwoord).

Foto nr. I.



**M. N. Ras by die twee kanonne deur hom vervaardig**

Foto nr. II.



**Onthulling van die kanonmaker se grafsteen**

gedurende April tot Oktober, die wintermaande, vertoef en dit was hulle Bosveldplaas. Die slepende koors (malaria) het hier gewoed en daarom het hulle gedurende die somermaande weer Hoëveld toe terug getrek. Vanaf 1848 het sommige gesinne hier egter agtergebly, waaronder ook die van Casper Kruger, (vader van die latere president Paul Kruger) en die gesinne Smit en van Staden.

In dieselfde tyd, ongeveer in 1850, het Hermanus Nicolaas Ras, [1] vader van Marthinus Nicolaas Ras, die latere Boerekanonmaker, en sy verwante families Engelbrecht en van Rooyen in die huidige Britsomgewing ingetrek en aan die noordelike hange van die Magaliesberg 'n sitrusplaas, Bokfontein, aangelê. Lede van die families Engelbrecht en Coetzee [2] het hulle onmiddellik wes en noord van die huidige Britsdorp op Rooikoppies gevestig.

Na die eerste Vryheidsoorlog 1881 het die du Plessis-families wat verswaer was met die Krugers, hulle op „Zoutpansdrift" metterwoon, eers as huurders en later as erfgename van die Krugers, kom vestig. Die nageslagte van die Krugers, du Plessis en van Stadens woon nog hier.

Net suid van die Magaliesberg, bokant die sameloop van die Magalies- en Krokodilriviere het die families van Andries Pretorius, die held van Bloedrivier, aan die begin van 1848 Grootplaats, kort nadat hulle Natal verlaat het, kom aanlê. Van hier het Genl. Pretorius gegaan om die Oranje Vrystaat in 1848 teen Sir Harry Smith te help. Die stryd het geëindig met die slag van Boomplaats op 29 Augustus 1848 en die fusilering van Thomas Frederik Dreyer en Quigley op 31 Augustus 1848. [3] Die jong weduwee

1) Vide foto nrs. I en II (bl. 33/34).

2) Ons het die stammoeder van die Coetzees hier, bekend as ouma Nela, (1820-1926), of Cornelia Brits voorheen weduwee Coetzee, geb. Potgieter, in 1925 ontmoet en baie mededelings is toe van haar verkry.

3) Potgieter en Theunissen, a.w. bl. 195. Vide ook D'Arbez- Voor Land en Volk, bl. 206-214. Ook meegedeel deur Ouma Nela.

Dreyer het die Vrystaat verlaat en haar net noord van die Magaliesberg op Krokodildrift gevestig. Gert Brits, en sy vader Johannes Nicolaas Brits, die oorspronklike eienaar van die plaas „Bloem Fontein" (Bloemfontein die huidige hoofstad van die O.V.S.) het ook getrek en hulle op die huidige Brits gaan vestig.

Die spoorwegstasie Brits is in 1906 aangelê en by die ingebruikneming van die Pretoria-Rustenburgspoorweg vernoem na Gert Brits die oorspronklike eienaar van Brits. Die dorp en distrik het later die naam van Brits gekry omdat die stasie bekendheid verwerf het deur die besproeiingskonstruksiewerk. Die grond waarop die huidige Britsdorp uitgelê is, was die eiendom van Gert Brits wat in 1849 hier aangekom het.

Genoemde pioniers het in hierdie omgewing 'n ander kultuur gebring. Hulle het met primitiewe hulpmiddele moes werk; tog het hulle uitkeervore uit die rivier aangelê, die grond besproei en koring, mielies en tabak verbou.

Dat hulle vernuf besit het sowel as durf, word ongetwyfeld bewys deur die sewe uitkeervore wat hulle teen 1863 met vereende kragte aangepak en klaar gemaak het met behulp van die naturelle van die Mogaléstam. Die vore is vandag nog hier in volle gebruik. Hulle is bekend as die „ouvore" en besproei 2,800 morg.

'n Man soos Hermanus Engelbrecht, bekend as slim Harmaansie, het die gereedskap gemaak en was vaardig in die aanlê van watervore. Sy kleinseun Johannes Engelbrecht, bekend as Jannie Watervoor, het bepaald die kundigheid van sy grootvader verkry. Jannie Watervoor het tydens sy lewe talryke watervore uitgemeet. Hy is in 1951 in die ouderdom van 90 jaar oorlede. Een van die ingenieurs aan die konstruksiewerke het erken dat hulle met hulle moderne instrumente nie in staat is om vore beter uit te meet en aan te lê nie.

Die pioniers het vrugteboorde aangelê en sedert 1850 het hulle al rolle tabak, gedroogde vrugte, (veral perskes, vye, en appelkose), biltong, meel en sitrusvrugte tot sover as Durban en teen 1856 op Bloemfontein, en na 1866 veral op Kimberley gaan verhandel. Hulle het die nodige dik-koordferweel, molvel en ander klerasiemateriaal aangeskaf om die velklere te vervang; ook het hulle koffie en suiker wat die witgatwortel-koffie (maklôpi - naturelle woord) en gekristalliseerde heuning vervang het, geruil. Namate beter gereedskap verkrygbaar was, is dit ook aan-geskaf om die bebouing en bewerking van die grond doel-treffender uit te voer.

Hulle het nie die primitiewe jagters- en swerwerslewe gelei nie, maar was mense met 'n gevestigde doel, naamlik om te woon, die omgewing te ontgin, die natuur te beheers en in hulle lewensbehoeftes en ander sosiale behoeftes te voorsien.

Hulle het ook met hulle aankoms hier nie meer veel beeste na al die omswerwinge en ontberings gehad nie, maar na hulle gevestig was, het die kuddes vermeerder.

Wild was hier volop soos die name van hulle plase aandui. Die plaasname bestaan vandag nog en die plase is bekend as Hartebeestfontein 5, Kameeldrift 60, Buffelspruit 253, Wildebeestfontein 820, Bokfontein 47, Elandsfontein 74, e.d. Die poort waarin die damwal gebou is, het om dieselfde rede die naam Hartebeestpoort gekry. Die jag het egter slegs daarin bestaan om in die eie behoeftes te voorsien en nie so seer ter wille van die ekonomiese wel-vaart nie.

Leeus was hier maar skaars. Die afwesigheid van plekname met leeu as 'n deel van die saamgestelde naam dui dit dan ook aan.

Die mense het ook nie nagelaat om hulle kinders te leer lees en skryf, en om hulle uit die Bybel, die Heidel-

bergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis deeglik te katkiseer nie. Die skool was veelal nog die plek waar die ledige ure deurgebring is veral, deur die groter kinders. Die huisaltaar is in ere gehou en elke aand en môre is godsdiens gehou, wat uit skriflesing, gebed en sang, en onderwys aan die kinders uit die gelese gedeelte bestaan het.

- - - - - - - - - - - - -

'n Nuwe fase in die ontwikkeling van hierdie omgewing het ingetree toe J. Hendrik Schoeman van Schoemansdal, Zoutpansberg, die plaas Schoemansrust in 1868 kom aanlê het in die vallei wat vandag deur die water van die Hartebeestpoortdam bedek word. In 1898 het hy sy eie dam wat vir besproeiing aangelê en gebou is in die poort waar die Krokodilrivier deur die Witwatersrand vloei, in gebruik geneem. Hierdie reusewerk deur 'n indiwidu onderneem, het £10,000 gekos.

Die ideaal van Schoeman was om aan die vinnigontwikkelende Randgebied met sy goudmynindustrie net soveel primêre produkte soos hawer, koring, groente en vrugte te voorsien as wat moontlik was. Met hierdie ideaal besiel, het hy aan President Kruger wat die ingebruiknemingsplegtigheid waargeneem het, gesuggereer om 'n soortgelyke of groter skema in die Hartebeestpoort as 'n staatsonderneming aan te pak.

President Kruger was hiervoor te vinde, maar interne en eksterne politieke troebele het dit belemmer, en toe die Tweede Vryheidsoorlog teen Engeland die volgende jaar uitbreek, was so 'n onderneming buite die kwessie. 1)
Hierdie plaas kon vergelyk word met 'n moderne spogplaas en so het ons dit leer ken en geken totdat dit bedek is deur die water van die Hartebeestpoortdam. 2)

1) Inligting verstrek deur mnr. Johan H. Schoeman, seun van J. Hendrik Schoeman, en erfgenaam van die plaas. Johan Schoeman was persoonlik teenwoordig. Vide ook bladsy 4.

2) Vide foto nr. IX bl.103/104 en foto nr. XV bl.114/115.

Ten slotte wil ons hier graag nog op 'n ander belangrike aspek van die vestiging van 'n bestendige blanke kultuur wys in soverre as wat hierdie vestiging ook sy invloed op die naturelle wat hulle hier metterwoon gevestig het, uitgeoefen het.

Oënskynlik het ons hier net met 'n landboukultuur te doen, maar die koms van die pioniers het beveiliging, rus en vrede aan die onderdrukte en vlugtelingnaturelle verseker. Uit dankbaarheid het hierdie naturelle hulle by die pioniers in statte waar hulle nageslagte vandag nog woon, kom vestig. Die pioniers het van huisuit ook aan die naturelle die Lig van die Evangelie van Christus gebring deur hulle in die Christelike leer en lewe te onderrig. Hierdie naturelle het gelowiges geword deur die Christelike geloof te aanvaar en het huisgetrou by die ou families bly woon. Hierdie feite laat 'n mens dan eers werklik besef wat hulle koms vir die omgewing beteken het.

Hoe dikwels het ons nie van hierdie sterk invloed oortuig geraak nie! Ons het dikwels 'n begrafnis van 'n ou pionier of 'n seun of 'n dogter van so 'n pionier op die betrokke plaas bygewoon en gemerk hoe 'n groot aantal naturelle, van wie sommige al beef van ouderdom, hulle beskeie plekkie tydens die verrigtinge ingeneem het. As aan hulle nederige versoek voldoen word om deel te neem aan die verrigtinge, is dit hartroerend om te hoor met hoeveel eerbied en erkentlikheid melding gemaak word van die jarelange verblyf op die plaas. Dit is werklik aandoenlik om die koorsange te beluister wat aangehef word. Na so 'n begrafnis sou elke onpartydige waarnemer moes erken dat die ou mense grootse werk verrig het. 'n Mens kan nie anders nie as om te erken dat hulle 'n Christelike beskawing gebring en geplant het, en daardeur 'n beskawing gekenmerk deur liefde en vertroue vir die nageslag verseker het.

# HOOFSTUK III

## GROOTTE, VORM EN GRENSE, SENTRA EN ADMINISTRASIE.

### A. Algemeen.

Wanneer die grootte, vorm en grense van hierdie distrik bestudeer word, blyk dit dat daar eintlik geen sprake van natuurlike grense soos berge of riviere is nie. Die distrik is volgens proklamasie nr. 90 van April 1928 en proklamasie nr. 235 van Oktober 1928 grotendeels van Pretoriadistrik en kleinerdeels van Rustenburgdistrik [1] afgestig. Die Krokodilrivier wat voorheen die grens tussen Pretoria en Rustenburg was, vloei nou van suid na noord deur die nuwe distrik en wel naby aan sy westelike grens of die Rustenburgkant.

Die digsbevolkte deel lê langs die rivier en binne die besproeiingsarea van die kanaalgebied van die Hartebeestpoortdam. [2] Die suidelike grens is egter Witwatersberg of beter gestel, die noordelike platorand van die Witwatersrandplato.

### B. Grootte.

Die totale oppervlakte van die distrik is 1142 vierkante myl. [3] Dit bestaan uit 100 geregistreerde plase waarvan 33 in die noordoostelike gedeelte van die distrik sowel as een plaas aan die oostelike en een aan die westelike grens saam die naturellereservaat vorm. Volgens berekening beslaan die naturellereservaat ongeveer 477 vk. myl terwyl die blanke gebied ongeveer 665 vk. myl groot is.[4] Die distrik het 'n voëlvlug afstand van suid na noord van 54 myl oor sy lengte en op sy wydste breedte is hy 40 myl en op sy smalste breedte in die suidelike helfte slegs 16 myl.

---

1) Vide Staatskoerant nr. 1700 van 27 April 1928 en vir gewysigde prokl. nr. 235 vide Staatskoerant nr. 1732 van 12 Okt. 1928.

2) Vide kaart nr. 4 d.w.s. die Bevolkingskaart.

3) Gegewens by magistraatskantoor van Brits verkry. Vide ook kaart nr. 1 d.w.s. Die Geologiese Kaart.

4) Volgens die magistraat se beskouing en afgelei van die kaart.

C. Vorm.

Vanweë die delimitering is die distriksgrens baie gebroke en het vanaf suid gesien 'n nek-en-hoof vorm. Die digsbevolkte deel lê in die smaller suidelike deel waarin ook die dorp sentraal geleë is.[1] Die verkeersweë straal van hier na die verderafgeleë dele van die distrik, sowel as na die groot handelsentra Pretoria, Johannesburg en ander sentra soos Rustenburg en Krugersdorp. Hartebeestpoort, aan die suidpunt, is nie 'n handelsentrum nie; tog is dit ook 'n middelpunt van groot aantrekkingskrag vanweë sy ontspanningsmoontlikhede.

D. Grense.

Britsdistrik is 'n nuwe afbakening wat noodsaaklik geword het nadat die besproeiingsmoontlikhede 'n voldonge feit was en 'n paar duisend mense hier as nedersetters gevestig is. Vir deeglike administratiewe voorsiening in 'n digbevolkte gebied is oorgegaan tot die herdelimitering van Pretoriadistrik, met 'n byvoeging van 11 plase uit Rustenburgdistrik volgens genoemde proklamasie nr. 90 van 27 April 1928 en 'n wysigingsproklamasie nr. 235 van 12 Oktober 1928 [2] en „in 1934 the area was extended in the North West by the inclusion of further farms formerly in the Rustenburg district. The area of the district now is 1142 square miles. There are one hundred farms in the district bordered by the districts of Pretoria, Krugersdorp, Rustenburg en Waterberg." [3]

Van owerheidsweë is in 1928 die besluit geneem om 'n nuwe distrik te stig en ons lees in die genoemde proklamasie nr. 90 van 27 April 1928:

„I do hereby declare, proclaim and make known that from and after the 1st May 1928:

---

1) Vide kaart nr. 1.

2) Vide voetnoot 1 op vorige blad.

3) Ontleen aan die magistraat van Brits se jaarrapportboek.

(a) A district shall be created to be known as the district of Brits, and

(b) that the local limits of the said district shall be so defined as in the schedule of this proclamation, and

(c) that for such district there shall be established a court, and,

(d) that Brits is appointed as a place within that district for holding such a court.

And under and by virtue of the said paragraph (b), I do hereby further declare and proclaim and make known that from and after the 1st. May 1928, the local limits of the districts of Pretoria and Rustenburg shall be and are hereby decreased by the exclusion of those portions of the said districts included in the district of Brits."

Volgens die huidige kaart soos die distrik in sy finale vorm in 1934, afgebaken is, word hy begrens aan die noorde en noordoostelike kant deur Warmbaddistrik. Die hele oostelike deel en die grootste deel van die suidelike grens word begrens deur Pretoriadistrik. Die kleiner gedeelte van die suidelike asook van die suidelikste wesgrens lê aan Krugersdorpdistrik. Britsdistrik word oor die hele westelike grens vanaf die kruin van die Magaliesberg noordwaarts en die westelike helfte van die noordelike grens van Rustenburg geskei deur plaaslyne. [1)]

E. <u>Besondere Geografiese Sentra en Bevolkingskonsentrasies.</u>

Voordat die Hartebeestpoortdam gebou is, was die omgewing wat nou die distrik uitmaak, slegs bekend vanweë die paar ou familieplase waar die Voortrekkers hulle kom vestig het.[2)] Op hierdie plase was toe reeds 'n betreklik digte bevolking, vir die grootte van elke plaas, woonagtig. Dit

---

1) Vir besonderhede omtrent die grensplase vide skedule by die genoemde proklamasies, en kaart nr. 1. (Geologiese kaart.)

2) Vide bl. 31 e.v.

is toe te skrywe aan die onderverdeling van die besproeiingsgronde onderkant die sewe „ouvore". Die gedeeltes wat nie in die besproeiingsgebied van die vore geval het nie, was onverdeelde buiteregte vir weiding. Hierdie besproeiingsplase het bekendheid verwerf vanweë die feit dat hulle aangelê en bebou is deur die Voortrekkers, en vanweë die feit dat hulle produksie-eenhede was. Hulle was ook geografiese sentra binne 'n betreklik onontgonne gebied waar voorheen net naturellestamme gewoon het.

Ons kry, om van die suidekant van die distrik te begin, Skeerpoort en Remhoogte in die suidwestelike hoek van die distrik. In 1910 is op Skeerpoort die gemeente Magaliesberg van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk gestig. In 1912 het die gemeente hier 'n sink-en-houtgebou as vergaderplek en 'n pastorie opgerig. Hierdie gemeente was 'n afstigting uit die gemeentes Rustenburg, Pretoria en Krugersdorp. [1)]

Hier is ook 'n betreklike groot skool wat in daardie dae ses onderwysers gehad het. Hierdie skool het ook vanaf 1918 tot 1922 'n sekondêre afdeling gehad.

Sedert 1950 is hier 'n garage met al die hedendaagse geriewe. Twee winkels, 'n slaghuis en 'n poskantoor voorsien ook in 'n noodsaaklike behoefte.

Remhoogte is 'n aangrensende plaas waar ook 'n digte bevolking woon, met 'n skool, 'n winkel en 'n baksteensaal waar die predikant van die Gereformeerde gemeente Pretoria 'n deel van sy gemeente bedien het met Woord en Sakramente sedert 1912. In 1924 het hierdie gedeelte van die Gereformeerde gemeente afgestig van Pretoria en saam met die gedeelte van die Bo-moot wat onder die Krugersdorpgemeente geressorteer het, is die Gereformeerde Gemeente „Die Moot" gestig. Die gebou is vergroot tot 'n kruistipe kerkgebou. [2)]

---

1) Verkry uit die notuleboek van hierdie kerkraad.

2) Inligting verkry van die ou mense en uit die notule van die kerkraad.

Nader aan die samevloeiing van die Magalies- en Krokodilriviere het „Grootplaats" van die familie Pretorius gelê en was bekend omdat genl. Andries Pretorius die plaas aangelê het. Vandag is die plaas grotendeels deur die water van die dam bedek en die oorblywende gedeeltes is nou bekend as „De Rust". Waar die diepkom van die Hartebeestpoortdam is, was Schoemansrust wat bekendheid verwerf het vanweë die besonder progressiewe en grootskaalse boerdery van die Schoemans, seuns van J. Hendrik Schoeman. Hierdie boerderye word nou deur die water van die Hartebeestpoortdam bedek, en vandag word dit buite die waterrand aan die suidekant van die dam kleinerskaals beoefen.

As ons die Magaliesberg noordwaarts oorsteek, tref ons die plaas Bokfontein 47 aan die noordelike hang van die Magaliesberg, 6 myl vanaf Kommandonek op die pad na Rustenburg, aan. Dit is die plaas van die Ras- en Engelbrecht-families en het bekendheid verwerf omdat Marthinus Nicolaas Ras, gehelp deur sy broer Hermanus en hulle oom Eduard, die Boerekanonne gemaak het wat vandag in die museum op Pretoria te sien is. Behalwe dit, het die plaas bekendheid verkry omdat daar sitrusvrugte en byna enige soort subtropiese vrugte sedert 1860 te kry was. Hierdie plaas word besproei met bergwater van die Magaliesberg. Vandag is hier ook 'n skool, 'n poskantoor en 'n winkel.

Die Krokodilrivier vloei deur die ou Voortrekkerplaas, Krokodildrift. Dit is nog die plaas van die nageslagte van die ou Voortrekkerfamilies Fourie, Schoeman en de Beer wat langs die linker oewer, en die families Fourie, Ras, Hermann, Stander en Pretorius wat aan die regter oewer woon.

Krokodildrift-Wes lê aan die linker oewer en is besonder dig bevolk. Hier het reeds sedert 1856 'n skool bestaan waarvan Marthinus Schoeman, bekend as „Kruppel

Martiensie", die onderwyser was. [1]

Op Krokodildrift-Oos, en veral die gedeelte wat sedert 1875 bekend is as De Kroon, lê die eerste Voortrekkeraanleg sedert 1841, toe Albertus Venter die plek begin bewerk het. Die eerste uitkeervoor het Venter uit die rivier gehaal en Lambertus Fourie het die plaas in 1850 van hom geruil. Hier is ook sitrusboorde sedert 1870 aangelê. Die kinders van hierdie omgewing het ook die skool van Marthinus Schoeman besoek tot 1890 toe elk van die twee plekke 'n staatsondersteunde skool gekry het. [2]

De Kroon het egter 'n prominente plek geword deurdat hier 'n groter skool opgerig is. Die moedergemeente Krokodilrivier van die Ned. Herv. of Geref. Kerk is ook hier in 1914 gestig en die sink-en-houtgebou is in 1918 vervang deur 'n klip-kerkgebou van die kruistipe. [3]

Verder noord, aangrensende aan Krokodildrift, lê die plaas Zwartekopjes of Roodekopjes, die aanleg van die Voortrekker Gert Brits. Die plek was nie altyd 'n bekende omgewing nie, omdat die aanleg uit die gesig al langs die rivier gelê het. Sedert 1906 [4] toe die spoorweg tussen Pretoria en Rustenburg in gebruik geneem is, is die spoorwegstasie Brits genoem, na Gert Brits. Dit was 'n sinkgeboutjie en van geen noemenswaardige belang nie. Daar was een winkel op die grens tussen Krokodildrift-Oos en Roodekopjes.

---

1) Meegedeel deur Marthinus Schoeman self en bevestig deur Willem Fourie (Vide Voorwoord.)

2) Meegedeel deur Marthinus Schoeman en bevestig deur Willem Fourie (Vide Voorwoord.)

3) Vide die notule van die kerkraad.

4) Die magistraatsrekords op Rustenburg sowel as die op Brits meld 27 Desember 1906 as die ingebruiknemingsdatum. Ook is ons vermoede versterk deur 'n brief van Ds. Rudolph van Rustenburg, aan D. v.d. Merwe, gedateer 26 Des. 1906, dat hy die begrafnis nie op 27 Des. kan hou nie, daar hy die woord moet voer op Rustenburg met die opening van die spoorweg. Hierdie brief is in besit van mnr. David v.d. Merwe van Groenkloof, Wolhuterskop, wie se suster op Kersdag 1906 oorlede is.

Brits sou bepaald nie die grootste sentrum vandag gewees het as die eerste plan om die spoorlyn al langs die voet van die Magaliesberg langs te bou, verwesenlik is nie. Die mense van die omgewing was egter altyd die mening toegedaan dat De Kroon die grootste sentrum sou word, daarom is die genoemde klip-kerkgebou in 1918 daar opgerig.

Toe daar in alle erns in 1921 met die damwalkonstruksie begin is, is 'n smal spoorlyn vanaf Brits-Weshalte aangelê na Hartebeestpoort om die materiaal te vervoer, want anders moes 'n brug oor die rivier gebou word as die spoor vanaf Brits aangelê is. Brits-Wes wat sedertdien baie besig was, is vandag na die bou van die dam net so stil soos wat dit voor daardie tyd was.

In 1919 toe met die werksaamhede aan die damwal die eerste keer begin is, het Louis Karovsky met die idee voor die dag gekom om op Brits 'n dorpie aan te lê. Brits is vandag die grootste kerk-, skool-, handel-, spoorweg-, en administratiewe sentrum van die distrik.

Ongeveer ses tot agt myl noord van Brits lê Zoutpansdrift, die aanleg van die Voortrekkers Casper en Tjaart Kruger. Hier is 'n skool sedert 1860 en vanaf 1890 was dit 'n staatsondersteunde skool waar Pieter Heslinga, meester Kamp (later Prof. Kamp) en Joost Heystek hulle stempel afgedruk het. 1) In 1911 is hier die gemeente Krokodilrivier van die Gereformeerde kerk gestig. 2) Hier is 'n paar winkels, 'n slaghuis, 'n garage, 'n meule en 'n poskantoor.

Dertig myl noord van Brits lê Beestekraal, wat 'n ou aanleg van die Riekert- en Krugerfamilies is; dit het so ontwikkel dat dit 'n sentrum van belang en 'n kerksentrum van die Gereformeerde Kerk geword het. Daar is 'n skool, 'n paar winkels, 'n poskantoor en die Brits-Beestekraal spoorwegterminus.

---

1) Meegedeel deur ons informante genoem in die Voorwoord.

2) Vide die notule van die kerkraad.

Na die voltooiing van die dam het die genoemde ou sentra, behalwe Beestekraal, Skeerpoort en Remhoogte almal grotendeels of geheel en al binne die besproeiingsgebied van die kanale gekom en verder uitgebrei en digter bevolk geraak.

Die besproeiingsmoontlikhede het egter ook ander en meer sentra van belang laat ontstaan. Hulle is vandag bekend as produksie- en kultuursentra, waarvan die vernaamste die volgende is: Hartebeestpoort met sy amptenaarsdorpie, die Hoër Huishoudskool en ŉ laerskool. Hier kan ook die hotelle by die dam, wat as vakansie- en ontspanningsoord bekendheid verwerf het, ingesluit word. Hier is die administratiewe- en irrigasie-ingenieurskantore, en ŉ poskantoor. By die dam is die moontlikheid vir ŉ toekomstige dorp. Hier is 190 erwe uitgemeet en is volgens algemene plan S.G. nr. 4369/36 deur die Landmeter-generaal en Dorperaad van Transvaal op 21 April 1939 goedgekeur.[1)]

Ongeveer 3½ myl noord van Brits, op die plaas Krokodilpoort aan die Mamagaliesrand, is die Brits-Kanaal-hoofkwartiere na voltooiing van die Ooskanaal ontruim, en in gebruik geneem deur die Unie Departement van Onderwys, wat hier ŉ Landbouvakskool gestig het om seuns van die nedersetters in landbou op te lei. Sedert 1 April 1938 is die skool oorgedra aan die Transvaalse Departement van Onderwys.[2)] Sedert Januarie 1941 het dit ŉ volwaardige middelbare skool geword met landboukunde en praktiese landbou as verpligte vakke. Die onderwyssentrum beskik oor koshuise, onderwyserswonings, stalle, skure, e.d. met 50 morg bewerkbare en besproeibare grond. Seuns van oor

1) Vide Administrateurskennisgewing nr. 88/19 in die Provinsiale Staatskoerant nr. 1464 van 9 Junie 1937 asook kennisgewing nr. 88 Prov. Koerant van 1 Maart 1944.

2) Vide die Wet op oordrag van Landbouskole, 1937 (Wet nr. 30 van 1937) art. 2(1).

die hele Unie, Suid-Wes-Afrika, Rhodesië en selfs sover as die Belgiese Kongo word hier opgelei. 1)

Rashoop is 'n ander sentrum omtrent 3 myl noord van hierdie skool met 'n spoorwegstasie van die naam, 'n paar winkels, 'n slaghuis, 'n garage, 'n pastorie en 'n poskantoor. Binnekort sal moontlik ook die nuwe kerkgebou van die Ned. Herv. of Geref. gemeente Dalunie hier verrys. Hierdie sentrum is binne die nedersettingsgebied, Mamagalieskraal, geleë en in die omgewing is daar twee betreklike groot laerskole.

Omtrent agt myl noordwes van Rashoop is Sanddrift nr. 920 geleë. Dit is 'n kerk-, skool- en winkelsentrum. Daar is ook 'n garage, 'n slaghuis, 'n poskantoor en die spoorwegstasie, Hoëwal.

Wes van die Krokodilrivier het 'n paar nuwe sentra onder die besproeiing van die Weskanaal as gevolg van die nedersettings daar, ontstaan. 2)

Agt myl wes van Brits is Wolhuterskop geleë. Dit is 'n skool-, poskantoor- en spoorwegsentrum met 'n paar winkels en 'n slaghuis. Hierdie sentrum bedien 'n digbevolkte omgewing.

Twee myl noord van Wolhuterskop lê Sonop, die nedersetting vir liggaamlik ongeskiktes, van die Departement van Volkswelsyn. Hier is 'n tehuis vir oues van dae, 'n groot laerskool wat ook vanaf 1938 tot 1942 'n sekondêre afdeling gehad het, 'n landbouproefstasie, 'n winkel, 'n vergadersaal, 'n poskantoor, 'n slaghuis en die plaaslike administratiewe kantore van die Departement van Volkswelsyn. Dit word in die vooruitsig gestel dat hier binne afsienbare tyd 'n kerkgebou opgerig sal word van die Ned. Herv. of Geref. gemeente.

---

1) Volgens die sensusopgawevorm van 8 Mei 1951 vir die Landbou Hoërskool was hier 119 seuns uit Transvaal, 2 uit die Oranje Vrystaat, 6 uit Natal 5 uit die Kaapprovinsie 2 uit S.W.-Afrika, 6 uit Suid Rhodesië en 2 uit die Belgiese Kongo afkomstig. Die gegewens is ook korrek volgens die toelatingsregister van die skool. Vide ook foto nr. XXX bl. 308/309.

2) Vide Besproeiingskaart i.v.m. genoemde kanale. (Kaart nr. 2).

Ses myl noord met die pad om Sonopkop is Wolwekraal, Vorentoe en Losperfontein bymekaar. Wolwekraal is die naam van die nedersetting terwyl op Losperfontein 'n landbouproefstasie is. By die proefstasie is die kerkgebou van die Ned. Herv. of Geref. gemeente Vorentoe. Hierdie sentrum is maar slegs 6 myl noordwes van Brits geleë. Vier myl noordwes van Vorentoe is die middelpunt van die Geluk-nedersetting met 'n groot laerskool, 'n winkel, 'n poskantoor en garagegeriewe.

Omtrent 12 myl oos van Brits op die spoorweg tussen Pretoria-Brits is De Wildt geleë. Dit is na 'n ingenieur wat tydens die spoorwegkonstruksie hier werksaam was, vernoem. Hier is die spoorwegstasie met die naam, winkels, 'n garage, 'n meule, 'n slaghuis e.d. geriewe, maar die plek het veral bekendheid verwerf vanweë genl. J.B.M. Hertzog se politieke toespraak hier in 1912. Hierdie toespraak was feitlik die begin van 'n ander politieke koers nl. „Suid-Afrika Eerste" as nasionale leuse. Dikwels word vanaf die politieke verhoog nog verwys na die 1912-De Wildtstoespraak.

F. Bestuur en Administrasie.

Die hele beheer en administrasie van die waterdistribusie berus by die Administratiewe-ingenieur van die Departement van Besproeiing en sy personeel vanuit hulle kantore by die dam, en die betrokke waterfiskale wat oral langs die twee hoofkanale gestationeer is.

Die hantering van huurkoopaktes van pagterhuurders, proefhuurders, en goedgekeurde en geslaagde huurkopers, sowel as die inspeksie van die persele wat nog nie private eiendom is nie, berus by die Inspekteur van die Departement van Lande en sy personeel op Brits. Die omvang van laasgenoemde se werksaamhede het vanweë die finale afbetalings van die huurkope so afgeneem dat die personeel byna oorbodig geword het, en vandag word die werk slegs

nog deur een amptenaar verrig.

Sedert 1909 was hier op De Kroon 'n spesiale vrederegter aangestel in die persoon van J.A.G. Ras met beperkte jurisdiksie soos van toepassing op spesiale vrederegters.[1] Hierdie juridiese sentrum is na Brits verskuif vanaf 1920 as gevolg van Goewermentskennisgewing nr. 1931/20 soos gepubliseer in die Staatskoerant van 6 Aug. 1920. In dieselfde Staatskoerant word volgens proklamasie nr. 1050/192 voorsiening gemaak vir periodieke hofsittings deur 'n magistraat van Pretoria. Hierdie feite toon reeds die uitbreiding op juridiese gebied met betrekking tot die konstruksiearbeiders en die latere nedersetters.

Hierdie deel van die administrasie het sedert die totstandkoming van die magistraatsdistrik in 1928 as 'n graad II voortbestaan tot 1 April 1946 toe dit gegradeer is tot graad I en sedert 1 Januarie 1949 weer verhoog is tot 'n senior graad, wat veral te danke was aan vermeerderde geldelike inkomstes en ander bronne in belang van die staat. [2]

Die polisie ressorteer onder die toesig van die Kommandant van Polisie op Pretoria. Op Brits is die grootste polisiestasie in die distrik en dit staan onder die bevel van 'n hoofkonstabel en sy sersante. Op Hartebeestpoort is 'n polisiestasie sowel as op De Wildt en staan onder die bevel van hulle onderskeie sersante. Die polisie patrolleer gewoonlik die distrik en neem wetsoortreders gevange.

Die plaaslike owerheid van Britsdorp het in 1924 as Gesondheidskomitee begin fungeer, en gelyktydig met die ontstaan van die distrik in 1928 is dit in 'n Dorpsraad met 6 lede omgeskep. Die werksaamhede van die raad het

---

1) Vide Transvaalse Administrasie - Proklamasie nr. 91 van 1909.

2) Inligting verstrek deur die hoofmagistraat, en is in ooreenstemming met die betrokke magistraatsrapportboek.

egter so uitgebrei dat dit in 1944 'n stadsraadstatus verkry het. Vertoë moes egter tot die Administrateur van Transvaal gerig word om die ledetal uit te brei. Dit is in 1950 toegestaan om die aantal raadslede te vermeerder tot 9. [1)]

Die Stadsraad het egter nie net te doen met die administrasie en bestuur van dorpsake nie, maar hanteer ook die insameling van belastings op voertuie, wat reeds tussen 30 tot 40 duisend pond per jaar bedra ten gunste van die Provinsiale Administrasie. [2)]

Wat die belange van die boere as nywerheidsgroep betref, is die bestuur en administrasie van bemarking en verskaffing van materiaal deur boere benodig, in die hande van die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging (M.K.T.V.) en die Magaliesbergse Koringkoöperasie (M.K.K.). Hierdie twee liggame sorg vir die verkoop, hantering en beheer deur een kanaal van die twee vernaamste landbouprodukte van die distrik.

Onderwyssake is in die hande van die Transvaalse Departement van Onderwys wat met behulp van die Distrikskoolraad van Pretoria, die hoof van elke indiwiduele skool en die inspekteurs van onderwys die bestuur en administrasie op onderwysgebied behartig. Elke skool het 'n skoolkommissie wat slegs in 'n adviserende hoedanigheid in belang van die skool optree.

Die Naturelleadministrasie en beheer berus by die naturellekommissaris op Hammanskraal, 'n sentrum naaste aan die reservate, met 'n onderkommissaris op Brits. Hierdie kommissarisse word ook bygestaan deur die hoofman en indoenas van elke stam waar onderlinge sakies gehanteer

---

1) Inligting is verkry van die stadsklerk.

2) Inligting is verkry van stadsklerk. Vide ook voetnoot op bl. 234.

word. Die kommissaris onderhandel gewoonlik met die betrokke hoofman wat dan weer met sy stamgenote die betrokke sake behandel.

Die kerklike administrasie en bestuur word behartig deur die afsonderlike kerkrade wat die betrokke geldsake hanteer, en toesig hou oor die leer en lewe en die goeie orde in die gemeente. Wat die goeie orde betref, het die kerk 'n verbasende groot invloed, daar byna 90% van die blanke bevolking aan die drie Hollandse susterkerke behoort.

# HOOFSTUK IV.

## DIE FISIES-GEOGRAFIESE MILIEU.

### A. Algemeen.

Onder die fisies-geografiese milieu sluit ons die fisiese sowel as die sosiale verskynsels en faktore in, want die sosiografie het met die studie van die kultuurvolkere en hulle onderdele in hulle verskeidenheid te doen,[1)] en omdat 'n sekere kultuurgemeenskap in 'n bepaalde fisiese omgewing ontwikkel. Hierdie fisiese omgewing vertoon beslis die kultuurkarakteristiek volgens die moontlikhede en voorwaardes wat deur die fisiese karakter van die spesifieke fisiese omgewing gebied word en benut is deur die menslike samelewing binne die spesifieke fisiese omgewing.

Nadat ons in die vorige hoofstuk die vorm, grense en grootte van Britsdistrik aangedui het, is dit nodig om hierdie bepaalde omgewing nou as woonplek van 'n menslike samelewing in oënskou te neem.

Die distrik toon fisies en sosiaal 'n groot mate van ooreenkoms met sy omliggende distrikte behalwe die aan die suidelike grens. Hier lê die Witwatersrandplato wat baie verskil wat die fisiese faktore soos die klimaat, die oppervlaktereliëf, die plantegroei, e.d., betref. Die verskil raak ook die menslike aktiwiteite t.o.v. die landboukultuur omdat die klimaat 'n bepalende faktor is i.v.m. die kweek van landbougewasse. Hierbenewens het die plato 'n goudmynindustrie wat in sy wese 'n groot verskeidenheid van menslike aktiwiteite ooreenkomstig die ekonomiese eise van die hoofindustrie meebring, terwyl Britsdistrik uitsluitlik 'n landboudistrik is en 'n homogeniteit t.o.v. sekere menslike aktiwiteite openbaar.

---

1) Vide hoofstuk I, bl. 13, veral voetnoot (1) en bl. 14 veral voetnoot (2) Vide ook Reilingh, dr. H.D. de Vries, Sociografiën van Plattelands-Gemeenten II, Weerseloo. Verslagen van landboukundige onderzoekingen no. 55. 15) 'S. Gravenhage 1949. „Het Physisch-Geographisch Milieu," hoofstuk III, veral bl.20.

Voor 1920, d.w.s. voor die bou van die Hartebeestpoortdam, het die hele huidige Britsdistrik soos 'n digte bostapyt vertoon, waarvan die eentonigheid slegs deur die koppe, die rante en die Krokodilrivier met sy takriviere en spruite wat deur die omgewing vloei, verbreek is.

Hierdie koppe wat aan die omgewing die karakteristiek van 'n eilandlandskap gee, het sy vorige fisiese uiterlike behou en is nog nie deur die menslike aktiwiteite verander nie, behalwe dat die plantegroei deur jaarlikse veldbrande vernietig word en die bome en bosse yler as in die tyd voor die bebouing vertoon. Daarenteen het die vlakte in die besproeiingsgebied baie verander deur die ontbossing, die bebouing en die bewerking van die grond, die aanlê van verkeersweë, kanale en telefoonverbindings.

In die gedeeltes wat buite die besproeiingsgebied lê, vertoon die fisiese omgewing nie 'n groot verandering nie, behalwe dat ons nou die aangelegde verkeersweë sien, en dat 'n mens nou ook bewerkte en beboude plase in die gedeeltes aantref. Vanselfsprekend is die bebouing en bewerking hier nie so intensief as in die besproeiingsgebied nie.

B. Ligging.

1. Posisie.

Die posisie van Brits, met betrekking tot sy breedte- en lengtegraadligging, is tussen $25^{o}4'$ en $25^{o}50'$ S.B. en $27^{o}28'$ en $28^{o}2'$ O.L. op sy wydste breedte, en $27^{o}45'$ en $27^{o}59'$ O.L. op sy smalste breedte, d.w.s. die distrik is maar $0^{o}46'$ oor sy lengte van suid na noord en $0^{o}14'$ oor sy smalste breedte in die suidelike helfte en $0^{o}34'$ oor sy wydste breedte in die noordelike helfte van oos na wes. Die distrik is dus ongeveer 54 myl lank van suid na noord en ongeveer 40 myl wyd in sy noordelike helfte teenoor 16 myl in sy suidelike helfte.

Hierdie ligging toon aan dat die distrik in die suidelik-gematigde lugstreek lê daar die Steenbokskeerkring

$23\frac{1}{2}^{o}$ suiderbreedte oor Suid-Afrika sny; dus lê die distrik se verste noordelike grens nog $1^{o}34'$ binne die suidelik-gematigde lugstreek en sy verste suidelike grens $2^{o}20'$ vanaf die keerkring.

Sy ligging in die Transvaalprovinsie is min of meer die noordoostelike hoek van die suidwestelike kwart van die provinsie. [1)]

2. Hoogte bo Seespieël.

Omdat die distrik vanaf die noordelike bergrant van die Witwatersrandplato noordwaarts uitstrek, lê dit in die deel van die Transvaal wat tussen 3,000 en 4,000 voet bokant seespieël geleë is.[2)] Volgens die rekords van die Departement van Besproeiing is die hoogte van die besproeiingsgebied tussen 3,400 en 3,900 voet bokant seespieël.[3)]

C. Streekbeskrywing.

Die distrik kan in drie definitief afgebakende streke verdeel word t.w.:

I. Die streek in die suide wat aan die Hoëveld grens;

II. Die Middelveldstreek vanaf die Magaliesberg noordwaarts ongeveer oor 'n afstand van 14 tot 15 myl.

III. Die Bosveldstreek hiervandaan verder noord.

I. Streek I.

(a) Ligging. Hierdie streek is die suidelikste streek van Britsdistrik. Aan die suidekant word dit begrens deur die Witwatersberg, d.i. die noordelike bergrant van die Witwatersrandplato. Die noordelike grens van hierdie streek is die Magaliesberg. Hierdie min of meer parallellopende bergreekse loop vanaf die oostelike grens van die distrik effens suidwes, sodat hierdie vallei of moot wat tussen die berge lê by die oostelike grens ongeveer tussen $25^{o}45'$ en $25^{o}42'$ S.B. en by die westelike grens van die distrik ongeveer tussen $25^{o}50'$ en $25^{o}46'$ S.B. lê.

---

1) en 2) Vide enige reliëfkaart van Transvaal.

3) General Report on Hartebeestpoort Irrigation Scheme, April 1937- by Departement van Besproeiing se kantoor op Pretoria te sien.

(b) Topografie.

Die diep vallei tussen die twee genoemde bergreekse word „Die Moot" genoem en is 'n vlakte wat aan weerskante, d.w.s. noord en suid, deur die genoemde berge begrens word. Die vallei is 'n effens hellende vlakte vanaf die bergreekse na ongeveer die middel van die vallei waar die Magaliesrivier van wes na oos deur die vallei min of meer ewewydig met die bergreekse vloei.

Voor die Hartebeestpoortdam gebou is, het die Magaliesrivier omtrent 'n myl suid van Hartebeestpoort in die Krokodilrivier gevloei. Die Krokodilrivier kruis die vallei van suid na noord.

By die samevloeiing was die vlakte 'n diep laagte of kom. Hierdie diep kom word vandag bedek deur die opgegaarde water van die Hartebeestpoortdam.

Omtrent 8 myl wes van die ou samevloeiing vertak Skeerpoortsrivier wat op die Witwatersrandplato ontspring, met die Magaliesrivier. Skeerpoortsrivier kruis van suid na noord die vallei tot waar dit in die Magaliesrivier vloei.

Van oos na wes loop Swartspruit deur „Die Moot" en vloei naby die platorand in die Krokodilrivier. Verskeie droë slote wat slegs reënwaters afvoer gedurende die reënseisoen vertak met die riviere. Die slote is die voortsetting van die bergklowe wat op hierdie manier met die riviere vertak.[1)]

(c) Geologie.

Die geologie is vir ons doel, slegs van belang in soverre die verspreiding van die gesteentes as moedermateriaal dien of gedien het vir die ontstaan van die grondsoorte, want die distrik is 'n landboudistrik en die benutting van die moontlikhede lê dus op die gebied van die landbou.

---

1) Vide Geologiese kaart. (kaart nr. 1).

Wanneer ons 'n studie maak van Blad 1, Pretoria, en Blad 2, Pienaarsrivier, van die Geologiese Opname van die Unie van S.A. waarvan meegaande geologiese kaart van Brits 'n saamgestelde kaart (kaart nr. 1) is, merk ons dat die gesteentes van Streek I hoofsaaklik aan die Serie Pretoria van die Sisteem Transvaal, hoort.

Die kwartsiete van die Serie Pretoria vorm die twee bergreekse t.w. die Magaliesberge en die Witwatersberg terwyl die gesteentes in die vlakte, uit skalie van dieselfde Serie, en uit diabaas bestaan.

Die grondsoorte is hoofsaaklik 'n rooi tot rooierige leem na die middel van die vallei en aan die Magaliesberg-kant van die Magaliesrivier, terwyl die grond na die kant van die Witwatersberg meer sanderig word met 'n grys kleur. Hierlangs besit die grond min of geen organiese stowwe nie en bestaan meer uit verweerde kwartsiet. 'n Dun bolaag met 'n donker grys kleur en ongeveer 6" tot 9" diep, besit organiese stowwe en 'n bietjie grondvrugbaarheid, terwyl die ondergrond uit 'n grys sand wat geen vrugbaarheid besit nie, bestaan. Hier vind ons dan ook die sandputte waar sand vir boudoeleindes uitgehaal word.

Die rooi leem en rooi kleierige grond besit 'n hoë mate van grondvrugbaarheid. Die rooi kleur van die grond is toe te skrywe aan die diabaas en skalie as die moeder-materiaal. Van der Merwe voer aan: „Furthermore, the normal colour, expected to develop on the slopes of the Magaliesberg would be red, even if the soil had been derived from norite which under normal circumstances invariably produces a black coloured soil, because of the admixture of the weathered product of the quartzite with that of the basic rock ..." en verder sê hy: „Although the iron oxide content of both the norite rock and the black soils derived therefrom is lower than that of the diabase and the derived red soils, it is however, clear that the amount of iron

present in the soil, within limits, is not a criterion for the red colour but rather the composition of the iron compounds in the soil ..." „The diabase with the higher percentage of ferri-compounds produces on decomposition an open crumbly clay soil with a good internal drainage, the iron oxides being mainly responsible for the good physical properties." 1)

Die hoof landbougewasse wat hier onder besproeiing gekweek word, is koring en ander soorte wintergraan, tabak en lusern.

(d) Algemene Klimaatstoestande van Streek I.

Vanweë sy ligging en oppervlaktereliëf is die streek taamlik goed beskut teen die koue van die Hoëveld uit die suide, en die klimaat is oor die algemeen hier matiger in die winter as op die Hoëveld. Gedurende die wintermaande ryp dit snags baie, maar gedurende die dag is die klimaat aangenaam. In die somer word dit bedags warm maar nie soos in Streke II en III nie. Die reënval kom gedurende die somer voor en varieer van 25" tot 30" gemiddeld.

Die reën kom meestal by wyse van donderstorms voor en dan veral in die namiddag gedurende die somer. Die wintermaande word gekenmerk deur die afwesigheid van reën.[2] (Vide die bespreking van die klimaat in besonderhede, afd. F. bl. 82).

(e) Plantegroei.[3]

Die plantegroei in hierdie streek vertoon in 'n groot mate ooreenkoms met dié van die Hoëveld. Dit is 'n grasvlakte met verspreide enkeling bome of klein lappies bome.

Die gras wat die meeste voorkom is die rooigras (Themeda triandra). Ander grassoorte soos besemgras

---

1) V.d. Merwe C.R., M.Sc.: „Soil Groups and Sub Groups of South Africa" (D.Sc.-proefskrif). Science Bulletin 231. Staatsdrukker, Pretoria. 1941. bl. 96 en 97.
2) Vergelyk die meteorologiese registers by die Irrigasiekantoor op Hartebeestpoort, en dit kom ooreen met die reënval van die opvanggebied. Vide ook die Jaarrapport van die Departement van Besproeiing 1937, bl. 17 en 18.
3) I.v.m. plantegroei vide opmerking op bl. 69.

(Tristachya Rehmanni), steekgras (Heterogopon contortus), terpentyngras (Cymbopogon excavatus), hawergras (Hypogenium ceresiaeformis), blousaadgras (Eragrostis curvala) en vingergras (Digitaria eriantha en D. tricholaenoides) kom orals tussen die ander gras voor, veral onder die bome. Die grassoorte word sowel in die vlakte as teen die berghellings aangetref.

Die verspreide bome in die vlakte is meestal die soetdoringtipes (Acacia dulcis en A. Karoo). Die alleenstaande bome ontwikkel tot groot doringbome, terwyl die wat in lappe bymekaar groei nie so groot word nie.

Die berghange en klowe van die Witwatersberg en veral dié van die Magaliesberg is plek-plek digbegroei met bome en die klowe is plek-plek selfs ruigbebos. Die mees voorkomende tipes teen die laer deel van die hellings en voet van die berge is ook die genoemde soetdoringtipes, die kaffer-wag-n-bietjie (Acacia caffra), enkele knoppiesdoringbome (Fagara capensis) en blinkblaar-wag-n-bietjiebome (Zizyphus mucronata).

Hoër op langs die hellings kry ons nog die soetdoring, kaffer-wag-n-bietjie en die suikerbos (Protea abysinica). Oral tussen die genoemde bome tref ons die mispel (Vangueria infausta), die kiepersol (Cussonia spicata), die ghwarrie (Euclea lanceolata) en op die meer rotsagtige formasies die stamvrugtebome (Chrysophyllum magalismontanum) aan.

II. Streek II of die Middelveldstreek.

(a) Ligging.

Hierdie streek strek vanaf die Magaliesberg noordwaarts vir ongeveer 12 tot 14 myl en word min of meer begrens deur die reeks swart koppe, Mamagaliesrand, Langberg of ook genoem Krokodilberg.

Die streek strek vanaf ongeveer 25°42' en 25°50' S.B. tot ongeveer 25°30' S.B. uit. Hierdie skeiding val min of

meer saam met die noriet, granofier en leptiet van die Stollingskompleks Bosveld, soos aangedui op die geologiese kaart, nr. 1.

(b) Topografie.

Die oppervlaktereliëf van hierdie Middelveldstreek, lyk vanaf die Magaliesberg soos 'n diep kom omring deur berge, swart koppe en rante met enkele karakteristieke alleenstaande swart piramiede koppe waarvan Wolhuterskop en Sonopkop tipiese voorbeelde is.

Verspreid in die kom lê kleiner swart koppe, deur die ou mense „pramkoppe" genoem vanweë hulle karakteristieke vorm. Die karakteristiek van die streek is dié van 'n „inselberg" landskap. Van naderby beskou is die koppe, heuwels en rante dan ook donkerkleurig, hobbelrig en ru-rotsig. Die heuwels en koppe bestaan feitlik uit groot sferiese rotsblokke. By sommige koppe lyk dit of die rotsblokke deur mensehande opgestapel is en is bekend as die „stapels".

Die Magaliesberg wat aan sy noordekant slegs 'n steil hellende vlak met klowe is, is aan sy suidekant 'n hoë regop krans en 'n steiler helling met klowe vanaf die voet van die krans na die voet van die berg.

Die koppe en rante is min of meer digbebos. Voor die besproeiingskema werklikheid geword het, was die vlakte op plekke ook digbebos met die verskillende genoemde acacia-soorte.

Met die oog op die besproeiingsbeplanning, is die grootste gedeelte van die streek ontbos, verdeel in hoewes, ontwikkel en bebou sodat die streek nou die uiterlik van 'n kultuurlandskap vertoon met lappe bos aan die rand en enkele kleiner lappe bos tussen in. Die lappe bos tussen in, lê op die bulte wat óf te hoog vir die toevoer van water is, óf te rotsagtig vir akkerboudoeleindes is.

Verskillende spruite, lope en slote wat vandag eintlik net oortollige afloopreënwater afvoer, deurkruis die streek vanaf die rante, binne of buite die distrik, oor die hellende vlak vanuit die ooste- en westekant na die Krokodilrivier. Die landstreek word deur die Krokodilrivier gedreineer.

(c) Die Geologie.

Die gesteentes van hierdie streek behoort aan die Serie Pretoria van die Sisteem Transvaal, waarvan kwartsiet aan die noordelike hang van die Magaliesberg 'n sprekende voorbeeld is. Teen die noordelike hang van die Magaliesberg lê die kwartsiet deels ontbloot en is nie bedek met grond nie, terwyl dit nader aan die voet van die berg met grond bedek is. Vanaf die voet van die berg lê die basiese diabaas formasie bedek met rooigrond. Die grootste deel van hierdie streek ressorteer egter onder die Stollingskompleks Bosveld en bestaan uit noriet (gabbro). 'n Besonder opvallende kenmerk van die basiese rotsformasies is die ruwe puntige koppe wat verder noord van die Magaliesberg lê.

Hierdie koppe breek die ietwat eentonigheid van die landskap. Aan alkante van die koppe vorm die basiese rots 'n plat of ietwat hellende vlakte met 'n dieprooi of swart grond waaruit oral dagsome van sferiese rotsblokke opduik.

Die normale rots van die basiese sone van die Stollingskompleks Bosveld is noriet met piroksieniet af en toe saam met die noriet en verwante gesteentes.

Van besondere ekonomiese belang, vanweë die moontlikheid vir latere benutting „is ~~die~~ the titaniferous iron ore and chromitite which occurs as magmatic segregations disposed in layers or seams conforming to the general plan of the pseudo-stratification of the Bushveld Complex. The Merensky Platinum Horizon is of a similar nature and ...

it has been traced as far east as Elandsfontein 74".[1] (Vide Geologiese kaart nr. 1). Die plaas lê min of meer halfpad tussen Britsstasie en die oostelike grens van die distrik aan die Pretoria-Rustenburg treinspoor.

Wat vir ons doel egter van belang is, is die grondsoorte wat uit die onderliggende gesteentes ontstaan het. Die noriet lê bedek met 'n swart, bruinswart en blougryserige swart kleigrond bekend as swart turf. Van der Merwe stel dit as volg: „The majority of the soils constituting this soil group (Subtropical black clay soils) is developed from a basic igneous rock (norite) and is of residual origin." [2] Die reliëf is sodanig dat 'n goeie oppervlaktedreinering moontlik is, „but the internal drainage leaves much to be desired owing to the clayey nature of the soils and their poor physical properties. The normal soils are a brownish black clay with a cloddy and fairly compact structure, containing frequent cracks, and occasional hard carbonate of lime nodule and abundant grass roots." [3]

Hierdie grondsoort vereis besondere aandag by die bewerking en vir die kweek van landbougewasse. Die tekstuur is pulwerfyn en die struktuur is besonder vas. Groenbemesting is baie noodsaaklik en daarom saai die boere peulgewasse om in te ploeg of hulle laat gedeeltes van hulle grond lê sodat die turfbos (Sesbania mossambicensis) kan groei en ploeg dit dan in die laat somer in, en laat die grond lê vir die volgende somergewas.

Die bolaag van die bewerkte grond het tot op ploegdiepte 'n krummelagtige tot korrelagtige struktuur as dit droog is, maar die ondergrond bly klonterig.

---

1) Kynaston, H.,B.A. F.G.S. - (Late Director) Geological Survey - The Geology of the Country Surrounding Pretoria (Dept. of Mines and Industries) - An Explanation of Sheet no. I (Pretoria) revised by Krige L.J. Ph.D. and Lombaard, B.V., B.Sc. bl.22. Government Printer, Pretoria 1929.

2) V.d. Merwe, C.R.: a.w. bl. 72.

3) V.d. Merwe, C.R.: a.w. bl. 73.

Die grond is goeie landbougrond as dit op die regte manier bewerk word, alhoewel dit opmerklik is dat die plante in die beginstadium vinniger in die rooi leemgrond of rooi sanderige leem groei.

'n Ander besondere kenmerk van die bogrond sien 'n mens na 'n goeie reënneerslag, veral op die plekke waar die water nie geloop het nie; want sodra die son begin skyn en die kors droog word, lyk dit of die grond oprys en dit verander in 'n fyn krummelrige bolaag.

Wat die swart kleigrond, bekend as swart turf, betref, kan ons omtrent sy vrugbaarheid volstaan met die volgende aanhaling: „The black turf, even when derived entirely from magnesia-rich rocks such as bronzitite, appears to be quite fertile and in years of good rainfall yields abundant crops of kaffir-corn (sorghum) and maize. This is rather surprising, as magnesia-rich soils have the reputation of being very poor." Verder beweer Van der Merwe: „The fertility of these black clays has been confirmed by the writer. Crops - maize, sorghum and sunflowers - grown under dryland farming conditions, do extremely well, the rainfall is in every case the limiting factor, while under irrigation a good quality light coloured tobacco, wheat and oats grow and yield well." 1) Wat die rooigrond betref verwys ons na die aanhalings in afd. (c) oor Streek I. bl. 55, e.v.

(d) Algemene Klimaatstoestande.

Hierdie streek is taamlik goed beskut deur die Magaliesberg en die plato, teen die koue winde uit die suide. Die somers is baie warm en die winters matig. Die reën wat gewoonlik gepaard gaan met swaar donderstorms, kom in

---

1) Vide V.d. Merwe, C.R.: a.w. bl. 82.

swaar neerslae veral gedurende die somermaande voor. Die winters is gewoonlik droog. Die streek kan bykans as subtropies geklassifiseer word. Die reënval is ongeveer 27" gemiddeld per jaar.

Ligte ryp kom in die besproeiingsgebied voor en kan soms in die winter taamlike skade aan landbougewasse veroorsaak.

Hael kom dikwels in die vroeë somer en selfs dwarsdeur die somer voor. Dit veroorsaak groot skade en soms die totale vernietiging van die oeste. [1]

(e) Plantegroei. [2]

In hierdie Middelveldstreek tref ons 'n smal strook langs die noordelike voet en helling van die Magaliesberg aan, wat ook die rooigrondsone genoem kan word. Die plantegroei, veral die grassoorte, toon ooreenkoms met die van Streek I. Dieselfde doringboomtipes word hier aangetref met 'n verskeidenheid van ander soorte bome soos die boekenhout (Faurea saligna), die wilde sering (Burkea africana), die drolpeer (Dombeya densiflora), die maroela (Sclerocarye caffra) die dikbas (Lannea discolor), die vaalboom (Terminalia sericia) en die moepel (Mimusops Zeyheri). Langs die spruite, lope en slote tref 'n mens veral die kareesoorte (Rhus lancea, R. incana en R. Gueinzii) en op die bulte die raasblaar (Combretum holoserisium) aan.

Teen die steiler en rotsagtiger hang van die Magaliesberg kry ons die reeds genoemde stamvrugte, suikerbos, kiepersol, ghwarrie, blinblaar-wag-'n-bietjie en kaffer-wag-'n-bietjie. Die kaffer-wag-'n-bietjie maak 'n groot deel van die bome in die beboste laer hange en voet van die berg uit. Die huilbos (Peltophorum africanum) is oral in die

---

1) Vide meteorologiese registers by die Landbou-Proefstasie, Krokodilpoort, en vergelyk ook die Reënval- en Temperatuurtabel op bl. 87 en afd. F, bl. 82 van hierdie hoofstuk. Vergelyk ook v.d. Merwe, C.R.: a.w. bl. 71 en 72.

2) Vide opmerking op bl. 69.

bosse net soos enkele tambotiebome (Excoecaria africana) te vind. Die vaderlandswilger (Combretum kraussii en C. salicifolium), groei nader aan die rivier, terwyl alleenstaande of kolle sekelbos (Dichrostachys nutans) en haak-en-steek (Acacia spirocarpoides), ook in hierdie bosse aangetref word. Enkele haakdoring (Acacia detinens), kameeldoring (Acacia giraffe) stinkpeul (A. robusta) en knoppiesdoringbome (A. pallens) loop 'n mens oral in hierdie streek raak. Die wildevyeboom (Ficus capensis) word veral in die berg en rante aangetref. Die genoemde Acacia soorte tref 'n mens oral in die Middelveldstreek aan óf as grootbome óf as 'n struiktipe, terwyl die koppe, heuwels en rante op die noordelike grens van die streek op plekke ook digbebos is met dieselfde soorte bome en die raasblaar (Combretum holoserium en Combretum Zeyheri sond.)

Die swart turfvlakte net soos die berghellings is begroei met 'n verskeidenheid grassoorte. Die mees voorkomende grassoorte wat in die streek aangetref word, bestaan uit Aristida bipartita, Setaria gerrardia, Microchloa caffra, Themeda triandra, Cymbopogon excavatus, Eragrostis sp., Bothriochloa insculpta, B. glabra en Dichantium annulatum.

Die turfbos (Sesbania mossambicensis) is 'n karakteristieke peulplant en struikgewas wat as 'n onkruid weelderig op die besproeide swart kleigronde (genoem swart turf) gedurende die somermaande, groei. Hierdie struik is van ekonomiese belang vir die boer, want as dit ingeploeg word in die na-somer word die grondvrugbaarheid van die grond verbeter en die fisiese eienskappe van die grond baat ook hierby, omdat dit die struktuur van die soort kleigrond losser maak. As peulplant bring dit ook stikstof in die grond.[1)]

---

1) Vide ook V.d. Merwe, C.R.: a.w. bl. 72.

III. Streek III of die Bosveldstreek.

(a) Ligging.

Die suidelike grens van hierdie streek is 25°30' S.B. en sy noordelike grens val saam met die noordelike grens van Britsdistrik op 25°4' S.B. Die suidelike grens val saam met die granofier en leptiet van die Stollingskompleks Bosveld. Hierdie streek beslaan die hele noordelike wyer gedeelte en dus ongeveer 800 vk. myl van die distrik. Hierdie streek is ongeveer 0°34' wyd van oos na wes, en lê tussen 27°28' en 28°2' O.L. en is 0°26' lank, terwyl Streke I en II daarenteen in die smaller gedeelte van die distrik lê en maar ongeveer 342 vk. myl groot is.

(b) Topografie.

Die oppervlaktereliëf van die Bosveldstreek toon groot ooreenkoms met dié van die Middelveldstreek (Streek II). Hier kry ons ook die opvallende alleenstaande koppe van ruwe uiterlik en klipstapeltipes en hoë rante aan die noordelike grens van die streek.

Die vlakte is egter 'n golwende landskap van hoëre en laere gruisbulte, bedek met bome en bosse. Die oppervlaktedreinering is goed en bestaan veral uit vlak droë spruite en lope wat oortollige reënwater afvoer na die Krokodil-, Pienaars- en Sandriviere.

Min of meer halfpad tussen die Krokodil- en die Sandrivier, en ewewydig met hulle lê 'n gruisbult van suidoos na suidwes. Hierdie bult vorm die waterskeiding tussen die aantal slote en wye vlak spruite wat oortollige reënwaters afvoer na die genoemde twee riviere.

Die hellende vlak, na die Krokodilrivier langs die westelike grens is egter baie steiler as dié van die helling na die Sandrivierkant, terwyl die ruwe alleenstaande klipkoppe en enkele kort ruwe kliprante meer prominent aan weerskante van die Krokodilrivier voorkom as aan die oostekant van die streek.

Die Krokodilrivier vloei van suid na noord langs die westelike grens van die distrik en is die hoofrivier wat die distrik dreineer. Die Sand- en Pienaarsriviere is ook maar takke van die Krokodilrivier. Die eersgenoemde rivier wat feitlik 'n breë sandsloot is, dreineer ongeveer 75% van die Bosveldstreek, vloei deur die naturellereservaat en voer deur sy talle sandslote en - laagtes die oortollige reënwater af tot waar hy in die Pienaarsrivier naby die noordelike grens vloei, nadat hy tussen die hoë rante deur van suid na noord gekronkel het.

Die Pienaarsrivier wat sy oorsprong in Pretoria het, en daar bekend is as die Aapiesrivier, kruis die oostelike grens van Britsdistrik ongeveer 10 myl suid van die noordelike grens van die distrik. Hy vloei dan in 'n westelike rigting min of meer ewewydig met die noordelike grens en kronkel deur die rante aan die noordelike grens. Omtrent 10 myl wes van die samevloeiing met die Sandrivier, vertak hy met die Krokodilrivier op die noordelike grens van die distrik naby die noordwestelike hoek.

Die Bosveldstreek lê grotendeels nog ongeskonde deur die menslike aktiwiteite behalwe waar die groot naturelle-statte in die reservaat, die boerderye van enkele boere langs die Krokodilrivier en tussen die rante van die noordwestelike hoek, geleë is. Die tipe van boerdery is hoofsaaklik beesboerdery.

(c) Geologie.

As ons die geologiese kaart bestudeer, is dit duidelik dat die rooi graniet van die Stollingskompleks Bosveld ongeveer 90 persent van die oppervlakte van gebied III uitmaak. Die noriet onder die swart kleigrond word deur granofier van die rooi graniet geskei.

Vanwaar die Krokodilrivier deur die Krokodilpoort in die Krokodilberg vloei, vloei hy deur 'n golwende graniet-bult landskap wat sonder enige besonder uitstaande uiterlike

kenmerke is. Vanaf die plaas Slagkraal 71 noordwaarts maak gesteentes van die Sisteme Transvaal en Waterberg hulle verskyning en die landskap word meer gebroke en heuwelagtig. 'n Dubbele reeks heuwels kruis die Krokodilrivier op die noordelike gedeelte van Slagkraal 71 en verleng in 'n suidoostelike rigting tot waar hulle op die plaas Rooinek 83 skielik eindig.

Verder noordoos, ongeveer by die benede loop van die Pienaarsrivier kry ons groepe van gebroke, ruwe en puntige heuwels wat hoofsaaklik uit twee min of meer parallel ooswes lopende reekse bestaan. Naby die vertakking van die Krokodil- en Pienaarsriviere in die noordwestelike hoek is daar weer 'n duidelike ruwe rant wat bestaan uit gestreepte ysterklip wat die dolomiet van die Serie Dolomiet van die Sisteem Transvaal bedek.

„Rocks belonging to the Transvaal System form an irregular patch occupying an area approximately one hundred square miles, in the neighbourhood of the junction of the Crocodile and Pienaars rivers ..... They show evidence of considerable disturbance, folding and faulting which brings them partly against the Red Granite and partly against the quartzites and shales"[1] van die Sisteem Waterberg en die Rooiberg felsiet.

Hierdie gebied in die noordwestelike hoek van die distrik sluit die Serie Dolomiet van die Sisteem Transvaal, die kwartsiet en skalie van die Sisteem Waterberg en die kwartsiet van die Serie Pretoria sowel as die kwartsiet en skalie van die Serie Swartrif, in.

Hierdie gebied is bedek met 'n dik laag rooi sanderige leemgrond waaruit geen dagsome opduik nie.[2]

---

1) Kynaston, H, B.A., F.G.S. (Director) and Humphrey, W.A., Ph.D., F.G.S., (Geologist): Supplement to the explanation of sheet no.2 (Pienaarsrivier) bl. 4. Government Printer, Pretoria. 1913.

2) Kynaston, H. en Humphrey, W.A.: Supplement a.w. bl. 5.

Die grond in die laagtes is van 'n rooi kleierige leem wat die wêreld seepglad maak as dit nat is sodat ongegruisde paaie onbegaanbaar in nat weer is. Die landbou in hierdie omgewing is toegespits op tabakbou en katoen.

Die rooi graniet is bedek met 'n gryserige rooi gruis en gryserige sanderige grond. In die breë laagtes tussen die bultereekse is die grond fyner van tekstuur waar daar dan ook 'n weelderiger plantegroei is.

Die waterabsorberende eienskap van die grond is goed maar die waterhoudende vermoë is swak vanweë die growwer tekstuur en losser struktuur, terwyl die hierbo genoemde rooi grond nie gou water opneem nie en sodra die bo lagie nat is, is die grond baie glad met 'n vaste laag grond net daar onder.

„The ingredient characterising this soil group (grey ferruginous lateritic soils, Klipkop Profile, 12 miles northwest of Brits) is the accumulation of iron compounds which seem very mobile, when the soil's moisture conditions are favourable. The normal soils consist of a grey sand with a slightly friable structure."[1)]

Waar die boere hulle op akkerbou in hierdie streek toespits word patats, grondboontjies, mielies, kafferkoring, (sorghum) waatlemoene en spanspekke onder droëland boerdery-omstandighede gekweek. Waatlemoene en spanspekke word egter nie op groot skaal geplant nie, tensy voldoende watervoorraad beskikbaar is om die plante, vanaf die einde van Julie tot die eerste reën in Oktober, aan die groei te hou.

Beesboerdery bly in elk geval die vernaamste tipe boerdery, veral waar die sogenaamde soetveld bestaande uit die genera Themeda (rooigras) Setaria (buffelgras) en Digitaria (vingergras), die beste weiding dwarsdeur die jaar uitmaak. Beweiding geskied vandag oordeelkundig sodat

---

1) V.d. Merwe, C.R. a.w. bl. 235 en 236.

oorbeweiding nie kan plaasvind nie en die minderwaardige grassoorte hulle verskyning kan maak nie. Om dit te bereik, word die weiveld in weikampe verdeel en veldbrande word bekamp.

Oral in Britsdistrik word die sogenaamde dekgras (Hyparrhenia hirta) aangetref. Hierdie dekgras word veral deur die naturelle in die winter afgesny, in gerwe gebind en in miedens gepak as hulle dit nie dadelik wil gebruik nie. Hierdie soort gras word ook op groot skaal gebruik om die dakke van hulle hutte mee te dek en die duisende naturellehutte is 'n aanduiding van die grootskaalse aanwending.

(d) Algemene Klimaatstoestande.

Die reënval van hierdie streek varieer van 22 tot 28 duim. Dit gebeur selde dat die 28 duimkerf oorskry word en die gemiddelde is ongeveer 26.5 duim. Die reën gaan gepaard met donderstorms en swaar neerslae val gedurende die somermaande Oktober tot Maart.

Die somers is baie warm en die winters is matig warm tot warm bedags met koue nagte. Ryp kom selde, en dan ook baie matig, voor. Die klimaat is dus die soort wat ons 'n vastelandse klimaat kan noem.[1)]

(e) Plantegroei. [X)]

Die naam Bosveldstreek tipeer die soort plante: „Open woodland and orchard country of evergreen en deciduous tree and bush, open woodland country of tropical evergreen and deciduous tree and thorn forest and thorn country."[2)] 'n Groot verskeidenheid boom- en grassoorte

---

1) Vide ook V.d. Merwe, C.R.: a.w. bl. 235 en Afd.F. bl. 82 e.v. wat oor die klimaat in besonderhede handel.

X) Opmerking.
By die opstel hiervan, rakende die Flora, is gebruik gemaak van ons eie waarneming en van Pole Evans, I.B.; C.M.G., M.A., D.Sc., L.L.D., F.L.S. (Director of the Botanical Survey of the Union of South Africa) Botanical Survey of South Africa. Memoir nr. 15. Government Printer, Pretoria, 1936; En van V.d. Merwe, dr., C.R. a.w.; en van die afdeling Plantkundige navorsing van die Dept. van Landbou, Pretoria, veral i.v.m. informasie benodig, en Malherbe, dr. D.F. du Toit, e.a. Vakwoordeboek, J.H. de Bussy, Pretoria. 1932. Dankbaar maak ons ook melding van die hulp van die Departement Plantkunde en wel die hulp van die Direkteur van die Plantfisiologiese Instituut van die P.U. vir C.H.O.

2) V.d. Merwe, C.R.: a.w. bl. 235.

kom in die streek voor.

Ons tref hier al die genoemde soorte bome en gras van Streke I en II aan terwyl die uitgestrekte gruisbultvlaktes, beter bekend as die rooibosbulte, eintlik die omgewing van die rooibos (Combretum Zeyheri en C. Galpinii) is. In die laagtes en veral in die rooi leemgrond groei die spiesdoring (Acacia Burkei en A. Galpinii).

Die oostelike deel van die streek het 'n sanderige grond en die boomsoorte is hoofsaaklik die reeds genoemde doringboomtipes (vgl. veral die van Streek II). Waar die grond meer alkalies word en die sogenaamde „brak" kolle en brak ondergrond voorkom, tref ons veral die vaalkameeldoring (Acacia haematoxylon) aan.

Oral in hierdie streek word die hardekool (Combretum primegenum) as alleenstaande bome of in klein bosse tussen die ander soorte bome gevind, terwyl alleenstaande witgatbome (Boscia albitrunca) op die droë bultknoppe aangetref word. Net soos die hardekool groei ook die tambotie (Excoecaria africana) hier.

Die suurpruim (Ximenia caffra) en bergpruim (Pappea fulva) kom oral in beide Streke II en III veral in die rotsige omgewings, voor.

Die naboom (Euphorbia ingens) staan soos enkele wagters hier en daar in die Bosveldstreek.

In die sanderige grondsones word die rosyntjiebos (Grewia cana) in taamlike groot lappe aangetref, sowel as die vaalbos (Terminalia sericea). Waar die Grewia cana in lappe groei, tref 'n mens selde enige grassoorte aan, behalwe hier en daar waar die besemgras (Tristachya Rehmanni), en op die grond tussen die stammetjies van die struike waar buffelsgras (Setaria sulcata) maar skraal groei.

Die groot verskeidenheid grassoorte wat in hierdie streek groei, behoort veral tot die genera Themeda, Panicum, Digitaria, Setaria, Eragrostis, Andropogon, Pennisetum,

Aristida, Cymbopogon, Hyparrhenia en Urochloa.

Die grassoorte Themeda, Digitaria en Setaria sowel as die blare, peule en toppe van die doringboomtipes en die rosyntjiebos maak 'n besondere goeie weiding uit vir beeste en dus is die omgewing baie geskik vir beesboerdery. Hierdie moontlikheid word dan ook benut deur die boere wat veral met die rooi Afrikanerbeesras boer.

In die vleie en damme asook in die Krokodilrivier waar die water stadig vloei, groei palmiet (Prionium serratum). Hierdie plant word oral in die distrik aangetref en besorg aan die boere, veral in die besproeiingsgebied, baie hoofbrekens omdat die plant hulle opgaardamme toegroei en hulle feitlik jaarliks die damme moet skoonmaak.

D. Fauna. [1)]

In ander dele van die Transvaalse Bosveld en reservate waar wilde diere beskerm word, word nog van die fauna gevind wat hier ook volop was, voordat die menslike samelewing, as indringer in die ryk van die natuur, in die Britsomgewing gevestig is en dit digbebou het.

Van die fauna wat nog oorgebly en nie weggevlug het nie tref ons van die verskillende groepe nog enkele soorte aan.

Van die Primates tref 'n mens die bobbejaan (Papio ursinus) oral in die distrik aan, veral op die Magaliesberg. Ape is baie seldsaam en word slegs by uitsondering in die Bosveld in die omgewing van die samelope van die Krokodil- en Pienaarsriviere gevind en van die aapsoorte

---

1) Opmerking.
By die opstel van die gedeelte oor die Fauna is gebruik gemaak van ons eie waarneming en opgawes van die afdeling Fauna en Flora van die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pretoria.
Die Vakwoordeboek, deur (1) Malherbe, dr. D.F. du Toit e.a. vakkundige medewerkers - J.H. de Bussy, Pretoria. 1932; (2) The Mammals of South Africa - by Roberts, Austin, D.Sc., C.M.Z.S., Edited by Bigalke, dr. R., Fitzsimons, dr. V., en Malan, prof. D.E., Central News Agency 1951. en (3) The Birds of South Africa by Roberts, dr. Austin., C.N.A. 1940. en (4) van persoonlike inligting verkry van Bigalke, dr. R., Direkteur van die Nasionale Dieretuin, Pretoria.

slegs die blouaap (Cercopithecus aethiops). Bosape (Otolemur crassicaudatus) en nagape (Galago senegalensis) word ook in hierdie omgewing raakgeloop.

Van die Felidae (Carnivora) word af en toe nog 'n luiperd (Panthera pardus), of 'n jagluiperd (Acinonyx jabatus) opgemerk. Die tierboskat (Leptailurus serval), die rooikat (Caracal caracal) en die wildekat (Microfelis nigripes) is ook maar baie skaars, want sodra die spore van hierdie soorte gevind word, word op hulle jag gemaak. Hulle word veral in die Bosveldstreek aangetref. Voordat die distrik digbewoon geraak het tot ongeveer 1930 is hierdie diersoorte op die Magaliesberg en verder noordwaarts aangetref.

Van die Viverridae (Carnivora) is die meerkat (Myonax cauui) nog taamlik volop en word oral in die distrik gesien. Die muskeljaatkat (Genettas sp.) is seldsaam want die soort word uitgeroei.

Die Hyaenidae (Carnivora) is maar swak verteenwoordig en die maanhaarjakkals (Proteles cristatus) is die enigste wat bekend is, maar is ook skaars.

Die Canidae (Carnivora) kan dikwels raakgeloop word. Op die vlaktes kry 'n mens veral die draaijakkals (Otocyon megalotis) en die rooijakkals (Thos mesomelas). Die wildehond (Lycaon pictus) is so te sê uitgeroei en verdryf, maar maak tog so af en toe in klein troppies hulle verskyning en rig baie skade onder die beeste in die Bosveldstreek aan.

Die Mustelidae (Carnivora) is goed verteenwoordig deur die otter (Aonyx capensis), en die stinkmuishond (Ictonyx striatus) word ook al skaars. Die ratel (Mellivora capensis) is seldsaam en word net in die Bosveldstreek af en toe raak geloop.

Die Ungulata kom nog in kleiner troppe in die Bosveldstreek voor as die grondeienaars hulle beskerm. Van die troppe kry 'n mens veral die rooibok (Aepyceros melampus)

en die koedoe (Strepciceros strepciceros). Van die ander wildsbokke kry 'n mens nie troppe nie maar slegs pare of klompies van 5 tot 10 soos die ribbok (Redunca fulvorufula). Die wat nog in pare aangetref word, is die duiker (Sylvicapra grimmia), die steenbok (Raphicerus campestris) en die bosbok (Tragelaphus scriptus). Enkele bosvarke (Potamochoerus porcus) en die vlakvarke (Phacochoerus aethiopicus) word ook nog in die Bosveldstreek opgemerk. In die klipkoppe en kranse, oral in die distrik, woon die das (Procavia capensis) in groot getalle bymekaar.

Van die Rodentia is muise en rotte (Muridae) volop in die veld, die landerye, die huise en die skure; dog die mense probeer om hulle uit te roei. Springhase (Pedetes cafer), kolhase (Lepus saxatilis) en vlakhase (Lepus capensis) word veral snags oral in die distrik raakgeloop. Die ystervark (Hystrix africae-australis) is skaars en word nog net in die Bosveld gevind.

Van die Chiroptera word veral die volgende soorte vlermuise nl. die Eptesicobs rusticus en die Eptesicus capensis oral in die distrik by woonhuise, in grotte en onder oorhangende rotse, gevind.

Van die Insectivora is die krimpystervarkie (Aethecinus frontalis) seldsaam, maar word darem nog oral in die distrik raakgeloop.

Wat die Edentata betref, is die ietermago (Smutsia temminickii) maar skaars en word net in die Bosveld te sien gekry, terwyl die erdvark (Orycteropus afer) meer dikwels en oral in die hele distrik aangetref word.

In die distrik is die voëls volop. Van die wewervoëls Ploceidae, kry ons veral die kaffervink (Pyromelana orix) en die flap (Diatropura procne). Onder die saadeters, Fringillidae, is die rooibekkie (Estrilda astrild) baie bekend. Rietvinke (Ploceus velatus) is volop en lastig in die koringlande.

Onder die Picariae is die kuifkop houtkapper (Trachyphonus vaillatii), muisvoëls (Urocolius indicus) en die swartkop houtkapper (Pogoniulus bilineatus) oral in die distrik.

Onder die Accipitres kry ons van die aasvoëls (Vulturidae) o.a. (Gyps coprotherus) wat op die Magaliesberg huisves, valke (Falco subbuteo en Tichornis naumanni), kuikendiewe (Circus macrourus), uile (Bubo capensis en Tyto alba affinis) en die sekretarisvoël (Sagittarius serpentarius) oral in die distrik.

Van die Columbidae is die bos-, namakwa- en tortelduiwe (Dialiptila phaeonata, Oena capensis en Afropelia capicola) volop. Fisante (Fternistis swainsoni), berg- en bospatryse (S(cleroptila afra en Dendroperdix sephaena), kwartels (Coturnix c. africana) en tarentale (Numida meleagris) kom oral in die distrik voor.

Van die Struthionidae kry 'n mens in die Bosveld nog klompies volstruise (Struthio australis).

Onder die Reptilia kry ons die bergskilpad (Geochelone pardalis), akkedisse (Lacertilia), die water- en berglikkewane (Varanus niloticus en V. albigularis) en koggelmanders, veral die gewone, bloukop- en boomkoggelmanders (Agama hispida distanti, A. atra en A. atricollis). Die luislang (Python sebae) en die swart mamba (Dendraospis polylepus) word in die Bosveld aangetref, terwyl die rinkals (Sepedon haemachates) en die koperkapel (Iraia haje), oral in die distrik gevind word.

Die pofadder (Bitis arietans) kry 'n mens oral in die distrik maar veral in die Bosveld.

Die Batrachia soorte sluit die brulpadda (Pyxicephalus adspersus) en die donderpadda (Breveceps gibbosus) in.

Onder die vissoorte kry ons veral baie babers (Clarias gariepinus), geelvisse (Barbus spp.) kurpers (Tilapia spp.) en verskillende palingsoorte (Anguilla sp.).

Van die Arachnida het ons die swart en die rooi skerpioen en die jagspinnekop (Solifugae.)

Onder die insekte is die vlinders (Lepidoptera) volop en baie soorte van die Coleoptera (kewers) word aangetref.

Van die motsoorte (Heterocera) is die Hesperiidae maar skaars, terwyl die Sphingidae en Noctuidae veelvuldig voorkom. Onder die Orthoptera kry ons die sprinkane.

Die Hymenoptera soos miere, bye en perdebye kom veelvuldig in die hele distrik voor.

Die Isoptera soos die witmier en rysmier rig baie skade aan bome, geboue, houtvloere, e.d. aan.

Oor die hele distrik versprei, maar veral in die Middelveld, en Bosveldstreke, kry 'n mens 'n verskeidenheid van bosluise wat vroeër jare, veral voor 1924, letterlik 'n plaag was. Hierdie parasiete word deur die beesboere bestry deur teenswoordig hulle beeste gereeld te dip of met Multi Benhexmengsel nat te spuit. Die bosluisvoël (Bubilsis ibis) wat in groot klompe aangetref word by die beeste, is ook 'n groot hulp in die bestryding van bosluise.

Die soorte bosluise wat meestal aangetref word is die bloubosluis (Boophilus decoloratus), die bontbosluis (Amblyomma hebraeum), die bontpootbosluis (Hyalomma aegyptium) die bruinbosluis (Rhipicephalus appendiculatus) en die rooibosluis (Rhipicephalus evertsi en Haemaphysalis leachii).

E. Hidrografie.

Die afwatering van die distrik geskied deur middel van die Krokodilrivier soos ons reeds aangehaal het in 'n vorige afdeling, maar wat hier van groter belang is, is die afwatering van die opvanggebied van die Hartebeestpoortdam [1]) omdat die opvanggebied die water voorsien wat so nodig is vir die besproeiingsgebied wat afhanklik is van hierdie

1) Vide kaart nr. 3.

dreinering. Hierdie opvanggebied is die hele golwende hoogland noord van die hoogste deel van die Witwatersrand-plato wat as waterskeiding dien vir die waters wat suid na die Vaalrivier, en die wat noordwaarts na die Krokodilrivier vloei.

Die Krokodilrivier het ongeveer 52 myl suidwes van Hartebeestpoortdam af sy oorsprong in 'n vlei wat op die eerste nivo net laer as die hoogste top en onmiddellik wes van Krugersdorp, geleë is. Onmiddellik oos van Krugersdorp ontspring 'n ander loop wat deur Krugersdorp weswaarts vloei en vloedwaters afvoer na die genoemde vlei. Die sterkste oog is egter 'n paar myl noordwes van Krugersdorp op die plase Sterkfontein [1)] en Kromdraai. Hierdie oog is aan dieselfde genoemde loop, wat aan sy boloop bekend is as Rietspruit wat in die buurt van Tarltonstasie aan die Krugersdorp-Mafeking spoorweg geleë is.

In die omgewing van Witpoortje, 'n paar myl oos van Krugersdorp is ander oorspronge van die Krokodilrivier en die water vloei noordwaarts deur Muldersdrift om met die Rietspruitloop by Zwartkop te vertak. Die hele golwende hoogland noord van die hoogste platorand waarop die Randse stede en dorpe geleë is, sowel as aan die suidekant van die platorand is die opvanggebied van die Hartebeestpoortdam en dit vorm die natuurlike dreineringstelsel van die plato.[2)]

Op hierdie platorand het die Jukskeirivier sy oorsprong in die omgewing van Johannesburg en Sesmylspruit ontspring in die omgewing van Benoni. Sesmylspruit word later Hennopsrivier wat net noord van die Kalkheuwelrand in die Krokodilrivier vloei, terwyl die Jukskeirivier net suid van hierdie rant vertak. 'n Mens hoef maar net van Krugersdorp oor Muldersdrift links van die Randse stede met

---

1) Bekend om sy grotte en Dr. Broom se vondse.

2) Vide kaart nr. 3 of enige reliëfkaart van Transvaal.

die teerpad na Pretoria te ry om 'n idee te kry van die afvoerlaagtes in die platogolwing.

Vanaf die westekant van die opvanggebied vloei die Magaliesrivier 30 myl ver deur die vallei waarin die dam lê en het sy oorsprong ongeveer 15 myl noordwes van Krugersdorp. Vanaf sy oorsprong, Moloney's Eye, vloei die Magaliesrivier eers suidwes, swaai dan 'n paar myl noordwes en dan oos deur die vallei en vertak, 8 myl van die Krokodilrivier, met die Skeerpoortsrivier. Die Skeerpoortsrivier het sy oorsprong in dieselfde omgewing maar baan sy weg deur die platorand ooswaarts tot waar dit noord swaai en sy weg deur Skeerpoort in die Witwatersberg vind.

Die Krokodil-, Magalies-, en Skeerpoortriviere ontspring net 'n paar myl van mekaar af uit dieselfde platorand. Magaliesrivier vloei oor 'n afstand van 51 myl, van sy oorsprong tot in die Hartebeestpoortdam, deur 'n vrugbare gebied met 'n digte en vooruitstrewende bevolking wat hier gegroei en gewerk het sedert die Voortrekkers in 1841 hulle langs die rivier kom vestig het. Die Jukskeirivier is ongeveer 36 myl en Sesmylspruit-Hennopsrivier 39 myl lank voordat hulle vertak met die Krokodilrivier.

Vanaf die oostekant van die opvanggebied vloei Swartspruit wat in die Magaliesberg naby Pretoria sy oorsprong het, weswaarts deur die „moot" direk na die dam.

Hierdie meer besit 'n wateroppervlakte van 4063.20 akkers as hy vol is, en die water staan dan 58 voet bokant die kanaal uitlaatsluise. Die waterkapasiteit van die dam kom dan op 123,232.32 akkervoet water vir besproeiingsdoeleindes en 'n totale waterkapasiteit van 33.430 miljoen gelling te staan.[1)] Die water staan 140 voet diep by die oorloop-afvoergeut.

Die hele opvanggebied van die dam is 1556.7 vk. myl en lê omtrent 99 persent buite Britsdistrik waarin die dam geleë is. Hierdie oppervlakte van die opvanggebied is

1) Vide voetnoot op die volgende bladsy.

omtrent 1/7 van die Krokodilrivier se totale afwateringsgebied wat tot aan sy sameloop met die Maricorivier op die grens van Transvaal strek, vanwaar dit die Limpoporivier genoem word. In die hele opvanggebied tref 'n mens boerderye onder besproeiing deur middel van uitkeervore of pompinstallasies uit die genoemde riviere aan.[1)]

Die Hartebeestpoort-wet, (Wet nr. 32 van 9 Julie 1914) verbied egter die aanlê van verdere uitkeervore en die bou van opgaardamme vir die vloedwaters in die opvanggebied. Deur die verbod het grootskaalse erosie plaasgevind sodat die afdeling Grond- en Waterbewaring van die Departement van Landbou tans (1952) toestem en self opmetings doen om sulke damme wel te maak. Baie damme van die aard is met die toestemming van die Afdeling in die afgelope paar jaar gebou.

Die bou van opgaardamme in die opvanggebied het sy voordele en nadele. Die huidige nadele tref eintlik net die dam wat nou nie so gou vol word nie omdat hierdie opgaardamme die vloedwaters keer en slegs die klein hoeveelheid wat verby vloei, nadat hulle almal vol is, voed die Hartebeestpoortdam. Hierdie feit stem die belanghebbers in die besproeiingsgebied van Hartebeestpoort ongerus, maar in die toekoms sal die boere bokant en onderkant die Hartebeestpoortdam tog die voordele ondervind.

Die droë slote wat voor 1953 net vloedwaters afgevoer het, voer nou, nadat die opgaardamme daarin gebou is, permanente strome af. Hierdie strome dien as permanente voedingsbron van die Hartebeestpoortdam. Voorheen het die afvoer van stormwaters die riviere in die opvanggebied soms tot sulke vloede verander dat die oewerboerderye swaar geteister is. Hierdie vloede het groot skade aan die boere berokken deurdat hulle landbouprodukte meegesleur of toegespoel is.

---

1) Alle getalle, terme en beskrywing in hierdie afdeling is verkry uit die rekords van die Departement van Besproeiing.

Vanaf Hartebeestpoort wat ietwat nader aan die oostelike grens van die distrik lê, vloei die Krokodilrivier al kronkelend deur die middel van die distrik en swaai omtrent 15 myl noord van die Magaliesberg geleidelik wes tot slegs 'n paar myl vanaf die westelike grens, swaai dan weer noord en vloei min of meer ewewydig met die westelike grens tot waar hy die noordelike grens van die distrik oorsteek.

Die hele lengte van die Krokodilrivier se opvanggebied van sy oorspronge tot sy sameloop met die Maricorivier op die Transvaalse westelike grens, is sowat 165 myl en die gemiddelde wydte is ongeveer 115 myl, terwyl die oppervlakte van sy totale opvanggebied op 11,800 vk. myl bereken word.[1)]

In die gedeelte van die distrik wat noordwaarts vanaf die Magaliesberg uitstrek, is die afwatering vanaf die oostekant na die Krokodilrivier slegs deur middel van die spruite, slote, sandslote, die Pienaars- en die Sandrivier terwyl Sterkstroom, die Heksrivier en die Elandsrivier vanaf die westekant water afvoer na die Krokodilrivier. Hierdie riviere voorsien die Krokodilrivier slegs van oortollige vloedwaters gedurende die somerreënseisoen. Die bolope van genoemde riviere word so benut vir besproeiingsdoeleindes of vir dorp en stedelike watervoorsiening dat hulle benedelope in die buite-reënseisoen droog is.

Hierdie toestand het aanleiding gegee dat die hoëveldse boere hulle bosveldplase vir winterweiding opgegee en verkoop het teen 1920 vanweë die waterskaarste in die benedelope van die riviere. Die eise wat aan die watervoorraad gestel is deur die uitkeervooreienaars, het teen 1920 so 'n omvang aangeneem deur hulle besproeiingsbenodigdhede dat waar die strome van die vore voorheen weke lank in

---

1) Alle gegewens is ontleen aan die spesifieke rekords van die Dept. van Besproeiing, uit die Departement se Jaarrapport van 1937 en uit die S A. Irrigation Magazine vol. I nr. 1 van Oktober 1921.

die rivier terug gevloei het, dit toe nie meer gebeur het nie. Pryse van sulke winterweidingsbosveldplase het dan ook toe gedaal tot 15/- en selfs so laag as 2/6 per morg soos ons dit persoonlik ondervind het.

Voorheen het die Krokodilrivier gedurende die hele jaar en ook gedurende die buite-reënseisoen 'n stroom gehad waarmee wel deeglik rekening moes gehou word soos blyk uit die keuse van driwwe op die breedste en dus vlakste plekke. Op hierdie plekke het die water selfs dan nog tot aan die buikplank van die ossewa gereik. Volgens oorlewering het die Matebele die naam Oeri [1] aan die Krokodilrivier gegee. Dit toon dat hulle wel deeglik met die rivier rekening moes gehou het waar en wanneer hulle veilig kon deurgaan.

Van die pioniers wat kort voor 1850 en net daarna gebore is, het aan ons in 1925 die ou driwwe gaan wys. Hierdie driwwe is tot 200 tree wyd en die pioniers het ons verseker dat die water in die winter tot aan die buikplank van 'n ossewa gereik het. Dit was dan ook die rede waarom die een spesifieke drif, Zoutpansdrift genoem is, want die southalers kon op hulle weg van die soutpanne verder noord, slegs deur daardie drif gedurende die winter gaan om die sout ongeskonde deur die rivier te kry.

Hierdie toestand is iets van die verlede, alhoewel die dam die watervoorraad in die rivier tans tot 'n gemiddelde sterkte verskaf. Om hierdie gemiddelde stroomkapasiteit te bepaal is opmetings sedert 1905 by die deurvloeiing van die Krokodilrivier in die Hartebeestpoort gemaak. (Die uitkeervore in die opvanggebied het toe reeds bestaan.)

Die meting van die stroomkapasiteit het voortgeduur tot 1918 om die gemiddelde normale stroom vir die nodige watervoorsiening vir die besproeiing vanuit die rivier noord van die dam, te laat deurvloei. Die gemiddelde jaarlikse deurvloeiing het op 156,985 akkervoet te staan gekom met 'n

---

1) Oerie beteken: „ek sê" of „ek spreek".

maksimum deurvloei van 1 Julie 1917 tot 30 Junie 1918 van 927,520 akkervoet. Die laagste minimum is gemeet na die dam al voltooi was en dit het geskied gedurende die droogste jaar vanaf 1 Julie 1932 tot 30 Junie 1933 toe dit slegs 28,002 akkervoet was.

In die reeds genoemde Hartebeestpoortse Irrigasieskemawet is bepaal dat die gemiddelde deurvloei 600 miljoen kubieke voet jaarliks moet wees. Hierdie vloed word vandag egter gelykop dwarsdeur die jaar verdeel en nou is daar nie meer groot vloede of waterskaarste nie, omdat die deurvloei 600 kuseks of 600 kubieke voet water per sekonde is. Die stroom is bekend as „kompensasiewater" om die watervoorraad aan diegene wat afhanklik is van die rivier vir besproeiing, te verskaf en veral, ter wille van die besproeiingsgebied van die sewe „ouvore" wat reeds sedert 1863 bestaan en 2,800 morg beslaan.

Die dam se besproeiingsgebied is ongeveer 37 myl lank en 15 myl wyd op sy breedste, en 3 myl op sy smalste plek. Hierdie besproeiingsgebied word bedien deur die Weskanaal met 'n kapasiteit van 200 kuseks water en die Ooskanaal met 'n kapasiteit van 300 kuseks. Die kanale is respektiewelik 35.5 myl en 48.7 myl lank. Die besproeiingsgebied is ook voorsien van 'n netwerk van uitkeerkanale, „maatskappykanale" en privaatkanale. Daar is 73 uitkeerkanale met 'n totale lengte van 83.5 myl,[1] terwyl daar 538 „maatskappykanale" bestaan met 'n totale lengte van 148.5 myl. Die privaatkanale is talryk, want elke boer het soveel as wat hy nodig ag vir die gerieflike voorsiening van water op die verskeie dele van sy hoewe; daarby besit elke boer ten minste een opgaardam om watervermorsing te voorkom as hy nie sy totale toewysing, soos aangevra, by 'n leibeurt, opgebruik nie.

1) Gegewens is verkry uit die genoemde Jaarrapport van 1937, en S.A. Irrigation Magazine, a.w.

F. Klimaat.

Vanweë die ligging word die soorte weersomstandighede wat bekend is op die Hoëveld, die Middelveld en die Bosveld ondervind. Aan die noordelike hange en die voet van die Magaliesberg sowel as noord van die parallelreeks rante wat 15 myl noord van die Magaliesberg lê, word tropiese en sub-tropiese vrugte en plante gekweek.

Die klimaat kan ons gerieflikheidshalwe onder die hoofde (a) Temperatuur, (b) Reënval, (c) Ryp en (d) Winde, behandel.

(a) Temperatuur.

Vanweë die feit dat klimaatsfaktore mekaar wederkerig beïnvloed, is dit begryplik dat die reënval of voggehalte en winde of die afwesigheid daarvan die temperatuur sal beïnvloed. Dit word dan ook ondervind dat die klimaatsfaktore die temperatuur van dag tot dag in dieselfde maand of selfs op dieselfde dag laat verskil.

Waar die hoogte en die breedtegraad ook die temperatuur beïnvloed, is dit in Britsdistrik nie van veel betekenis nie.

Die hoogte is byna dieselfde oor die hele distrik en verskil weinig van plek tot plek. Die verskil in hoogte is slegs enkele honderde voete, behalwe in die geval van die berge en die rante. Die hele distrik lê tussen 3,000 en 4,000 voet bo seespieël. Die breedtegraadverskil van suid na noord, is ook maar 46 minute. Die temperatuur word dus met betrekking tot hierdie ligging oor die hele lengte van suid na noord ook maar weinig beïnvloed.

Dit word dikwels ondervind dat die temperatuur teen die middag op 'n somersdag tot 100° F. en selfs hoër styg terwyl dit teen drie-uur weer gedaal het tot 65° F. gedurende 'n haelstorm. Gedurende die winter het dit al voorgekom dat die maksimum en minimum temperature slegs 6° F. verskil het omdat daar op 'n reënerige wintersnag

52° F. as minimum geregistreer is, terwyl die maksimum gedurende die dag slegs 58° F. was. Ons het ook in 'n droë somer ondervind dat die maksimum temperatuur van 105° F. in die skadu aangeteken is, terwyl die laagste temperatuur in die winter na so 'n droë somer as 19.5° F. aangeteken is. Dit is nogal kenmerkend dat droë somers oor die hele Suid-Afrika gekenmerk word deur hoë temperature en weer besondere koue winters met baie lae temperature het.

Winde of windstiltedae beïnvloed die temperatuur ook regstreeks. Koel en vogbelaaide winde veroorsaak 'n daling in die temperatuur, terwyl droë winde dit geweldig kan laat styg. Op windstiltedae kan dit broeiend warm wees met geweldige hoë temperature.

Die temperatuur verskil dan ook oor dieselfde maand van jaar tot jaar, net soos dit verskil van plek tot plek in die distrik. Volgens die samevattende rapport van die Departement van Besproeiing oor die jare 1921 tot 1937 is die gemiddelde temperature van die distrik as volg uitgedruk in grade Fahrenheit: 1)

| | Jan. | Feb. | Mrt. | Apr. | Mei. | Jun. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Maks. | 86.5 | 88.9 | 86.0 | 79.5 | 75.8 | 66.4 |
| Min. | 64.4 | 65.6 | 62.1 | 53.3 | 47.1 | 37.0 |
| | **Jul.** | **Aug.** | **Sept.** | **Okt.** | **Nov.** | **Des.** |
| Maks. | 69.3 | 72.2 | 79.1 | 87.2 | 79.4 | 84.0 |
| Min. | 40.9 | 44.9 | 54.1 | 59.9 | 61.3 | 62.6 |

Volgens die tabel, hierbo, van maandelikse gemiddelde temperature beteken dit 'n gemiddelde jaarlikse maksimum van 79.5° F. en 'n minimum van 54.3° F. Neem ons egter die 6 warmste maande en die 6 kouer maande, dan is die gemiddelde somermaksimum 85.3° F. en die minimum 62.3° F. terwyl die gemiddelde vir die kouer maande 'n maksimum van

1) Vide reeds genoemde Jaarrapport 1937 van Departement van Besproeiing.

73.3° F. en 'n minimum van 46.2° F. is, en dit gee ons 'n daelikse gemiddelde somerverskil van 21° en 'n daelikse gemiddelde winterverskil van 27.5° tussen die maksimum en minimum vir elke seisoen. Die grootste variasie kom in Junie, Julie, Augustus en September voor met die hoogste verskil in Augustus en September, wat te wyte is aan die winde wat dan waai. Sulke lae nagtelike temperature veroorsaak dat soms ernstige skade aan gesaaides berokken word. Dis 'n feit waarmee deeglike rekening tydens die koringsaaityd gehou moet word, want as die koring in die pyp of in die blom is, is die oes 'n mislukking soos so dikwels al gebeur het met boere wat nie met hierdie natuurverskynsel rekening hou nie. Die koring moet in hierdie tyd nog in die voorpypstadium of al in die volwassekorrelstadium wees.

(b) Reënval.

Die reënval soos geregistreer by 21 stasies versprei oor die hele opvanggebied van die Hartebeestpoortdam sedert 1917, en by enkele stasies selfs vroeër, toon 'n verskil wat varieer van 25 tot 30 duim reënval van jaar tot jaar in soverre dit die gemiddeldes betref. Dit is vasgestel dat die gemiddelde reënval per jaar oor die opvanggebied ongeveer 27 duim is.[1] As ons die volgende tabel egter bestudeer, merk ons dat die gemiddelde oor 'n groeijaar 28 duim is. Dit is dan ook 'n suiwerder aanduiding van die werklike reënval.

---

1) Vide genoemde Jaarrapport 1937 bl. 17 en 18, en bygaande tabel op bl. 86 i.v.m. variasies in reënval van plek tot plek en die tabel op bl. 87 i.v.m. reënvalvariasies van jaar tot jaar vanaf 1925 - 1938 asook van maand tot maand en oor dieselfde maand. Let ook op die gemiddeldes.

| Kalenderjaar 1 Jan.-31 Des. | Neerslag in duim | Groeijaar 1 Julie - 30 Junie. | Neerslag in duim. | Opmerkings oor groeijaar. |
|---|---|---|---|---|
| 1925 | 20.78 | 1925-1926 | 21.80 | taamlik |
| 1926 | 23.46 | 1926-1927 | 33.00 | goed |
| 1927 | 26.71 | 1927-1928 | 33.31 | goed |
| 1928 | 34.08 | 1928-1929 | 33.82 | goed |
| 1929 | 40.45 | 1929-1930 | 33.38 | goed |
| 1930 | 22.51 | 1930-1931 | 19.59 | swak |
| 1931 | 22.69 | 1931-1932 | 25.32 | bevredigend |
| 1932 | 24.79 | 1932-1933 | 16.41 | baie swak |
| 1933 | 25.09 | 1933-1934 | 31.22 | goed |
| 1934 | 25.98 | 1934-1935 | 27.04 | voldoende |
| 1935 | 18.31 | 1935-1936 | 37.40 | baie goed |
| 1936 | 40.45 | 1936-1937 | 30.26 | goed |
| 1937 | 28.18 | 1937-1938 | 24.07 | bevredigend |
| 1938 | 21.80 | 1938-1939 | 26.53 | bevredigend |
| Gemiddeld | 26.78 | | 28.08 | voldoende 1) |

Ons tabel is na aanleiding van ons ervaring t.o.v. die toestand, en die gemiddelde van die groeijare opgestel; 28.08 duim is dan ook die gewenste neerslag, veral as dit oorskry en min of meer gelyk oor die groeijaar versprei word.

Elke droogtejaar druk 'n stempel op die ondergrondse waters af, want die droogte veroorsaak die vernietiging van die natuurlike flora veral as daar veldbrande ook nog voorkom. Daar die bodembedekking vernietig en die aarde bewerk word, is die grondvog meer aan verdamping blootgestel.

'n Ander verskynsel wat ons opgemerk het, is die feit dat die ou bekende neerslae wat deur die ou mense die drie-agt-dae-reëns of die geelperskereën genoem is, en wat gedurende Februarie voorgekom het, ook verdwyn het. Ons kon sedert 1946 tot 1951 slegs een enkele geval aanteken. Hierdie reëns was gekenmerk deur hulle intensiteit van sagte deurdringendheid wat tot die diepste wortel raak. Ons moet dan ook opmerk dat hierdie soort neerslae deur stortbuie vervang is.

---

1) Ons verwerking van die totale is die gegewens soos verkry van die tabel op bl. 87.

VARIASIES IN REËNVAL....

REËNVAL GEDURENDE DIE JAAR 1949 OP VERSKILLENDE SENTRA IN DIE DISTRIK.

| Sentra | Jan. | Feb. | Maart | April | Mei | Junie | Julie | Aug. | Sept. | Okt. | Nov. | Des. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Schoemansville | 11.60 | 2.22 | 1.45 | 0.41 | 0.08 | 0.51 | - | - | - | 2.17 | 7.75 | 5.35 |
| Sandfontein | 12.12 | 2.06 | 3.32 | 0.59 | 0.07 | 0.58 | - | - | - | 3.56 | 8.15 | 5.57 |
| Uitvalgrond | 12.33 | 3.04 | 1.38 | 0.53 | 0.05 | 0.58 | - | - | - | 2.37 | 5.11 | 6.51 |
| Wolwekraal | 8.80 | 3.50 | 0.98 | 0.55 | 0.05 | 0.56 | - | - | - | 1.76 | 5.68 | 7.31 |
| Kareepoort | 10.22 | 2.90 | 1.56 | 0.43 | 0.04 | 0.60 | - | - | - | 2.47 | 4.17 | 6.63 |
| Geluk | 8.26 | 2.24 | 0.79 | 0.50 | 0.05 | 0.61 | - | - | - | 1.68 | 4.43 | 7.57 |
| De Kroon | 12.08 | 3.22 | 1.64 | 0.51 | 0.06 | 0.58 | - | - | - | 2.36 | 6.08 | 4.23 |
| Mamagalieskraal-Suid | 10.87 | 3.01 | 1.05 | 0.59 | 0.05 | 0.65 | - | - | - | 2.39 | 6.10 | 4.04 |
| Mamagalieskraal-Noord | 8.90 | 2.38 | 1.10 | 0.77 | 0.04 | 0.45 | - | - | - | 2.85 | 6.10 | 8.09 |
| Kleinfontein | 9.21 | 2.60 | 1.49 | 0.63 | 0.05 | 0.50 | - | - | - | 2.03 | 5.50 | 5.28 |
| Klipkop | 7.88 | 2.12 | 1.01 | 0.61 | 0.06 | 0.62 | - | - | - | 2.17 | 5.53 | 8.17 |
| Kameeldrift | 7.94 | 2.77 | 2.54 | 0.98 | 0.06 | 0.60 | - | - | - | 2.01 | 4.56 | 5.52 |
| Hartebeestpoort | 12.00 | 2.22 | 2.25 | 0.44 | 0.08 | 0.52 | - | - | - | 2.66 | 7.19 | 5.60 |
| Gemiddelde | 10.17 | 2.67 | 1.58 | 0.58 | 0.06 | 0.57 | - | - | - | 2.34 | 5.72 | 6.14 |

Totaal gemiddelde ...................................... 29.83 duim.

## REËNVAL IN DUIME.

| Jaar. | Jan. | Feb. | Maart. | April. | Mei. | Junie. | Julie. | Aug. | Sept. | Okt. | Nov. | Des. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1925 | 3.38 | 3.43 | 2.38 | 0.07 | 1.71 | 0.16 | 1.77 | - | 1.01 | 0.56 | 4.26 | 2.05 | 20.78 |
| 1926 | 3.33 | 4.37 | 3.53 | 0.65 | 0.26 | - | 1.19 | 0.04 | 0.93 | 5.09 | 1.74 | 2.32 | 23.46 |
| 1927 | 6.55 | 3.47 | 4.52 | 0.83 | 0.32 | - | - | 1.27 | 0.47 | 0.49 | 6.23 | 2.56 | 26.71 |
| 1928 | 4.12 | 2.98 | 6.23 | 6.13 | 2.73 | 0.10 | 0.03 | - | 3.07 | 1.67 | 3.58 | 3.44 | 34.08 |
| 1929 | 8.02 | 5.55 | 5.87 | 1.26 | 0.44 | 0.98 | - | - | 1.39 | 6.41 | 5.09 | 5.53 | 40.45 |
| 1930 | 3.03 | 6.72 | 3.59 | 1.13 | 0.49 | - | 0.83 | 0.83 | - | 0.69 | 1.33 | 3.87 | 22.51 |
| 1931 | 5.69 | 1.78 | 1.70 | 2.85 | - | 0.02 | 1.49 | - | - | 1.49 | 4.18 | 3.49 | 22.69 |
| 1932 | 2.98 | 6.17 | 3.65 | 0.81 | 0.51 | 0.02 | - | 0.04 | 0.36 | 1.68 | 3.13 | 4.91 | 24.79 |
| 1933 | 1.78 | 0.50 | 2.65 | 0.36 | 0.66 | 0.34 | - | - | 0.19 | 0.80 | 11.42 | 6.39 | 25.09 |
| 1934 | 6.69 | 2.0 | 2.16 | 0.32 | 1.03 | 0.16 | 0.13 | 0.58 | 1.23 | 2.15 | 4.76 | 4.74 | 25.09 |
| 1935 | 2.61 | 4.79 | 3.13 | 0.43 | 0.52 | - | - | 0.21 | 0.20 | 1.47 | 0.26 | 4.69 | 18.31 |
| 1936 | 8.41 | 7.13 | 6.78 | 0.53 | 3.72 | - | - | - | 0.13 | 2.30 | 8.95 | 2.50 | 40.45 |
| 1937 | 6.25 | 7.17 | 1.62 | 1.33 | 0.01 | - | - | - | 0.50 | 1.97 | 1.53 | 7.80 | 28.18 |
| 1938 | 4.78 | 2.36 | 1.33 | 3.32 | 0.43 | 9.05 | - | 0.12 | 0.37 | 1.67 | 0.78 | 6.59 | 21.80 |
| Totaal | 67.62 | 58.95 | 49.06 | 20.02 | 12.89 | 1.83 | 5.44 | 3.06 | 9.85 | 28.54 | 57.24 | 60.88 | 374.88 |
| Gemid. | 4.83 | 4.21 | 3.50 | 1.43 | 0.92 | 0.13 | 0.39 | 0.22 | 0.70 | 2.03 | 4.09 | 4.35 | 26.78 |

As ons die meteorologiese registers bestudeer, vind ons dat die verspreiding van die neerslae van so 'n aard is dat dit werklik nie as 'n nuttige verspreiding bestempel kan word nie. As 'n tipiese voorbeeld kies ons die neerslag van Desember 1947 omdat hier in daardie maand die enkele voorval van 'n deurdringende neerslag deur ons aangeteken, voorgekom het. In hierdie maand is die normale gemiddeld van 4.35 duim oorskry tot 4.81 duim. As ons egter op die verspreiding let dan merk ons dat daar 'n paar weke lank 'n afwesigheid van enige waardevolle neerslag was.

| Datum | Neerslag in duim. | Tydstip. | Tydsduur. | Opmerking. |
|---|---|---|---|---|
| 1.12.47. | 0.06 | 8nm.-8.30nm. | 30 min. | geen waarde |
| 6.12.47. | 0.32 | 9.15vm-4nm. | 6½ uur | min waarde |
| 9.12.47. | 0.14 | 3nm.-4nm. | 1 uur | geen waarde |
| 15.12.47. | 0.10 | 3vm.-5vm. | 2 uur | geen waarde |
| 16.12.57. | 0.38 | 4vm.-8.30vm. | 4½ uur | min waarde |
| 17.12.47. | 0.02 | 8.30vm-9.15vm. | 45 min. | geen waarde |
| 25.12.47. | 0.06 | 6nm.-7nm. | 1 uur | geen waarde |
| 26.12.47. | 1.53 | 6nm.-8.30vm. | 24 uur | |
| 27.12.47. | 0.43 3.64 | 8.30-6 nm. | | deurdring-end. |
| 28.12.57. | 1.68 | 4nm.-deur die | 23 uur | en baie |
| 29.12.57. | | nag tot 3 nm. | | waarde |
| 31.12.47. | 0.09 | 4.30nm.-5.30nm. | 1 uur | geen waarde |

Volgens hierdie tabel wat die verspreiding oor 'n maand as tipiese voorbeeld aandui, merk ons dat 1.17 duim in sy verspreiding oor die maand nutteloos was, terwyl in 4 dae gedurende 47 uur 'n neerslag van 3.64 duim aangeteken is. In werklikheid het slegs hierdie neerslag waarde gehad.

In November was die neerslag 3.86 duim waarvan 2.16 duim in verspreide stortbuie die eerste week neergekom het,

en die res van 1.70 duim het die tweede week as 'n stortbui van 0.70 duim geval en die 1 duim was ook versprei in nuttelose klein neerslae sodat hier 6 weke verbygegaan het waarin geen noemenswaardige neerslag voorgekom het nie. In Januarie 1948 is 'n neerslag van 2.62 duim binne die eerste 10 dae aangeteken.

'n Afwesigheid van reën het 40 dae lank ingetree en toe het die stortbuie vanaf die 21e Februarie tot die 15e Maart begin uitsak sodat in hierdie 3 weke 'n neerslag van 13.59 duim aangeteken is. Hierdie oortolligheid het geweldige skade aangerig en groot hoeveelhede tabak het versuip.

Omdat die voorkoms en die verspreiding van die neerslae van maand tot maand van jaar tot jaar verskil, het die boer met groot wisselvallighede te kampe. Die ervaring het geleer dat genoegsame vogbelaaide lug in die gehalte van die tabakproduk 'n bepalende faktor is. Die drogingsproses, sowel as die kwaliteit, word deur die voggehalte in die lug bepaal. Die voggehalte verhoog die kwaliteit en die afwesigheid van vog bemoeilik die drogingsproses en verlaag die kwaliteit van die blad, selfs al is besproeiingsfasiliteite moontlik.

Sommige welvarende boere het gedurende reënafwesige tye kunsmatige reënbesproeiing toegepas. Die beste resultate is egter behaal wanneer kunsmatige reënbesproeiing gedurende die nag of gedurende 'n bewolkte toestand toegepas is. Hierdie eksperimente, alhoewel duur, verdien om die nodige breër toepassing te geniet in die tabakbou.

Hierdie distrik ondervind gedurende die somermaande, veral in November en Desember as die voorafgaande tydperk droog en warm was, soms swaar haelbuie wat geweldige skade veroorsaak. Volgens ons eie aantekeninge sedert 1925 en die in die meteorologiese registers by die verskillende Landbou Proefstasies op Krokodilpoort en Losperfontein

sowel as die in die rekords van die ingenieur by Hartebeestpoortdam, toon dat nie een enkele jaar sonder 'n haelbui in een of ander omgewing in die distrik verbygegaan het nie.

Soms word groot gedeeltes geteister. Die haelbuie is dikwels van so 'n ernstige aard dat die natuurlike flora, selfs van die taaiste boomsoorte, maande na so 'n haelbui nog die spore van verwoesting dra. Dit gebeur ook dikwels dat verskeie haelbuie gedurende dieselfde seisoen soos bv. in 1949 en weer in 1951 voorkom.

In 1949 is die distrik gedurende November deur verskeie haelstorms geteister en op 14 Desember 1951 het 'n haelbui en storm die hele distrik van suid na noord vernietigend getref. Dit het 'n noodtoestand wat baie boere genoodsaak het om elders by onderstandswerke 'n heenkome te vind, laat ontstaan.

(c) Ryp.

Ryp kom sporadies voor as daar genoeg vogtigheid is, andersins kom dit net in die laagtes, spruite en riviere voor. Tog gebeur dit dat 'n snerpende koue lugstroom uit die suide die distrik af en toe met 'n totale afwesigheid van ryp kan teister. Sulke koues veroorsaak in een nag duisende ponde skade aan ertjie- en vrugteboere.

(d) Winde.

Die winde is oor die algemeen van 'n baie gematigde aard met windkalmtes wat in die somer erg depressief van aard op die mens kan wees. Die winde is selde stormagtig en langdurig van karakter. Die winde kom meestal as 'n sterk bries vanuit 'n noordelike of noordoostelike rigting gedurende die somermaande voor. Af en toe mag 'n sterk suidelike of suidoostelike of suidwestelike wind opkom en hael meebring of slegs as 'n droë donder- en stofstorm oorwaai.

Die wintermaande word gekenmerk deur windkalmtes of ligte oostelike of noordoostelike briese met suidoostelike briese af en toe. As tipiese wintertoestand toon die meteorologiese registers by genoemde stasies gedurende Junie 13 windkalmte dae teenoor 16 dae met 'n baie ligte bries vanuit noordoos. Hierdie toestand kan ons opsom deur die windsterkte oor die gemiddelde hoeveelheid dae soos versprei oor 'n jaar te tabuleer:

| Windsterkte: | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Dae: | 86 | 56 | 91 | 51 | 10 | 46 | 0 | 1 | 15 | 9 | 0 | 0 | 0 |

Die syfers by windsterkte dui die hoeveelheid vermenigvuldig met 5 myl per uur aan.

Die sterkste winde is meestal noordoostelik en gedurende die wintermaande is dit gewoonlik droë winde wat geen vog meevoer nie en daarom is ryp dan ook 'n seldsaamheid.

G. Slot.

Kultuurplante, soos alle soorte vrugtebome word aangetref. Sitrussoorte aard byna oral goed in die Middelveldstreek en die Bosveldstreek. Papajas, mango's, awokado's, koffie, koejawels, pynappels en piesangs word ook aan die noordelike hang van die Magaliesberg gekweek. Landbougewasse soos koring, tabak, mielies, blomme en katoen asook kafferkoring word op groot skaal verbou, terwyl rys ook met sukses gekweek word. Droëlandboerdery word in die Bosveld beoefen en landbougewasse soos mielies, kafferkoring, soetriet, patats, pampoene, kalbasse, waatlemoene, marakkas en spanspekke word ook daar verbou. Waatlemoene en spanspekke word grootskaals in die gruisleemgronde onder besproeiing uit die kanale, óf met boorgatwater, óf waar die water uitgepomp word uit die rivier onderkant die besproeiingsdistrik waar geen uitkeervore bestaan nie, verbou.

# HOOFSTUK V.

## BEBOUING.

### A. Die Periode voor die Koms van die Blanke.

Volgens die mededelinge van die enkele oorlewende blanke pioniers en die ou naturelle wat deur ons geraadpleeg is, was die huidige Britsomgewing 'n bewoonde plek toe die blanke pioniers hulle hier omstreeks 1841 kom vestig het. Die omgewing het daar egter doods en verlate uitgesien omdat die Matebeli hiervandaan die wyk geneem het na die huidige Maricodistrik en omdat die oorlewendes van die Mogalé- en Mamogaléstamme hulle nog in hulle skuilplekke in die berge, koppe en rante skuil gehou het. Dit was onteenseglik duidelik dat hier 'n menslike samelewing was soos dit ook aan die oorblyfsels van die verlate naturelle statjies, hutte en beeskrale waarvan sommige nog ongeskonde was, kon gesien word.

Die hutte, statjies en beeskrale was egter nie die enigste aanduidinge van 'n eertydse bewoning en bebouing nie, maar ook die bewerkte en beplante grond op die oop plekke tussen die bome. In die „kafferlande", soos die ou mense die bewerkte plekke genoem het, het hulle kafferkoring (Sorghum) en kalbasse (Lagenaria vulgaris) gevind.

Uit die aard van die aktiwiteite van die naturelle voor die koms van die blankes kan ons hierdie aktiwiteite gerieflikheidshalwe onder Behuising, Landbou en Veeteelt indeel.

#### (a) Behuising.

Van die ruïnes en die murasies van die hutte wat 'n 30 tot 40 jaar gelede nog oral op die bulte en teen die rante te vinde was, kon 'n mens aflei dat die naturelle wat die omgewing bewoon het van twee tipes boupatrone gebruik gemaak het.

Die een tipe was min of meer van 'n rondawel- en die ander van 'n langwerpige patroon. Uit navrae by die ou naturelle het dit duidelik geword dat die rondawelpatroon eie was aan die boustyl van die Matebeli wat 'n hut van 'n min of meer hemisfeertipe gebou het soos 'n mens dit vandag nog in Soeloeland, Natal, aantref.

Die langwerpige patroon was weer eie aan die boustyl van die Mogalé- en Mamogaléstamme van die Bakwênas. Die langwerpige hutte was egter nie reghoekig nie, maar waar ons boustyl die hoeke sou hê, het die hutte rondings gehad.

Die opening wat toegang tot die een-vertrek-hut verleen het, was eerder 'n inkruipplek as 'n deur.

Die boumateriaal wat vir albei hierdie tipes van hutte gebruik was, was dieselfde. Die mure was van hout en klei gebou. Eers is 'n houtgeraamte van die hut gemaak. Die pale wat vir die mure gebruik is, was 'n harde houtsoort wat nie deur miere vernietig kan word nie. Die soorte hout wat in die murasies aangetref is, was kaffer-wag-'n-bietjie (Acacia caffra) en sekelbos (Dichrostachy nutans). Die pale is van 'n paar duim tot, in sommige gevalle, twee voet van mekaar af ingeplant. Die openinge tussen die pale was met stywe klei opgevul. Enkele klippe van geskikte grootte was in die klei ingedruk. Die hele muur was aan die buitekant en binnekant dik met klei gepleister sodat die pale heeltemal bedek was.

Die daktimmerasie was met sterk veseltoue aanmekaar geheg. Die veseltoue was gemaak van die vesel wat aan die binnekant van die soetdoringbas (Acacia dulcis) afgetrek word. Die veseltoue is ook gebruik as dektou om die dekgras (Hyparrhenia hirta) aan die deklatte vas te werk. Die dakke was van die staandaktipe, of die hemisfeertipe.

Die statjies is op die bulte of teen die rante ver van die riviere of die spruite af gebou. Kalbasse en gebakte kleipotte soos vandag nog te sien is by die naturelle, is

gebruik om water na die hutte aan te dra. Kleipotte is ook as kookgereedskap en as bêregereedskap vir hulle voedsel gebruik.

(b) Landbou.

Die bewerking van die grond was maar op 'n klein skaal volgens ons informante.[1] Die aanduidings van die sg. „ou kafferlande" op die oop plekke tussen die bome bewys dit ook. Dit is ook te begrype, want met die soort ysterpik waarmee die grond omgepik is, kon die bewerking, selfs met baie hulp maar baie beperk gewees het. Die gewasse wat gekweek was, is die reeds genoemde kafferkoring, kalbasse, marakkas en pampoene. Die kafferkoring is in stampblokke fyngestamp of met behulp van twee klippe, gewoonlik 'n hol klip en 'n ronde klip, fyn gemaal. Van hierdie produk is die sg. suurpap en bier gemaak en dit was 'n veelbegeerde voedsel en drank onder die naturelle.

(c) Veeteelt.

Die naturelle was baie lief vir beeste en die besit van beeste was as 'n groot rykdom beskou, want deur die talrykheid van hierdie rykdom kon die man die besitter word van die vrou of vroue van sy hart en het sy aansien kleiner of groter gewees tussen sy stamgenote. Dit is dus geen wonder dat 'n groot hoeveelheid beeste as oorlogsbuit so'n aanloklike middel tot oorlogsvoering of diefstal was nie.

As ons die van klipgestapelde beeskrale van die naturelle beskou, moet ons soms verbaas staan om te sien met watter moeite die werk gedoen is om veilige beskutting vir die vee te verkry. Hierdie klipkrale was selfs tot in die jongste tyd nog oral by die ou ruïnes van die statte te sien, maar die blankes het die klippe na hulle werwe vervoer en is daar vir boudoeleindes of die maak van beeskrale gebruik.

---

1) Vide Voorwoord.

Ons informante het in hulle vertellings by ons 'n goeie denkbeeld probeer skep omtrent die besondere waarde wat die naturel aan die besit van beeste geheg het. Die beesmelk was 'n aangename voedsel en het ook bygedra om sy maaltyd volledig te maak. Selfs 'n bees wat dood is aan een of ander siekte, is deur die eienaar en sy gesin gekook of op die vuurkole gerooster en opgeëet. Van die beesvelle is karosse om op te lê of om op te slaap, gemaak. Die karosse is ook as komberse gebruik. Die skildvel van die naturellemans was ook van die beesvel gemaak. Uit die dikste dele van die vel is stukke volgens die fatsoen van hulle voetsole gesny en is as 'n soort skoen gebruik, die sgn. „rampetsjan".

B. <u>Die Periode sedert die Koms van die Blanke.</u>

Met die koms van die blanke in 1841 en sy vestiging in die huidige Britsomgewing het hier ook 'n ander kultuur gekom. Die naturelle was analfabete terwyl die blankes kon lees en skryf. Al het die blanke slegs oor 'n paar boeke beskik, was die boeke darem rigtinggewend. Die Bybel was die blanke pionier se boek nommer een, en dit was dié Boek wat deur die eeue heen die Westerse beskawing sterk beïnvloed het.

Die blanke pionier het 'n diepe godsdienstige karakter openbaar soos dit ooreenkomstig die leer van Christus gekenmerk is. Hierdie kennis en sy ervaring van die Westerse kultuur het aan hom ander insigte wat by die naturel afwesig was, verskaf.

Toe die blanke pioniers hulle in die huidige Britsomgewing kom vestig het, het hulle vir hulle 'n tuiste ooreenkomstig die waaraan hulle gewoon was, gemaak.

Om die blankes se doen en late van nader te beskou deel ons dit gerieflikheidshalwe onder Behuising en Landbou in.

(a) Behuising.

Die eerste huise wat verrys het, kan ons onder die sogenaamde hartbeeshuistipes klassifiseer. Hierdie tipe van woning is ook van styf gebreide klei en klip gebou. Die mure was betreklik dik, soms tot twee en 'n half voet. Die mure is nie met klip en klei gemessel nie, maar die klippe is in die lae klei wat gelê is, ingedruk sodat geen klip aan die buitekante van die mure sigbaar was nie. Die mure was ook nie hoër as 7 tot 8 voet nie. Die langwerpige hartbeeshuis het min of meer uit drie vertrekke bestaan nl. twee vertrekke om in te slaap en een tussenin wat diens gedoen het as eet- en sitvertrek. Die kombuis het meestal los van die woongedeelte van die huis gestaan. Die hartbeeshuis het 'n plat rietdak met 'n dik laag brakklei daarop aangebring, gehad. Dit het die dak dig en koel teen wind en weer, en veilig teen brand gemaak. Die huis was van behoorlike deure en vensteropeninge wat met houtluike toegemaak kon word, voorsien. In die dik mure het die pioniers hulle muurkassies waarin hulle hulle kosbaarhede gebêre het, gemaak.

Namate die vestiging 'n meer permanente karakter begin aanneem het, is groter huise met grasdakke van die staandaktipe gebou. Die blankes het ook in teenstelling met die naturelle naby aan die riviere, spruite of fonteine gebou. Die eerste ou hartbeeshuisies is toe as stalle gebruik. [1)]

Volgens ons informante [2)] het dit in die somer van 1892/93 so verbasend baie gereent dat die Krokodilrivier met so'n geweldige vloed afgekom het dat die huise langs die oewers ontruim moes word. Die huise is toe ook

1) Ons het die voorreg gehad om nog enkele van die ou hartbeeshuisies wat vir stalle gebruik is, te sien, en hulle het vir hierdie doel diens gedoen tot enkele jare gelede toe die motorkarre die perd vervang het. Die geboutjies was toe al voorsien van 'n sink staandak en die ou platdak het as soldervloer diens gedoen.

2) Vide Voorwoord.

totaal in puin gelê. Die gevolg was dat ander huise gebou moes word. Hierdie huise is verder van die Krokodilrivier af, ten minste buite die vloedrand, gebou.


Die huise wat na 1893 opgerig is, is van bakstene gebou. Die mure was 14 duim dik. Die huise was ook nou oor die algemeen groter en geriefliker en van sinkdakke voorsien. Die wonings is almal volgens een model gebou soos die huis op die foto.[1] Soms was die staandak met gras gedek terwyl die platdak met sink gedek was. Die platdak was soms net aan die een kant van die staandakgedeelte. As die huis weerskante 'n platdak gehad het, het die een platdak die stoep en die twee sogenaamde stoepkamers aan weerskante van die stoep gedek.

Die staandakgedeelte was die wydste deel van die huis en het in wydte van 18 tot 24 voet gevarieer. Die groot sitkamer was in die gedeelte en het in lengte van 18 tot 30 voet gevarieer. As die staandakgedeelte baie wyd was, was daar aan elk van die twee smal kante van die sitkamer twee slaapkamers. Die slaapkamers was maar klein. Hulle het slegs ruimte vir 'n dubbelbed-ledikant, 'n kis waarin die klere weggepak was, 'n klein tafeltjie met waskom en waterbeker en 'n smal beweegruimte verskaf. Die waenhuis met 'n groot deur in die muur by die een gewel was ook onder die staandak gewees.

Die staandakgedeelte het 'n plafon van spaansriet (<u>Arundo donax</u>) met 'n laag klei daarop, gehad. Die plafon was soms ook van planke van 'n half tot een duim dik gemaak. Die plafon is bo op die balke aangebring en het gedien as solder en bêreplek. In die een gewel was daar 'n deur wat toegang tot die solder verleen het. Soms is daar 'n trap na die solderdeur gebou, of andersins is van 'n houtleer (ladder) gebruik gemaak.

---

1) Vide foto nr. IV. bl. 97/98.



Die seringboom wat op De Kroon deur die eerste pionier, Albertus Venter, in 1841 geplant is.

Foto nr. IV.



'n Ou tipe woning uit die jaar 1893.

Die platdakgedeelte het die eetkamer van dieselfde lengte as die sitkamer wat regoor was, bedek. Aan die een kant was die kombuis en spens en aan die anderkant 'n slaapkamer. Hierdie gedeelte van die huis was smal en nooit breër as 12 voet nie. Onder die platdak was ook die karhuis langs die waenhuis. In die kombuis was die vuurherd, meestal die „es" genoem. Regoor die es was 'n opening van ongeveer 18 duim by 18 duim in die buitemuur. Hierdie opening het toegang verleen tot die bakoond wat tot teen die muur aan gebou was. Soms was die bakoond ook binne in die kombuis. Baie selde is 'n bakoond wat los van die huis af gebou was, gesien.

Van hierdie ou tipe woonhuis is hier nog 'n paar te sien, maar al die ander is egter so verbreek en verbou dat net die enkele dik mure as herinnerings oorgebly het.

(b) Landbou.

Namate die blanke pioniers meer gevestig geraak, hulle woningsterreine gekies en hulle eerste tydelike wonings opgerig het, het hulle ook terselfdertyd begin om die grond te bewerk en te beplant.

Die oorblyfsels van die naturelle wat Silkaats se beulgerig ontvlug het, het gou ontdek dat die nuwe blanke intrekkers vreedsame bedoelinge teenoor hulle koester. Die blanke pioniers was gou bevriend met en gewild by die naturelle wat gewilliglik as diensvolk geëmplojeer kon word. Die hand is aan die ploeg geslaan en die ou „kafferlande" is eerste aangepak en groter gemaak deur die bome wat in die pad was, uit te haal. Die lande is omgeploeg en beplant. Vir die naturelle is ook stukke grond omgeploeg en beplant, want dit sou voorlopig hulle vergoeding wees vir hulle dienste. Beeste is ook as betaalmiddel gebruik.

Volgens ons informante het die eerste blankes in die voorsomer van 1841 hulle aan die regter oewer van die Krokodilrivier gevestig en nadat die ou „kafferlande"

bewerk en met somergewasse soos mielies, kafferkoring en pampoene beplant was, is aan die werk gespring om 'n uitkeervoor uit die rivier aan te lê, lande „skoon" te maak en vir koring en hawer vir die volgende wintersoes te braak. Die latere intrekkers (1845/46) het meestal op die linker oewer gaan woon en dieselfde gedoen.

Die eerste uitkeervore was in vergelyking met die latere onderneming maar onbeduidend. Met vereende kragte en met die hulp van die naturelle is die sewe „ouvore" toe aangepak en klaar gemaak in 1863. Elke groep belanghebbers het aan hulle eie uitkeervoor gewerk, maar hulp en advies is oor en weer verleen waar en wanneer dit nodig was.

Hierdie sewe s.g. „ouvore" besproei vandag nog die 2,800 morg wat destyds onder besproeiing gekom het. Hierdie onderneming was 'n reuse taak veral as die primitiewe gereedskap wat hulle destyds tot hulle beskikking gehad het, in aanmerking geneem word.[1)]

Die boerdery is stelselmatig by die aanvraag op die destydse markte en by die huislike behoeftes aangepas. Perskes, vye, pere, pruime, druiwe en veral sitrusvrugte is aangeplant.

Volgens ons informante het die blanke pioniers af en toe, minstens een maal per jaar, handelstogte na Durban of Bloemfontein onderneem. Die handelsware het hoofsaaklik uit biltong, rieme, stroppe, swepe, soms ook olifantstande, gedroogde vye en perskes en boermeel[2)] bestaan.

Vir die huisbenodigdhede is dan veral koffie, suiker, molvel en dikkoord ferweel, duitse sis, linne en ander materiaal wat dienstig was vir vrouensklere, aangekoop.

---

1) Vide van Rooyen, G.H.: Kultuurskatte uit die Voortrekker tydperk. Deel I. Nasionale Pers, Beperk, Bloemfontein. 1938. Vide bladsy 195 tot 206 vir sulke gereedskap en die prente daarvan. Vide ook foto's nr. V en VI bl. 99/100.

2) Boermeel is die algemeen bekende woordgebruik vir meel wat van tarwegraan gemaal word.

Foto nr. V.



Foto nr. VI.



Foto nr. VII.



Koring word geoes. Die oue en die nuwe metodes.

Peper, kaneel, e.d. kruie is ook op klein skaal gekoop en is as luukse artikels beskou.

Na die ontdekking van diamante in 1866 en die ontwikkeling van Kimberley, is handelstogte dikwels daarheen onderneem. By die reeds genoemde handelsware is ook, veral in die winter, sitrusvrugte op Kimberley verkoop en verhandel. Slagbeeste is ook, om daar bemark te word, saamgeneem. Die handelspad na Kimberley was ongeveer 350 myl, en dus veel korter as die pad na Durban en dit was ook 'n gemakliker pad oor die kaal vlaktes as oor die berge na Durban.

Na die ontdekking van goud op die Witwatersrand in 1886 en die ontwikkeling van die myndorpe het die mark nou veel nader gewees en kon ander soorte van produkte wat in aanvraag was, gekweek en bemark word. Waar 'n handelstog na Kimberley minstens ses weke uit en tuis geduur het, het so'n tog nou slegs vier dae geneem. Om hierdie rede kon die aandag nou ook aan die bemarking van vars vrugte en groente geskenk word.

Omdat die vervoer in die myndorpe met perde en muile geskied het, was daar 'n groot aanvraag na voer. Groot wavragte ryp hawer kon nou na die Rand vervoer word en selfs groen gars het 'n sterk vraag geniet as dit vars genoeg kon bemark word. Om groen gars te bemark en die hoë pryse wat dit behaal het, te bekom, is die produk afgesny, in die koelte gehou en nat gesprenkel. Teen die aand is die vrag gelaai en deur die nag met die ossewa vervoer sodat dit vars die volgende oggend bemark kon word. Mielies, veral geelmielies het ook as voer 'n sterk aanvraag geniet en die s.g. „buitelande"[1] is uitgebrei en meer mielies is aangeplant.

Die aanvraag op die mark het as spoorslag tot groter uitbreiding gedien. Na 1893 toe die reeds genoemde vloed

1) „Buitelande" is die algemene woordgebruik vir landerye wat nie onder besproeiing is nie.

die woonhuise in puin gelê, die ouvore verspoel en toegespoel het, is die vore met die beter gereedskap vergroot. Groter hoeveelhede water was nou beskikbaar en meer geskikte grond onder die vore is ontbos en beplant.

Genl. Hendrik J. Schoeman wat in die vallei tussen die Magalies- en die Witwatersberg 'n florerende boerdery op die oewers van die Krokodilrivier opgebou het, het ook op 'n groot skaal sy boerdery uitgebrei. Hy het tot die benutting van die moontlikhede wat die poort waar die Krokodilrivier deur die Witwatersberg vloei, oorgegaan deur daar 'n groot damwal te bou ten einde meer vrugbare grond op die vlakte in die vallei te besproei, en te bewerk.[1)]

Die boere het nou ook welvarend geword en het hulle 'n groot mate van weelderigheid veroorloof toe die Anglo-Boere-oorlogstroebele van 1899-1902 die uitsig verdonker en die mense wreed ontnugter het. Na die oorlog moes 'n verarmde boeregemeenskap sukkel om weer orde uit die chaos wat deur die oorlogsverwoesting veroorsaak is, te skep.

Heropbou was van nou af aan die orde van die dag. Dit was 'n harde stryd wat sonder trekvee, gereedskap of geld aangepak moes word. Die heropbou was dus 'n stadige en pynlike proses en baie kon nie kop bo water sonder hulp van buite kom nie.

Hierdie verskerping van die verarmingsproses het dan ook direk aanleiding tot die bou van die Hartebeestpoort-damwal gegee.[2)]

C. Die Bou van die Hartebeestpoortdam.

Voordat so'n reuse taak aangepak kan word, is 'n deeglike ondersoek vooraf nodig om seker te maak of die onderneming lonend sal wees. Daar moes dus eers vasgestel word wat die aard van die moontlikhede is en of die benutting daarvan ekonomies genoeg sou wees om 'n verdere en voortdurende benutting te kan handhaaf.

---

1) Vide bl. 2 en 3 van hierdie werk.

2) Vide bl. 6 en 7 van hierdie werk.

geskikte plekke in die Krokodilrivier te bou ten einde vloedwaters op te gaar.

Een van die plekke wat ondersoek was, was die Hartebeestpoort waar die Krokodilrivier deur die Magaliesberg vloei, maar in hierdie voorlopige ondersoek „it was not favoured."[1] In plaas van hier 'n damwal te bou of die bou daar te suggereer, is 'n ander moontlikheid voorgehou, nl. om 'n damwal wat uit 'n gemesselde muur met 'n grond stutwal sou bestaan in Krokodilpoort, 12 myl noord van Hartebeestpoort te bou ten einde die Krokodilrivier teen die Mamagaliesrand op te dam. 'n Soortgelyke damwal, 3 myl suid van die Hartebeestpoort, is ook voorgestel.[2] Dit word egter in die verslag erken dat meer inligting, veral omtrent die rivier en sy waterafloop, nodig is voordat 'n bevredigende besluit geneem kan word.

Die eerste werklike ondersoek na die moontlikhede om 'n opgaardam in die Hartebeestpoort te bou, dateer sedert 1909 toe opmetings van die opgaarkom gemaak en 'n verslag deur F.A. Hurley, Hoofingenieur van die Transvaalse Departement van Irrigasie, opgestel is. In hierdie verslag word toestemming en die verlening van outoriteit gevra om met 'n deeglike ondersoek van 'n voorlopige skema soos deur hom in die vooruitsig gestel, voort te gaan. Die vooruitsig was 'n damwalmoontlikheid van 140 voet hoog om 4,072 miljoen kubieke voet water op te gaar ter wille van die besproeiing van 'n moontlike 12,000 morg grond. Die nodige outoriteit hiertoe is verleen.[3]

Op hierdie stadium was daar nog geen opmetings van die besproeibare grond gemaak nie, en daar was ook nog geen ondersoek ingestel na en vasgestel waar die beste aangewese

---

1) Vide Blouboek T.G. 12-1907; vide foto nr. VIII bl. 103/104.

2) Dit moes bepaald 'n vergroting van die Sophiasdam van Schoeman beoog het.

3) Vide Die Jaarrapport 1937 van die Departement van Irrigasie.

So'n ondersoek is toe ook eerstens ingestel om vas te stel of die opvanggebied voldoende water opvang. Omdat Suid-Afrika uitsluitlik afhanklik is van die reënval in soverre dit die hoeveelheid water wat tot benutting aangewend kan word, betref, was dit nodig om die moontlikhede wat die opvanggebied in hierdie opsig inhou, te ondersoek.

Tweedens is 'n ondersoek ingestel na die geskikste plek waar 'n doeltreffende wal gebou kon word en derdens is 'n ondersoek ingestel na die oppervlakte van vrugbare en bewerkbare grond wat besproei kon word. Hierdie belangrike ondersoek en werksaamhede deel ons dan gerieflikheidshalwe as volg in: (a) Die Opvanggebied en die Opgaarkom, (b) Die geskikste Plek vir die Wal, (c) Die Oppervlakte van die Vrugbare Grond, (d) Wetgewing en Vertragings, (e) Voorbereidingswerk, (f) Die Konstruksie van die Wal en (g) Die Aanlê van die Kanale.

(a) Die Opvanggebied en die Opgaarkom.

Die eerste belangrike ondersoek om gegewens oor die opvanggebied te verkry, is sedert 1904 onder toesig van die Transvaalse Departement van Irrigasie waarvan mnr. W.L. Strange direkteur was, ingestel. Vir hierdie ondersoek van die opvanggebied, is aanvanklik twee gidsvore, een uit die Magalies- en een uit die Krokodilrivier, gekies. Hierdie twee watervore was bokant die huidige Hartebeestpoortdam geleë.

Deur die Departement is ook ondersoek ingestel na die hoof dreineringsgebied sodat 450 myl van die Krokodilrivier en sy takke daarby betrokke was.

'n Verslag [1] van hierdie ondersoeke is in 1907 gepubliseer en 'n beskrywing van die bestaande irrigasieskemas in die opvanggebied is aangedui as „ mostly diversion schemes utilising the flow from the dolomite springs". Die verslag benadruk ook die noodsaaklikheid om damme op

1) Vide Blouboek T.G. 12 - 1907.

Foto nr. VIII.



Hartebeestpoort waarin die wal gebou is vanaf die suidekant of opgaarkant gesien.

Foto nr. IX.



Die vallei en die plaas Schoemansrust wat vandag deur die opgegaarde water bedek word.

plek om so'n wal in die poort te bou, sou wees nie. Die waterafloop was toe ook nog maar gebaseer op metings wat oor 'n tydperk van slegs vier jaar strek.[1)]

(b) Die geskikste Plek vir die Wal.[X)]

Die ondersoek om die geskikste plek in die Hartebeestpoort waar die wal gebou kon word, vas te stel, is gedurende die 1909-1910 deur in die rivierbedding tot dieptes wat varieer van 30 tot 150 voet te boor, ingestel. Daar kon toe vasgestel word dat die bedding uit soliede kwartsiet met 'n kompakte skalie-onderlaag bestaan - „a satisfactory foundation for a high dam", terwyl die Departement van die Geologiese Opname ook van opinie was en aangetoon het „that the fault in the Magaliesberg range, which was known to exist nearby, lay to the east of the poort and would not affect the safety of the dam".[2)]

In 1914 is weer in die bedding geboor. Daar moes seker gemaak word of die kwartsietbank in die bedding as fondament vir 'n hoë wal geskik sou wees.

In 1916 is verder op die plek waar die wal moes gebou word, geboor. Dit is veral met die oog op die vasstelling van die lyn van die wal gedoen en om die bevindings van 1909 en 1914 dat die kwartsietbank van 30 tot 50 voet diep solied benede die rivierbeddingvlak lê, te verifieer.[3)]

(c) Die Oppervlakte van die Vrugbare Grond.

Tot en met 1914 is sedert 1904 niks gedoen om ondersoek in te stel na, of opmetings te doen i.v.m. die bewerkbare grond wat moontlik kon baat by die besproeiingskema nie. Die periode tussen die passering van „Het Hartebeestpoort Besproeiingschema in de Krokodilrivier (Wet nr.

---

1) Gegewens in hierdie geskiedenis is ontleen aan die Samevattende Jaarrapport 1937 van die Departement van Irrigasie tensy anders vermeld.

X) Vide foto's nr. VIII en IX bl. 103/104.

2) Vide genoemde Jaarrapport 1937. bl. 6 vir die aanhalings.

3) Vide ook Blouboek U.G. 19/1918 bl. 67.

32 van 1914)" en die begin van die werksaamhede in 1918 is deur die opmeting van die grond wat aan die oewerbewoners behoort, en wat in aanmerking gekom het vir 'n vrye aandeel in die kompensasiewater soos deur 'n waterhof toegeken, in beslag geneem.

Die regering wat reeds vroeg in 1914 na die passering van die genoemde wet, opsies op die verkoop van die moontlike besproeibare grond verkry het, ten einde latere moontlike spekulasie uit te sluit, het eers gedurende 1919-1920 dit laat opmeet. Tog val dit egter nie te betwyfel nie dat die Departement van Irrigasie en lede van die Kabinet reeds voorheen kennis van die vrugbaarheid en die oppervlakte van die grond wat beskikbaar was, besit het. Dit blyk duidelik uit die 1909-verslag van F.A. Hurley, Hoofingenieur van die Transvaalse Departement van Irrigasie. Hy maak melding van 'n moontlike 12,000 morg[1]) terwyl F.E. Kanthack, Direkteur van Besproeiing in sy „Project Report", 1914, melding maak van 15,000 morg.

(d) Wetgewing en Vertragings.

Die genoemde werksaamhede wat vanaf 1904, maar veral gedurende 1909-1910 onderneem is, het met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, en vanweë die groter omvang van die werksaamhede van die sentrale owerheid, asook van die Departement van Irrigasie in ander rigtings, agterweë gebly. Hierdie uitbreiding van werksaamhede „saw this scheme more or less shelved until 1913 when popular demand led to the preparation of a project - without the opportunity to make detailed surveys of the canal routes etc. - and its acceptance by Parliament in July 1914 (Act no. 32 of 1914) without reference to a select committee".[2])

Die skema soos in die „Project Report"[3]) deur mnr. F.E. Kanthack, Direkteur van Besproeiing geskets, en aan

1) Vide vorige onder-afdeling (b)
2) Vide genoemde Jaarrapport 1937 bl. 6.
3) Vide Blouboek U.G. 1914.

die Volkraad in Februarie 1914 voorgelê, het 'n beton stutwal van die boogtipe aan waterdrukkant [1], 199 voet hoog bokant die onderste fondamentvlak voorgestel. Dit sou in staat wees om 5,100 miljoen kubieke voet water waarvan 4,667 miljoen kubieke voet vir besproeiing aangewend kon word, op te gaar. Met die opgegaarde water kon 15,000 morg grond besproei word.

Met hierdie „Project Report" in die Volksraad ter tafel en die nypende „Armblanke Vraagstuk" voor oë, het die regering daartoe oorgegaan om wetgewing in te dien en sonder veel teenkanting die bekende „Hartebeestpoort Besproeiingschema in de Krokodilrivier, Wet nr. 32 van 1914", te passeer. Hierdie wet is gebaseer op Wet nr. 8 van 1912 soos goedgekeur en geteken op 27 Mei 1912 en waarvan die titel as volg lui: „Ter Zamenvatting en Wijziging van de in de Unie geldende wetten op het gebruik van water van openbare stromen voor huislike, besproeiings- en nijwerheidsdoeleinden en tot de bevordering van de besproeiing van grond en het gebruik van water".

Genoemde Wet nr. 32 van 1914 i.v.m. die skema en soos in die Buitengewone Staatskoerant nr. 532 van Julie 1914 gepubliseer, dui in sy titelparagraaf die volgende aan:

„Houdende bezondere bepalingen voor de aanleg door de regering, overeenkomstig een besproeiingschema van zekere besproeiingswerken op de Krokodilrivier in de distrikten Pretoria en Rustenburg, Transvaal, en voor de verkrijging van grond en voor andere doeleinden in verband met zodanige schema."

Hierdie wet behels verder kortliks die volgende:

1. Die omskrywing van die bestaande regte van die oewerbewoners wat 'n jaarlikse toekenning van 600 miljoen kub. vt. water kry.

---

1) Vide foto nr. XVI bl. 115/116.

2. Voorsiening van besproeiingswater aan private boere onder die kanale.

3. Beskerming van die toevloei na die voorgestelde dam; (dit verbied die bou van opgaardamme en die aanlê van nuwe uitkeervore in die hele opvanggebied).

4. Voorsiening om grond wat aan naturelle behoort en binne die besproeiingsgebied lê, te koop of te ruil; en

5. voorsiening vir die uitskakeling van moontlike wateraksies wat uit hierdie skema of ander skemas voor die waterhof mag dien.

Uit die bespreking van die wetsontwerp moet afgelei word dat daar sonder versuim met die werksaamhede sou begin word, maar die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog (1914-'18) kort na die van kragwording van hierdie wet, het die onmiddellike aanvang van hierdie konstruksie in die wiele gery.

Teen die helfte van 1916 het die regering besluit om met die werksaamhede te begin deur die verlening van outoriteit om die nodige masjinerie te bestel.

Die regering het hierdie besluit geneem omdat:

1. Hy besef het dat daar heelwat tyd verloop voordat die werklike werksaamhede 'n aanvang kan neem as 'n gevolg van die vertraging en moeilikhede vanweë die oorlog om die nodige masjinerie en gereedskap te bestel en by die bestemde plek te besorg;

2. dit duidelik geword het dat vanweë die oorlog en pryse wat gedurig styg daar geen ekonomiese of finansiële voordele t.o.v. die aankoop van die benodigdhede verkry sou word deur nog langer uit te stel nie;

3. na die afloop van die oorlog werkloosheid algemeen sou wees en dit dan goed te pas sal kom as 'n skema soos hierdie aan die gang is om die werkloses te plaas;

4. dit ook duidelik geword het dat verdere uitstel die grondeienaars binne die gebied sou beïnvloed om ver-

Foto nr. X.



Brits-Weshalte vanwaar die boumateriaal vir die dam per spoor na Hartebeestpoort vervoer is, maar die os is vir die doel ook hier ingespan.

Foto nr. XI.



Die geduldige osse trek die trokke met materiaal na die plek van bestemming. Hierdie manier van vervoer het vanaf die einde van 1918 tot die helfte van 1919 toe 'n petroltrekker beskikbaar gestel is, voortgeduur.

beterings aan te bring om hoër pryse vir hulle grond te kry, daar hulle besef het dat die regering wel die grond vir nedersettingsdoeleindes sal aankoop. (Sulke verbeterings is toe reeds selfs waar dit nie nodig was nie, aangebring.)[1]

Die geskikste plek waar die nodige geboue, kantore e.d. opgerig en die masjinerie geplaas kon word, was nie beskikbaar nie omdat die eienaar die nodige grond onder sekere voorwaardes wat deur die owerheid nie aanvaar kon word nie, aangebied het. Die owerheid het toe, nadat daar geen ooreenkoms bereik kon word nie, die benodigde bergagtige gebied vir sy doel onteien.[2] Die gebied lê aan die noordelike hang van die Magaliesberg in die nabyheid van die damwal.

Die daad van onteiening het op 'n hofgeding wat in die Appélhof beslis is, uitgeloop, en het aanleiding gegee tot verdere wetgewing. In die Hooggeregshof op Pretoria is in November 1917 t.o.v. die eis: „as to the Government's right to expropriate the land required", ten gunste van die handeling van die owerheid beslis. Daar is egter appél aangeteken, en hier was die bevinding dat die goewerment nie die reg tot onteiening besit t.o.v. „land required for the collateral purposes of establishing quarries, erecting plant, etc."[3]

Hierdie moeilikheid is eindelik in September 1918 deur die spesiale wet „Het Hartebeestpoort Besproeiingschema, (verwerving van grond)," (Wet nr. 23 van Mei 1918) te bowe gekom. Die wet is „Tot uitbreiding van de bevoegdheden van de Goeverneur-generaal ten aanzien van de

---

1) Vide Blouboek U.G. 19/1918, bl. 69.

2) Vide foto nr. XII bl.108/109 en

Opm. Die eienaar het probeer om die omstandighede tot eie voordeel uit te buit.


3) Vide die genoemde Jaarrapport 1937 en ook Blouboek U.G. 19/1918, bl. 64 e.v. i.v.m. die hofgeding: Maarseveen vs. Rex oor die onteiening van die genoemde grond.

Foto nr. XII.



Die hoofkwartiere van die Hoofingenieur en sy personeel wat die verantwoordelikheid van die konstruksie van die Hartebeestpoortdam op hulle skouers gehad het. Oor hierdie gedeelte van die berg het die saak Maarseveen vs. Rex gegaan. Kommandonek lê in die aftergrond.

Foto nr. XIII.



'n Vloed in Maart 1921 vernietig al die werk. Die bouprogram van die wal was beplan om gedurende die droë seisoen Maart tot September 1921 die fondament en die wal tot ses voet bo die bedding van die rivier te bou, maar 'n reënneerslag van 12½ duim in Maart het 'n vloed veroorsaak wat al die aanvoorwerk vernietig het.

verwerving van grond voor doeleinden in verband met het Hartebeestpoort Besproeiingschema." Dit maak ook voorsiening vir 'n Arbitrasiehof om oor geskille wat oor die waarde van onteiende grond mag ontstaan, te besleg.[1)]

Die beëindiging van die hofgeding het die ingenieur in staat gestel om wonings vir die personeel en die nodige kantore en ander geboue wat nodig was, van baksteen op te rig.[2)] Hierdie werksaamhede is verder deur 'n bouerstaking in Pretoria wat drie maande lank geduur het, vertraag. Die griepepidemie van Oktober 1918 het die werksaamhede ook gestrem.[3)]

(e) Voorbereidingswerk.

Terwyl die hofgeding, Maarseveen vs. Rex, aan die gang was, is 'n smal spoorlyn van 600 milimeter (± 2 vt.) wydte, vanaf Brits-Weshalte[4)] op die Pretoria-Rustenburg spoorweg, na Hartebeestpoort aangelê. Die spoorlyn was teen die einde van 1918 gereed. Die nodige materiaal kon nou per spoor tot by Hartebeestpoort vervoer word. Vanweë die Eerste Wêreldoorlog, 1914-'18, wat die tekort aan die nodige masjinerie wat bestel was, veroorsaak het, moes die os maar weer ingespan word.[5)]

Die stadige vervoer het tot teen die helfte van 1919 voortgeduur. Op hierdie stadium is 'n petroltrekker wat deur die militêre outoriteite op Robbertshoogte gebou is,

---

1) Opmerking:- Hierdie wet het Maarseveen wel die les gelees, maar Johan H. Schoeman wie se grond deur die opgegaarde water bedek sou word, moes met slegs £25 per morg tevrede wees en die skadevergoeding het slegs die 400 morg wat onder besproeiing was, gedek. Schoeman het aan ons meegedeel dat hy in 1918 net vir die koringoes £12,000 ontvang het. Die here Burt-Davie en Murray, geswore waardeerders, het die waarde op £75 per morg gestel. Schoeman het in wanhoop uitgeroep: „Wat dood, skuld en geldskieters nie kon nie, het die s.g. Wet gedaan. Oorwonne deur die onvermydelike; die wet, die blote wet forseer ons weg."

2) Vide foto nr. XII bl. 108/109.

3) Jaarrapport 1937.

4) Vide foto nr. X bl. 107/108.

5) Vide foto nr. XI tot 107/108.

beskikbaar gestel.[1)]

'n Voorlopige verlegging van die Rustenburg- Pretoriapad is ook onderneem, omdat dit gedeeltelik deur die opgegaarde water bedek sou word. Die oorspronklike pad wat van Rustenburg af ooswaarts al langs die Magaliesberg aan die noordelike voet loop, het destyds naby die huidige Hartebeestpoortdam suid oor Kommandonek en dan weer deur die vallei, tussen die Magalies- en die Witwatersberg oos gedraai. Die pad het die Magalies- en Krokodilriviere gekruis. Dit het dus deur die opgaarkom van die Hartebeestpoortdam geloop. Die voorlopige pad wat egter vandag nog in gebruik is en in stand gehou word, is van die punt waar dit suid oor Kommandonek draai, verlê. Dit loop nou al langs die noordelike voet van die Magaliesberg, deur die Krokodilrivier, tot waar dit sy aansluiting aan die Pretoria- Britspad by Silkaatsnek vind. Hier draai dit dan suid oor die nek en verder oos deur die genoemde vallei na Pretoria.

Die verdere voorbereidingswerk wat onder ingenieur W. Cooper gedurende 1919-1920 onderneem is, is die oprigting van 'n elektriese kragstasie om lig en krag by die werk, personeelshuise, kantore e.d. te verskaf. Water is ook na die genoemde huise en werkerskampe aangelê.

Die ou pad in die vallei langs die Magaliesrivier weswaarts na Skeerpoort en Krugersdorp moes ook hoog teen die suidelike hang van die Magaliesberg, vanaf Kommandonek tot op Skeerpoort verlê word, omdat die ou pad ook deur die opgegaarde water bedek sou word. 'n Pad is ook vanaf Hartebeestpoort na Brits aangelê.

Vroeg in 1919 is ook met die uitgrawingswerk begin om twee kisdamme (cofferdams) en afleikanale te maak om die water van die rivier af te lei sodat met die eintlike konstruksie van die wal 'n begin gemaak kon word. Vir hierdie

---

1) Die gegewens in hierdie afdeling is verkry uit die reeds genoemde Jaarrapport 1937 tensy anders vermeld.

werksaamhede is 'n lang hangbrug van 192 voet lank oor die stroom, van krans tot krans in die poort, aangebring. Hierdie brug was bedoel vir die werkers en was slegs 'n voetbrug [1] wat, toe die werksaamhede aan die wal werklik in 1921 begin het, afgebreek is.

(f) Die Konstruksie van die Wal.

Alhoewel daar vroeg in 1919 met uitgrawingswerk soos in die vorige paragraaf gemeld, begin is, het die werklike werksaamhede aan die walkonstruksie om verskillende redes (word nie in die Jaarrapport genoem nie) eers twee jaar later in Maart 1921 'n aanvang geneem.

Dit word in die Rapport (1937) dan ook gestel dat die werksaamhede en die voor- en die na-oorlogse moeilikhede tot en met Maart 1921 nietig vergelyk met die werklike konstruksie van die damwal[2] toe ingenieur F.W. Scott die verantwoordelikheid van Cooper oorgeneem het.[3]

Mnr. Johan Schoeman wat 'n daelikse aanskouer van die aktiwiteite was, het aan die einde van die werksaamhede toe ingenieur F.W. Scott bedank het omdat sy salaris ontoereikend was en hy geen verhoging kon kry nie, die feit as volg bestempel: „During 1921-22, under the able engineer F.W. Scott, the work, which at one time seemed doomed to failure, owing to the chief official's methods, was carried thro' triumphantly." En dan volg 'n skerp kritiek met snedige ironie in sy opmerkings aan die adres van Sir Thomas Smartt, die destydse verantwoordelike minister t.o.v. die behandeling van Scott wat in mnr. Schoeman se oog (en dit was ook 'n feit) 'n besonder knap man was.

---

1) Vide foto nr. VIII op bl. 103/104.

2) Om 'n goeie denkbeeld van die werklike werksaamhede te kry verwys ons na die S.A. Irrigation Magazine van Oktober 1921 vol. I en na die foto's op bl.4 tot 11, 72, 140 en 217 van die tydskrif.

3) Toe Scott van Cooper oorgeneem het, het die koste reeds op £391,467.16.4. beloop, waarvan £117,360.12.0. direk by die bouwerk betrokke was. Vide Blouboek U.G. 32/1921 bl. 23.

Hy sê: „This we must record to sir Thomas Smartt's credit: the young man who saved the situation for the Government and for S. Africa, F.W. Scott, and whose salary was about half of that of his illustrious predecessor's, was allowed to be 'cleared out' of our literally dried up country (dried up specially of brain and enterprise) because Sir Thomas' conception of progress, economy and fairplay did not allow of Scott's salary being appreciably increased. Ability and initiative do not seem welcome to red tape cursed governments." Oor die naam van Scott se voorganger swyg hy liewer.

Na die aanstelling van mnr. A.D. Lewis vroeg in 1921 as Direkteur van Besproeiing en die vervanging van Cooper deur F.W. Scott as Hoofingenieur het die werk besonder fluks gevorder.

Scott het dadelik begin om 'n werkrooster en -skema op te stel, sodat volgens 'n spesifieke plan die hoeveelheid werk binne 'n vasgestelde tydsbestek ten koste van wat ook al, afgehandel moes word.

Vanweë die variërende stroomsterkte van 40 kuseks in die winter tot 200 kuseks in die somer, met groot vloede wat heel dikwels tot 12,000 kuseks, en al op 'n keer tot 140,000 kuseks aangegroei het, moes die bouprogram vir die droë seisoen van Maart tot September beplan word. In September 1921 moes die wal minstens 6 voet hoër as die rivierbedding wees. In Maart 1921 het die opvanggebied egter 'n buitengewone neerslag van 12½ duim reën ondervind en die vloed het die handewerk vernietig sodat die werksaamhede eers weer in April 1921 'n aanvang kon neem.[1)]

Eers moes twee opvangdamme gemaak word, een om die stroom en die ander om die syferwater op te vang om weggelei te word. Hiervoor moes 'n kanaal en tonnel van 240

---

1) S.A. Irrigation Magazine a.w. bl. 3 en 10. Vide ook foto's nr. XIII op bl.108/109 en nr. XIV en XV bl. 114/115.

voet gesamentlike lengte, 12 vt. wyd en 6 vt. diep ook gemaak word.

Dit was egter 'n moeilike tyd veral om die geskikte tipe arbeider te kry. „This was a bad period. The whole of the work is being carried out by white labour and about this time demand for labour had increased rapidly with opening up of various sections. Previously, picked men had been sent forward "en masse". And what a mass. Mob is a more descriptive word. For about five weeks the air seemed filled with the rush of passing strangers. The docks at Liverpool or perhaps Antwerp during the advance of the Germans through Belgium in the early days of the war might supply a parallel. They came. They also went in most cases; and often without saying: Goodbye. Work: The last thing they wanted. Relief: Oh yes, but not work."[1)]

Die werk het volgens program agtergeraak, want arbeiders was nodig en toe daar uiteindelik verlof gevra is om naturelle te emplojeer, het dit soos 'n toorstokkie gewerk en geskikte blanke arbeidskragte het opgedaag. Die meeste blanke arbeiders was boere wat weens omstandighede buite hulle beheer verarm het, en wat gewoon was aan harde werk.

Die flukse arbeiders het onder uitstekende toesig aan die werk gespring, die opvangdamme, kanaal en tonnel gebou. Gate is in die rots geboor en 'n blok kwartsietrots van 30 vt. diep 73 vt. wyd en 490 vt. lank is los geskiet en verwyder. Op 29 Julie 1921 het die uitgrawings in die rotsbank so gevorder dat met die betonlegging begin kon word. Op 7 September 1921 was die wal volgens plan 6 vt. bokant die rivierbedding wat aandui dat 9,500 kub. jrt. beton gelê is.

---

1) S.A. Irrigation Magazine a.w. bl. 10.

Nota: Alle gegewens, tensy anders vermeld, is ontleen aan die inhoud van die reeds genoemde Jaarrapport 1937.

Namate die wal hoër gebou is, is rekening gehou met die opgaring van water; die masjinerie is dus afgebreek en uit die opgaarkom op die regter oewer na 'n hoër staanplek op die linker oewer buitekant die opgaarkom verplaas en 'n kabelspoor is van krans tot krans oor die hele lengte van die wal gelê. Hierna is 'n gedeelte van die afleitonnel toegestop sodat net die verpligte 600 kuseks kompensasie-water kon deurvloei. Die opgaring van water kon begin sodat die uitlaatsluis van die kompensasiestroom, wat op 82 voet hoogte bokant die bedding sou kom, die water kon deurlaat wanneer die onderste tydelike deurgang finaal toegemaak kon word.

Op 82 voet hoogte bokant die bedding is drie uitlaatsluise met hulle tonnels, een vir elk van die twee kanale en een vir die kompensasiestroom, gebou.

Vroeg in die reënseisoen 1922-23 het dit baie gereën en daar was 'n vloed wat die water tot die hoogte van die uitlaatsluise laat styg het. Die tydelike tonnel onder die bedding is toe permanent toegemaak, sodat die kompensasiestroom deur sy bedoelde uitlaatsluis en tonnel kon vloei. Teen die einde van die reënseisoen was die dam reeds meer as halfvol.[1)]

Aan beide kante van die poort is 'n diepte van 40 voet rots volgens die walformaat uit die kranse geskiet sodat die wal tot daardie diepte in die kranse ingebou is om meer steun en stukrag aan die boogwal teen die waterdruk te verleen. Die boogronding is aan die waterkant.[2)]

Presies twee jaar na die aanvang van die werklike konstruksie is die walbou in April 1923 afgesluit en in September 1923 is die pad oor die wal ook vir gebruik gereed verklaar.


---

Nota: Gegewens is ontleen aan die gegewens van genoemde Jaarrapport 1937.

1) Vide Blouboek U.G. 2/1924 bl. 26 en foto nr. XV bl. 114/115.

2) Vide foto's nr. XVI en XVII op bl. 115/116.

Foto nr. XIV.



In April 1921 is weer ~~die~~ met die konstruksie van die wal begin en is suksesvol deurgevoer volgens die opgestelde plan.

Foto nr. XV.



Die waters is besig om die vlakte te bedek. In September 1921 was die wal dan ook ses voet bo die bedding van die rivier en water het begin opgaar. In die reënseisoen 1922-23 was daar 'n vloed en die wal was toe al hoër as die uitlaatsluise op 82 voet bokant die bedding sodat die waters kon opstoot en die vlakte in die vallei kon bedek.

Die oorloop is 'n trog wat in die krans gemaak is. Die trog is ongeveer 21 voet diep, 140 voet wyd en 250 vt. lank.1) Daar is 12,950 kub. jrt. beton om die voering van die trog uit te lê teenoor die 77,750 kub. jrts. van die wal gebruik. Die koste van die wal het £338,733, die oorloop £113,517 en die tonnel en ryweg £48,562 bedra.2)

Vanaf die onderste fondamentlaag van die wal tot op die ryweghoogte is die wal 194¾ voet hoog en op die onderste fondamentlaag is dit 71 vt. wyd, terwyl dit op padhoogte slegs 15 vt. wyd is. Die lengte van die pad oor die boogbetonbrug wat oor die oorloop span, is 141½ vt., oor die wal 490 vt. en deur die tonnel in die krans 186 vt. wat 'n totale lengte van 817 vt. is.

As die dam vol is, staan die water 140 voet dik en het dan 82 vt. „dooie" water wat nie uitgelei kan word nie, en slegs 58 vt. is bedoel vir gebruik. Die verskil is egter dat die 82 vt. diepte water maar ongeveer 10 persent van die totale inhoud uitmaak.

Aan die agterkant van die wal op die ou rivierbedding is 'n hidro-elektriese installasie gebou wat sy aandrywingskrag van die kompensasie-waterstroom wat ook vir die doel aangewend word, verkry. Die elektriese krag wat hier ontwikkel, word vir die ligte op die pad oor die wal, die woonbuurt in die onmiddellike omgewing en as aandrywingskrag vir die masjiene wat daar nodig is, aangewend.

Op die krans waar die wal en die boogbrug wat oor die oorloop gebou is, bymekaar kom, is 'n monumentboog3) wat min of meer vergelyk kan word met die „Arc de Triomphe" in Parys (Frankryk), opgerig. Die woorde „Sine Aqua Arida Ac Misera Agri Cultura" uit Varro: „De re Rustica" en net


---

1) Vide foto op titelblad. Die linkerwal van die trog was die rand van die krans wat weggeskiet is tot op daardie hoogte.

2) Blouboek U.G. 2/1924 bl. 26.


3) Vide foto's nrs. XVI en XVII op bl. 115/116.

Foto nr. XVII.




Die damwal vanaf die oostekant gesien. Dit toon die ryweg oor die wal en die boogbrug oor die oorloop aan. Die oorloop is in die krans aan die westekant van die poort uitgeskiet. Die monumentboog is op die kant van die krans waar die wal en die boogbrug met mekaar verbind is, gebou.

Foto nr. XVIII.



Die damwal soos vanaf die suidekant of opgaarkant gesien. Die posisie van die boogbrug en van die monumentboog is hier baie duidelik.

hier onder die woorde: „Dedi in Deserto Aquas Flumina in Invio" (vgl. Jesaja 44:3 (a) ) is op die boog aangebring.

Vanaf Silkaatsnek al langs die suidelike voet en dan verder teen die hang van die Magaliesberg is 'n pad uitgekap. Hierdie pad gaan deur die tonnel, oor die walryweg en sluit aan die noordekant van die berg, wes van die damwal by die ou Rustenburg-Pretoriapad aan.

Die oorloop lei die oortollige water oor die natuurlike krans weg en die wal het geen drukkrag van 'n wegvloeiende vloed te ondervind nie. In Maart 1925 het 'n geweldige vloed, nadat die dam vol was, oor die krans deur die trogleiding, met 'n volumesterkte van 130,494 kubieke voet water per sekonde die berghelling in 'n grootse gesig oor die kranssteilte donderend na benede gestort. Dit was 'n geweldige toneel waarteenoor die mens met sy groot vernuf soos 'n nietige stofdeeltjie vergelyk! En tog is dit die mens met sy buitengewone gawe van verstand wat die voorwaardes en moontlikhede benut het!

Die brein wat hier gewerk het, verdien die dank en waardering van die hele Suid-Afrika wat deur hierdie proewe gebaat en latere moontlike foute laat uitskakel het.

Johan Schoeman skryf: „Certainly, blunders were made, but after all, new conditions had to be faced and a certain amount of experimenting was unavoidable. All's well that ends well! Applies here too."

(g) Die Aanlê van die Kanale.[1]

Die aanlê van die kanale was 'n aparte organisasie en volgens die besluit van die Departement van Irrigasie sou hier ongeskoolde arbeid gebruik word. Sodanige arbeiders wat by die walkonstruksie ontbeer kon word, is na die kanale oorgeplaas.

Met hierdie onderneming is teen die einde van September 1921 net na die eerste gedeelte van die walbouplan

---

1) Gegewens van hierdie gedeelte is verkry uit die meermale genoemde Jaarrapport, tensy anders vermeld, en vide vir Besproeiingsgebied en Kanale, Kaart nr. 2.

afgehandel was, 'n begin gemaak. Hierdie taak is toe met slegs 200 arbeiders aangedurf omdat die fondse haas uitgeput was. Die konstruksie aan hierdie deel van die hele skema het stadig gevorder. Hierdie deel van die konstruksie is ook nog dikwels deur 'n tekort aan arbeidskragte vertraag; tog was dit moontlik om die boonste deel van die besproeiingsgebied reeds teen Julie 1924 van water te voorsien terwyl die konstruksiewerk verder voortgesig is.

Die Weskanaal is 35.5 myl lank en het 'n kapasiteit van 200 kuseks. Hierdie kanaal loop grotendeels deur die vlakte, dus deur makliker hanteerbare bodemgesteldheid, alhoewel dit deur 'n rant van die volgende parallelreeks 2,000 voet ver deur die harde Stollingskompleks Bosveld, noriet, getonnel moes word. Aangesien hierdie kanaal korter is, 'n kleiner inhoud het en grotendeels deur die vlakte gaan, het dit slegs een derde van die arbeidskoste van die Ooskanaal meegebring. Die hoofkwartiere van die administrasie en die organisasie van die Weskanaal was by die dam, en was destyds bekend as die „Canal Construction, Hartebeestpoort."

Die Ooskanaal het uit twee dele waarvan die noordelike 17 myl afstand bekend is as die Noordkanaal, bestaan. Die totale lengte van die Ooskanaal is 48.7 myl en het 'n kapasiteit van 300 kuseks. Die organisasiekantore van hierdie kanaal was ongeveer in die middel van die werkoperasies, omtrent 3½ myl noord van Britsstasie aan die Mamagaliesrand waar die huidige Landbou Hoërskool is, en was destyds bekend as die „Canal Construction, Brits."

Die Ooskanaal is deur moeiliker terrein aangelê en het heelwat arbeidskoste vanweë sy groter lengte, groter inhoud en moeiliker terrein, meegebring.

Dit moes deur die harde kwartsiet teen die styl berghelling benede die wal ongeveer 1¼ myl ver aangelê word. Daar moes verder nog drie beton watergeute met 'n kapasi-

teit van 300 kuseks en 'n gesamentlike lengte van 2,562 voet, asook twee tonnels van 235 voet gesamentlike lengte gebou word. Dit was ook nodig om vanweë die hellende bodemgesteldheid 'n betonwal en gemesselde stutwal oor 'n totale afstand van 1,790 voet te bou. Vanweë die poreuse geaardheid van die gruisagtige ondergrond moes op plekke en wel oor 'n totale afstand van 1,050 voet 'n beton voering gelê word. Omtrent 8 myl vanaf die dam is 'n hewelpypleiding (siphon) van 8 voet binnedeursnee en 2,913 voet lengte, om die water deur 'n diep spruit en breë laagte te voer, gebou. By die parallelreeks Roodekopjes moes die kanaal teen die helling oor 'n afstand van 3½ myl deur die harde Stollingskompleks Bosveld, noriet, aangelê word terwyl dit op plekke so diep as 30 voet oor 'n totale afstand van 2,500 voet uitgekap moes word. Hierdie enkele aanduidings is van die moeiliker terrein en konstruksiewerk, 'n genoegsame bewys.

Beide kanale is so beplan dat die wal aan die hellingkant 'n groot ryweg was. Hierdie kanaalpaaie was destyds en selfs jare daarna 'n nuttige oplossing van die verkeerswegvraagstuk in hierdie omgewing. Hier was geen gegruisde paaie nie, en gedurende die reëntye was die paaie wat daar wel was, onbegaanbaar. Nuwe poskantoorname soos Vasval en Vorentoe getuig van hierdie moeilikheid gedurende die reëntye in die beginjare van die nedersetting.

Aan die kanale het 19 ingenieurs en ongeveer 2,500 arbeiders gereeld gewerk.

Vanaf Mei 1919 tot Maart 1923 is slegs blankearbeid, volgens owerheidsbepalings, gebruik; maar vanaf Maart 1923 is ook naturellearbeid ter wille van 'n arbeidstekort en kostebesparing ingespan. Op een tydstip toe die konstruksiewerk aan die wal en die kanale in volle swang was, was hier 'n maksimum van 3,300 blanke arbeiders werksaam wat met[1)] hulle gesinne ruim 10,000 siele getel het.

---


1) Nota: Alle gegewens, tensy anders vermeld, is verkry uit die genoemde Jaarrapport 1937.

Foto nr. XVIII.



Die ou manier van vervoer. Die ossewaens met bale hawer wat na die mark vervoer word. (1921) Hierdie manier van vervoer was algemeen tot ongeveer 1936. Vanaf hierdie jaar is meer en meer vragmotors met vragte op die paaie aangetref. Vanaf 1946 is net af en toe 'n ossewa op die pad gesien. Die vragmotor en die trekker met 'n vragwa is nou die algemene vervoermiddels.

Foto nr. XIX.



Die dorsvloer. (1921) Hierdie tipe dorsvloer was algemeen tot 1936 toe die stoomenjin vervang is deur die trekker. Stropers is toe ookal op die lande gesien. Sedert 1946 het die stroper meer en meer die oes- en dorswerk gedoen.

Vir hulle moes ook voorsiening van huisvesting en ander geriewe gemaak word.

Arbeidskampe, elf in getal, is op geskikte plekke opgerig sodat die arbeider gou en sonder moeite by sy werkplek kon kom. Tente, om te voorsien in akkommodasie, sowel as brandhout en mediese dienste in die verskillende kampe, is gratis verskaf. Getroudes het ook tente vir hulle huisgesinne gekry.

'n Groot verplaasbare hospitaal met alle benodigdhede onder die toesig en bestuur van 'n inwonende medikus en die nodige personeel, is op 'n sentraal geleë plek opgerig. In elke arbeidskamp was ook nog opgeleide verpleegsters of verpleërs gestasioneer.

Die Transvaalse Departement van Onderwys het in elke kamp 'n verplaasbare skool van hout-en-sink of groot tente, opgerig. Hierdie skole het elk 'n agerende hoof onder die algemene toesig en beheer van 'n organiserende hoof met sy kantoorsentrum by Hartebeestpoort, gehad.

Die predikante en kerkrade van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk en van die Gereformeerde Kerk het die mense kerklik bearbei.

Einde Mei 1925 is die organisasie van die Resident-ingenieur, Kanaalkonstruksie, Brits, aan die Administrasie-ingenieur, Hartebeestpoort oorgedra, en hy het vanaf 1 Junie 1925 die kontrole oor alle verdere konstruksiewerk, ontwikkeling en instandhouding van die skema, gehad.

Vanaf 1 April 1926, d.w.s. van die begin van die finansiële jaar 1926-27, is die instandhoudingskoste in rekening gebring by die Tesourie en dit het dan ook beteken dat die konstruksiewerk afgehandel was. Die kanale is voltooi teen 'n koste van £662,000.[1)]

---

1) Alle gegewens wat hier verstrek is, is uit die genoemde Jaarrapport 1937 van die Irrigasiedepartement verkry.

Opmerking: Die Administrasie-ingenieur deel mee dat ± 30% water verlore gaan by die distribusie daarvan en om hierdie vermorsing te bowe te kom, word die sementering van die kanale teen 1956 beoog.

Die kanale besproei die volgende oppervlaktes:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ooskanaal: | (a) | Kroongrond ..... | 7,130 morg. |
| | (b) | Private grond .. | 4,675 morg. |
| Weskanaal: | (a) | Kroongrond ..... | 4,730 morg. |
| | (b) | Private grond .. | 6,196 morg. |
| Totaal Kroongrond ............. | | | 11,860 morg. |
| " Private grond ........... | | | 10,871 morg. |
| | | Totaal. | 22,731 morg. |

Alhoewel slegs 15,000 morg vir besproeiing geskeduleer is, word bogenoemde oppervlakte tog met die toewysing besproei. Die aangekoopte kroongronde, óf deur direkte aankoop óf aankoop met die oog op uitruiling, het £155,000 gekos.

D. Die Nedersettings.[1)]

Volgens die besonderhede soos in die Jaarverslag (1936) van die Sekretaris van Lande uiteengesit, is ongeveer 45,000 morg grond onder die Hartebeestpoortse Besproeiingskema vir nedersettingsdoeleindes teen 'n bedrag van ongeveer £3.19.0. per morg, aangekoop. Die totale bedrag vir grond onder die skema aangekoop, het ongeveer 20 persent van die totale netto kapitale koste tot op 31 Maart 1936 beloop. Dit sluit die aankoop van die grond wat deur die water van die dam bedek word, in; hierdie grond het 7½ persent van die bedrag verteenwoordig terwyl die gronde vir nedersettingsdoeleindes 12½ persent van die bedrag bedra.[2)]

Die regering het na die beëindiging van die konstruksiewerk van die wal, die aanlê van die kanale en die ontbossing van die kroongrond, as sy beleid aangeneem om die aangekoopte besproeibare en bewerkbare grond in hoewes te verdeel en minderbevoorregtes as nedersetters daarop te plaas in sover dit prakties moontlik was. Na die ont-

1) Vide bygaande foto's nrs. XX - XXII bl. 120/121 en Besproeiingskaart nr. 2.

2) Gegewens in hierdie afdeling verstrek, is uit die reeds genoemde Jaarrapport van die Departement van Irrigasie, verkry tensy anders vermeld.

Foto nr. XX..



'n Ou nedersettershuis links met die moderne woning van die eienaar regs. Geluknedersetting.

Foto nr. XXI.



'n Ou nedersettershuis links met die moderne woning van die eienaar regs. Mamagalieskraal.

Foto nr. XXII.



Woonhuis met skure en droogoond links op die latere nedersetting soos Wolwekraal en Reddinghoop.

bossing van die gebied, het die verdeling in hoewes en die bebouing daarvan plaasgevind.

Die nedersetters was meestal van die blanke arbeiders wat aan die skema werksaam was. „As the work on the canal construction came to an end the European labourers were gradually withdrawn to the various Farm Settlements and Training Schemes under the Departments of Lands, Labour and Agriculture to whom had been allotted the development of the government land under the Scheme." 1)

Ons kan nou die verskillende nedersettings onder die Hartebeestpoortse Besproeiingskema nader beskou.

(a) Kleinfontein - Klipkop.

Daar was oorspronklik 78 hoewes op die Kleinfontein-Klipkopnedersetting[2] wat onder seksie 7 van die Kroongrond Nederzettingswetten, (Verdere Wijzigingswet, 1922), toegewys is. Hierdie seksie 7 handel oor die „Toewijzing van Hoeve op voorwaarde van Gedeeltelike Betaling van Koopprijs" en waarby 'n nedersetter een tiende en hoogstens een vyfde van die koopprys per hoewe moes betaal. Die balans was dan met rente oor 'n periode van 40 jaar in gelyke halfjaarlikse paaiemente betaalbaar.

Die bedoeling was destyds, volgens die jaarverslag (1936) van die Sekretaris van Lande, om 'n beter tipe nedersetter met genoegsame kapitaal te lok sodat hy self, met miskien 'n klein bietjie finansiële hulp van die Departement, die grond kon ontwikkel en bebou. Om hierdie grond te verkoop, is dit gewaardeer teen 'n prys wat van £12.10.0. tot £23 per morg varieer na gelang die vrugbaarheid van die besproeibare grond gewissel het. Die prys van die onbesproeibare grond is op £2.10.0. per morg vasgestel.

---

1) Vide genoemde Jaarrapport 1937.

2) Teen 1935 is die aantal hoewes so gewysig dat daar 41 op Kleinfontein en 43 op Klipkop was.

(b) Mamagalieskraal.

Mamagalieskraal is oorspronklik met die oog op 'n proefhuurder-nedersetting volgens die Proefhuurderswet nr. 38 van 1924 beplan. Elke proefhuurder is van 'n ten volle bewerkte en beplante hoewe met woonhuis, tabakskure en ander nodige verbeterings soos omheining e.d. daarop, voorsien. Die uitlê van die hoewes was op eenhede van 10 morg goeie bewerkbare en besproeibare grond gebaseer.

Gedurende die eerste 15 maande het die proefhuurder 'n onderhoudstoelaag van hoogstens £5.7.6. per maand vir die eerste 9 maande, en die helfte van die bedrag per maand vir die volgende 6 maande ontvang. Hy is ook van die nodige boerdery-implemente, trekdiere, e.d. teen 'n afbetalingskoers van 40 persent van die waarde van sy oesopbrengs, voorsien. Volgens die wet sou die opleidingsperiode vir so'n proefhuurder van 1 tot 3 jaar duur. As die proefhuurder aan die end van hierdie opleidingsperiode deur die kontrolekomitee as bevoeg gesertifiseer word, het hy in aanmerking vir 'n hoewetoewysing onder die Kroongrond Nederzettingswet, (Wet nr. 12 van 1912) gekom.

In 1929 is hier aan die laaste proefhuurder sy hoewe aangewys. Sedertdien was Mamagalieskraal dan 'n Landenedersetting volgens genoemde Wet nr. 12 van 1912. Die oorspronklike 227 hoewes is individueel so vergroot dat die aantal tot 165 in 1936 verminder is.

(c) Zanddrift.

Die nedersetting op Zanddrift was grond wat deur die Departement van Arbeid verhuur is aan en bewerk en bebou is deur 100 pagterboere. Sedert 1930-31 het die Departement van Lande dit oorgeneem en verdeel in 68 hoewes wat ook aan huurders volgens die Kroongrond Nederzettingswet (Wet nr. 12 van 1912) toegewys is.

(d) Kameeldrift.

Dit was ook die beleid van die Departement van Lande om die kroongrond aan die regter en linker oewers van die

rivier op die plaas Kameeldrift-Oos en Kameeldrift-Wes te ontwikkel, 1. as 'n opleidingsplaas vir proefhuurder-nedersetters onder die Proefhuurderswet, (Wet nr. 38 van 1924) wat handel oor die „Verlening van het Recht van Tijdelike Okkupatie van Kroongrond aan Proefhuurders", en 2. as toewysing van nedersettershoewes onder die Kroongrond Nederzettingswet, (Wet nr. 12 van 1912). 'n Dergelike beleid is ook t.o.v. 7,500 morg grond op die Geluknedersetting onder die Weskanaal gevolg.

Kameeldrift-Wesnedersetting ontvang geen water uit die Weskanaal nie omdat hierdie nedersetting buite die bereik van die kanaal lê, maar is afhanklik volgens ooreenkoms, van die surpluswater uit die ouvoor bekend as „Eckardt se voor" wat private grondeienaars hoër op van water voorsien.

(e) Geluk.

Geluknedersetting is van die Departement van Arbeid met 100 pagterboere in 1930-31 deur die Departement van Lande oorgeneem. Sedertdien was dit 'n proefhuurder-nedersetting met 163 hoewes tot 1933 toe die hoewes finaal aan 116 hoewehouers volgens seksie 16 van die Kroongrond Nederzettingswet, (Wet nr. 12 van 1912) toegewys is.[1)]

Die res van die nedersettings was nog onontwikkel toe die hoewes op Geluk in terme van seksie 16 van die genoemde Wet nr. 12 van 1912 toegewys is.

Volgens die Jaarverslag 1932-33 van die Sekretaris van Lande het die destydse bestaande 7 nedersettings 6,556 morg besproeibare grond plus 11,075 morg vir droëlandboerdery beslaan. Hierdie grond was toe, volgens die huurkoopstelsel van die Kroongrond Nederzettingswet, (Wet nr. 12 van 1912) in die hande van huurkopers. Hierby kom nog 'n toevoeging van 19,399 morg vir weiding, reserwes en uitspannings.

1) Seksie 16 ressorteer onder hoofstuk III van Wet nr. 12 van 1912. Dit handel oor die „Toewijzing van Land voor Nederzetting" en het betrekking op „Aanbieding ter Uitgifte van Hoeven bij Kennisgeving." Aansoek kan dan gedoen word deur persone wat in sulke hoewes belangstel.

In 1933 was die aantal hoewes 617 van 'n gemiddelde grootte van 10.6 morg besproeibare grond. Die gemiddelde totale grootte van 'n hoewe, d.w.s. van die besproeibare grond plus die droëlande, was 28.5 morg. Teen 1936 het die totale getal hoewes weens 'n herindeling tot 518 verminder omdat die totale gemiddelde grootte van elke hoewe vermeerder is tot 34.0 morg waarvan 12.7 morg besproeibaar was. Die grootte van die hoewes verskil natuurlik onderling na gelang die vrugbaarheid en lokaliteit van die grond varieer. So verskil die grootte van die hoewes ook op die verskillende nedersettings. Die hoewes op Geluk, Mamagalieskraal en die latere nedersettings op Kareepoort en Losperfontein is oor die algemeen kleiner as die op die ander nedersettings. Die watertoewysing is op die basis van 10 morg per hoewe geskeduleer.

Na die voltooiing van die konstruksiewerksaamhede het die owerheid met 'n groot aantal arbeiders wat afgedank moes word, oorhoop gesit. 'n Heenkome moes gevind word. Die Departement van Arbeid het toe tydelik vir die mense sink-en-sakhuisies in die omgewings van Wolhuterskopstasie, die huidige Sonop en Losperfontein opgerig, terwyl die Departement van Landbou hulle as dagloners by verskillende projekte soos bv. die ontbossing van die onmiddellike omgewing gebruik het. Hierdie toestand het die ontstaan van die Losperfonteinse Opleidingsplaas meegebring.

(f) Die Losperfonteinse Opleidingsplaas.

Omdat die toestand in die sakdorpe baie onbevredigend was en baie „onheil"[1] daar uitgebroei het, is van owerheidsweë ingegryp en het die opleidingsplaas ontstaan.

Die Losperfonteinse Opleidingsplaas vir toekomstige nedersetters is, volgens die Jaarverslag (30 Junie 1936)

1) Die Superintendent van die nedersetting mag nie besonderhede vermeld nie, maar sê dat vanweë die beknoptheid van die omgewing sindelikheid gebrekkig was, higiëniese toestande swak, dat aansteeklike siektes maklik versprei het, rusies en vegterye ontstaan het, 'n sogenaamde „bokjol" het in dronkenskap, onkuisheid, vegterye en voordurende vetes ontaard.

van die Sekretaris van Landbou, op 1 April 1931 van die Departement van Arbeid oorgeneem as „a training scheme whereby the efficient training and sorting of settlers could be undertaken prior to such people obtaining government land under one of the acts dealing with Land Settlement." 1)

Volgens die toelatingsregisters van die Sonop- en Wolhuterskopskool is die beroep van die vaders as „dagloner" aangegee. Vanaf 1931 word die beroep as „pagters" aangedui waar daar van die arbeiders by private grondeienaars geplaas is. Vanaf 1934 word die beroep as leerlingpagters aangedui, want sedert 1933 is Kareepoort en Reddingshoop bewoonbaar en bewerkbaar en het onder Losperfontein geressorteer.

In 1937 was daar 167 leerlingpagters op 10-12 morg hoewes op hierdie skema. Suksesvolle leerlingpagters is na twee jaar as nedersetters op die hoewes waar hulle as huurkopers gekwalifiseer het, geplaas. Vanaf die helfte van 1938 blyk dit dat hier meer bestendigheid gekom het, want van nou af word die beroep van die vader op die admissieregisters as „boer" aangegee.

Hierdie nedersetters moes onderneem om volgens voorskrif en onder toesig so 'n hoewe minstens twee jaar lank te bewoon en te bewerk. 'n Maksimum toelaag van £150 is aan so 'n nedersetter om trekdiere en implemente aan te koop, toegeken. Verder het hy ook 'n maandelikse toelaag, bereken op 3/- of 4/- per dag, gekry. Teen hierdie voorskotte het die Departement van Landbou nege tiendes van die leerlingpagter se oes verkoop en die opbrengs op die rekening van die individu geplaas. Die oorblywende een tiende van sy oes kon deur hom, volgens voorskrifte, self verkoop of gebruik word.

---

1) Vide Jaarverslag, Departement van Landbou, 30 Junie 1936.

Hierdie opleidingsplaas het ook sedert 1939-1943 geleidelik[1] na die Departement van Lande oorgegaan, en 'n gewone nedersetting soos die ander geword.

In hierdie omgewing is eers drievertrek asbeshuise opgerig. Hierdie huise is geleidelik deur groter en doeltreffender wonings, na die oorplasing onder die Departement van Lande, vervang. Hierdie huise is van sementstene gebou, hierbenewens is skure, droogoonde en kelders opgerig waarvan die koste by die koopsom van die hoewe gevoeg is.[2]

(g) Sonop.

Toe hierdie nedersettingskema aangepak en toegepas is, is egter gevind dat daar nie voorsiening gemaak is vir ou en sieklike mense wat liggaamlik nie in staat is om 'n 10-12 morg hoewe te bewerk nie. Gevolglik het die gedagte ontstaan om 'n gedeelte van die Losperfonteinse Opleidingsplaas d.w.s. 'n gedeelte van Kareepoort-Oos wat in 1928 as die asbesdorpie, Sonop, bekend geword het, om te skep in so 'n 2 morgperseel nedersetting vir liggaamlik ongeskiktes vir wie daar geen kans was om by die werkgewers werk te kry nie omdat hulle liggaamlik onbevoeg was.

Dit is aanvanklik om 80 huisgesinne van hierdie tipe broodwinners te huisves, ingerig. Mnr. J.C. Bodenstein was toe Hoofbeampte van al die nedersettings en hy was vir die aanleg van die Sonopnedersetting vir liggaamlik ongeskiktes verantwoordelik.

Elke gesin is tydens die aanleg van die Sonopnedersetting in 1930 van 'n asbeshut met 'n perseel van 2 morg grond plus £2.10.0. maandeliks in kontant, as hy nie 'n trekker van ouderdomspensioen was nie, voorsien. Die pensioen was toe ook £2.10.0. per maand. So 'n nedersetter

---

1) Opmerking: Sodra 'n leerlingpagter aan die vereistes, na sy proefperiode, voldoen het, is hy oorgeplaas na die Departement van Lande as huurkoper. Omdat sommige eerder as ander suksesvol was, was die oorplasing geleidelik.

2) Hierdie gegewens is verkry uit die verskillende kontrakte van die mense, soos die vordering van stap tot stap gegaan het. Vide ook foto nr. XXII op bl. 120/121.

het nog die vrye gebruik van die implemente wat hy nodig gehad het om sy perseel te bewerk, gehad. Saad, kunsmis en dergelike benodigdhede is teen kosprys voorsien. Geen deel van die oes is geneem nie, en perseelhouers kon hulle geoeste produkte net soos hulle verkies het, self van die hand sit of gebruik. Die Sekretaris van Landbou het die koste per perseelhouer op £36 tot £37 vir die finansiële jaar 1935-36 gestel.[1)]

In 1939 is die Sonopnedersetting oorgedra aan die Departement van Volkswelsyn en van toe af het Sonop uitgebrei.

Sonopnedersetting is slegs bedoel om behoeftiges, meestal bejaarde, fisies ongeskikte persone [2)] te herberg op 'n plekkie waar hulle nog die orige kragte kan gebruik om tuinwerkies wat vir die liggaam en die gees bevorderlik is, te verrig, en sodoende ook nog tot die onderhoud van hulle gesinne by te dra.

Die doel was en is nog om in gevalle waar dit moontlik is, te rehabiliteer en nie om net 'n sitplekkie aan die sulkes te verskaf nie. Daar word wel deeglik rekening gehou om sulke mense wat vanweë hulle fisiese ongeskiktheid gevaar loop om onder te gaan, al is hulle nie van die hoë ouderdomsgroep nie, die hand te reik.

Een van die eerste verbeterings deur die Departement van Volkswelsyn aangebring, was die vervanging van die asbeshutte deur geriefliker identiese huise van 5 vertrekke wat óf van geheel hout óf van baksteen gebou is.[3)] Die persele is ook kleiner gemaak, sodat daar meer persele en huisvesting verskaf kon word. Water is by elke huis aangelê.

Op die oomblik kan Sonopnedersetting 149 gesinne en daarbenewens die Superintendent en sy personeel, huisves.

---

1) Vide genoemde Jaarrapport 1937.

2) Vide foto nr. XXV bl. 129/130.

3) Vide foto's nrs. XXIII en XXIV op bl. 127/128.

Foto nr. XXIII.



Sonop in die agtergrond. In die voorgrond 'n lap koring, tabakbeddings bedek met kaasdoek en heel voor lêplek vir koeie.

Foto nr. XXIV.



Sonop. Die hoofstraat met die tipies identiese huise en 'n groepie kinders.

Daar is nog 'n gemeubileerde huis waarin 6 fisies ongeskikte eenlopende mans gehuisves kan word. Hulle ontvang hierbenewens nog £4.2.0. per maand.

In April 1952 is hier nog 'n gerieflike gebou wat spesiaal opgerig is om 96 afgeleefde oues van dae te huisves onder toesig van die Departement van Volkswelsyn, in gebruik geneem.[1)]

Die getroude pare ontvang benewens 'n vry ongemeubileerde huis, vry water vir huisgebruik en besproeiing, plus 'n maandelikse geldelike toelae van £16.10.0. plus 12/- per kind onder die ouderdom van 16 jaar; hierbenewens geniet die gesin vry mediese dienste, en gratis brandstof tot 'n waarde van 10/- per maand.

Om 'n boerderytjie te begin, word aan elke nuwe gesin wat intrek, 24 henne en 'n haan gratis verskaf. Hierby geniet hulle die vry uitreiking van saad en misstowwe tot 'n waarde van £5 per jaar.

Verdere fasiliteite bestaan daarin dat hulle beddegoed en klerasie teen maklike maandelikse afbetalings kan aankoop, en hulle kry melk teen 1 pennie per pint. Kunsgebitte en brille kan teen 50 persent van die gewone prys met die betaling van 'n klein deposito, verkry word, terwyl die balans teen billike maandelikse afbetalings deur die plaaslike kantoor van die Superintendent wat weer vir die betalings aan die betrokke instansies sorg, geskied.

Die Departement van Volkswelsyn dra sorg dat die grond omgeploeg word en die saadbed gereed is vir elke oes. Die vernaamste oes is koring waarvan die gemiddelde opbrengs 12 sak per half-morg-perseel is plus die groente wat gedurende die somermaande daarop vir huislike gebruik gekweek word. Sommige perseelhouers hou melkbokke aan sodat hulle in hulle behoeftes aan melk verder gratis kan voorsien.

---

1) Sien foto nr. XXVI op bl. 129/130.

Hierdie Nedersetting teen die helling van 'n hoë piramiedetipe kop is skilderagtig geleë[1] met 'n ewe skilderagtige naam „Sonop" wat beide welgekose en sprekend is vanweë die ligging en die doel van die stigting van die dorpie. Hier word mense versorg wat in hulle sonsondergang lewe, maar hulle geniet hier nog die sonskyn.

Die omgewing gee nou, na sy bebouing, die indruk van 'n rustige plattelandse dorpie. Dit is behoorlik beplan met reghoekige kruisings van gegruisde strate waarlangs die persele van 'n half tot een morg grootte geleë is. Dit is bebou met die netjiese identiese vyfvertrek wonings in 'n immergroen idilliese landskap wat in die vroeë môre deur die eerste sonstrale gekus en vriendelik toegelag word.

In die winter wanneer die omgewing gewoonlik, andersins vaal en doods sou vertoon, is daar nou die groen koring wat aan die omgewing 'n buitengewone bekoring verleen. Die sier- en vrugtebome dra daartoe by om aan die omgewing 'n besondere rustigheid te verleen. Langs die geteerde hoofweg na Brits, en wat ook die hoofstraat van die dorpie is, is die tehuis vir die oues van dae, die administratiewe kantore, die gemeenskapsentrum vir kerk en ontspanning, die winkel, die slaghuis, die poskantoor, die skool, die kliniek, die wonings, die kerkhof en die melkdépot.

Na die koring geoes is, is daar die aanhoudende gedreun van die trekker wat die ploegskare deur die vrugbare swart grond laat sny en die vars reuk van die grond versprei. Hier en daar merk ons 'n ou man of vrou wat swaar oor die graaf buk om een of ander spitwerkie in die groentetuin te verrig. Met 'n glimlag beweeg 'n sieklike hartlyer of invalide tussen sy hoenderkampies om sy hoenders van die nodige voedsel en vars water te voorsien, want hier is hulle vreugde en afleiding; daar is al 'n mooi klompie hoenders en hulle verkoop eiers, kuikens, slaghoenders of

---

1) Vide foto nr. XXIII op bl. 127/128.

Foto nr. XXV.



Die hoofstraat in Sonop met 'n tipiese welsyns-nedersetter en sy eggenote.

Foto nr. XXVI.



Tehuis vir oues van dae op Sonop.

geslagte hoenders. Geen bediendes is hier te sien nie, want elke lid van die gesin verrig self sy of haar takies.

Die aanhoudende gesnork van motors oor die hoofstraat versteur effens die rustigheid, maar verbreek weer die eensaamheid van meer as een oue van dae of sieklike wat ook hierin sy afleiding vind, en buitendien toon dit aan dat dit nie 'n vereensaamde plekkie is nie. Op hierdie straat is daar dikwels vriendelik laggende kinders wat een of ander boodskappie by die kantoor, die slaghuis, die winkel, die poskantoor of by die kliniek moet doen.

Daar is ook geboë oues van dae met dieselfde doel op pad óf spesiaal na die kantoor óf na die kliniek waar 'n simpatieke houding of hand strelend werk op 'n miskien sware gemoed of pynplek.

Sondae beweeg die inwoners van die dorpie na die gemeenskapsentrum waar hulle gesamentlik in een heilige gemeenskap tot die lof van hulle hemelse Vader hulle stem kan verhef. In die week word hier saans geskikte ontspanningsprogramme verskaf.

In die sentrum is bedags die werksklasse vir die moeders wat daar met naaldwerk, konfytkook of dergelike dinge besig is, of hierin onderrig ontvang. Die kerk en die liefdadigheidsorganisasies staan die personeel van die Departement van Volkswelsyn hierin by.

Die mooi trop Frieskoeie in die nabyheid van die departementele melkery en goedingerigte pluimveeboerdery dra ongetwyfeld groteliks by tot die stil en rustige sowel as sielskragende landskap waar die beproefde, liggaamlik ongeskiktes hulle bevind. Hier vind hulle nie net 'n tuiste nie, maar alles word aangewend om die uiteindelike doel waar moontlik, die nedersetter se algemene gesondheid op te knap sodat, indien hy herstel, hy elders op 'n nedersetting 'n groter hoewe kan bekom om te bewerk.

Almal woon en lewe hier rustig en werk teen sy eie tempo te midde van die woeligheid, gejaagdheid, koorsagtige

haas en kragsinspanning op die omringende ander nedersettings.

Hier is geen polisiekantoor, kroeg of drankwinkel nie.

Deur ons intieme kennis van die omgewing en sy inwoners kan 'n mens nie anders nie, as om te konstateer dat die ongelukkiges hier tog gelukkig gemaak word en daarom gelukkig voel.

Die personeel van die Departement van Volkswelsyn doen persoonlik alles in sy vermoë om die regte atmosfeer te skep en te bewaar.

Omdat die nedersetters nie die nodige boeke van leerlinge in st. 9 en 10 kan bekostig nie, is deur die personeel 'n Boekefonds gestig. Nedersetters met skoolgaande kinders betaal 'n toetreefooi van £1 en 'n ledegeld van 1/6 per maand. Hieruit word die nodige boeke en eksamenfooie van die leerlinge wat dit nodig het, betaal; sodra die kursus voltooi is, word sulke aangekoopte boeke aan die fonds teruggegee om ander weer te help. Op hierdie manier ondervind diegene wat die las op 'n sekere tydstip moet dra, feitlik geen ongerief nie.

Daar is nog twee ander liefdadigheidsfondse nl. die Siekefonds en die Kersfonds. Eersgenoemde fonds waartoe elke gesin 6d. per maand moet bydra, is om siekes wat dit nodig vind om vervoer te word na 'n hospitaal elders, en dergelike kostes het, hieruit te help. Die Kersfonds het geen ledegeld nie en hiertoe dra die personeel, nedersetters en andere by om aan die volwassenes en hulle kinders geskikte presente met Kersfees te verskaf.

Baie word vir die mense gedoen deur ook die aandag aan die jeug te skenk i.v.m. hulle toekomstige loopbane, en fasiliteite word vir hulle geskep om na vakskole te gaan, veral vir die wat nie die kursusse van die hoërskole met sukses kan voltooi nie of om werk wat die beste by hulle aanleg pas te verkry; want die kinders wat oor 16 jaar is en nie meer 'n skool besoek nie, mag nie op die nedersetting

bly inwoon nie, behalwe in uitsonderlike gevalle soos die sieklikheid van die ouers, 'n werkkring in die buurt of naby geleë plekke, e.d. omstandighede. Losies word vir sulke kinders wat die ouerhuis verlaat om elders te gaan werk of 'n opleiding te geniet, gereël. Ledigheid word nie geduld nie.[1)]

(h) Slotbeskouing oor die Nedersettings.

Die totale aantal nedersettings op die kroongrond is nou (1952) 11 en na die herindelings en heraanpassings sedert 1934 is die getal hoewes 692 en is almal toegewys. Daar is 11 persele wat as kerk- en skoolgronde toegewys is onder die bepalinge van die Kroongrond Nederzettingswet (Wet nr. 12 van 1912 en latere wysigings van die wet). Van hierdie 692 hoewes was 451 in Januarie 1952 reeds volgens opgawes van die plaaslike Landekantoor klaar afbetaal.

Die wonings wat deur die staat op die verskillende hoewes opgerig is, is vandag deur die eienaars grotendeels vervang deur of verbou tot 'n meer moderne tipe huis. Waar die huise van die sink-en-hout tipes was, staan nog net enkele as woonhuise andersins dien hulle as buitegeboue.[2)]

Waar hier slegs 2,800 morg grond voor die totstandkoming van die besproeiingskema bewerk was, word hier nou (1952) in die besproeiingsgebied tesaam 25,531 morg bewerk, waarvan 13,671 morg aan oorspronklike private eienaars behoort het. Hierdie toevoeging van 10,871 more besproeibare grond van private eienaars by die 2,800 morg onder die „ouvore" het baie tot die algemene ontwikkeling van die omgewing bygedra.

Die eienaars het hierdie 10,871 morg ook in sogenaamde erwe laat opdeel omdat die woord hoewe te „kroongrondagtig" geklink het. Al verskil wat in die beginjare opgemerk kon word, was dat die geboue wat opgerig is, verskil het van

---

1) Oor Sonop is die gegewens verkry deur direkte waarneming of is deur die Superintendent verskaf.

2) Vide foto's nrs. XX en XXI op bl. 120/121.

die identiese tipe hoewehuise en buitegeboue wat op die 11,860 morg kroongrond opgerig is. Waar daar nou (1952) reeds 65 persent van die hoewes private eiendom is en die identiese tipe huise vervang is, wek die omgewing duidelik die indruk dat hy sy kinderskoene van staatsondersteuning ontgroei of grotendeels reeds ontgroei het.

Die moontlikhede van die normale stroom-inhoud van die 600 kuseks in die rivier, en die afloopwater veroorsaak deur die besproeiing van die grond, verseker 'n meer standhoudende stroom in die rivier en die owerbewoners onderkant Beestekraal benut dit deur pompinstallasies sodat hier nou nie meer net sprake van bees- of droëlandboere is nie.

In die gebied buite die besproeiingsdistrik is groot besproeiingsaangeleenthede ontwikkel deur sterk ondergrondse water wat oopgeboor en met pompinstallasies vir die doel aangewend word.

Vanweë die digtheid van die boerderye, voorligting en aanmoediging deur deskundiges, die Koöperasiepersoneel en die Direkteure van die Koöperatiewe verenigings, heers hier 'n besondere mate van mededinging. Punte word vir die kwantiteit, die kwaliteit en die graad van die bewerking van die bemarkte produkte wat deur een kanaal geskied en dus maklik kontroleerbaar is, toegeken. Deur hierdie wedywering word die omgewing deegliker bewerk en bebou.


E. Britsdorp.[1]

Die gedeelte van die plaas Roodekopjes of Zwartekopjes 32 waar hierdie dorp geleë is, was tot 1919 'n onbeduidende plaas. Slegs 'n sinkgeboutjie wat die stasie aan die spoorweg gekenmerk het, met 'n poskantoortjie daarnaas, het menslike aktiwiteite aangedui, verder was dit 'n bosplaat waar slegs beeste opgemerk kon word.

Vanaf 1919, maar veral vanaf 1921 toe met die damwalkonstruksie in alle erns begin is, het in die nabyheid van die spoorwegstasie veranderinge ingetree. Verskillende

1) Vide foto's nr. XXVII op bl. 133/134 en nr. XXVIII op bl. 134/135.

Foto nr. XXVII.



**Kultuurfunksie op Brits met Stadsaal in die agtergrond**



**Murraylaan, Brits, op 'n weeksdagoggend**



**Stadsaal op Brits**

winkels, veral van Asiate, is langs die pad wat besuide langs die spoor loop, opgerig.

Omtrent 600 tree wes van die stasie is in 1919, tydens die voorbereidende aanvoorwerk by Hartebeestpoort, 'n paar baksteen geboue waarin 'n hotel, 'n winkel, 'n bankkantoor, 'n prokureurskantoor en 'n slaghuis gehuisves is, opgerig.

Volgens beskikbare gegewens by die munisipale kantoor was hier slegs 83 blankes in 1921 woonagtig en dit sluit die verdere blanke winkeleienaars wat nader aan die stasie gebou het, in.

Mnr. Louis Karovsky was die eerste persoon wat die gedagte om hier 'n dorpie aan te lê, uitgespreek het. Hy is ondersteun deur J.S. Wicht, C.W. Maclean, Hj. Reitz, R. Pienaar en J. Ludorf en andere wat die „Brits Estates Ltd." met hierdie doel gestig het. 'n Stuk grond is deur die maatskappy van generaal Sir Jaap van Deventer aangekoop en dit is toe uitgemeet.

In 1923 is die uitlê van so 'n dorpie deur die Landmetergeneraal en die Administrateur goedgekeur.[1] Die eerste klein konsentrasie teen 1920 was in die suidwestelike hoek van die huidige dorp. Daar was die tweemanskool, die meule, die spreekkamers van 'n medikus en die wonings van J. Nicolaas Brits en die bankbestuurders van „De Nationale Bank van Zuid-Afrika (Bpkt.)" en „De Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika (Beperkt.)"


In 1924 het Brits begin ontwikkel en 'n Gesondheidskomitee verkry.[2] Brits het toe nog feitlik net suid van die spoorweg uit 'n aantal winkels van sink-en-hout wat aan Asiate behoort het, bestaan, en daar was toe net 'n paar steengeboue, nl. die van die Brits Apteek, die twee handelsbanke, die slaghuis van Rutgers, 'n kafee en twee winkels


---

1) Vide Administrateurskennisgewing nr. 463 van 23 Okt. 1923 en Algemene plan S.G. nr. A 1162/23.

2) Vide Administrateursproklamasie nr. 24 van 21 Mei 1924 in de Provincie Transvaal - Officiële Koerant nr. 760 bl. 297 van 21 Mei 1924.

Foto nr. XXVIII.





Nuwe Tipe Kerkgeboue op Brits



Ou Tipe Kerk op Dalunie

van blankes. Volgens die sensus van 1926 was die totale bevolking van Brits slegs 252.

In 1928 het die Gesondheidskomitee van Brits 'n Dorpsraad volgens Administrateursproklamasie nr. 43 van 25 Junie 1928 geword. Die aantal raadslede is vasgestel op 6. Die ontwikkeling het maar stadig vanweë die moeilike jare ontplooi, maar vanaf die einde van 1933 het daar weer 'n geleidelike ontwikkeling plaasgevind.

In 1933 is 'n watervoorsieningskema vir die dorp aangelê vanaf die Ooskanaal waaronder 'n opgaardam en filtreerstasie gebou is. Hiervandaan word die water na die reservoir op 'n koppie in die dorp gepomp. Besproeiingsvore is langs die strate aangelê om tuinerye te benat. Die bevolking het ook tot 917 Blankes en 105 Asiate in die 10 jaar 1926-1936 vermeerder.

Vir beter publieke gesondheid is deur die bou van 'n munisipale abattoir wat in 1938 in gebruik geneem is, gesorg. Die dorpsraad het vir die publieke gerief deur die aanlê van elektriese krag vanaf Pretoria in 1939, gesorg.

In 1944 het die dorpsraad van Brits die status van stadsraad verkry en die dorpsgebied het toe 396 morg[1] beslaan. Sedertdien het die dorp verder uitgebrei sodat die munisipale gebied in 1952 oor 'n oppervlakte van 450 morg uitstrek.

Grondwaardes het sedert 1944/45 tot 1950/51 van £123,979 tot £311,725 vermeerder. Hierdie waardasie is baie konserwatief, aangesien die werklike markwaarde van die erwe volgens die koopaktes vir meer as twee keer die gewaardeerde bedrag verkoop word. Die besigheidserwe word tot tien keer die gewaardeerde som verkoop. Verbeteringe het oor dieselfde periode vermeerder van £240,805 tot £897,692 wat volgens ons beskeie mening ook maar konserwatief is, aangesien die wonings wat teen £2,500 gewaardeer

---

1) Vide Administrateursproklamasie nr. 126 van 13 Okt. 1944.

is, maklik teen 'n bedrag van £3,500 verkoop word en die huise van £3,000-waardasie is al vir £4,500 verkoop. By die totale gewaardeerde bedrag is die goewerments-, kerk- en koöperatiewe eiendomme nie ingesluit nie en volgens waardasies wat t.o.v. die bou- en aankoopkoste gemaak is, kan die waarde van hierdie eiendomme aan geboue alleen, maklik op £600,000 bepaal word.[1)]

As ons die bevolkingsaanwas in die munisipale gebied t.o.v. die blankes vanaf 1926 tot 1951 in oënskou neem, merk ons 'n groei van 214 tot 2,856 terwyl die totale aanwas, (naturelle en Asiate ingesluit) van 252 tot 6,080, vermeerder het. Hierdie aanwas gee 'n duidelike beeld van die uitbreiding wat hier plaasgevind het, en dat Brits as sentrum van die distrik nog gedurig uitbrei, nie net alleen wat die getal inwoners betref nie, maar ook t.o.v. die gedurige boukontrakte wat aangegaan word.

Murraylaan is die hoof besigheidsentrum waar 'n mens groot en moderne winkels aantref. Langs Hoofweg, suid langs die spoorweg, is 'n winkelbuurt beperk tot die Asiate- en Kleurlinggroepe wat nie noord van die spoor mag kom nie. Elke koopakte wat opgestel word, en elke transportakte het klousules wat die verkoop van enige eiendom benoorde die spoorweg aan enigiemand anders, behalwe aan 'n persoon van blanke afkoms, verbied.

Langs Pretoriaweg word nou (1952) besigheidsgeboue opgerig en dit mag binne afsienbare tyd ook 'n besigheidsbuurt wees. Die aktiefste besigheidsbuurt bly Murraylaan en die systrate in sy onmiddellike omgewing. Hier is die handelsbanke, die kantore en die skure van die Tabak- en die Koringkoöperatiewe Verenigings en die winkels.[2)]

In die dorp is daar volgens ons opname[3)] 17 groot motorhawes. Hiervan het meer as die helfte die omvang, en

---

1) Gegewens is verstrek deur die Stadsklerk.

2) Vide foto's nr. XXVII op bl. 133/134.

3) Vide ook die offisiële registers waarin die registrasie van besighede aangeteken en soos gehou word in die magistraatskantoor op Brits.

is net so moderne ingerig as soortgelyke geboue in die stede.

Die dorp beskik oor twee hotelle, 'n moderne stadshuis[1] van Spaanse boustyl met 'n saal en kantore, die magistraatskantore en howe, twee groot moderne skoolgeboue wat elk gemiddeld 750 leerlinge huisves en verdere uitbreidings staan voor die deur. Die oprigting van twee groot skoolkoshuise en 'n hospitaal is beplan. (Hier is nou net 'n private verpleeginrigting vir 16 pasiënte plus 'n kraamafdeling vir 9 moeders.)

Die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging (M.K.T.V.) se skure word teen £200,000 gewaardeer en het 'n kapasiteit om 4½ miljoen pond gewig tabak, te berg, en nog groter skure is in aanbou.

Hier staan drie groot en moderne siersteen kerkgeboue en nog twee kerkgeboue is klaar beplan en sal binnekort verrys.[2]

'n Mens tref 'n groot verskeidenheid boupatrone volgens die smaak en die idees van die eienaars aan, en tog dra die geboue nie 'n eie karakter nie omdat 'n mens oral in die land van die tipe geboue aantref. Die droogoonde, die skure, die kelders en die sorteerkamers het min of meer dieselfde patroon met hier en daar kleiner afwykings om meer persoonlike gerief te verskaf.

Aangesien die distrik 'n landboudistrik is, is die nywerhede soos bv. die van die ingenieursbedrywe sowel as die besighede grootliks daarop toegespits en aangepas om in die behoeftes en eise van die landboubedryf te voorsien.

(f) Slot.

Die bebouing van Brits en omgewing, wat sedert 1921 in omvang toegeneem het, het verbasend ontwikkel en verander. Die omgewing het vir ou kenners wat hier gebore is

---

1) Vide foto nr. XXVII op bl. 133/134.

2) Vide foto nr. XXVIII op bl. 134/135.

en opgegroei het, maar die omgewing voor die bou van die dam verlaat het, totaal vreemd gelyk by 'n eerste besoek in 1948. Die verandering, bebouing en bedrywighede het by hulle werklik groot verbasing ontlok.

Die uiterlik is in breë trekke nog dieselfde en herkenbaar, maar die benutting van die moontlikhede en voorwaardes wat deur die fisiese omgewing ingehou is, is so omvangryk en intensief dat die besoekers nie hulle verbasing kon bedwing nie.

Mnr. Johan Schoeman gee spontaan met woordspeling uiting aan sy gevoelens onder die opskrif:

VELD--THOUGHTS.

Progress is slow and the more that progress contains the elements of reality and permanency, the slower it seems to be. Tragic but true. Progress is to the whole what foundation is to the building: Strictly relative. In short, progress is always fundamental, and the fundamental, if fundamental, is progress. It is when we test our human activities in this light that we realize how little we are and how infinitely little we do with our greatest asset: TIME.

We are builders one and all. We can build badly but build we must. Some build howels, some homes, some prisons, some empires, some alliances of free nations, some cathedrals, some ... dams. Of all these builders our country, S. Africa, needs none more than the last-named-dambuilders. Dam building, on all scales, is progress. It is fundamental, real, lasting. It is the very basis of life and a life-begetting, life-sustaining future. For it provides Nature's Holy Trinity: Land, Sun and Water. WATER! What an element given to man to approach his Creator in the greatest Science of all; that of creating and procreating - of making something from nothing. Nothing to the visionless but the Logos, the Universal in embryo, to those that have the Will to see, i.e. the Will to be Free. A Will born from the

battle between the love of Nature and Nature's Maker and Fear or the Love of least resistance. The ability to see developed by shunning the vain, the sham and the shadow and seeking contact with the substance of life.

Oh! for a general waking up of man to his place and in relation to Nature! Oh! for the general realization of the Great Atonement - the literal at-one-ment of Creature and Creator, Scripture and Nature, Life and Sacrifice! [1)]

---

1) Met die vriendelike vergunning van mnr. Johan Schoeman (meermale genoem). Hierdie persoonlike bespiegeling is uit sy aantekeninge en bespiegelinge van 1928 geneem.

# HOOFSTUK VI.

## KOMMUNIKASIE, SOSIALE LIGGING EN VERKEER.

### (A) Algemeen.

In die dae toe die eerste Voortrekkerfamilies hulle hier kom vestig het, was hier nog geen sprake van 'n sosiale ligging en verkeer met betrekking tot ander plekke soos vandag nie, daar die baanbrekers toe nog wyd verspreid hulle op geskikte plekke na die keuse van hulle hart in familiegroepe gaan vestig het. Die ossewa en die perd was ook maar stadige verkeersmiddele.

Oral verspreid langs riviere of bergstrome of by fonteine het die familiegroepe hulle gaan vestig en as daar ruimte genoeg was, is selfs aan vriende van elders woonplek in hulle buurt, net ter wille van 'n groter buurskap, aangebied. Om hierdie rede tref 'n mens familiename onder besitters van plase aan, volgens die registrasie in die aktekantoor, wat in die omgewing heeltemal vreemd klink. Deur navraag het dit geblyk dat sulke eienaars die erfgename is van voorgeslagte wat in ander omgewings soos Potchefstroom, Vereeniging, of ander verafgeleë hoëveldse distrikte woonagtig was en wat om die beurt volgens die seisoenewisseling hier of daar gewoon het. Baie van die erfgename het grootgrondbesitters deur hierdie handelwyse van die voorgeslag geword.

Nieteenstaande hierdie verspreidheid het die baanbrekers mekaar tog besoek, daar hulle deur die saamtrek-en-veg 'n saamhorigheidsgevoel ontwikkel het, en van 'n sterk broederband is hier dan ook sprake.

Daar hulle aan lang afstande met die ossewa vanweë hulle omswerwinge en vanweë die afwesigheid van 'n hedendaagse gejaagde lewe gewoon was, het hulle soms dae tot weke lank met die ossewa gereis om 'n paar weke of 'n maand in 'n sekere buurt by ou vriende besoek af te lê. Volgens medelings het hulle maklik 'n dagreis met 'n ossewa afgelê om 'n begrafnis te gaan bywoon. Die gewoontes om groot

omslagtigheid te maak i.v.m. voedselbereiding en -verskaffing tydens 'n begrafnis dra werklik geen ander kleur nie as om die mense wat van veraf kom, goed te behandel.

Ter wille van 'n bruilof is selfs 'n langer reis onderneem omdat die kennisgewing hiervan vroegtydiger kon geskied. Die vreugde en bedrywigheid van vermaak het gewoonlik langer as 'n dag geduur omdat daar reeds 'n paar dae voor die bruilof al 'n hele paar waens met hulle geselskappe aangekom het. Met die oog op die feestelikheid en die onderlinge verkeer van die jong mense uit ander omgewings, is dit selfs te begrype dat daar heelwat plesiermakery sou wees.

Nieteenstaande die primitiewe verkeersmiddel, die ossewa, en die byna totale afwesigheid van verkeersweë, behalwe die wat deur die ossewa getrap is, het hier tog nie gewoontes wat op isolement dui, ontwikkel nie. Hier het ook nie gewoontes wat 'n omgewingskleur dra, ontstaan nie, omdat die mense, soos aangedui, mekaar oor en weer besoek het.

In hierdie omgewing het daar, soos in Hoofstuk II reeds aangedui, verskillende familiegroepe op plekke wat naby mekaar geleë was, gekonsentreer. Hier het altyd heelwat sosiale verkeer onderling bestaan en selfs boeresportdae is destyds, veral op Oujaarsdag en Nuwejaarsdag gereël. Hierdie sportaktiwiteite wat bestaan het uit perdereisies, skyfskiet, jukskeigooi, toutrek, skilpadtrek, muilskop, kussinggevegte, e.d. meer het die bewoners van die omgewing sedert die vroegste baanbrekdersdae tot vandag toe gelok en het al 'n tradisie geword.

Hierdie soort sportbyeenkomste het ook tydens 'n bruilof plaasgevind. Hierby het die ingemoetry en die vlagafneem by 'n troue groot genot vir die deelnemers sowel as vir die toeskouers verskaf.

Hierdie sosiale aangeleenthede was vroeër algemeen, alhoewel hulle sedert die twintigerjare van ons eeu so te

sê uitgesterf en vir die meer moderne tipes van sosiale aangeleenthede plek gemaak het. Sedert die Voortrekker-eeufeesjaar, 1938, het die ou Boeresportbyeenkomste weer herleef en byval gevind.

In die „oudae", tot selfs in die twintigerjare van hierdie eeu, het die sogenaamde buitekerkgeleenthede die hele omgewing laat saamtrek. Dit het ook nie saak gemaak of almal lidmate van dieselfde kerk was nie, solank hulle maar 'n predikantsdiens kon bywoon, al het sommige van die ouer manslidmate behorende tot 'n ander kerk skerp kritiek uitgeoefen in hulle bespreking van die preek.

Namate die getalle bewoners van die omgewings vermeerder het, en konsentrasies soos Potchefstroom, Rustenburg en Pretoria onderskeidelik ontwikkel het, het die kronkelende wapaaie in die rigtings meer en meer oopgetrap geraak. As daar een of ander predikant sou kom, het die mense vanuit hierdie omgewing reeds in 1848 so ver as Potchefstroom gereis ter wille van die Woord en die Sakramente, en veral as daar nog geleentheid was om belydenis van die geloof af te lê. 1)

(B) Kommunikasie.

(a) Paaie:

Dit is vanselfsprekend dat 'n landbouomgewing soos Britsdistrik van 'n netwerk van paaie wat op sommige plekke die enigste skeiding of deurgang bied tussen die aaneengeskakelde ketting van hoewes, voorsien was.

Die distrik is klein, want dit beslaan slegs 1142 vk. myl. Waar die besproeiingsgebied in die nouste suidelike deel van die distrik lê, is die meeste paaie ook hier aangelê. Die distrik beskik oor 325 myl genommerde provinsiale-administrasiepaaie waarvan 97 myl geteerde paaie is. 2) Deur die swart leemgrondstreek, bekend as die turf-

1) Gegewens is verkry van die pioniers uit daardie dae waarvan sommige in 1820, 1826, 1832, 1846 en 1951 gebore is. Ons was bevoorreg om hulle persoonlik te ken en met hulle saam te leef. (Vide Voorwoord).

2) Gegewens is verstrek deur die Padinspekteur.

streek, is die vernaamste paaie geteer. Die privaatpaaie tussen die hoewes en baie bosveldpaaie is nie by die getal ingesluit nie, maar alleen die skoolbus- en die distrikspaaie.

Die netwerk privaatpaaie lei almal na een of ander hoofweg in die omgewing. Hierdie hoofweë lei na Britsdorp, die distriksentrum, en van hier weer na die groot sentra soos Pretoria en Johannesburg en ander Randse stede; want benewens die tabak en die koring wat hier of op Rustenburg bemark word, word ander produkte soos ertjies, sitrusvrugte, waatlemoene, spanspekke en blomme wat op die groter sentra bemark word, op groot skaal in die distrik gekweek, veral in Streek II (Sien Hoofstuk IV.) Die vervoer geskied hoofsaaklik met vragmotors.

(b) Spoorweë.

Soos reeds aangedui is die Pretoria-Rustenburg spoorweg op 27 Desember 1906 in gebruik geneem. Die verste oostelike stasie in hierdie distrik is De Wildt met die twee haltes Stephanus en Pendoring tussen in na Brits. Vanaf Brits is Wolhuterskopstasie die verste wes met die twee haltes Brits-Wes en Waterryk tussen in. Die spoorafstand tussen De Wildt- en Wolhuterskopstasie is ongeveer 20 myl. Pendoring en Waterryk is twee nuwe haltes om die groot aantal mense in die onmiddellike omgewing te bedien.

Naby die suidelike grens van die distrik loop die Pretoria-Hercules-Magaliesburg spoor wat by Schoemansville op 'n lang brug oor die dam gaan. Hierdie spoorweg is sedert die 11de Junie 1925 in gebruik.

Drie jaar later is 'n spoor wat vanaf Brits in 'n noordelike rigting deur die besproeiingsdistrik oor 'n afstand van 26 myl tot op Beestekraal loop, in gebruik geneem. [1]) Hierdie spoor bedien die boerende gemeenskap wat verder noord van Brits woon, maar vanweë die meganisering van die

1) Gegewens is uit die magistraatsjoernaal op Brits verkry.

afgelope 5 jaar, maak die boere meer gebruik van hulle vragmotors, of trekkers voor sleepwaens as van die spoorweg wat nou meer die boere verder noord van Beestekraal bedien. Treinfasiliteite oor 'n kort afstand is vandag nutteloos, want dit is te stadig en daar is te veel omslagtigheid met trokbestellings e.d. roetinegewoontes. Die boere maak meestal slegs van die trein en hulle naaste stasie gebruik as hulle produkte ver wegstuur of benodigdhede van verafgeleë plekke bestel.

(c) Telefoon.

By die bestudering van die telefoongids merk ons dat die hele omgewing onderling en met Britsdorp, die hoof distriksentrum, telefonies verbind is en sodoende ook met die sentra buite hierdie distrik. Die hoofsentrale is op Brits, terwyl elke poskantoor 'n sentrale vir sy eie omgewing het, en die diens daar as 'n maatskappystelsel onderling verbind is. Die aanvraag om telefoons is groot en die Departement van Poswese is gedurig besig om nuwe verbindingskabels te lê en telefoonapparaat te installeer. Dit word in die vooruitsig gestel dat die hoofsentrale teen 1955/56 baie uitgebrei sal word.

Die tekort aan die nodige materiaal en die groot aanvraag wat van landswye karakter is, is die rede waarom elke huis nog nie telefoniese fasiliteite besit nie, maar die voorsiening is reeds so groot dat baie mense wat nog nie telefonies verbind is nie, binne enkele minute by 'n telefoon van 'n buurman kan kom.

Aan die einde van 1951 was daar reeds 1,140 telefoonhuurders in die dorp en in die distrik.

Britssentrale bedien 633 telefoonhuurders waarvan 238 buite die munisipale gebied en 395 binne die munisipale gebied woon.

Brits bied ook dag- en nagdiens aan Assen, die poskantoor in die noordelikste omgewing van die distrik, waar daar 4 huurders is en die mense ver uitmekaar woon.

Beestekraal is 'n ander verafgeleë sentrum buite die besproeiingsdistrik en bedien 79 huurders wat aan maatskappystelsels onderling verbind is, 12 van hierdie huurders geniet nagdiens via Brits as Beestekraal gesluit is.

Broederstroom, die suidelikste poskantoor, bedien 37 huurders en is vir nagdiens verbind met Pretoria. Dit is 'n ou diens wat vroeër nog in Pretoriadistrik was en het gevolglik na die private diensuitbreiding aan Pretoria gebly, veral vanweë die feit dat die dam tussen Broederstroom en Brits lê; tog duur dit nie te lank om deur te skakel na Brits nie. De Wildt bedien 37 huurders waarvan die meerderheid vir nagdiens via Brits en die res via Pretoria skakel wanneer De Wildt gesluit is.

Die poskantore Havana, bedien 3, Hoëwal 6, Jacksonstuin 20, Losperfontein 3, Mamagalieskraal 13, Pansdrift 8, Rashoop 13, Reddingshoop 6, Sonop 7, Vasval 3 en Vorentoe 2. Hulle het almal nagdiens oor Brits. Losperfontein bied egter self nag- en dagdiens terwyl Wolhuterskop wat 7 huurders bedien nog aan Rustenburg verbind is vir nagdiens, aangesien dit ook 'n ou bestaande diens is en vroeër onder Rustenburgdistrik geressorteer het. Die genoemde poskantore in die besproeiingsdistrik wat nog net 'n klein aantal huurders het, dui aan dat hulle ook ou bestaande dienste is wat nog nie in die huidige uitbreiding sedert 1947 en veral vanaf 1949 volgens program bevoorreg is nie, en daar dit die beleid is om die platteland voorkeur te gee by die uitbreiding, en die uitbreiding in die munisipale gebied te beperk tot besonder noodsaaklike dienste, sal die hele

gebied binne enkele jare oor 'n besonder uitgebreide telefoondiens beskik.

Van die totale getal van 1,140 telefoonhuurders in Britsdistrik (1951) woon 745 huurders buite die munisipale gebied en toon die verspreiding van telefoonhuurders in die distrik aan. Hartebeestpoort wat 72 en Skeerpoort wat 60 huurders bedien, is vir nagdiens met Pretoria verbind omdat die uitbreiding hier ook aan 'n ou bestaande diens plaasgevind het.

Die plattelandse gemeenskap benut hierdie middel van kommunikasie nie net om onderlinge verkeer plaaslik te hê nie, maar om hulle ook in verbinding te stel met ander sentra sodat heelwat koste en tyd bespaar word. Vanweë die gerieflik geleë paaie kan 'n dokter, of die nodige hulp, binne 30 minute op die aangewese plek met behulp van die huidige vinnige vervoermiddels wees.

(C) Huidige Sosiale Ligging.

Sedert die ontstaan van hierdie distrik in 1928 besit Britsdorp as ontwikkelende nuwe distriksentrum 'n besonder gunstige sosiale ligging. Brits grens aan die grootste sosiale sentra van die land. Brits lê 30 myl vanaf Pretoria, 50 myl vanaf Johannesburg, 46 myl vanaf Krugersdorp en 42 myl vanaf Rustenburg.[1)] Vanweë hierdie ligging, en die Hartebeestpoortdam as gewilde vakansie- en ontspanningsoord wat duisende besoekers sedert sy aanbouing gelok het en nog weekliks trek, is 'n netwerk verkeersweë wat met die beste in ons land vergelyk kan word, aangelê. Hierdie omgewing is so aan die genoemde sentra verbind dat hulle binne die tydsbestek van 1 uur met die huidige vervoermiddels bereik kan word.

Om enigsins 'n besef van die verkeer tussen die sentra te verkry, verstrek ons syfers te dien effekte van motorvervoer alleen en wel tussen 6 uur vm. en 6 uur nm.; tussen 6 nm. en 6 vm. is geen rekords beskikbaar nie.

---

1) Vide Topografiesekaart ens. kaart nr. 3.

Hierdie verkeer is slegs vanaf Brits na Pretoria en vanaf Brits na Rustenburg. Dit dui 'n gemiddelde daelikse verkeer oor die aangeduide maand aan.

| Van Brits Na Pretoria | Datum. | Gemiddeld Daeliks | Van Brits na Rustenburg. | Gemiddeld Daeliks. |
|---|---|---|---|---|
| " | Feb. 1949 | 450 | " | 363 |
| " | Nov. 1950 | 765 | " | 779 |
| " | Julie 1952 | 675 | " | 224 1) |

Hierdie maande is nie om 'n spesiale verkeersaanduiding te kry, uitgesoek nie. Dit is egter geen seldsaamheid om talle motors met die registrasienommers van Brits oral in die stede daeliks aan te tref nie; buitendien, as dit bedink word dat Pretoria en Johannesburg die groot môreproduktemarkgeleenthede bied, is dit vanselfsprekend dat vragmotors belaai met groente en vrugte hulle daar sal bevind. Daar hierdie voertuie teen drie-uur die oggend die omgewing van Brits verlaat, is hulle getal nie by ons gegewens ingesluit nie. Net so is gegewens van die talle besoekers wat hiervandaan na Pretoria of Johannesburg in die aand ry om operas of toneelopvoerings of spesiale funksies daar by te woon, nie beskikbaar nie.

(D) Onderlinge Sosiale Ligging en Verkeer.

In die digbewoonde omgewing van die besproeiingsgebied woon 90 persent van die distrik se blanke bevolking en 75 persent van die nie-blankes. 'n Mens kan dus begryp dat Brits as hoof distriksentrum veral in die dag ter wille van sake of in die aande ter wille van sosiale aangeleenthede soos opvoerings, vertonings in die bioskoop of ter wille van ander doeleindes druk besoek sal word. Ongelukkig beskik ons nie oor gegewens van tussen 6 nm. en 6 vm. nie, maar slegs oor die tussen 6 vm. en 6 nm.

| | Daeliks Julie 1949 | Daeliks Feb. 1950 | Daeliks Julie 1950 |
|---|---|---|---|
| Brits - Rashoop | 1144 | 668 | 1075 |
| Brits - Zoutpansdrift | 1132 | 671 | 742 2) |

1) Opgawes is deur die plaaslike kantoor van die Weëdepartement verstrek.
2) Idem.

Hierdie gegewens strek slegs oor twee rigtings gedurende daglig dae en is 'n heen-en-weer verkeer.

Britsdorp lê min of meer 8 tot 14 myl van die meeste distriksentra af en 26 myl vanaf Beestekraal die verste distriksentrum.

Elke omgewing het sy eie gemeenskapsentrum by die skool van die omgewing of by die kerkgebou (as daar een is) of by albei. By die skole vind op gereelde tye skoolfunksies wat die publiek van die skooldistrik aantrek, plaas.

Daar is funksies soos debatsaande, sportbyeenkomste, vleisbraai-aande, volkspele-uitvoerings of vermaaklikhede, toneelopvoerings en skoolverskeidenheidskonserte. Die skool is werklik 'n kultuursentrum in elke omgewing. Onderlinge mededinging t.o.v. sport, interdebatte, volkspelefunksies, kunswedstryde en pryswinnerskonserte vind dikwels plaas.

Die Hoërskool op Brits waarheen die leerlinge vanaf st. VI - X uit die hele distrik gaan, bly die grootste aantrekkingskrag. Ter wille van die groot opvoedkundige waarde van die samewerking tussen huis en skool word sulke funksies by die hoërskool of by die stadsaal so uitmuntend ondersteun dat die hoërskool al verplig was om funksies soos toneelopvoerings, operettes, sang, voordrag en kunsaande tot drie agtereenvolgende aande te laat plaasvind. Sportbyeenkomste en skoolfunksies by die hoërskool word besonder goed ondersteun deur die publiek.

Die debatsaande van die hoërskool word ook net so druk deur die ouers of die ouer broers en susters van die leerlinge besoek.

Die voetbal- en die atletiekbyeenkomste sowel as die skyfskietwedstryde onderling of teen die kommandomente van ander distrikte, lei tot groot publieke saamtrekke. Die pryswinnerskonserte, nadat die kunswedstryde afgeloop is, vind baie byval en verseker groot opkomste. Mededinging op die gebied van die kuns vind ook plaas tussen Brits,

Pretoria en Rustenburg, waar die mededingers op die kunswedstryde gaan wedywer.

Behalwe die skoolsentra as plekke van sosiale verkeer, is daar ook nog 8 kerksentra waarvan Brits as sentrum die grootste is omdat hier alleen 5 kerkgeboue in die dorp is. Hier is die groot byeenkomsplek van twee gemeentes van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Transvaal, die twee gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in Brits distrik, een gemeente van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die kleiner groepe van die ander godsdienstige rigtings.

Die ander 7 sentra is oor die distrik versprei. Die Gereformeerde Gemeente Krokodilrivier het twee kerksentra nl. op Pansdrif en op Beestekraal, terwyl die N.H. of G. gemeente Magaliesberg wat gedeeltelik in Krugersdorpdistrik lê 'n kerksentrum op Skeerpoort in Britsdistrik het. Die Gereformeerde Gemeente „Die Moot" se kerksentrum is op Remhoogte in Britsdistrik; dan is daar nog die kerksentra van die N.H. of G. Kerk op Dalunie, Zanddrift, Vorentoe en nog twee word in die vooruitsig gestel.

Hierdie mense ken mekaar en na die eerste gelui, begin die kerkgangers al opdaag en staan in groepies en gesels. Mense uit die groepies beweeg oor en weer na ander groepies. As daar 'n vreemdeling kom, word hy gou opgemerk en na sy identiteit verneem. As hy 'n nuwe intrekker is, word hy besoek en weldra is hy 'n bekende en ingeburger.

Hierdie verskynsel tref 'n mens selfs nog op die dorp aan, alhoewel die openhartige spontaneïteit hier nie so opvallend is nie.

Hier bestaan 5 sentra waar Geloftedagfeesgangers mekaar op 16 Desember ontmoet, en hierdie feesgangers verskil van kerklike lidmaatskap sowel as van partypolitieke sienswyses. Dingaansfees of Geloftefees soos dit tans genoem word, is 'n nasionale fees, alhoewel daar mense in Brits is, wat dit nie graag bywoon nie omdat hulle die mening huldig

dat dit aanstoot aan baie van ons blanke Suid-Afrikaanse bevolkingslede buite die Afrikaanse nasieskap gee. Geloftefeesvierings word besonder goed bygewoon.

Op Bokfontein, onder die wildevyebome, op die plaas van wyle Marthinus N. Ras, die bekende Boere-kanonmaker, is die plek waar jaarliks die grootste saamtrek van ongeveer 2,000 en meer feesgangers, plaasvind.

Op Nooitgedacht die plaas van wyle Komdt. Jopie Fourie naby De Wildt, op Klipkop, Rashoop en Vaalkop vind groot saamtrekke plaas. Wanneer groot feeste op Pretoria by die Voortrekkermonument of op Krugersdorp by die Paardekraal-monument gereël word, is daar groot getalle belangstellendes van hierdie distrik aanwesig.

Die feit dat hier so baie nedersetters, afkomstig uit ander provinsies, en wat nie nakomelinge van die Voortrekkers is nie, woonagtig is, het hulle in die beginjare van die nedersetting gemeen dat hulle nie die feeste hoef by te woon nie. Min van hulle het die feeste besoek sodat slegs die sentra op Bokfontein en Nooitgedacht al die belangstellendes getrek het, maar sedert 1938 met die simboliese ossewatrek het die posisie verander. Sedertdien voel almal behoefte aan die nasionale fees. Sedertdien was daar dus meer sentra nodig, en saamtrekke het dan op die ander genoemde plekke plaasgevind.

Die Volkspele het sedert 1938 ook groot byval gevind en het selfs tot 'n kuns ontwikkel, wat op wedywering uitgeloop het.

Spesiale geleenthede soos die simboliese ossewatrek, 1938, en die Voortrekkermonument-onthullingsfeeste en daarby die Rapportryerfeeste sowel as die Poskoetsfees tydens die van Riebeeckfees 1952, het skares wat gewissel het van 8 tot 10 duisend op Brits laat saamdrom. Politieke vergaderings en feeste hou altyd die moontlikheid van groot publieke samekomste in.

Die jaarvergaderinge, van die koöperatiewe verenigings waarop verslag oor die transaksies van die afgelope jaar

gelewer en wenke i.v.m. die verbouing en die vereistes van die volgende jaar verstrek word, is besonder groot aangeleenthede en van omvangryke onderlinge sosiale verkeer tussen die boere. Hier word die nuwe direkteure verkies of herkies, bekers, medaljes en skilde word oorhandig. Die volgordelys van puntetoekennings t.o.v. die punte vir die bewerking, die kwaliteit en die kwantiteit van die bemarkte produkte behaal, word gelewer. Hierdie dag geniet ook groot belangstelling omdat die nuwe streekvoormanne verkies of herkies word sowel as die uitdeling van die agterskottjeks wat ŉ goeie weergawe is van die suksesvolle al-dannie besigheid wat vanweë die verkoop deur die een-kanaalbemarking meegebring is. Die boere lug op hierdie vergaderinge hulle griewe, indien enige, en die regte inligting word verskaf. Hierdie vergaderings is gewoonlik werklik ŉ uiters noodsaaklike en belangrike sosiale aangeleentheid met ŉ ekonomiese doel. „Agterskotdag", soos dit genoem word, dra werklik groot gewig vir die boerende gemeenskap. As sosiale aangeleentheid en onderlinge sosiale verkeer is die dag uniek.

Waar so ŉ groot gemeenskap met homogene belange in ŉ besonder gekonsentreerde menslike samelewing binne ŉ spesifieke ruimte saamgetrek is, gaan persoonlike en selfsugtige belange onder omdat hulle ondergeskik is aan die groot gemeenskaplike belang. Hier is werklik mededinging, nie net deur die boere onder mekaar nie, maar ook selfwedywering om te verbeter op die vorige resultate, en ŉ uitblinker word hartlik toegejuig. Hierdie gees van saamhorigheid het ook ŉ goeie uitwerking gehad op die aanwakkering van selfwedywering, want een van die redes is dat die bemarkte produk aan ŉ hoë vereiste moet voldoen. Dit verseker ŉ hoër inkomste en het baie van die nedersetters (65%) reeds in staat gestel om onafhanklike boere te word. Hierby het hulle definitief die skeldnaam van „Kanaaljapies" wat uit die jare van die konstruksiewerke aan hulle deur die ou gevestigde gemeenskap gegee is, uitgewis.

Hierdie skeldnaam wat vroeër so alombekend was, word vandag nie meer gehoor nie. Die houding van die ou gemeenskap teenoor die hoewebewoners het nou ook verdwyn en die hoewe-eienaar besit vandag na 'n periode van 25 jaar beslis 'n hoër sosiale status want vandag is hulle uitblinkers. Deur die skool van leerlingpagter of proefhuurder en deur die belangstelling van die koöperatiewe verenigings in die welsyn van hulle lede het die hoewebewoner gebaat en dit het alles tot 'n intieme sosiale verkeer bygedra.

Alhoewel 'n mens vind dat gelyksoortigheid by 'n groep aanleiding gee tot groter en intiemer sosiale verkeer, sc 'n groep nie as 'n geïsoleerde groep bly voortbestaan nie. Daar is in elke buurt een of ander belang wat sosiale verkeer in daardie opsig met lede van ander sosiale groepe meebring, al is daar verskille op ander terreine. Op kerklike of politieke terreine vind groepering en sosiale verkeer volgens aparte beginsels plaas, maar tog is daar ook gemeenskaplike boerderybelange wat die groepe weer saambind.

Sosiale ligging en sosiale verkeer is faktore van groot opvoedkundige belang omdat die mens wat opvoedbaar is, ook 'n voelende, denkende, strewende wese is. Deur sy aanvoeling vanweë die groot prikkel van sosiale ligging en sosiale verkeer word sy denke gaande gemaak en dryf hom tot eksperimentering om ook in iets te presteer om sodoende sy eie aansien te verhoog.

Waar ons hier met 'n groot getal minderbevoorregtes te doen gehad het, hulle gesien uitstyg het uit die versonke toestand tot 'n hoër sosiale status, en hulle uit hulle omhulsel van minderwaardigheid gesien kruip het om waardige burgers van land en volk te word, is voorwaar inspirerend en bemoedigend. - Nie meer geïsoleerdes nie, maar gesosialiseerdes.!

# HOOFSTUK VII.

## 'N DEMOGRAFIE VAN DIE BLANKE BEVOLKING. [1]

### A. Algemeen.

'n Kenmerk van die bevolking van Britsdistrik is sy onnatuurlike aanwas sedert 1919 deur emigrasie uit ander distrikte en provinsies vanweë die bou van die dam, die totstandkoming van die nedersettings op die kroongrond en die uitbreiding van die besproeibare private grond onder die Hartebeestpoortse Besproeiingskema. Die plasing van blanke gesinne op die goewermentsnedersettings en pagter-huurders op die private eiendomme het tot die bevolkings-aanwas en die ontstaan van 'n nuwe distrik en kiesafdeling in 1928 gelei.

Volgens die sensusstatistieke was hier in 1921 'n blanke bevolking van 5,332.[2]. Hierdie opgawe is nie 'n presiese aanduiding van die werklike permanente inwonertal nie daar die konstruksie aan die dam toe in volle swang en 'n groot aantal arbeiders hier in 'n kamp woonagtig was. Juiste getalle is nie moontlik nie omdat arbeiders gedurig gekom en gegaan het, maar die getal word op ongeveer 2,000 gestel.[3] Hiervolgens kan ons vasstel dat hier ongeveer 3,332 gevestigde inwoners in 1921 was.

Volgens die sensusopgawes van 1931 was hier 13,004 [4] blankes woonagtig en Brits was toe al 3 jaar 'n aparte distrik. Dit toon 'n vermeerdering van 9,672 of 290 persent t.o.v. die beraamde getal van 3,332 gevestigde inwoners. As ons die getal soos in 1921 aangegee, neem en dit met die opgawes van 1931 vergelyk, dui dit 'n vermeerdering van

1) Vide Bevolkingsverspreidingskaart, kaart nr. 4.

2) Vide Offisiële Jaarboek nr. 13 bl. IX.

3) 'n Beraming deur die Dept. van Besproeiing stel die getal arbeiders op ongeveer 2,000 tydens die sensus van 1921. Op aanvraag is hierdie getal verstrek vanweë die feit dat dit die getal was wat geëmplojeer moes word, maar vanweë die kom en gaan van arbeiders is dit moeilik om 'n presiese getal op 'n tydstip aan te dui.

4) Offisiële Jaarboek nr. 13 bl. IX.

7,672 of 143.9 persent aan en die plasing van die nedersetters op die nedersettings was toe al 'n voldonge feit.

Laat ons die stand van die blankes oor die 30 jaar 1921-1951 van nader beskou.

B. Stand van die Blanke Bevolking.

| Jaartal | Manlik | Vroulik | Totaal. |
|---|---|---|---|
| 1921 | Nie beskikbaar | Nie beskikbaar | 5,332 |
| 1931 | Nie beskikbaar | Nie beskikbaar | 13,004 |
| 1936 | 5,895 | 5,489 | 11,384 |
| 1941 | 5,674 | 5,439 | 11,111 |
| 1946 | 6,694 | 6,491 | 13,185 |
| 1951 | 6,871 | 6,508 | 13,379 [1] |

In 1919 het die aanvoorwerk aan die dam begin, terwyl die werklike konstruksiewerk in Maart 1921 in alle erns op groot skaal aangepak is en teen September 1921 is nog 200 arbeiders geëmplojeer om aan die kanale te werk. Aan die begin van 1923 toe die walkonstruksie voltooiing genader het en die omvang van die werksaamhede aan die kanale sy volle afmetings aangeneem het, was hier 3,300 arbeiders met hulle gesinne, sodat daar ongeveer 10,000 siele in die werkerskampe woonagtig was.[2] Baie van daardie mense woon vandag nog hier, maar as permanente en prominente inwoners, want hulle is 'n hoewe aangewys, het onder toesig en leiding 'n sukses van die boerdery gemaak, is gerehabiliteer en die meeste van hulle is vandag 'n eienaar van sy hoewe en word geken en gerespekteer.

As ons die totale getal blanke inwoners van 1931 vergelyk met die van 1936, merk ons 'n skerp daling. Hierdie feit moet toegeskryf word aan die beleid van die Departement van Lande om die hoewes te vergroot sodat die getal eerste hoewes wat beskikbaar gestel is, verminder is van 617 tot 518 gedurende 1934-1936.[3] Behalwe hierdie 99

1) Vide Sensusopgawes by die magistraat op Brits en kaart nr. 4.

2) Vide ook Jaarrapport 1937 (reeds meermale genoem).

3) Vide ook genoemde Jaarrapport - Irrigasie Dept. 1937 bl. 61-62.

gesinne wat na die Marico-nedersetting oorgeplaas is, kon ons ook vasstel uit die admissieregisters van die skole dat gedurende 1933/34, 51 gesinne na die Lichtenburgse diamantdelwerye verhuis het. Hierdie feit is deur die Superintendent van die nedersettings bevestig. Hierbenewens het die ontbossing van die kroongrond waar die Reddingshoop-Kareepoortnedersetting aangelê is, en die aanlê van die maatskappyvore e.d. werksaamhede ten einde geloop, sodat ŉ groot getal huisgesinne na onderstandswerke in ander distrikte oorgeplaas is. Ongeveer 350 gesinne het om die genoemde redes tussen 1933 en 1936 die distrik verlaat.

Die beleid van die herindeling en die vergroting van die hoewes deur die Departement van Lande en die verplasing van nedersetters na die Marico-nedersetting, sowel as die verhuising van nedersetters na die diamantdelwerye is grotendeels aan die groot droogte van 1932/33 toe te skrywe volgens die Superintendent van die nedersettings.

In verband met hierdie beleid lees ons bv. in die skooljoernaal van Vossskool onder datum 14.3.34: „Daar gaan gerugte rond dat die Landedepartement van plan is om die hoewes op Mamagalieskraal groter te maak..... Dit word gevrees dat hierdie skool minstens 60 kinders gaan verloor," en onder datum 12:11:34 lees ons: „Verskeie families van die nedersetting maak klaar om na die Marico-nedersetting te verhuis..." Aan die begin van die skooljaar 1935 was daar werklik 60 kinders minder soos gevrees is. Volgens hierdie feite is dit duidelik dat ŉ groot deel van die genoemde nedersetting reeds teen die einde van 1934 klaar heringedeel was. Gedurende 1935 is die ander nedersettings heringedeel.[1)]

By die opgawe van 1941 merk ons 'n verdere daling, veral by die getal manlike persone. (Vgl. tabel op bl.154 en 156). Hierdie feit moet gedeeltelik aan die rekrutering

---

1) Vide bl. 124.

| JAAR | STEDELIK | | | PLATTELAND | | | TOTAAL | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Totaal | Manlik | Vroulik | Totaal | Manlik | Vroulik | Bevolking |
| 1921 | nie beskikbaar | | 83 | nie beskikbaar | | 5,239 | nie beskikbaar | | 5,332 |
| 1931 | nie | beskikbaar | | | nie beskikbaar | | | | 13,004 |
| 1936 | 458 | 459 | 917 | 5,437 | 5,030 | 10,467 | 5,890 | 5,489 | 11,384 |
| 1941 | 567 | 649 | 1,216 | 5,107 | 4,788 | 9,895 | 5,674 | 5,437 | 11,111 |
| 1946 | 1,067 | 1,116 | 2,183 | 5,627 | 5,375 | 11,002 | 6,694 | 6,491 | 13,185 |
| 1951 | 1,399 | 1,440 | 2,839 | 5,472 | 5,068 | 10,540 | 6,871 | 6,508 | 13,379 [1] |

Hiervolgens blyk dit dat daar in die stedelike gebiede 'n aanwas en op die platteland 'n afname aangedui word.

1) Afgelei uit die sensusstatistiek in die magistraatskantoor.
Die van 1951 het ons self nagegaan uit die vorms en opgestel.

gedurende die Tweede Wêreldoorlog 1939-1944 toegeskryf word. Die rekrutering het vir aktiewe militêre diens en of diensverrigting in die fabrieke wat vir die oorlogspoging ingespan is, bestaan. Daar was ook die „Women Auxiliary Force" waarby vroulike persone kon aansluit. In die fabrieke vir die oorlogspoging is manlike sowel as vroulike persone geëmplojeer.

Ons moet egter versigtig wees en nie die daling uitsluitlik aan rekrutering toeskryf nie, want blykens die skooljoernale en admissieregisters is dit duidelik dat baie gesinne na elders verhuis het om naby die werksplek waar die mans diens gedoen het, te wees.

Wanneer ons die getalle spesifiseer en 'n skeiding tussen die stedelike en die plattelandse bewoners maak merk ons die verskil soos blyk uit die tabel [1] i.v.m. Brits se dorps- en plattelandse gebiede nog duideliker.

Die aanwas, volgens die 1941-opgawe, t.o.v. die dorpsgebied was 299 teenoor 'n afname op die platteland van 572, saamgestel uit 330 manlike persone en 242 vroulike persone, en soos reeds aangetoon, is die afname nie te wyte aan rekrutering vir militêre diens alleen nie.

Volgens die skooldokumente vind ons teen die einde van 1945 en die begin van 1946 weer die terugkeer van die gesinne[2] wat in 1940 en 1941 na elders verhuis het. Die skynbare aanwas in die opgawe van 1946, is eintlik net 'n aanduiding van die terugkeer na die normale toestand wat deur die oorlog ontwrig is. Die normale toestand is veral t.o.v. die platteland op te merk, terwyl die dorp 'n aanwas van 967 of 79.5 persent t.o.v. die getal in 1941 teenoor 'n plattelandse vermeerdering van 1,107 of 11.2 persent, toon. Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie, dat baie plattelandse seuns en dogters hulle op die dorp in die

---

1) Vide Tabel op bl. 156.

2) Of al die lede van die gesinne teruggekeer het, kon nie vasgestel word nie, maar dieselfde voornaam en familienaam van die ouers word by die herinskrywings op die toelatingsregisters aangedui en as sodanig na verwys.

hoërskoolkoshuise wat ontstaan of uitgebrei het sedert die begin van 1942, bevind het.

Die betreklike stilstand by sekere besighede gedurende die oorlog het buitendien weer die normale koers gekry, en nuwes het ontstaan, sodat heelwat meer van die geskoolde plattelandse jeug hier ŉ werkkring kon vind. Sedert 1944 het veral baie meisies ŉ werkkring hier gevind toe die opbloei van die tabaknywerheid vanweë ŉ verhoogde aanvraag na sigarette wat aan die geallieerde troepemagte in die Midde Ooste en Italië versend is, plaasgevind het.

Hierdie opbloei het meegebring dat meer arbeidskragte in die sortering, hantering en behandeling van die tabakblad vir die aflewering by die fabrikante deur die M.K.T.V. benodig is, en oortollige plattelandse werkkragte, veral jong meisies en ook seuns, het hier ŉ heenkome gevind. Veral na 1946, toe die meganisering van die landboubedryf so toegeneem het, het jongmense ook elders ŉ werkkring gaan soek.

As ons die getalle van 1946 en 1951 vergelyk, vind ons ŉ bevolkingsvermeerdering van 656 of 30.5 persent in die dorpsgebied terwyl die platteland ŉ afname van 462 of 4.2 persent toon. Hierdie posisie toon aan dat die platteland versadig is en nie ŉ groter bevolking, veral in die besproeiingsgebied waar elke hoewe bewoon word, kan dra nie. Onderverdeling word hier ook nie toegelaat nie. Jong manne en vroue van die platteland is dan ook verplig om elders ŉ heenkome te vind. Nadat die pagters wat op die eiendom van private eienaars geboer het, genoegsaam gespaar het, het hulle elders gaan grond koop, terwyl die eienaars na die verstryking van die huurkontraktyd die huurkontrak nie weer wou vernuwe nie, aangesien daar nou groot kinders was wat die grond kon okkupeer of omdat hulle die grond self wou bewerk.

Die bereiking van ŉ hoër onderwyspeil is ŉ ander faktor. Die beleid van die Transvaalse Departement van

Onderwys t.o.v. skoolpligtigheid dat 16 jaar of st. VIII die vereiste is voor skoolverlating, het die opvoedkundige peil van die jeug verhoog sodat groot getalle jong mense elders ŉ werkkring kon vind. Sedert 1950 is die vereiste so verander dat die leerling nie op 16 jarige verjaarsdag die skool mag verlaat nie, maar moet bly tot die einde van die jaar waarin die leerling 16 jaar geword het.

Deur die skoolfasiliteite van busvervoer of koshuise binne die bereik van elke gesin van die distrik te stel, slaag daar meer leerlinge van die omgewing in St. X. Hierdie jongmense gaan nou na die Universiteite of ander inrigtings vir gevorderde onderwys om hulle daar vir een of ander beroep, professie of bedryf te bekwaam.

Die klerklike rigting in die besighede of in die Staatsdiens waarvoor heelwat werwingsveldtogte jaarliks deur amptenare sedert 1946 van stapel gestuur is om die tekort in die verskillende vertakkinge van die Staatsdiens, die Departement van Spoorweë of Poswese aan te vul, trek ook groot getalle jongmense uit die omgewing en hulle verhuis na die werkkringe.

Daar was vroeër onder die oorspronklike grondeienaars die gewoonte om die ou erfplase gelykop te verdeel, want die testateurs het geglo dat elke agterblywende erfgenaam ŉ eweredige grootte van die stukkie grond moet kry; buitendien was daar ook nog ŉ soort erfpagstelsel aan die erfenis verbonde om te belet dat die eiendom in die hande van vreemdes sou kom. Hierdie soort bemaking het meegebring dat plase feitlik onderverdeel is tot sulke groottes waarop ŉ erfgenaam slegs in armoede kon voortbestaan. Die onderverdeling het op sekere erfplase sulke afmetings aangeneem dat ŉ eiendom uit twee tot drie morg bestaan het; daarbenewens het daar ook ŉ tradisie van ondertrouing ontstaan om die eiendomme groter te kry en vreemdelinge daarbuite te hou. In die magistraat se jaarboek lê dan ook ŉ rapport oor hierdie feite in die omgewing en adviseer as

volg: „More-over the common S. Africa system of bequeathing property in equal shares to all children has resulted in many cases in the older farms being cut up into areas that in some cases are too small for profitable cultivating and should be appropriated and allotted under the provisions act no. 29 of 1937, so that they may be beneficially occupied." 1)

Die moontlikhede wat deur die ontstaan van die besproeiingskema daargestel is, het groot hoeveelhede morge grond onder besproeiing gebring. Die besproeiingsmoontlikheid het in die toestand wat al werklik op 'n agteruitgang gelyk het, verligting gebring, want hierdie mense kon nou weer welvarend word.

Hierdie toestand van onderverdeling is gelukkig ook beëindig, en die jonger generasie, koop mekaar nou uit omdat diegene wat elders 'n heenkome vind hulle eiendomme aan familielede of selfs aan persone buite die familieverband te koop aanbied deur aansoek te doen by die Hooggeregshof om die erfpag te verwyder.

(a) Verhouding van Meerderjariges tot Minderjariges.

Deur die kieserslyste en die sensusstatistiek van 1931 te vergelyk, kry ons 'n kieserskorps van 5,047; dus moes daar 7,957 minderjariges, d.w.s. van onder 21 jaar wees, d.w.s. 61.18 persent minderjariges teenoor 38.82 persent meerderjariges. Volgens die sensus van 1951 was daar 6,823 bo 21 jaar en 6,556 onder 21 jaar d.w.s. 51 persent meerderjariges teenoor 49 persent minderjariges. As ons die persentasies van 1931 en 1951 vergelyk, tref ons 'n omgekeerde posisie in die verhouding van meerderjarigheid tot minderjarigheid aan.

Vergelyk ons die getalle van 1931 met die van 1951, d.w.s. die jare voor en na die herskommeling en herindeling

---

1) Vide magistraatsjoernaal, Jaarverslag oor 1939 en die kompilasiekaart, kaart nr. 5.

van nedersetters en hoewes dan merk ons weer 'n aanwas, maar wat nou natuurlikerwys plaasgevind het. As ons die aanwas bo 21 jaar 1931:1951 teenoor die van onder 21 jaar 1931:1951 stel, kry ons die van bo 21 jaar 5,047 : 6,823 teenoor die van onder 21 jaar 7,957 : 6,556. Dit toon 'n styging in die getal meerderjariges teenoor 'n daling in die getal minderjariges. Persentasiegewys blyk die posisie nog duideliker, want dan kry ons 38.82 : 51.00 meerderjariges teenoor 61.18:49.00 minderjariges in 1931 en 1951 respektiewelik; d.w.s. oor 'n periode van 20 jaar was daar 'n styging van 12.18 persent wat die meerderjariges betref teenoor 'n daling van 12.18 persent wat die minderjariges betref.

Slaan ons die geboorteregisters na, merk ons dat uit die kleiner getal meerderjariges (1931) 938 kinders gebore is in die twee jaar wat onmiddellik die sensus van 1931 voorafgegaan het terwyl die sterfteregisters in die twee jaar 'n afsterwe van 162 toon, m.a.w. 'n natuurlike aanwas van 776, terwyl daar volgens dieselfde registers oor dieselfde periode van twee jaar wat die sensus van 1951 voorafgegaan het, 822 kinders uit die groter getal meerderjariges (1951) gebore is, terwyl die sterftesyfer 141 was. Dit bring 'n natuurlike aanwas van 681 mee.

As ons die aantal sterftes tot slegs die kinders van twee jaar en daaronder wat in dieselfde tydperk gesterf het, beperk, vind ons dat in die 1931-periode 76 of 8.1 persent gesterf het teenoor 25 of 3.04 persent oor die 1951-periode. Hieruit moet ons aflei dat, nieteenstaande, die gunstiger toestande soos mediese dienste, ekonomiese welvaart, die groter aantal meerderjariges en die kleiner aantal sterftes, van die jongste tydperk, die natuurlike aanwas tog nie daarby gebaat het nie. Ons het opsetlik met hierdie feite voor die dag gekom om aan te toon dat die groot getalle van die jeug wat elders werkgeleenthede vind en daarheen verhuis, nie alleen vir die afname, of die

in-verhouding-kleiner-aanwas van die bevolking verantwoordelik gehou kan word nie.

Die aantal geboortes, t.o.v. die meerderjariges in die 1931 en die 1951 se voorafgaande tweejarige periode, in verhouding en in persentasies uitgedruk, sal dan respektiewelik 938:5,047 of 18.38 persent teenoor 822:6,823 of 12.05 persent wees. Ons het hier dus te doen met 'n geboorteafname van 6.33 persent. Die geboorteafname sowel as die aantal minderjariges wat elders werksaam is, kan dan in die 1951 periode vir die relatiewe kleiner getal minderjariges verantwoordelik gehou word.

Tabuleer ons die posisie, dan tref ons dit as volg aan:

| 1931 | | 1951 | |
|---|---|---|---|
| Bo 21 jaar | Onder 21 jaar | Bo 21 jaar | Onder 21 jr. |
| 5,047<br>38.38% | 7,957<br>61.18% | 6,823<br>51.00% | 6,556<br>49.00% |
| Aantal geboortes 2 jaar voorafgaande elk van die jaargetalle. | | | |
| | 938<br>18.38% | 822<br>12.05% | |
| Aantal sterftes van kinders van 2 jaar en onder. | | | |
| | 76<br>8.1% | 25<br>3.04% | |
| Totale aantal sterftes oor die 2 jaar van die totale bevolking. | | | |
| | 162<br>1.25% | 141<br>1.055% 1) | |

(b) Aanwas.

Ons het die getal blankes van 1931 met die van 1951 vergelyk omdat hulle byna ewe groot t.o.v. die bevolkingstotale is, om as gevolg van die feit 'n eweredigere aanwysing wat die normale en die natuurlike aanwas betref, te kan doen.

1) Alle gegewens is ontleen aan die geboorte- en sterfteregisters, die sensus-statistieke in die magistraatskantoor en ons eie statistiek soos verwerk uit die 1951 sensusvorms; hiervolgens is die verwerking soos aangedui, gemaak.

As ons die werklike bevolkingsaanwas in oënskou neem, moet ons die getalle soos aangedui in die sensus van 1936 as uitgangspunt en basis neem. Dit is die werklike inwonertal na die herindeling deur die vergroting van die hoewes en die herskommeling van die nedersetters en arbeiders van wie die oorblywende res na Marico en elders oorgeplaas is. Hierdie getal dui dan die basiese bevolking van die distrik aan nadat immigrasie en emigrasie in sy vorige afmetings beëindig is. Die 11,384 siele moet dan eintlik, ons uitgangspunt wees, ten einde die aanwas oor 'n periode van 15 jaar te kan bepaal, te kan bespreek en te kan vergelyk.

In die 15 jaar is die aanwas dan die verskil tussen die 11,384 siele van 1936 en die 13,379 siele van 1951 wat 'n vermeerdering van 1,995 siele of 17.52 persent aandui.

In die werklikheid moes die aanwas oor die 15 jaar die aantal geboortes min die aantal sterftes wees, daar die aantal hoewes ten volle geokkupeer is en gebly het. Die aantal geboortes volgens die registers was 5,540 of 48.66 persent teenoor 944 sterftes of 8.29 persent wat 'n natuurlike aanwas van 4,596 siele of 40.37 persent beteken. Hier het dus 2,601 siele of 22.85 persent die distrik verlaat.

Getabuleer lyk die posisie as volg:

| Aanwas | 1936 | | 1951 | Persentasies. |
|---|---|---|---|---|
| Bevolking | 11,384 | | 13,379 | |
| Geboortes | | 5,540 | | 48.66 |
| Sterftes | | min 944 | | 8.29 |
| Natuurlike aanwas | | 4,596 | | 40.37 |
| Werklike aanwas | | 1,995 | | 17.52 |
| Verskil | | 2,601 | | 22.85 |

Onderskei ons egter tussen die stedelike en die landelike aanwas oor die 15 jaar, merk ons dat dit meer van stedelike aard was, daar die platteland 'n afname toon.

| | Stedelik | Platteland | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1936 | 917 | 10,467 | 11,384 |
| 1951 | 2,839 | 10,540 | 13,379 |
| Aanwins | +1,922 | + 73 | + 1,995 |
| 1946 | 2,183 | 11,002 | 13,185 |
| 1951 | 2,839 | 10,540 | 13,379 |
| Verskil | + 656 | - 462 | + 194 |
| 1936-1946 | +1,266 | + 535 | + 1,801 aanwas. |

Ons skakel die opgawes van 1941 hier, vanweë die abnormale toestand veroorsaak deur die oorlogsontwrigting soos reeds uiteengesit, uit.

Volgens hierdie tabel is dit duidelik dat die aanwas in die dorp tussen 1936 en 1951 'n vermeerdering van 209.6 persent teenoor 'n luttele 0.7 persent van die platteland beloop.

Die aanwas oor die 10 jaar 1936-46 was 138.06 persent stedelik, en 5.11 persent landelik, terwyl daar oor die 5 jaar 1946-51 onderskeidelik 'n 71.54 persent stedelike aanwas en 'n 4.2 persent afname op die platteland was.

Tydens die sensus in 1951 was hier 144 kosgangers van die platteland in die hoërskoolkoshuis; tog sal dit nie vergoed vir die afname nie, daar dit ook vir 1946 geld, want dieselfde akkomodasie was toe alreeds daar en dit was ook betrek. Die praktyk het egter bewys dat die meeste kosgangers sowel as die meeste busvervoer-leerlinge na voltooiing van hulle kursusse, nie teruggaan huis toe nie, maar óf in die dorp óf in die stede 'n heenkome vind óf aan die inrigtings vir gevorderde onderwys gaan studeer.

Volgens die opgawes van die plaaslike kantoor van die Departement van Lande het daar op 17 Januarie 1952 reeds 451 uit die 692 hoewes private eiendom gewees; d.w.s. dat slegs 35 persent van die hoewes nog kroongrond was. Die 65 persent hoewe-eienaars kon met hulle eiendom maak wat hulle wou. Waar hulle hierdie eiendomme, met geboue en al kompleet, teen 'n baie lae prys bekom het, kon hulle dit nou

met ɱ groot wins verkoop. Dit was ook die geval, want hulle het van £200 tot £300 per morg gekry toe die aanvraag en pryse van tabak hoog was.

Baie eienaars het hulle eiendomme teen groot bedrae verkoop en is, plus hulle spaargeld, in staat gestel om elders groter grond, ter wille van ɱ groot gesin, te bekom. Die nuwe eienaar was miskien ɱ beginner of selfs ɱ pensioenaris met een of twee kinders soos dikwels die geval was. Hierdie feit, tesame met die geboorteafname, jong seuns en dogters wat na elders gaan ter wille van ɱ heenkome en hulle toekoms, sowel as die versadigde absorbsievermoë van die platteland, is vir die afname verantwoordelik.

C. <u>Verhouding van Mans, Vrouens en Kinders in Gesinsverband.</u>

By die ontleding van die opgawes van die sensusvorms soos by die sensusopname op 8 Mei 1951 verstrek, het dit aan die lig gekom dat die blanke bevolking saamgestel is uit 3,075 gesinne waarvan 647 op die dorp en 2,428 op die platteland woon. Die twee hoërskoolkoshuise op die dorp en die koshuise van die Landbou Hoërskool en die Hoër Huishoudskool „Martha Human", is nie as gesinne bygereken nie maar bereken onder die kindertal.

Van die getal gesinne was 693 kinderloos waarvan 385 pare te oud was en geen kinders meer in die huis het nie, 180 pare was pas getroud en 128 pare was al 'n paar jaar getroud, maar het nog nie kinders gehad nie. Hierby moet ook nog die getal wat wel in afsonderlike huise woon, maar wat sonder eggenoot of eggenote en kinders was, gevoeg word. Van hierdie getal was 11 geskeie vroue, 6 geskeie mans, 43 oujongkêrels, 3 oujongnooiens, 8 wewenaars en 28 weduwees, ɱ totaal van nog 99 kinderlose huise wat ons werklike totaal op 792 te staan bring.

Ooreenkomstig die opgawes kan die getal gesinne volgens die ouderdomsgroepe in die verhouding van mans tot vrouens vir die getroudes as volg ingedeel word:

| Ouderdom | 16-20 | 21-30 | 31-40 | 41-50 | 51-60 | 61-70 | 71+ | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Mans | 7 | 450 | 830 | 642 | 508 | 369 | 127 | 2,933 |
| Vroue | 102 | 711 | 800 | 635 | 455 | 225 | 55 | 2,983 [1)] |

Volgens hierdie tabel kom daar 142 mans en 92 vrouens vir die 3,075 gesinne kort. Hierdie tekort aan mans kan uit die 108 weduwees, 18 geskeie vroue en 16 bejaarde meisies wat as gesinshoofde optree, saamgestel word, terwyl die vrouetekort deur die 30 wewenaars, die 56 bejaarde jongkêrels en die 6 geskeie mans wat as gesinshoofde optree, saamgestel kan word.

As ons op die ouderdomme let, dan merk ons slegs 7 getroude mans onder die 16-20 jaar groep. Hulle was almal pasgetroudes en 20 jaar oud. Die 102 vrouens was almal tussen 16-19 jaar en die meerderheid was al moeders. Oor die algemeen is die mans ouer as hulle vrouens alhoewel daar ook wel enkele gevalle voorkom waar die vrou ouer as haar man is en soms selfs veel ouer, maar dit is eerder die uitsondering.


By hierdie berekening en tabelopstelling is geen ou wewenaar of weduwee of ou egpaar wat by hulle kinders inwoon ingesluit nie.

Ons merk dus dat die groter groepe vroue tussen 21 en 40 jaar is, terwyl die groter groepe mans tussen 31-40 voorkom en dan geleidelik afneem tot 51-60 jaar.

Die getal vrouens onder 40 jaar is 1,613 wat nog toekomstige moederskap beteken; hierby kan ons nog die 350 vrouens tussen 41-45 wat ook nog potensiële toekomstige moederskap aandui en aanwas voorspel, byvoeg, terwyl die groep bo 45 jaar 1,020 is. Dit kom nou oral in die distrik voor dat, sodra die ouers en besitters te oud word, die eiendom aan een kind wat dan volgens onderlinge ooreen-

1) Soos deur ons verkry uit die sensusopgawes van 1951 en wat deur ons verwerk en gesistematiseer is. Vide ook die grafiese voorstelling op bladsy 166/167.

Verhouding van mans tot vrouens in gesinsverband volgens ouderdomme.



koms die ouers moet oppas, bemaak word. Hy neem dan die boerdery oor en na die afsterwe van die ouers betaal hy aan die ander erfgename 'n deel van die vaste eiendom se waarde volgens hulle ooreenkoms en waardasie soos in die testament bepaal, uit. Dit gebeur ook dat, waar die grond slegs groot genoeg is vir een gesin om 'n bestaan te maak, die jongmense 'n heenkome elders moet vind. Waar die ouer broers en susters alreeds in so 'n geleentheid gestel is, is een van die jongeres of die jongste die aangewese toekomstige eienaar van die grond en versorg die ouers op hulle oudag. Dit beteken dat die jong kragte die ouer kragte vervang. Die feit dat die skole in elke omgewing ook sy gemiddelde getal leerlinge sedert 1936 handhaaf, al is daar soms 'n daling, toon dit tog 'n bestendigheid, want daar volg ook weer 'n styging.

As ons die opgawes van die sensusvorms verder ontleed, vind ons 3,294 seuns en 2,853 dogters wat nog van hulle ouers afhanklik en onder 16 jaar is. Hierdie totaal van 6,147 kinders in die 2,283 gesinne waar daar kinders is, stel die gemiddelde getal kinders op 2.7 per gesin. Wanneer ons die werklike getal ongetroudes onder 21 jaar, wat inwoon, neem, kry ons 6,556 wat die gemiddelde, per gesin met kinders, ietwat verhoog, want die 409 jongmense wat in die dorp in die winkels en die ander besighede werksaam is, is ook die verskil tussen die getal kinders onder die ouerlike sorg en die getal 6,556.

Hier kan egter nie sonder meer 'n gemiddelde bereken word nie, omdat die gesinne wat as kinderloos voorgekom het, bygevoeg moet word. Die jongmense was nie almal net lede van die gesinne met kinders nie, maar behoort ook aan gesinne wat as kinderloos opgegee is omdat daar geen kinders meer in die huis was nie, daar hulle elders werksaam was en woon.

Om hierdie berekening te maak, moet slegs die werklike kinderlose gesinne en pasgetroudes uitgeskakel word sodat die 2,283 gesinne vermeerder word met 354 tot 2,637. Hiervolgens is daar dan 'n klein daling in die gemiddelde per gesin op te merk, sodat die gemiddelde op 2.49 kinders per gesin te staan kom.

Hierdie getal is egter baie relatief, want om 'n werklike gesinsterkte te bepaal sou dit nodig wees om 'n opgaaf te kry van elke gesin se werklike getal lewende kinders tuis of nie. Dit sal dan 'n suiwerder weergawe wees, maar dit sal nie die distrik se posisie werklik weerspieël nie. Dit sal ook nie die moeite werd wees nie daar dit te tydrowend is.

Ons het egter reeds daarop gewys dat daar 'n afname in die getal geboortes is. Onder die groter groep meerderjariges in 1951, kom die kleiner getal geboortes voor terwyl die kleiner groep meerderjariges in 1931 'n groter aantal geboortes toon.

Ons kom dan tot die gevolgtrekking dat daar iets verkeerds of iets abnormaals i.v.m. hierdie vraagstuk aan die orde van die dag is.

Deur navraag oor hierdie uiters kontensieuse saak, het dit duidelik geword dat baie egpare nie gewillig is om met die werklike feite voor die dag te kom nie. Uit die gesprekke kon dit wel deeglik afgelei word dat daar verskillende faktore bestaan. Dit is 'n feit dat geboortebeperking waar daar reeds een of twee kinders is, ook plaasvind.

Waar egpare reeds etlike jare getroud is en nog geen kinders het nie, word as rede aangevoer dat hulle nog nie behoorlik daartoe in staat is om vir 'n kind na behore te sorg nie. Hulle verwys dan gewoonlik hoe moeilik dit gaan by sekere gesinne waar daar wel kinders is. Hierdie tipe egpare is gewoonlik hulle wat op 'n rypere leeftyd getroud is. Volgens hulle opvatting moet die ouers welvarend wees

om 'n kind behoorlik te versorg en op te voed en o.i. ontbreek dit hulle aan geloof en durf.

Die wat wel geen ekonomiese redes kan of mag aanvoer nie, wil nie gemaksugtigheid as rede noem nie, tog blyk dit dat hulle nog 'n bietjie onbekommerd die lewe wil geniet, daar hulle van mening is dat kinders 'n mens te vroeg in die lewe verslaaf en 'n mens se bewegings aan bande lê.

In baie uitsonderlike gevalle is die kraamvrees óf deur die man óf deur die vrou onomwonde uitgespreek en dan word na een of meer gevalle waar die moeder die lewe gelaat het, of sieklik geword het deur die geboorte van haar kind, verwys. Dit kon ook afgelei word dat die vrees tot 'n kompleks ontwikkel het. Die ontstaan van die kompleks kon terug gevoer word tot die vrees wat die ouers by die kinders óf bewus óf onbewus ingeprent het. So 'n vrees het ook by sommige moeders wat 'n moeilike bevalling gehad het, ontwikkel. Hulle verweer is dat hulle van ondervinding kan praat. Hierdie moeders het gewoonlik na hulle 30ste jaar moeder geword.

Ons het ook gevalle aangetref onder die meer gegoede ouers wat slegs een of twee kinders het of in hulle jeug gehad het en wat nie direk redes vir die geboortebeperking wil aanvoer nie. Deur versigtige en taktvolle gesprekke het 'n mens egter tot die ontnugtering gekom dat baie kinders in 'n gesin as 'n „skande" beskou word of in hulle jong dae beskou is omdat daar altyd smalend van ouers met baie kinders gepraat word.

Sommige ouers met een of twee kinders het ruiterlik te kenne gegee dat hulle nie in staat is om vir meer kinders behoorlik te kan sorg nie, aangesien hulle self, toe hulle groot geword het 'n groot huisgesin was, en gesien het hoe moeilik dit gaan. Hulle het ook aangevoer dat die moderne eise veel hoër is as die van die verlede.

Die wat egter werklik kinderloos is, spreek gewoonlik hulle begeerte uit om ŉ eie kroos te mag hê en as alle geoorloofde pogings geen sukses bring nie, neem hulle hulle toevlug tot die aanneem van ŉ kind. Hulle verkies gewoonlik ŉ klein babatjie wat ŉ wees of ŉ onversorgde is. Die moeder wil graag die mollige warmte van ŉ baba aan haar boesem voel en in haar arms hou. Dit is dan ook treffend om die teerheid te sien waarmee sulke babas behandel word.

Gegoede ouers wat drie of meer kinders het, is op die vraag, of hulle in staat is om vir elkeen van die kinders ŉ behoorlike toekoms te kan verseker, van mening, dat dit nie hulle plan is om dit enduit te doen nie, maar om die kinders slegs sover te help dat hulle hulle self verder kan help; want so het hulle groot geword en so is hulle ook opgevoed. Hulle wil hulle kinders dus ook opvoed soos dit met hulle persoonlik die geval was. Die ouers is ook van mening dat ŉ kind dit nie alte gerieflik moet hê nie, want dan versleg hulle en hulle sukkel baie in hulle latere lewe.

Onder die ouers wat in ŉ minder gunstige ekonomiese posisie was met meer as vier kinders, het ons veelal die antwoord gekry dat die Here sal sorg en dat daar geen mondjie gebore word, wat nie sy voedsel sal kry nie. Hierdie opmerking het ons ook by gegoede ouers met groot gesinne, maar wat nie in staat sal wees om vir elke kind ŉ goeie nalatenskap te verseker nie, gehoor.

Maar laat ons nou die werklike posisie van die geboortes nagaan soos dit in die geboorteregisters vanaf 1929 tot 1950 aangeteken is.

D. Geboortes.

As ons die aantal geboortes en sterftes in die betrokke registers nagaan en ontleed, moet ŉ mens tot die slotsom geraak dat die bevolking, indien die vitaliteit in aanmerking geneem word, veel groter sou gewees het, maar dat die natuurlike aanwas nie deur die distrik gehuisves kan word

nie daar elke moontlikheid t.o.v. die bodem reeds benut word, tensy daar meer sekondêre nywerhede, soos inmaakfabrieke, bv., ontstaan.

Dit is egter duidelik dat die Unie van Suid-Afrika se bevolking by 'n groter geboortesyfer sal baat veral by die uitbreiding van die fabrieksnywerhede.

Tabel om Geboortes aan te dui.

| Jaar | Manlik | Vroulik | Totaal | Jaar | Manlik | Vroulik | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1929 | 261 | 227 | 488 | 1940 | 187 | 156 | 343 |
| 1930 | 246 | 204 | 450 | 1941 | 153 | 161 | 314 |
| 1931 | 205 | 187 | 392 | 1942 | 179 | 176 | 355 |
| 1932 | 174 | 234 | 408 | 1943 | 172 | 181 | 353 |
| 1933 | 166 | 154 | 320 | 1944 | 205 | 235 | 440 |
| 1934 | 154 | 156 | 310 | 1945 | 205 | 193 | 398 |
| 1935 | 189 | 188 | 377 | 1946 | 213 | 200 | 413 |
| 1936 | 166 | 170 | 336 | 1947 | 212 | 233 | 445 |
| 1937 | 163 | 148 | 311 | 1948 | 212 | 181 | 393 |
| 1938 | 167 | 135 | 302 | 1949 | 236 | 212 | 448 |
| 1939 | 159 | 146 | 305 | 1950 | 216 | 168 | 384 |
| Totaal | 2,050 | 1,949 | 3,999 | Totaal | 2,190 | 2,096 | 4,286 |
| | | Totaal 1929 - 1939 | | | 2,050 | 1,949 | 3,999 |
| | | | Groottotaal | | 4,240 | 4,045 | 8,285 |

Wanneer hierdie gegewens bestudeer word, merk ons vanaf 1929 'n hoë begin en dan 'n geleidelike daling tot 1939, terwyl daar weer 'n styging in 1940 is, en van 1940 is daar dan min of meer weer 'n geleidelike styging tot 1949.

Opvallend is egter die skielike daling in 1933 en 1934 met 'n styging in 1935. Dit lyk wel asof die groot droogte van 1932/33 hierdie daling bewerkstellig het, want nieteenstaande 'n kleiner bevolking in 1935 na die herindeling en die vergroting van die hoewes en die verplasing van sommige nedersetters en arbeiders nie was daar tog 'n taamlike styging in 1935 in die geboortes en dan volg daar weer 'n geleidelike daling. Die droogte het aanleiding gegee dat

groot mismoedigheid ingetree het, veral toe die besproeiing stopgesit is vanweë die daling van die water in die dam tot 18 duim bokant die uitlaatsluise.

Teen die laaste week van Oktober 1933 het die reëns wat die droogte gebreek het, begin val. Vanaf 1936 is daar weer 'n geleidelike daling. Die ekonomiese depressie vanaf die einde van 1929 het bepaald ook in hierdie opsig depressief gewerk en die droogte het dit vererger. Daar was egter 'n opflikkering na die droogtetoestand gebreek is, maar daarna het die depressiewe toestand egter weer ingetree. Hierdie toestand het eers teen 1940 sodanig verander dat die boere weer goeie pryse vir hulle produkte kon kry, en 'n groter aanvraag 'n beter mark gebied het tydens die begin van die oorlogsjare. Ook het heelwat meer jongmanne wat by die leër aangesluit het om verskillende redes in die huwelik getree.

Oor die 22 jaar het die aantal vroulikes wat gebore is slegs in 7 jare die manlikes oortref (Vide die tabel op bl. 171). Oor die 22 jaar is daar in elk geval slegs 195 of 2.35 persent meer manlike kinders as meisiekinders gebore. Hiervolgens het ons ook 'n jaarlikse gemiddelde geboortesyfer van 192.7 manlikes teenoor 183.9 vroulikes wat 'n manlike oorskot van 8.8 gemiddeld per jaar beteken. Die gemiddelde totale aantal geboortes beloop dan 376.6 per jaar.

Die getal geboortes t.o.v. die gemiddelde van 12,412.2 van die blankes oor die periode van 22 jaar is 30.34 per 1,000 van die bevolking.

Vergelyk ons hierdie gemiddelde per 1,000 met die van die blanke bevolking van die Unie van S. Afrika en die vier provinsies oor dieselfde aantal jare dan kry ons die volgende beeld:

Transvaal 26.84; Natal 19.03; Brits 30.34; Oranje

Vrystaat 24.53; Kaapprovinsie 24.67; Unie 24.25.[1]

Vergelyk ons die gemiddelde geboortesyfer per 1,000 van die bevolking van Brits met die van die sewe gewestelike streke van die Unie dan vind ons die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| S.W. Kusstreek | 24.10 | |
| S.O. Kusstreek | 18.68 | |
| Karoo-Kaapse Middellande | 24.79 | |
| Hoëveldstreek | 25.58 | |
| Kaapse Doringveldstreek | 23.89 | |
| Transvaalse Bosveldstreek | 31.31 | Brits 30.34 |
| N.W. Kaapse streek | 29.61 | [2] |

Brits ressorteer onder die Transvaalse Bosveldstreek wat die hoogste gemiddelde geboortesyfer aantoon en selfs Brits oortref. Die Bosveldstreek is egter baie yl bevolk waar Brits daarenteen, baie dig bevolk is. (vgl. Bevolkingsverspreidingskaart, Kaart nr. 4.)

As ons die gemiddelde blanke geboortes per 1,000 van die bevolking, (a) stedelik 23.26 en (b) landelik 28.93, van die Unie vergelyk dan oortref Brits as landelike distrik die gemiddelde van die totale landelike gebied.[3] Brits vergelyk in hierdie opsig gunstig met die Unie en die gebiedstreke binne die Unie. Maar laat ons nou nagaan hoe Brits se gunstige posisie vergelyk wanneer ons ander faktore soos gesondheid en sterftes bestudeer.

E. Gesondheid en Sterftes.

As ŉ mens lank in ŉ omgewing woon en die mense gedurig onder observasie het, blyk dit duidelik dat siektetoestande net soos op enige ander plek voorkom. Hierdie verskynsel gee ons egter nie ŉ definitiewe aanduiding van die werklike


---

1) Gegewens is verkry uit die Statistieke-opgawes in die Offisiële Unie Jaarboeke nrs. 12, 13, 16 en 19 en die gemiddeldes is daarvolgens uitgewerk.

2) Gegewens is verkry uit die Statistieke-opgawes in die Offisiële Unie Jaarboeke nrs. 12, 13, 16 en 19 en die gemiddeldes is daarvolgens uitgewerk.

3) Vide ook die grafiek op bladsy 173/174.

Verhouding van geboortes en sterftes per 1000 van die bevolking in die sewe natuurlike streke, Brits en in die Unie van S.A.



toestand nie, aangesien mense siek word en weer gesond word en ander is sieklik en bereik tog ŉ hoë ouderdom. Maar as ŉ mens na spesifieke siekteverskynsels oplet soos die toestand van die tande, kropgeswelle, spatare, e.d. kan ŉ mens enigsins vasstel of hierdie toestande ernstige afmetings aanneem of nie.

ŉ Feit wat nie oor die hoof gesien kan word nie, is die toestand van die tande. By die skole kon ons vasstel dat daar nie een enkele kind was wat nog nie aan sy of haar tande laat werk het nie. Selfs kinders van onder die 5 jaar moes al na die tandarts gaan; wat die volwassenes betref, is die verskynsel net so sleg.

Hier is tans vier tandartse en hulle het hulle hande so vol dat tandheelkundige afsprake twee tot drie weke vooruit gemaak moet word. Volgens die tandartse is die afwesigheid van die glans of emalje van die tande en die brosheid van die tande ŉ algemene verskynsel. Dit toon ŉ tekort van die minerale soute wat nodig is om gesonde en sterk tande te vorm. Hulle skryf die tandetoestand toe aan óf ŉ tekort óf ŉ afwesigheid van fluor en op sekere plekke weer ŉ oormaat sodat die tande ook gevlek is.

Aan die noordelike hange van die Magaliesberg word die verskynsel aangetref dat mense langs die bergstrome geneig is tot kropgeswelle by mans, vrouens en kinders, terwyl die mense langs die bergstrome aan die suidekant van die Magaliesberg weer nie kropgeswelle ontwikkel nie. Waar die kropgeswelle voorkom, word ook die gevlekte tande aangetref en dit laat ŉ mens dink dat die abnormaliteite beide te wyte is aan ŉ oormaat van fluor wat in die water aanwesig is.[1)]

---

1) Oor hierdie probleem bestaan daar nog nie veel helderheid nie, alhoewel dit tog duidelik is dat outoriteite ook hierdie mening huldig, vide bv. Steyn, Prof. dr. Douw G., professor in Farmakologie, Mediese Fakulteit, Universiteit van Pretoria. „Eetgewoontes, Geneesmiddels en Gesondheid". Van Schaik, Bpk., Pretoria, 1949 bl. 82, 83, 91, 92, 93 en 94.

Hierdie toestand van slegte tande of verslegtende tande en ontwikkelende kropgeswelle kom by swanger vrouens meer voor terwyl die kropgeswel soms kleiner word na die bevalling.

Sulke verwagtende moeders ly ook baie aan krampe, veral in die kuite. In hierdie gevalle bring die gebruik van kalsium verligting en verbetering in die toestand veral as dit saam met forfaat geneem word. Magnesium fosfaat is ook ŉ aangewese minerale voedingsmiddel as dit in klein hoeveelhede geneem word om die toestand die hoof te bied.[1)]

ŉ Ander verskynsel is bilharzia. Kinders sowel as grootmense is hier al op ŉ groot skaal vir die siekte behandel. Die kinders word gereeld getoets en die wat die siekte opgedoen het, word behandel by die skole deur die geneeskundige inspektoraat van die Transvaalse Departement van Onderwys. In ŉ onderhoud met die Hoof Geneeskundige Inspekteur is aan my verseker dat 400 uit die 741 leerlinge van die laerskool op Brits die siekte het en behandel moes word. Die wat die siekte nie het nie, is hulle wat uit die waters van damme, riviere en lope bly en van die swembaddens met behandelde water gebruik maak. Voorkoming is beter as genesing en skole beywer hulle om sulke fasiliteite te bekom deur boorgate en swemdamme te verkry.

Volgens die aantal sterftes geregistreer vanaf die begin van 1929 tot die einde van 1950 blyk dit dat die sterftesyfer op slegs 5.31 per 1,000 van die blanke bevolking van die distrik gestel kan word teenoor die gemiddelde van die Unie wat 9.73 per 1,000 van die blanke bevolking per jaar is.[2)]

Die volgende tabel toon die totale van die verskillende sterfte-ouderdomsgroepe met die gemiddeldes en die verhouding van die gemiddeldes per jaar aan. Die gegewens is

---

1) Volgens inligting verskaf deur mediese praktisyns op Brits.

2) Verkry uit die statistiese gegewens in die Offisiële Jaarboeke van die Unie nrs. 12, 13, 16 en 19. Vide grafiek bl. 173/174.

die totale oor die periode van 22 jaar, 1929 tot einde 1950.

Sterftestatistiek van Brits.

| Ouderdom | eerste 30 dae | maande 1-12 | 1-2 jr. | 3-5 jr. | 6-10 jr. |
|---|---|---|---|---|---|
| Manlik | 95 | 90 | 48 | 22 | 14 |
| Vroulik | 93 | 73 | 39 | 21 | 12 |
| Totaal | 188 | 163 | 87 | 43 | 26 |
| Gemiddelde | 8.5 | 7.4 | 3.95 | 1.95 | 1.2 |
| Gem. M/V. | 4.3/4.2; | 4.1/3.3; | 2.2/1.8; | 1.0/0.95; | 0.64/0.55; |


| Ouderdom | 11-20 | 21-30 jr. | 31-40 jr. | 41-50 jr. | 51-60 jr. |
|---|---|---|---|---|---|
| Manlik | 41 | 31 | 37 | 51 | 70 |
| Vroulik | 24 | 32 | 39 | 40 | 38 |
| Totaal | 65 | 63 | 76 | 91 | 108 |
| Gemiddelde | 2.95 | 2.9 | 3.5 | 4.1 | 4.9 |
| Gem. M/V. | 1.9/1.1; | 1.4/1.5; | 1.7/1.8; | 2.3/1.8; | 3.2/1.7; |

| Ouderdom | 61-70jr. | 71-80jr. | 81-90jr. | 91jr.+ | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Manlik | 44 | 124 | 51 | 10 | 828 | oor 22 jr. |
| Vroulik | 78 | 85 | 42 | 6 | 622 | " " " |
| Totaal | 122 | 209 | 93 | 16 | 1,450 | " " " |
| Gemiddelde | 10.1 | 9.5 | 4.2 | 0.72 | 65.9 | per jaar. |
| Gem. M/V. | 6.5/3.5; | 5.6/3.9; | 2.3/1.9; | 0.45/0.27; | 37.6/28.3 p.j.[1] | |

Hieruit lei ons af dat die hoogste gemiddelde sterftesyfer per jaar 10.1 onder die ouderdomsgroep 61-70 jaar voorkom terwyl die groep 71-80 jaar tweede kom met 9.5 gemiddeld en die groep eerste 30 lewensdae derde met 8.5 en dan volg die vierde as die groep 1-12 maande met 7.4 sterfgevalle gemiddeld per jaar. Na die groep 1-12 maande tree 'n skerp daling in tot by die groep 6-10 jaar, hierna kom 'n geleidelike styging voor tot by die groep 61-70 jaar en 'n effense daling by 71-80 jaar en dan 'n skerp daling na die laaste twee groepe. Hieruit blyk duidelik dat die eerste daling en geleidelike styging 'n groter vitaliteit aandui terwyl die daling by die laaste twee groepe beteken dat daar 'n klein res na die hoogste stygingspunt oorgebly het.

1) Gegewens verkry in die sterfteregisters in die magistraatskantoor en verwerk. Vgl. ook bygaande sterftegrafiek bl. 176/177.

Sterfte volgens ouderdomsgroepe - Brits gemiddeld per jaar.



Wanneer ons die totale gemiddelde sterftesyfer per 1,000 van die blanke bevolking oor dieselfde tydperk met dié van die Unie, en die van die vier provinsies vergelyk, dan kry ons die volgende:

| Kaapprovinsie | Natal | Transvaal | Oranje Vrystaat | Unie | Brits. |
|---|---|---|---|---|---|
| 9.92 | 9.55 | 10.01 | 8.39 | 8.73 | 5.31 1) |

Hierdie aangegewe gemiddeldes skep 'n besonder gunstige indruk, terwyl Brits 'n nog gunstiger posisie beklee en dieselfde geld ook wanneer ons die stedelike gemiddelde 10.47 en die plattelandse 8.50 in aanmerking neem. 2)

Om die vergelyking doeltreffender te maak, sal dit nodig wees om ook die sewe gewestelike streke van die Unie in hierdie opsig te beskou.

| | | |
|---|---|---|
| S.W. Kusstreek | 10.44 | |
| S.O. Kusstreek | 9.63 | |
| Karoo-Kaapse Middellande | 9.94 | |
| Transvaalse Bosveldstreek | 8.49 | Brits 5.31 |
| N.W. Kaapse distrikte | 8.05 | |
| Hoëveldstreek | 9.71 | |
| Kaapse Doringveldstreek | 9.26 | |
| Unie | 9.73 | 3) |

Die verkreë gemiddeldes varieer van jaar tot jaar maar varieer nie veel t.o.v. die totale gemiddelde oor die 22 jaar nie.

Soos reeds aangetoon (tabel op bl. 176) staan die verhouding van die manlike sterftes tot die van die vroulike in Brits as 37.6 : 28.3 wat volgens berekening 132.8 manlikes tot 100 vroulikes beteken en hiermee ongeveer die gemiddelde gestandaardiseerde syfer van 132.5 manlikes teenoor

1) Gegewens is verkry uit die verskillende statistieke oor die tydperk in die Offisiële Jaarboeke van die Unie, (reeds genoem), en verwerk vir ons doel, veral Jaarboek nr. 19 van 1938 bl. 1092 waar die jaarsyfers van 1911 tot 1937 gegee word.

2) Idem.

3) Vide grafiese voorstelling: Verhouding van Geboortes en Sterftes op bl. 173/174.

100 vroulikes van die Unie ewenaar.[1]

Die vitaliteit van 'n menslike samelewing word ook grootliks gekenmerk aan die sterk en gesonde babas. 'n Swak baba se kanse om tot volwassenheid te ontwikkel is baie geringer as die van sterk en gesonde babas. Die sterk baba ontwikkel ook gewoonlik tot 'n kragtiger volwassenheid met 'n beter uithouvermoë en beter weerstand teen siektes soos bv. pneumonia wat gewoonlik baie slagoffers eis nieteenstaande die moderne mediese middele wat aangewend word.

Na jare lange ondervinding in die verskillende omgewings en klimaatstreke van die Transvaal en die duisende kinders op die skool deur die jare, kon ons tot die gevolgtrekking geraak dat dit lewensnoodsaaklik vir 'n volk is om oor die nodige inligting te beskik hoe om 'n sterk en gesonde baba in sy voorgeboortelike staat te laat ontwikkel, want 'n sterker baba bring ook 'n makliker geboorte en minder ontberings daarna te weeg. Sy weerstand teen die siektes soos enteritis en gastro-enteritis wat baie slagoffers eis binne die eerste en tweede lewensjaar, is onweerlegbaar.[2]

Dit blyk ook veelal dat armoede en gebrek aan die nodige voedingstowwe vir die verwagtende moeder en haar ontwikkelende baba baie nadelig is en 'n hoër sterftesyfer onder pasgebore babas óf binne die eerste 30 lewensdae óf die eerste lewensjaar meebring. As ons die tabel op bl. 176 raadpleeg, is dit 'n duidelike feit dat die sterftes gedurende die eerste 30 lewensdae en daarby ook gedurende die eerste lewensjaar veelal 'n te hoë eis aan die bevolkingsaanwas stel.

Dit sal die moeite loon om 'n vergelykende studie i.v.m. die geboortes en die sterftes rakende die eerste lewensjaar te konsidereer.

---

1) Vide Unie Offisiële Jaarboeke (soos reeds aangedui).

2) Ons verwys ook graag na Steyn, Prof. dr. Douw G. a.w. bl. 7 e.v. en bl. 151 - 164.

Wanneer ons die tabel op die volgende bladsy vergelykend benader, merk ons 'n hoë sterftesyfer in 1929, die beginjaar na die ontstaan van die distrik, met 'n skerp daling in 1930 van 77.87 tot 48.89 onderskeidelik in die verhouding van die totaal-gemiddeldes per 1,000 geboortes.

As ons die oorsake van die sterftes gedurende 1929 in die sterfteregisters nagaan, merk ons dat 51 persent oorlede is weens vroegtydige geboorte en geboortelike onvermoë, terwyl hierdie oorsaak verantwoordelik was vir 36 persent van die sterftes in 1930 en 1931 en dan neem dit verder af sodat slegs 17.6 weens die oorsaak in 1932 gesterf het. In 1933 is nie een enkele geval vanweë die genoemde oorsake geregistreer nie. In 1934 is nie minder nie as 42 persent vanweë die genoemde oorsake oorlede. Hieruit kan ons aflei dat die oorsake in die eerste instansie te wyte kan wees aan die armoede en onbeholpe toestand van die nedersetter terwyl die herhaling in 1934 toegeskryf kan word aan die haglike toestand waarin die nedersetter verkeer en geraak het deur die ontsettende droogte van die vorige jaar toe hulle toestand net so versleg het of nog slegter was as in die beginstadium, want hulle het nog nie behoorlik koers gekry nie of die terugslag deur die droogte het ingetree.

In 1936 en 1937 is daar weer 'n toename in die sterftesyfer waarin eersgenoemde oorsaak ook wel 'n rol gespeel het, maar die tol is volgens die registers die keer veral in November en Desember 1937 betaal deurdat 'n epidemie van gastro-enteritis (appelkoossiekte) wat met sy komplikasies van bronchitis of pneumonia of broncho-pneumonia ingetree het. In 1938 is daar 'n merkwaardige afname in die sterftes op te merk.

Vergelyk ons die eerste 9 jaar 1929-1937 met die volgende 9 jaar 1938-1946 vind ons 'n gemiddelde sterftesyfer onder die babas van 54.23 teenoor 35.96 oor die eerste en

| | STERFTES 1 Jaar en onder. [1] | | | GEBOORTES Aantal [1] | | | KINDERSTERFTEVERHOUDING. Per 1,000 Geboortes. | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaartal | Manlik | Vroulik | Totaal | Manlik | Vroulik | Totaal | Manlik | Vroulik | Totaal Gemiddeld |
| 1929 | 18 | 20 | 38 | 261 | 227 | 488 | 68.96 | 88.10 | 77.87 |
| 1930 | 14 | 8 | 22 | 246 | 204 | 450 | 56.91 | 39.21 | 48.89 |
| 1931 | 10 | 13 | 23 | 205 | 187 | 392 | 48.78 | 69.52 | 58.67 |
| 1932 | 7 | 10 | 17 | 174 | 234 | 408 | 40.23 | 42.74 | 41.67 |
| 1933 | 6 | 5 | 11 | 166 | 154 | 320 | 36.14 | 32.47 | 34.38 |
| 1934 | 8 | 13 | 21 | 154 | 156 | 310 | 51.95 | 83.33 | 67.74 |
| 1935 | 6 | 7 | 13 | 189 | 188 | 377 | 31.75 | 37.23 | 34.75 |
| 1936 | 11 | 8 | 19 | 166 | 170 | 336 | 66.26 | 47.06 | 56.55 |
| 1937 | 13 | 8 | 21 | 163 | 148 | 311 | 78.53 | 54.04 | 67.52 |
| 1938 | 5 | 1 | 6 | 167 | 135 | 302 | 29.94 | 7.33 | 19.87 |
| 1939 | 6 | 8 | 14 | 159 | 146 | 305 | 37.74 | 54.79 | 45.90 |
| 1940 | 7 | 5 | 12 | 187 | 156 | 343 | 37.43 | 32.05 | 34.98 |
| 1941 | 4 | 4 | 8 | 153 | 161 | 314 | 26.14 | 24.91 | 25.47 |
| 1942 | 7 | 3 | 10 | 179 | 176 | 355 | 39.09 | 17.05 | 28.17 |
| 1943 | 7 | 7 | 14 | 172 | 181 | 353 | 40.69 | 38.67 | 39.66 |
| 1944 | 9 | 12 | 21 | 205 | 235 | 440 | 43.90 | 51.09 | 47.95 |
| 1945 | 14 | 7 | 21 | 205 | 193 | 398 | 68.29 | 36.27 | 52.76 |
| 1946 | 6 | 8 | 14 | 213 | 200 | 413 | 28.17 | 40.00 | 33.89 |
| 1947 | 8 | 6 | 14 | 212 | 233 | 445 | 37.73 | 25.75 | 31.48 |
| 1948 | 6 | 6 | 12 | 212 | 181 | 393 | 28.30 | 33.15 | 30.53 |
| 1949 | 8 | 3 | 11 | 236 | 212 | 448 | 33.47 | 14.15 | 26.79 |
| 1950 | 5 | 4 | 9 | 216 | 168 | 384 | 23.15 | 23.81 | 23.44 |
| Totaal | 185 | 166 | 351 | 4240 | 4045 | 8285 | | | |
| Gemid. | 8.41 | 7.54 | 15.95 | 192.7 | 183.9 | 376.6 | 43.63 | 41.04 | 42.36 |

1) Hierdie getalle is verkry deur die berekening van gegewens uit die betrokke registers in die magistraatskantoor op Brits en bewerkinge het hiervolgens geskied.

tweede periode onderskeidelik t.o.v. 1,000 geboortes oor elke periode. Teenoor hierdie getalle toon die laaste 4 jaar 1947-1950 slegs 'n gemiddelde van 28.06 sterftes per 1,000 geboortes.

Hierdie gunstige wending moet toegeskryf word aan die algemeen en grootliks verbeterde ekonomiese toestand wat die moeders in staat stel om 'n groter verskeidenheid en beter voedsel aan te koop en ook nie skroom om mediese hulp vroegtydig in te roep nie. Daarby het die mediese dienste ook baie verbeter.

Vanaf 1924 was hier slegs 2 mediese praktisyns; vanaf 1940 was hier 4, en 5 vanaf 1946, 8 vanaf 1948 en 10 vanaf 1950. Oneindig beter verkeersfasiliteite soos teerpaaie, telefoondienste, beter motorkarre en doeltreffender mediese middele dra alles by tot die rooskleuriger toestand.

Op Sonop, die nedersetting van die Departement van Volkswelsyn waar die mense oor 'n kliniek in hulle nabyheid, gedurige mediese en kliniese voorligting, en onmiddellike attensie beskik, is sedert 1939, toe die nedersetting deur Volkswelsyn oorgeneem is, selgs 1 baba tot die einde van 1951 uit 'n paar honderd geboortes, oorlede.[1)]

Vergelyk ons die gemiddelde sterftesyfer per 1,000 geboortes met die van die Unie in die ooreenstemmende tydperk vind ons die van die Unie as 62.45 teenoor 42.36 van Brits, terwyl die Transvaalse Bosveldstreek waarin Brits geleë is 48.22, en die platteland van die Unie 52.66 toon.[2)] Soos reeds aangevoer, is die Bosveldstreek dun bevolk en die aantal geboortes in totaal dus minder sodat die verskil in berekening per 1,000 aanmerklik is, daarenteen vertoon Britsdistrik wat baie dig bevolk is, dan besonder gunstig.

Volgens ons informante was malaria, of „slepende koors" soos die ou mense dit genoem het, 'n algemene en

---

1) Meegedeel deur die klinieksuster.

2) Vide Offisiële Jaarboeke, a.w.

ernstige siekteverskynsel tot ongeveer 1925. In die jare 1928-30 is slegs 10 sterfgevalle aan malaria geregistreer en in 1939 is weer 3 gevalle vermeld. Sedertdien het 'n mens nooit weer van hierdie siekte in Britsdistrik gehoor nie.

Gerieflikheidshalwe tabuleer ons die siektes, die getalle persone oorlede oor 22 jaar en die gemiddelde per jaar in volgorde soos ontleed uit die sterfteregisters:

| | | Totaal oor 22 jaar | Gemiddeld per jaar. | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Hartkwale | 264 - | 12.0 | |
| 2. | Pneumonia | 196 - | 8.9 | |
| 3. | Vroegtydige geboorte en swakte | 186 - | 8.5 | tref net babas. |
| 4. | Kanker | 124 - | 5.6 | |
| 5. | Gastro-enteritis | 90 - | 4.1 | tref net babas onder 3 jr. |
| 6. | Per ongeluk | 88 - | 4.0 | meestal kinders en verdrinktes. |
| 7. | Arterio-Sclerosis | 66 - | 3.0 | tref ou mense. |
| 8. | Trombose | 59 - | 2.7 | |
| 9. | Niersiektes | 42 - | 1.9 | |
| 10. | Tuberculose | 37 - | 1.7 | meer in die beginjare, 1929-31. |
| 11. | Beroerte | 36 - | 1.6 | |
| 12. | Harsingbloeding | 35 - | 1.6 | |
| 13. | Watersug | 29 - | 1.3 | |
| 14. | Bronchitis | 26 - | 1.1 | |
| 15. | Selfmoord | 23 - | 1.05 | meestal jongmense |
| 16. | Rugmurg- en Harsingvliesontsteking | 21 - | 0.95 | meestal kinders |
| 17. | Moeders beswyk tydens kraamgeval | 11 - | 0.5 | meestal jong vrouens. |
| 18. | Diabetes | 10 - | 0.45 | |

Slegs 5 persone is aan intussussepsie (derminskuiwing) in die afgelope 4 jaar oorlede.

In die jare 1929-1950 het 4 kinders beswyk aan kinkhoes, 2 aan masels en 5 aan witseerkeel. Kolitis en enterica

het ook elkeen ŉ 2 of 3 lewens geëis. Seneliteit was die oorsaak van ŉ paar oumense se dood. Hulle is werklik sonder enige teken van siekte maar slegs aan ouderdomswakte oorlede. Twee gevalle van alkoholisme en twee van kinderverlamming is ook aangeteken.[1)]

Waar die gemiddelde sterftesyfer slegs 5.31 per 1,000 en dus as besonder laag t.o.v. ons vergelykings, moet beskou word, en veral daar Suid-Afrika sy plek onder die eerste 8 laagste plekke[2)] in die wêreld inneem en dus besonder gunstig vergelyk, voel ŉ mens geneig om die feit in oënskou te neem dat, Britsdistrik vir die nedersetters ŉ baie geskikte woonplek moet wees.

Wanneer ons die ouderdomsgroepe in die drie soorte siektes waaraan die meeste mense in Britsdistrik beswyk, vergelyk, tref die volgende getalle en gemiddeldes per jaar oor die periode van 22 jaar ons veral as ons dit per 1,000 ook met die van die Unie vergelyk:

| | Hartsiektes | Kanker |
|---|---|---|
| | Totaal en gem. per jr. | Totaal en gem.per jr. |
| Onder 40 jaar | 50 of 2.3 | 10 of 0.45 |
| 41 - 50 " | 20 of 0.9 | 13 of 0.59 |
| 51 - 60 " | 23 of 1.05 | 21 of 0.95 |
| 61 - 70 " | 71 of 3.2 | 33 of 1.5 |
| 71 - 80 " | 66 of 3.0 | 38 of 1.7 |
| 81 - 90 " | 25 of 1.15 | 8 of 0.36 |
| 91 en ouer | 9 of 0.4 | 1 of 0.05 |
| Totaal | 264 of 12.0 | 124 of 5.6 |

1) Volgens die mediese sertifikate en oorsaak van dood, aangeteken in die bestemde kolom na elke sterfgeval, in die sterfteregisters, gehou in die magistraatskantoor op Brits.

2) Vide Jaarboeke a.w. veral nr. 13 bl. 833, nr. 16 bl. 936 en nr. 19 bl. 1094.

| | Pneumonia. Totaal en gem. per jaar. |
|---|---|
| 0 - 10 jaar | 106 of 4.8 |
| 11 - 20 " | 12 of 0.55 |
| 21 - 30 " | 5 of 0.23 |
| 31 - 40 " | 5 of 0.23 |
| 41 - 50 " | 14 of 0.63 |
| 51 - 60 " | 11 of 0.5 |
| 61 - 70 " | 16 of 0.73 |
| 71 - 80 " | 16 of 0.73 |
| 81 - 90 " | 11 of 0.5 |
| 91 en ouer | geen |
| Totaal | 196 of 8.9 |

| Sterfte per 1,000 | Brits | Die Unie |
|---|---|---|
| Hartsiektes | 0.96 | 1.22 |
| Kanker | 0.45 | 0.97 |
| Pneumonia | 0.72 | 0.89 1) |

In die kolom oor hartsiektes kan ons die groep onder 40 jaar indeel as 55 persent onder 25 jaar wat aan een of ander hartdefek gely het sedert hulle geboorte, 15 persent onder kinders as rumatiese hartlyers en die res of 30 persent tussen 25 tot 40 jaar, wat aan hartverlamming óf na liggaamlike inspanning, soos bv. swem óf fietsry oor ŉ lang afstand, óf aan een of ander siekte soos geboorteskok, e.d. wat die verlamming veroorsaak het, gesterf het.

In die geval van kanker by jongmense kom dit algemeen in die ingewande voor, veral in die dunderm. Enkele vroue oor 30 jaar het gesterf aan kanker in die baarmoeder of in ŉ bors.

In die geval van pneumonia in die groep 0 - 10 jaar was die oortreffende getal sterftes by kinders onder twee jaar wat aan gastro-enteritis lydende was en dan het die komplikasie van pneumonia wat die lewe gou beëindig het, ingetree.[2)]

Dit is egter opmerklik hoe hierdie siekte by kinders na 1938 afgeneem het en gedurende die afgelope paar jaar

1) Verwerk uit die betrokke gegewens soos hierbo en die hoofstukke Lewenstatistiek in genoemde Jaarboeke.

2) Volgens die mediese sertifikate in die sterfteregisters op Brits.

tot 1950 het geen enkele sterfgeval aan die siekte voorgekom nie.

In die Unie eis pneumonia 15.44 persent, gastro-enteritis 25.7 persent en geboorteswakte en vroegtydige geboortes 24.44 persent van die totale aantal kindersterftes. Dit beteken 'n totaal van 65.58 persent[1)] vir die Unie terwyl hierdie siektes respektiewelik 20.9, 19.7 en 36.58 persent op Brits eis; dus 'n totaal van 77.28 persent.

Hierdie siektes stel 'n hoë eis aan Brits, maar soos reeds aangedui, het sedert 1938 en veral na 1947 'n groot verbetering ingetree, sodat aangevoer kan word dat die siektes te bowe gekom en behoorlik onder beheer is.

F. Stand van Bevolking volgens Kerklikgesindtes.

Behalwe 'n luttele 35 of 0.25 persent wat aan geen kerk behoort nie, is 99.75 persent wel lidmate van een of ander kerk of sekte.

Volgens die opgawes soos in die sensusvorms van 1951 verstrek, was die stand volgens kerklikgesindtes as volg:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Nederduits Herv. of Geref. Kerk van Transvaal | 7362 | of | 55.03% | 89.83% |
| Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika | 2324 | of | 17.42% | |
| Gereformeerde Kerk in Suid-Afr. | 2315 | of | 17.38% | |
| Apostoliese Geloofsending van Afrika | 547 | of | 4.09% | 9.02% |
| Church of England | 154 | of | 1.15% | |
| Methodist Church | 140 | of | 1.04% | |
| Rooms Katolieke Kerk | 89 | of | 0.67% | |
| Joods (Sioniste kerk) | 87 | of | 0.65% | |
| Lede in Christus | 76 | of | 0.57% | |
| Die Deutche Evangelische Kirche | 63 | of | 0.47% | |
| Volle Evangelie | 51 | of | 0.38% | |

1) Die berekening is gemaak volgens die statistieke in die Offisiële Jaarboeke soos voorheen aangedui. En die van Brits is verwerk uit die betrokke sterfteregisters.

| | | |
|---|---|---|
| Getuies van Jehovah | 37 | |
| Grieks-Ortodokse Kerk | 24 | |
| Presbyterian Church | 18 | |
| Seventh Day Adventist Church | 15 | |
| Baptist Church | 12 | |
| Mica Assembly | 12 | 0,90% |
| Waarheidsleer | 5 | |
| Christian Scientists | 5 | |
| Spade Reën | 4 | |
| Wagtoring | 4 | |
| Geen Kerk | 35 of 0,25% | |
| Totaal | 13,379 | 100% 1) |

Volgens hierdie gegewens is dit duidelik dat die drie Hollands geöriënteerde protestantse kerke of soos hulle ook bekend is, die drie susterkerke, verreweg die grootste aantal lidmate het en dat die ander kleiner groepe byna heeltemal vervaag.

In die samelewing speel die kerke ŉ vername rol en word by spesifieke geleenthede as sodanig erken. (Hieroor meer in Hoofstuk X.)

G. Migrasie en die Onderlinge Verhouding.

Ons het aan die begin van die hoofstuk daarop gewys dat die aanwas van die bevolking nie natuurlikerwys plaasgevind het nie. Waar sulke groot getalle nedersetters hulle hier metterwoon gevestig het, sal ŉ mens kan begryp dat aanpassing, veral sosiale aanpassing, oor en weer noodsaaklik was om in harmonie te kan saamwoon. Dit geld veral in ŉ digbevolkte gebied waar hoewe langs hoewe en die hoewes langs die erwe van die ou gevestigde inwoners geleë is. Gelukkig het die kerklike lidmaatskap baie daartoe bygedra om die onderlinge verhouding en die verskil in die sedes en gewoontes nie te laat bots nie.

1) Volgens sensusopgawes op 8 Mei 1951 en deur ons verwerk en gesistematiseer.

As ons die verskeidenheid van plekke van herkoms van die nedersetters in oënskou neem, is dit onteenseglik dat hierdie kerklike houvas van groot belang was as 'n mens die verskeidenheid van opvattings oor die norme van die lewe in die beginjare, oordenk.

Van hulle het mnr. Eugéne Marais, prokureur en eerste voorsitter van Brits se Gesondheidskomitee as volg in sy dagboek aangeteken: „While the Canals were being built, Brits was like a Wild-West mining camp. At the end of every month or on sub-days (about the 15th of the month) the men flocked into Brits and their only occupation was a somewhat wild orgy followed by the usual fights."

Van hierdie feite is ons self ook bewus as 'n persoonlike getuie. Later is van die tipe as nedersetters ook hier gevestig, dog die getal was gering, daar hulle gelukkig nie geskikte nedersetters gewees het nie. Hulle kon hulle nie aan die boerderyomstandighede aanpas nie. Hulle het die hoewes verlaat en na die stede verhuis. Hulle het veral verhuis na die myne vanwaar hulle na die mynstaking van 1922, gekom het, toe hulle uit daardie diens ontslaan was.

Wanneer ons die 3,075 gesinne in die distrik ontleed volgens die plekke van herkoms soos aangedui in die 1951 sensusopgawes dan tref ons die posisie as volg:

| Plek van Herkoms. | Getal Gesinshoofde. |
|---|---|
| Brits | 549 of 17.9% |
| Rustenburg | 454 of 14.8% |
| Pretoria | 217 of 6,9% |
| Transvaal (ander distrikte) | 732 of 23,8% |
| Oranje Vrystaat | 273 of 8,9% |
| Kaapprovinsie | 718 of 23.4% |
| Natal | 36 of 1.2% |
| Buite die Unie | 96 of 3.1% |
| Totaal | 3,075 of 100.0% |

Onder die gesinshoofde in Brits is ook die wat as kinders in die beginjare 1920-28 van sowel die gevestigde inwoners as van die nedersetters hier gebore is.

Die gesinshoofde van Rustenburg- sowel as die van Pretoriadistrik is meestal die ou gevestigde inwoners wat nog in die ou distrikte gebore is, voordat hierdie distrikte gedelimiteer is en Britsdistrik sodoende uit hulle ontstaan het.

Die getal, afkomstig uit die ander distrikte van Transvaal, is meestal nedersetters of mense wat in ander distrikte gewoon, maar hier grond besit en deur die besproeiingsmoontlikhede hulle hier metterwoon kom vestig het. Die grootste getal nedersetters het egter uit die Kaapprovinsie hierheen verhuis. Die Natallers is egter min in getal en so versprei tussen die ander dat hulle as 'n eenheid gou verlore geraak het.

Die Vrystaters het hulle ook gou aangepas; miskien is dit te danke aan die feit dat hulle en die Transvalers wapenbroers was in die ongelyke stryd teen Engeland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902.

Die groep uit die Kaapprovinsie het egter langer geneem om in en aan te pas en dit is ook maar die afgelope 5 tot 7 jaar dat die „Kolonialer"-gedagte, soos die migrante uit die Kaapprovinsie bestempel is, begin verdwyn het. Hulle was in groter groepe bymekaar op sekere nedersettings geplaas en het 'n sterk indiwiduele element gevorm. Hulle het die Transvalers en Vrystaters wat as „Vaalpense" en „Blikore" bestempel is, as onkundiges beskou en as mense wat niks van die wêreld af weet nie. Daarenteen is hulle weer bestempel as beterweters en wat tog onnosele dinge doen waaroor hulle uitgelag is.

Hierdie houding het wel nie te lank aangehou nie omdat die sg. „Kolonialers" gou leer besef het dat die Transvalers die omstandighede hier beter ken en dus meer

sukses behaal en dat by hulle heelwat te lere val. Namate die erkentlikheid opgemerk is, het die verhouding onderling verbeter.

Die houvas van die kerk en die feit dat die grootste aantal nedersetters dieselfde politieke opinie as 'n groot groep van die gevestigde inwoners in die hartjie van die nedersetting gehuldig het, het die verstandhouding gaandeweg beter geword. Die feit dat afsonderlike gemeentes se grense so bepaal is dat nedersetter en gevestigde inwoner aan dieselfde gemeente behoort, en dat hulle saam op die kerkraadsbanke sit, het die ou gedagtes en opvattings laat verdwyn.

Op skool verkeer die kinders saam en handhaaf saam op sport- en op kulturele gebied die trots van hulle skool.

Onderlinge en homogene boerderybelange het aanleiding gegee tot die nouer samewerking en saamhorigheid sodat hierdie nedersetters hulle gouer by die ou gevestigde organisasies aangepas het en hulle daardeur gouer in die gewone gemeenskapslewe binne die samelewing opgeneem is.

Weens die feit dat so baie nedersetters gou gerehabiliteer is en hierdeur besitters van eiendom geword het, het hulle minderwaardigheidsgevoel wat eintlik die oorsaak van hulle opstandigheid en houding van verset was, begin verdwyn. Dit het die houding om te verskil verander tot een van harmonie, en die houding van gemeenskaplikheid en saamhorigheid verbeter en laat toeneem. Vandag beklee baie van die nedersetters en gewese nedersetters waardige posisies in die samelewing as kerkraadslede, skoolkommissielede, direkteure van die koöperatiewe verenigings, e.d.

Die omgewing het sedert 1935 'n gevestigde burgery en rondtrek of wegtrek is seldsaam en sporadies.

H. Digtheid van Bevolking.

Hierdie distrik is besonder dig bevolk en huisves ook 'n groot naturellebevolking. Om die digtheid in die regte

perspektief te sien, sal ons ons bepaal by alle rasse wat hier woonagtig is en nie net by die blanke nie. Wat die digtheid per vk. myl betref, bepaal ons ons slegs by die blankes en naturelle omdat die ander rassegroepe maar swak verteenwoordig is.

Stedelik.

| Jaar | Blankes | Naturelle | Asiate | Kleurlinge | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| 1921 | 83 | 130 | - | 1 | 214 |
| 1936 | 917 | 619 | 105 | 23 | 1664 |
| 1946 | 2,183 | 1,254 | 187 | 14 | 3638 |
| 1951 | 2,839 | 2,702 | 383 | 129 | 6063 |

Landelik.

| Jaar | Blankes | Naturelle | Asiate | Kleurlinge | Totaal Landelik en Stedelik. |
|---|---|---|---|---|---|
| 1921 | 5,332 | 12,517 | 51 | 191 | 18,305 |
| 1936 | 10,467 | 16,969 | 88 | 279 | 29,467 |
| 1946 | 11,002 | 27,125 | 142 | 232 | 42,139 |
| 1951 | 10,540 | 32,624 | 161 | 342 | 49,730 1) |

Die oppervlakte van die distrik is 1142 vk. myl.

| Jaar | Ras | Digtheid per vk. myl. | | Manneverhouding. |
|---|---|---|---|---|
| 1936 | Blankes | 9.37 | 25.80 | 107.40 tot 100 vroue. |
| | Naturelle | 15.83 | | 117.47 tot 100 vroue. |
| 1946 | Blankes | 11.55 | 36.27 | 103.13 tot 100 vroue. |
| | Naturelle | 25.72 | | 133.68 tot 100 vroue. |
| 1951 | Blankes | 11.7 | 43.55 | 105.57 tot 100 vroue. |
| | Naturelle | 31.84 | | Nog nie beskikbaar. 1) |

Die indruk wat hierdie digtheidsyfer gee is misleidend omdat die distrik ongeveer 665 vk. myl blanke gebied en 477 vk. myl naturelle reservaat beslaan. 2)

1) Verwerk volgens die statistieke in die magistraatskantoor op Brits.

2) Die berekening van hierdie oppervlaktes is nie volgens opmeting nie, maar by benadering volgens die skaal op die kaart en word ook so aanvaar deur die Magistraat en die Kommissaris van Naturellesake.

Volgens die 1951 sensusopname was daar 11,128 naturelle in die reservaat teenoor 24,198 naturelle in die blanke gebied. Hierdie naturelle woon op die boereplase in kampongs of plaasstatte.

Volgens die sensus van 1951 woon 13,379 blankes, 24,198 naturelle, 554 Asiate en 471 kleurlinge, 'n totaal van 38,602 siele in die blanke gebied. Hiervolgens is die digtheid in die reservaat 23.32 persone per vk. myl en 59.70 persone per vk. myl in die blanke gebied. (Vgl. ook die bevolkingskaart. Kaart nr. 4).

Die grootste digtheid is egter binne die besproeiingsgebied waar die grootste konsentrasie van blankes en nie-blankes is. Die besproeiingsdistrik is 37 myl lank en 15 myl op sy breedste plek en 3 myl op sy smalste plek, en beslaan nie eers 300 vk. myl nie, terwyl hier ongeveer 65% van die bevolking van die blankegebied gehuisves word. Volgens 'n benaderde berekening huisves hierdie besproeiingsgebied ongeveer 83.42 persone per vk. myl, want hier woon 9,475 blankes, 549 Asiate, 301 kleurlinge en 14,700 naturelle wat 'n bevolkingstotaal van 25,025 uitmaak.

Vanweë hierdie groot digtheid het 'n mens hier met 'n besondere intensiewe tipe van boerdery te doen. Hierdie distrik huisves dan ook grotendeels 'n boerende bevolking.[1]

I. Bevolking volgens Beroep.

In vergelyking met die boerende gemeenskap is die ander groepe maar klein en soms slegs enkele indiwidue met of sonder 'n gesin.

Uit die 1951-sensusopgawes kan vasgestel word dat die verdeling tussen die beroepsgroepe soos volg gemaak kan word:

| | Boerende groep | Ander groepe | Sonop: Dept. van Volkswelsyn. |
|---|---|---|---|
| Broodwinners | 2,016 | 1,801 | 120 |
| Afhanklikes | 5,935 | 3,169 | 338 |
| Totaal | 7,951 | 4,970 | 458 |

1) Vergelyk kompilasiekaart, kaart nr. 5 en bevolkingsverspreidingskaart, kaart nr. 4.

Sonop word deur ons apart gegroepeer omdat hy onder die Departement van Volkswelsyn ressorteer en die inwoners gedeeltelik van liefdadigheidsorg afhanklik is. Al word hier ook klein stukkies grond bewerk, is dit net om die mense besig te hou en om eie groente en brood te bekom deur gedeeltelik te help in die bereiding van die saadbed en die kweek van die produk. Hierdie nedersetting is dus nie 'n produksiesentrum van ekonomiese belang nie.

Volgens hierdie tabel is die ekonomiese struktuur van die distrik beslis agraries. Die ander beroepe soos onderwysers, predikante, winkeliers, werktuigkundiges, klerke, e.d. is almal ingepas by die boerende gemeenskap en ter voorsiening in die behoeftes van die gemeenskap. Hierdie feite sal in die volgende hoofstuk wanneer ons die ekonomiese struktuur bespreek, nader toegelig word.

# HOOFSTUK VIII

## EKONOMIESE STRUKTUUR.

### A. Algemeen.

Met die eerste oogopslag is dit vir elke besoeker, as sy oog koers kry oor die omgewing, duidelik dat hy hier met 'n landboudistrik te doen het en aan die bedrywigheid is dit duidelik dat hier 'n primêre nywerheid van intensiewe aard en arbeid bestaan.

Die skilderagtige omgewing met sy groen lappe tarwegraan in die winter of sy goudgolwende kleed in die vroeë somer wanneer die graan begin ryp word, getuig van arbeid, maar is ook 'n bron van genot vir die oog van die besoeker en van die landman. Die aanhoudende gedreun wat dag en nag voortduur en die skerp ligte wat in die nag oor die akkers gly, dui aan dat die oes ryp en die tyd kort is, want die saadbed moet voorberei word vir die someroes. Dag en nag hoor en sien 'n mens die stropers of die selfbinder-maaimasjiene getrek deur trekkers, wat besig is om die oes óf in die sak óf in die gerf te versamel. Weldra sal die dorsmasjiene weer voortdreun om die gegerfde koring te dors.

Die talle vragmotors of trekkers voor sleepwaens, belaai met sakke koring, op pad na die skure van die Magaliesbergse Koringkoöperasie (M.K.K.) of die leë voertuie terug op die pad om hulle kosbare vrag te gaan haal, veroorsaak 'n bedrywigheid wat seldsaam in 'n landelike omgewing is. Terwyl hierdie bedrywigheid op en by die dorsvloer aan die gang is, dreun die trekkers met die ploeg oor die stoppellande en verander die wit voorkoms in swart, want die grond moet berei word vir die tabakplantjie wat wag om uitgeplant te word. Alle ander soorte van bedrywighede is aan hierdie hoofbedrywigheid ondergeskik.

Die met tabakbeplante swart aarde vertoon ook binne enkele weke groen, terwyl die bedrywigheid alweer voortduur deur die skoffelwerk. As die tabakplant sy volwassenheid

bereik, lyk die wêreld soos ŉ blomtuin. Die boer en sy helpers is dan ook al besig om die eerste onderste ryp blare af te pluk om ingevleg en in die droogoonde gehang te word vir die drogingsproses wat die omgewing in ŉ rookwolk hul, asof dit ŉ fabriekstad is.

Hier is ŉ bedrywigheid wat dag en nag die oog, die hart en die verstand inspan omdat die keurigheid en die noukeurigheid in die bepaling van die kleur en die stadiger of die vinniger verhitting van deurslaggewende aard is in die bepaling van die markwaarde van die produk.

Die woonopstalle toon dan ook net lewe en beweging wanneer die mense gaan eet; anders is die huisvrou en haar dogters sowel as die naturelle of die naturellevroue in die sorteerkamers besig om met ŉ kennersoog en -hand die aangeklamde blad te sorteer volgens lengte en kleur, en in presiese bossies te bind. Die aanvoeling van die kennershand is genoeg om vas te stel of die voggehalte die regte is.

As die boer kom, pak hy die gesorteerde bossies tabak, elk volgens die tipe, in die daarvoor bestemde rakke om te sweet alvorens dit gepers en gebaal word om na die skure van die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging (M.K.T.V.) versend of weggebring te word vir bemarking.

Hierdie saaklike beskouing is slegs om in enkele breë trekke ŉ aanduiding te gee van die huidige bedrywigheid waarop die ekonomiese struktuur van die omgewing gebaseer is.

Hierdie soort van bedrywigheid was nie altyd ŉ kenmerk van die omgewing nie. Voor 1920 het ŉ mens slegs langs die rivier die wintergroen op die lande plek-plek kon bespeur omdat die volle gesig belemmer is deur ŉ rand van bosse wat die landerye omsoom en verder oor die vlaktes tot aan die omliggende bergrante uitgestrek het. Die wonings en die skure was ook maar skaars sigbaar. Voor die saai- of planttyd het die stilte voortgeduur, behalwe af en toe wanneer die voortdraende eggo's die harde sweepgeklap skel

deur die bosse gedra het as die drywer sy span osse 'n bietjie aangewakker het.

Hier is toe ook gewerk, maar op 'n veel langsamer tempo. Sodra die tabakplant volwassenheid bereik het, is die blom uitgebreek en wanneer die stronk stewig voel en die onderste blare gelerig of bruinerig getint of gevlek word, is die plant op die middag wanneer die blad effe verlep is, afgesny en na die skure vervoer. Die tabakbome word dan twee-twee aan die dikste kant met 'n biesie in 'n lushanger vasgebind en opgehang in die grasdakskure waar die plant bly hang totdat die blad aan die stronk droog genoeg is.

Sodra die blad en die rug van die blad goed droog is, is die droë plant aangeklam. Gewoonlik is vir onweerstoestande waardeur die blad aangeklam is, gewag. Hierna word die tabak in miedens waar dit sweet, gepak, om die klammigheid te bewaar terwyl die blare afgepluk en in bossies gebind is om later by tabakbesighede wat die blad gekerf en in pyptabak of sigarette vervaardig het, bemark te word.

In die nog vroeër tydperk is die luggedroogde plant met water natgemaak, die blare afgepluk en in roltabak verwerk om so as pruim- of rooktabak verkoop of verhandel te word.

Vanaf ongeveer 1912 het die boere ook kelders in die grond gegrawe. Hierin is die droë plant opgehang om aan te klam, want die aanvraag na aangeklamde tabak het groter geword.

Die produksie was toen ter tyd kleinskaals en die bewerking is ook nie gekenmerk deur die mate van keurigheid en noukeurige sorg wat vandag daaraan bestee word nie.

Hierdie tipe van boerdery was en is nie die enigste nie, want aan die noordelike hange van die Magaliesberg is sitrus teen 1870 al op 'n taamlike groot skaal gekweek om bemark te word. Die boere het vroeër self die vrugte gepluk, op ossewaens gelaai en daarmee, veral in die hoëveldstreek gaan

smous, of het die vrugte op die Kimberleyse diamantdorp gaan verkoop. Later (1886) is die vrugte op die Witwatersrandse goudmyndorpe van die hand gesit. Die vrugte is ook direk aan smouse wat dit dan gaan verhandel het, verkoop. Sedert 1920, maar veral vanaf 1924, is die vrugte behoorlik verpak nadat dit gesorteer was, en bemark of is na die oorsese lande uitgevoer.

Die ekonomiese struktuur, voor 1886 was meer van huishoudelike aard en nie op groot inkomstes gemik nie. Die goudmynbedryf het 'n groot aanvraag laat ontstaan en was 'n prikkel tot die uitbreiding daarna.

Sedert 1921 toe daar met alle erns aan die bouery van die dam begin is, het die boere ook 'n afsetgebied in die onmiddellike omgewing, veral vir hulle vrugte en groente gekry.

Die groter bedrywigheid aan die konstruksiewerke van die Hartebeestpoortdam, die kanale en die ontbossing van die gebied het gemiddeld 3,000 arbeiders daeliks besig gehou. Hierdie mense het voor 1923 'n loon, gebaseer op 3/6 per dag vir die ongetroudes en 7/6 per dag vir die getroudes, ontvang. Die wat aan die walbou gehelp het, is vergoed teen 9d. tot 11d. per uur vir die ongetroudes, en 1/- tot 1/0½d. per uur vir die getroudes. Na Januarie 1923 is die kanaalwerkers 3/- per dag met 'n toelaag aan sy afhanklikes, bereken teen 1/6 per dag vir sy vrou en 6d. per kind tot 'n maksimum van 4/- per dag betaal. Indien die afhanklikes in 'n dorp gewoon het, het die gesin 3/- per dag ontvang en indien op 'n plaas, het die gesin 25/- per maand ontvang.[1)]

Alhoewel die lone karig was, het dit tog verligting gebring op 'n tydstip van akute werkloosheid en na-oorlogse ekonomiese ontwrigting.

---

1) Vide genoemde Jaarrapport van die Departement van Irrigasie 1937 vir besonderhede en U.G. 2/1924 bl. 26.

Dit was die gewoonte onder die vrugteboere om hulle nartjies teen 4/- per 100 en hulle lemoene teen 3/- per 100 in hulle boorde te verkoop, terwyl die prys in elk geval 2/- per 100 duurder was as hulle dit self verder moes neem. Toe die bemarking oorsee groot winste afgewerp het, is slegs die s.g. uitvalvrugte na die sortering teen die bogenoemde pryse uit die hand verkoop of in die Unie bemark.

Volgens die historiese agtergrond en die oprigting van die grootskaalse irrigasieondernemings, blyk dit duidelik, dat al die aktiwiteite en bedrywighede op 'n landboukultuur gemik was soos ons dit aan die begin van hierdie hoofstuk gestel het.

Die sensusopgawes van 1951 het dan ook 3,937 persone aangegee wat in een of ander beroep of bedryf werksaam was en aan een of ander inkomstegroep behoort. Van hierdie getal was 2,016 of 51.2 persent boere, terwyl die res óf direk óf indirek by die landboubedryf ingepas het of aangepas was, soos dit in enige ordelike samelewing vandag is. Daar is onderwysers, predikante, winkeliers, winkelklerke, kantoorklerke, boekhouers, prokureurs, werktuigkundiges, bestuurders, padmakers, messelaars, venduafslaers, magistrate, polisie, verpleegsters, dokters, tandartse, aptekers, e.d. in diens van hierdie samelewing wat deur 'n landboukultuur teweeggebring is.

Dit is dan ook trouens die uitgangspunt van ons benadering van hierdie onderwerp.

## B. Landbou.

### (a) Grondbesit [1] en Inkomstes.

Sedert die dam en die kanale as afgehandelde taak in gebruik geneem is en die kroongronde ontbos en die hoewes uitgemeet en aangewys is, het die akkerbou werklik begin ontwikkel.

---

1) Vide ook kompilasiekaart, kaart nr. 5.

Die vroeëre weiveld van die grondeienaars het ook nou onder besproeiing gekom sodat die 2,800 morg „ouvoor-besproeiing" vir die private eienaars met 4,675 morg bewerkbare grond onder die Ooskanaal en ɲ nog groter hoeveelheid nl. 6,196 morg onder die Weskanaal vermeerder is, terwyl die Ooskanaal nog 7,130 morg en die Weskanaal 4,730 morg bewerkbare kroongrond besproei. (Vide bl. 120).

Waar die kroongronde in hulle ongerepte staat teen ongeveer £3.19.0. per morg aangekoop is, is dit na die bruikbaarstelling gewaardeer teen £12.10.0. tot £23.0.0. per morg en is te koop aangebied en aan gekeurde nedersetters toegewys, soos reeds uiteengesit.[1]

Nadat so ɲ proefhuurder deur die Raad van Beheer goedgekeur is, kon hy as koper aansoek doen en kon die koopprys oor ɲ periode van 65 jaar, behalwe in die geval van die nedersettings op Kleinfontein-Klipkop afbetaal word.

Hier volg ɲ paar tipiese voorbeelde van hoewes met hulle groottes en verbeteringe.

1. Perseel 932 Kareepoort, 18.8107 morg groot - verkoop aan ɲ proefhuurder teen £1,009 + £50.19.2. vir die draadomheining; die rente plus die delging van die kapitaal is £41.8.7. per jaar oor 65 jaar.

2. Perseel 958 Kareepoort, 33.1227 morg groot - Verkoop aan ɲ proefhuurder teen £1078 + £50.19.2. vir die draadomheining; die rente plus die delging van die kapitaal is £46.3.9. per jaar oor 65 jaar.

Hierdie pryse sluit ook die volgende verbeteringe in:

| | |
|---|---|
| Woonhuis ................ | £350 |
| Droogoond ............... | £110 |
| Tabakskuur .............. | £180 |
| Kelder en Gradeerkamer ... | £100 |
| Totaal ........... | £740 [2] |

---

1) Vide Hoofstuk V.D. bl. 120 e.v.

2) Gegewens verkry uit die huurkoopkontrakte van die huurkopers (in hulle besit Januarie 1953).

Hieruit blyk dat in die geval van perseel 932, die grondwaarde £1,009 minus £740 is, d.w.s. £269; en in die geval van perseel 958, bedra die waarde van die grond £1,078 minus £740 d.w.s. £338. Die waarde van die grond van persele 932 en 958 verskil dus per morg met £14.3.0. en £10.2.0. onderskeidelik. As die volle verbetering, omheining en geboue ingesluit, geneem word, is die waardes per morg onderskeidelik £56.4.0. en £34.1.0.

Ons wil graag hierdie kooppryse met die verkoopsprys van 'n perseel, nadat die huurkoper die volle bedrag betaal het en dus in die besit was van sy kroongrondbrief, vergelyk. Hierdie perseel is 21 morg groot waarvan 17.6 morg besproeibaar is. Hierdie perseel is verkoop teen £4,800 kontant nadat die volgende ekstra verbeteringe aangebring is:

| | |
|---|---|
| 2 Ekstra droogoonde ................ | £220 |
| Aangebou aan huis 1 vertrek en stoep. | £150 |
| 2 Pakkamers ....................... | £150 |
| 1 Dam ............................. | £ 80 |
| Totaal ............ | £600. |

Trek ons die koste van die ekstra verbeteringe af, dan is die perseel teen £200 per morg, die onbesproeibare hierby ingesluit, verkoop.

'n Ander perseel groot 17 morg waarvan 15 morg bewerk en besproei word, met die oorspronklike verbeteringe plus 'n verbouing en 'n modernisering van die woonhuis teen 'n koste van £500, plus 1 trekker, plaasgereedskap, 2 muile en 2 koeie bereken teen £1,000 deur die eienaar, is te koop aangebied en verkoop teen £7,500. Dit beteken dat die perseel soos dit oorspronklik was teen £6,000 verkoop is, bereken teen ongeveer £353 per morg.[1)]

Hierdie voorbeelde gee van die ekonomiese posisie, t.o.v. die aankoop en die werklike markwaarde van die

1) Hierdie gegewens is verkry van die verkopers, Januarie 1953.

eiendomme, 'n duidelike beeld.

Ons moet egter ook nog iets byvoeg i.v.m. die hulpverlening om die behoeftige man wat wil, aan te help en te rehabiliteer. Sodra 'n proefboer slaag en in aamerking kom om 'n perseel te besit, kry hy die bedrag waarvoor die perseel verkoop word, vry van rente gedurende die eerste twee jaar. Die derde jaar betaal hy slegs 2 persent rente as huur op die kapitale-voorskot en die vierde en vyfde jaar betaal hy dan 3$\frac{5}{4}$ persent rente wat ook die rentekoers is wat hy saam met die kapitaaldelging moet betaal. Hierdie vyf jaar is dan nog 'n vorm van proeftyd en daarom word hy 'n proefhuurder genoem. Hierna tree sy huurkoopkontrak in werking en kan hy begin met die delging van die skuld volgens sy kontrak.[1)]

Baie van hierdie huurkopers het in geseënde jare, gedurende sy proefhuurdertydperk, soveel gespaar dat hulle die skuld dadelik kon delg.

Dit is dan ook duidelik dat die opbrengs van so 'n perseel die aantrekkingskrag vir die nuwe kopers is. Die bepaling van die verkoopprys deur die eienaar, word dan ook op sy inkomste uit die opbrengs gebaseer. Hier vind egter nie op 'n groot skaal deur die hoewe-eienaars grondspekulasie plaas nie, behalwe wanneer hulle elders veel groter grond te koop kan kry met die oog op verskillende lede van sy gesin wat miskien as boere beter sal deug as om op skool vir 'n ander beroep te leer.

Volgens 'n opgaaf wat deur die Superintendent van die Departement van Lande op Brits verstrek is, is die eerste finale afbetalings al in 1936 deur huurkopers wat onder seksie 7 van die Kroongrond Nedersettingswet 1922 (Wet nr. 21 van 1922)[2)] op Kleinfontein - Klipkop gekoop het, gemaak.

---

1) Dit word alles verkry van, en gereël deur die Departement van Lande.

2) Seksie 7 van die Kroongrond Nedersettingswet 1922 (Wet nr. 21 van 1922) moet saam met seksie 16 van die hoofwet, (Wet nr. 12 van 1912) gelees word en handel oor Toewijzing van Hoeven op Voorwaarde van Gedeeltelike Betaling van Koopprijs (van hoogstens een vyfde gedeelte van die koopprys).

Die eerste proefhuurders wat huurkopers op die ander nedersettings geword het, het drie jaar later in 1939 al met finale afbetalings, eienaars geword.

Van die totaal van 692 hoewes was daar reeds 451 al private eiendom aan die einde van 1951.

Die hoewes op die ouer nedersettings was toe byna almal al in private besit.

Op Kleinfontein is almal al ten volle betaal; op Klipkop is net een van die 43 hoewes nog Kroongrond. Op Mamagalieskraal wat uit 145 hoewes bestaan, is nog net 25 nie private eiendom nie. Hier volg 'n lys van die hoewes wat die 11 nedersettings uitmaak met die aantal hoewes, aantal afbetaal en aantal nog nie afbetaal nie en wat dus nog onder beheer van die Kroongrondregulasies ressorteer.

| Nedersetting | Aantal Hoewes | Private Eiendom | Nog Kroongrond. |
|---|---|---|---|
| Zandfontein | 16 | 1 | 15 |
| Geluk | 116 | 71 | 45 |
| Kameeldrift-Oos | 28 | 24 | 4 |
| Kameeldrift-Wes | 31 | 27 | 4 |
| Kleinfontein | 41 | 41 | 0 |
| Klipkop | 43 | 42 | 1 |
| Mamagalieskraal | 145 | 120 | 25 |
| Zanddrift | 56 | 41 | 15 |
| Roodekopjes 65 | 12 | 8 | 4 |
| Kareepoort | 96 | 21 | 75 |
| Wolwekraal | 43 | 3 | 40 |
| Seksies 11 en 16 [1] | 65 | 52 | 13 |
| | 692 | 451 | 241 [2] |

Dit dien daarop gelet te word dat Zandfontein, Roodekopjes 65, Kareepoort en Wolwekraal vier jong neder-

1) Dit is grond wat aangekoop is volgens die Kroongrond Nedersettingswet (Wet nr. 12 van 1912) ooreenkomstig seksie 11 wat handel oor „Verkrijging van Biezondere Grond op Verzoek van Applikant die Gedeelte van de Koopprijs Bijdraagt," en volgens seksie 16 wat handel oor „Aanbieding ter Uitgifte van Hoeven bij kennisgeving," en is aangekoop van private eienaars en nie van hoewe-eienaars nie.

2) Verkry van die Departement van Lande op Brits.

settings is wat onder die Departement van Lande sedert 1939 tot 1943 ressorteer. Tot hierdie tyd het hulle, behalwe Zandfontein en Roodekopjes 65 onder die Departement van Landbou as opleidingsplase gedien, waar boere opgelei is, alvorens hulle in aanmerking kon kom om grond wat aan die staat behoort, te kon koop. Hier moes dan ook nog die 5 jaar proefhuurder-periode deurgemaak word sodat huurkope eers sedert 1945 en 1947 kon begin en tog was daar na 6 jaar reeds 21 hoewes op Kareepoort private eiendom en na 4 jaar reeds 3 op Wolwekraal. Roodekopjes 65 het in 1940 en Zandfontein het in 1943 Lande-nedersettings geword.

Dit dien ook daarop gelet te word dat hier en daar na 1934 en 1935 nog een en ander heraanpassing gekom het op die nedersettings waarby toegelaat is, dat sekere nedersetters na die herindeling van voorheen nog ŉ hoewe of ŉ halwe hoewe bygekry het. Dit is daarom dat die getalle in hierdie lys enigsins verskil met die wat na die herindeling aangegee is in Hoofstuk V.D. Hierdie heraanpassing het soos die vereiste hom voorgedoen het, geskied en nie op ŉ sekere tydstip nie.

Hierdie aanduiding op die aangegewe lys weerspieël ŉ gesonde ekonomiese posisie, daar die okkupeerders reeds binne die helfte tot een derde van die gesette tyd volle besitters was. Die delgingspaaiement is gering en stel die man met min of geen kapitaal in staat om op ŉ gemaklike manier in besit van sy eie grond te kom. Dit besorg aan die besitter weer die gevoel van eiewaarde waar hy dit vroeër, vanweë sy swak ekonomiese posisie nie besit het nie of dit verloor het. Dit blyk ook ŉ feit te wees, soos ons kon aflei uit die onderhoude, dat ŉ huurkoper so gou as moontlik probeer om besitsreg te verkry i.p.v. om aan die sleurband van klein paaiemente voort te gaan. Die lening van £150 om trekdiere en gereedskap aan te koop, word gewoonlik binne die eerste of tweede jaar terugbetaal.

Waar Kareepoort ŉ jong nedersetting is, wil ons graag ŉ opgaaf verstrek van die inkomste van hierdie nedersetters, veral daar die bedrae in die kantoor van die Departement van Lande ter plaatse gekontroleer kon word.

Hierdie opgawe is deur 95 van hierdie nedersetterboere aan ons verstrek as inkomste uit die koring- en tabak-opbrengste variërend tussen die minimum en maksimum oor die 3 jaar 1948/49, 1949/50 en 1950/51.

| Groep | Aantal Boere | Inkomste per jaar. |
|---|---|---|
| A | 1 | £3,000 - £4,000 |
| B | 5 | £2,000 - £2,500 |
| C | 10 | £1,500 - £2,000 |
| D | 20 | £1,000 - £1,500 |
| E | 15 | £ 800 - £1,000 |
| F | 16 | £ 600 - £ 800 |
| G | 8 | £ 500 - £ 600 |
| H | 6 | £ 400 - £ 500 |
| I | 3 | £ 350 - £ 400 |
| J | 11 | £ 300 - £ 350. |

Vanaf groepe G tot J kry ons nog die beginners en proef-huurders, terwyl die groepe E en F pas twee jaar te vore gekwalifiseer het as huurkopers. Groepe A tot D is van die eerstes wat in 1945 as huurkopers gekwalifiseer en dus al vaste voet gekry het.

Die Superintendent van die Departement van Lande op Brits het in sy verslag van 1950 die gemiddelde inkomste van al die boere op die nedersettings op £1,100 per jaar per nedersetter volgens die inkomste-opgawes vasgestel.

(b) Tabakbou.

Betroubare finansiële gegewens is altyd moeilik ver-krygbaar, want die mense is veral geneig om hulle finansiële posisie geheim te hou en verwek meestal die indruk dat dit maar moeilik gaan. Al sou ŉ mens dan ook min of meer weet wat hulle inkomste is, is hulle tog nog genieg om

hulle kosteberekening te oordryf en dit baie hoog te stel; daarom moet 'n mens hier heel versigtig te werk gaan.

Tydens die besoek van professor Tomlinson van die Departement Landbou-ekonomie, Universiteit Pretoria, in 1949, saam met enige studente om ondersoek in te stel na oonddroogtabak in die Wes-Transvaalse Besproeiingstreek, is hierdie feit van weerhouding van die werklike feite weereens bewys uit gesprekke tussen 'n paar van die boere wat ondervra is. Ons was as ou bekende tydens die onderhoud en daarna in die geselskap van die boere teenwoordig. Enige kenner van die omstandighede sal saam met ons stem dat sy eindbevinding ten minste 50 persent van die werklike is. Volgens die opgawes verstrek aan prof. Tomlinson sou die netto inkomste per morg oonddroogtabak nie meer as £50 kan wees nie en ons merk dan ook in sy verslag 'n bedrag van £49.6.0.[1)]

---

1) Tomlinson: F.R., Ekonomiese ondersoek na Oonddroogtabakboerdery in die Wes-Transvaalse Besproeiingstreek, Pamflet nr. 318. Staatsdrukker, Pretoria, 1951 bl. 35. Ons kan met hierdie bevinding ons nie vereenselwig nie. Dit mag in enkele gevalle 'n feit wees, maar kan nie deurgaans as van toepassing aanvaar word nie.

Opmerking:

By dieselfde boer, by wie ons aan huis was tydens die gesprek en waar die navraag ook gedoen is, t.o.v. die feite i.v.m. produksiekoste het ons 'n huis gehuur en as buurman op die plaas gewoon. Hierdie man het die plaas waarvan 30 morg besproeibaar is, in 1945 teen 'n bedrag van £8,000 gekoop. Die koper het geen geld gehad nie, maar is deur 'n prokureur wat met die noeste vlyt van die koper bekend was, gehelp met £2,000 om die deposito te betaal. Hy het die balans van £6,000 toe by die Land- en Landboubank van Suid Afrika, te leen gekry en die koopsom betaal. Sy eerste tabakoes was die van die 1945/46-seisoen en op die 20ste Mei 1948 na die ontvangs van die vorige oes se agterskot met winste het hy die laaste verskuldigde bedrag van £2,000 plus die rente aan die prokureur betaal. Die aand het hy baie opgeruimd en in sy skik verklaar dat hy in twee en 'n half jaar die geleende bedrag van £8,000 met rente en al vereffen het sodat hy nou 'n skoon kaart en transportakte in sy besit het. Waar hy sy eerste oes met gehuurde gereedskap geplant het, was hy in staat om 'n trekker met die nodige implemente na die eerste oes te koop. Na die volgende oes het hy 'n groot vragmotor aangekoop en na die afbetaling van die laaste £2,000 het hy 'n nuwe motorkar kontant gekoop. Ons is baie goed bevriend en hierdeur het ons baie van sy private besigheid te wete gekom. Hierby weet ons ook dat hy slegs 20 morg met tabak en 10 morg met iets anders soos mielies beplant het ter wille van wisselbou.

As sy netto inkomste slegs £50 per morg was, sou hy nie in staat gewees het om die £8,000 in twee en 'n halfjaar te betaal nie.

As ons bereken dat elk van die 30 morg ŉ bydrae tot slegs die inkomste van £8,000 wat betaal is (rente uitgesluit) gelewer het, dan was dit reeds £106.67 per morg aan netto inkomste, want sy lopende koste moes hy betaal.

Dit was wel geseënde jare hierdie; tog is ons oortuig na ŉ deeglike ondersoek dat die bruto inkomste per morg oonddroogtabak ten minste £200 per morg teenoor ŉ produksiekoste van £94 beloop volgens die opinies en berekenings van verskeie prominente boere wat op groot skaal hierdie produk kweek.

Uit persoonlike ervaring het ons die volgende resultate op ŉ perseel van $1\frac{3}{4}$ morg na intensiewe bewerking, verkry; en omdat dit kleinskaals was, het hier geen oorhaastigheid plaasgevind nie. Die vermorsing van die produk sowel as van arbeidskragte en voedsel kon hierdeur tot ŉ minimum beperk word. Die bruto inkomste in voorskot en agterskot met winste het £535 beloop, wat op £307.72 per morg bereken kan word; die produksiekoste oor 4 maande vir die bewerking, bemesting, arbeidskragte en voedsel het op £65.75 te staan gekom.

Ons persoonlike bydrae tot die produksiekoste is nie hierby bereken nie omdat ons die netto inkomste na aftrekking van die genoemde koste as ondernemersinkomste bestempel wat op £469.25 of £268.14 per morg te staan gekom het. Ons het slegs van die daelikse arbeid van twee naturelle en by die sortering en gradering van die ekstra hulp van twee blanke meisies gebruik gemaak.

ŉ Ander boer het op ŉ rooi sanderige leemgrond wat bekend is dat dit ŉ mooier geelkleur sowel as ŉ hoë kwaliteit blad lewer ŉ toets op $2\frac{1}{2}$ morg deur intensiewe arbeid en bewerking, en die uitskakeling van vermorsing wat deur grootskaalse produksie meegebring word, uitgevoer. Hierdie opbrengs het ŉ bruto inkomste van £850 bedra, bereken teen ŉ produksiekoste van £94 per morg deurdat arbeid hier nie bespaar is nie. Dit het ŉ netto inkomste aan die eienaar van £237.44 per morg besorg.

ŉ Ander vooruitstrewende tabakboer wat hom toespits op die bewerking en beplanting van 12 morg, het beslis sy mening uitgespreek dat dit genoeg aandag vereis om noukeurig, sonder vermorsing, hierdie hoeveelheid tabak te bewerk, want deur op ŉ te uitgebreide skaal te werk, word te veel tyd en produk vermors omdat die baas se aandag nie altyd oral kan wees nie.

Volgens sy berekening, nadat sy produksiekoste afgetrek is, besorg die 12 morg hom ŉ netto maandelikse inkomste dwarsdeur die jaar van £118.5 wat dan ook dieselfde per morg is. In ŉ voorspoedige jaar het sy inkomste £153 per maand of per morg bedra, terwyl dit in ŉ jaar van haelskade op £87 per maand of per morg te staan gekom het, want hier was sy produksiekoste hoër daar hy 6 morg weer moes omploeg en beplant en twee maande later eers kon begin oes. Hiervolgens kan vasgestel word dat sy gemiddelde inkomste, bereken as inkomste oor die drie jaar op £119.3 per maand of per morg te staan kom. Die berekening van die produksiekoste het die bereiding van die saadbed en die kweking van die plantjies, die bereiding van die grond en die bemesting, aanplanting, voedsel vir sy huis en arbeidskragte ingesluit totdat die produk bemark was.

Oor die algemeen was die ondervraagdes wat gewilliglik die inligting wou verstrek daarmee eens dat twee arbeidskragte per morg slegs gedurende 4 maande van die seisoen tydens die oestyd onontbeerlik is en dan is dit soms nodig om, bereken op 30 dae, ŉ derde arbeidskrag by te kry per morg, want soos reeds gesê, vereis hierdie boerdery besondere keurige en noukeurige aandag, want dit vergemaklik die bepaling van die markswaarde van die produk. Die presiese boer beweer dan ook dat 75 persent van die markwaarde van die bewerking afhang, veral in die laaste stadia.

Dit is dan ook nie te verwondere nie dat die sterkste kompetisie vir die beker elke jaar tussen die boere wat op die kleiner skaal produseer, afgespeel word, daarom is daar dan ook ŉ beker vir goeie bewerking en, soos genoem, vir kommersiële kwantiteit.

Die boere wat op groot skaal verbou en 20 tot 30 morg beplant, behaal dan ook nie die gemiddelde prys per pond gewig tabak, wat deur die man wat op kleiner skaal boer, behaal word nie; daarby verloor hy baie aan verbreking van die blad deur oorhaastige werk sowel as arbeidsvermorsing deurdat hy nie altyd oral by kan wees nie. (Volgens ons waarnemings).

Dit is ŉ feit dat waar die kleinerskaalse boer op 10-12 morg tot 2/6 per pond gewig gemiddeld behaal, verdien die groterskaalse boer ongeveer 1/6 per pond gewig gemiddeld. Die grootskaalse boer bereken dan ook 3 arbeidskragte per morg en dit is te wyte aan arbeidsvermorsing. Hierdie tipe boer bereken sy produksiekoste tussen £140 en £150 per morg en dit besorg hom dan ŉ netto inkomste van ongeveer £50 tot £60 per morg, want sy opinie is dat hy ten minste £200 per morg aan bruto inkomste moet verdien anders is die boerdery ŉ mislukking.

---

Volgens die kantoor van die M.K.T.V. lewer hierdie distrik gemiddeld jaarliks 10 miljoen pond gewig oonddroogtabakblad[1)] teen ŉ waarde van min of meer £1,500,000.

Hierdie tak het ongeveer 4,000 lede volgens die inligting wat deur die Bestuurder verstrek is. Hierdie syfer is egter misleidend daar hier nie soveel boere in die distrik is nie en die gemiddelde inkomste per lid dan ongeveer £375 bedra. Hierdie ledetal word verkry deurdat in die meeste gevalle, die man, sy vrou en soms nog ŉ seun ook geregistreer is as lid. Ons het gevalle aangetref waar 4 persone in een gesin, 3 in baie gevalle en in die res 2 persone per gesin geregistreer is. Die getal van 4,000 bots ook met die sensus opgawe waarin 2,016 hulle beroep as boere opgegee het.

Volgens die plaaslike kantoor van die Dept. van Lande is hier 1,500 tabak- en koringboere, verder word ongeveer 500 opgegee as groente-, vrugte-, blom-, bees- en droëlandboere. Hierdie opgawe is dan ook in ooreenstemming met die sensusopgawe. As hier dan 1,500 tabak- en koringboere is, is die gemiddelde inkomste van die tabakboer ongeveer £1,000 per jaar uit tabak. Hier is baie kleinboere van wie die inkomste uit tabak slegs ŉ paar honderd pond bedra, terwyl hier ook boere is van wie die inkomste tot ŉ paar duisend pond beloop.

---

1) Ons gebruik die woord „oonddroog" i.p.v. oondgedroogde omdat die woord hier algemeen in gebruik is by die mense sowel as in die dokumente, in teenstelling met „lugdroog"; i.v.m. droë vrugte word wel gepraat van „songedroogde" en „oondgedroogde" vrugte, maar i.v.m. tabak word gepraat en geskryf „oonddroog" en „lugdroog" tabak.

Volgens die 1950 verslag[1] van die Hoofbestuurder van die M.K.T.V. waarin hy 'n oorsig van hierdie nywerheid gee, meld hy dat sedert 1911 tot einde 1949 die produksie van ongeveer 1 miljoen pond gewig tot 34 miljoen pond vermeerder het, terwyl die pryse per pond gemiddeld vir alle soorte van 7.5d. tot 30.34d. gestyg het, hierbenewens het die oonddroogtabak sedert 1931 tot die eerste opbrengs te koop aangebied is van 'n paar duisend[2] pond gewig vermeerder tot 20 miljoen pond, terwyl die donker lugdroogtabak in die ooreenstemmende tydperk 1927-'49 verminder het van 9.3. miljoen tot 2 miljoen pond per jaar.

Volgens dieselfde verslag het daar 'n krisis in die tabaknywerheid ontstaan vanweë die swak pryse van en aanvraag om die tipes wat hier bewerk word. Die resultaat was 'n ommekeer in die boerdery, want met die kweking van die „Amarelo"-(Amarillo)-tipes en die eksperimentering met oonddroging het geleidelik begin.

Die „Orinocosoorte" wat van Rhodesië af ingevoer is, het tans weer 'n krisis laat ontstaan daar die fabrikante 'n genoegsame hoeveelheid vir 'n paar jaar van die „Amarillosoorte" gekoop het en nou net die „Orinocosoorte" vir die tabakmengsels nodig het. Die gevolg is dat die boere nou met die „Orinocotipes" begin om die invoer uit Rhodesië oorbodig te maak. Heelwat hoër pryse word vir hierdie tipe betaal, maar dit eis ook weer nuwe aanpassing om 'n nuwe soort te bewerk, en dis veral die drogingsproses wat meer moeilikheid oplewer. Sommige boere, en veral die plaaslike Landbou Hoërskool, het ontdek dat 'n veel langer sweetperiode in die oond voor die droging begin, noodsaaklik is.

---

1) Vide: Verslag van die Hoofbestuurder (M.K.T.V.) 30 Oktober 1950, Rustenburg.

2) Juiste syfers word nie in die verslag vermeld nie, maar dit word op ongeveer tussen 2,000 en 4,000 lb. gestel.

Tabakverkopings geskied deur een kanaal volgens die Koöperatiewe Wet van 1929 en latere wysigings.[1] Sedertdien het die M.K.T.V. 'n opdraende stryd teen die fabrikante wat eers direk van die boere gekoop het, gevoer. Volgens die ouere direkteure ons verseker, het die fabrikante alles in hulle vermoë probeer doen om die wet te verongeluk en verkope deur een kanaal te laat misluk. Die metodes wat hiervoor gebruik is, sal ons liewer verswyg. Sulke pogings is selfs weer in 1951 geprobeer, maar is te gou ontdek deurdat hierdie agente, ongelukkig vir hulle, by een van die direkteure 'n poging aangewend het. Nadat hulle hulle planne uiteen gesit het, het hy hulle bedank vir die inligting en toe aan hulle openbaar dat hy 'n direkteur is. Hierby is die pogings die nek ingeslaan.

(c) Koringbou.

Tabak is eintlik die hoof landbouproduk in die besproeiingsgebied, terwyl koringbou meer vir wisselboudoeleindes gedurende die winterseisoen toegepas word. Die boere het trouens ontdek dat enige grasplant soos koring of mielies uitstekend vir wisselbou in 'n tabakboustreek beantwoord. Sekere boere het aan ons die tabak op die lande waar die vorige somer mielies op was en die tabak op die lande net langsaan, waar die vorige somer tabak op was, maar braak gelê het gedurende die winter, getoon. Dit vereis nie eers 'n kennersoog om die verskil op te merk nie. Die tabak op die strook land waar die mielies was, het baie beter vertoon. Braaklegging, om die grond rus te gee, is ook nie so goed as wisselbou bevind nie.

Vanweë die kleiner inkomste wat uit die koring verkry word, het die boere, sedert die vasstelling van die prys op 21/- per mud in 1938 deur die Koringbeheerraad, hulle lande liewer gedurende die winterseisoen laat braaklê, want die inkomste uit die koring was te gering om al die produksiekoste en die risiko van haelstorms in Oktober te

---

1) Vide: Wet op Koöperatiewe Verenigingen (Wet nr. 28 van 1922) en hiervan die Wysigingswet (Wet nr. 38 van 1925 art. 17).

loop. Hierdeur is ontdek dat die tabak verswak. Boere het toe meer net ter wille van hulle huishoudelike gebruik koring gesaai en die groot stroke swart of vaal met ŉ kleiner strokie groen tussenin was dan ook die beeld wat hom in die winter voorgedoen het.

In 1933 gedurende die groot droogte is die kleinste oppervlakte met koring beplant, want water was skaars en die 2,333 morg wat beplant is, het nog te ŉ hoë eis aan die watervoorraad gestel sodat die water in die dam gedaal het tot 18 duim bokant die uitlaatsluise en die besproeiing stop gesit moes word. Die opbrengs was hierdie jaar slegs 8,861 mud van 200 pond netto gewig, wat maar ongeveer 3.8 mud per morg was. In 1935 is ŉ maksimum van 12,312 morg met koring beplant en die opbrengs was 125,618 mud terwyl daar in 1936 op 12,055 morg 130,192 mud geoes is.

Hier was die gemiddelde opbrengs 10.8 mud per morg. Voor 1934, behalwe 1933, is die opbrengs op ongeveer 7 mud per morg vasgestel. Na die proewe wat op die Landbou Proefstasie, Losperfontein, uitgevoer is, het die opbrengs tot 14 mud per morg verbeter terwyl die waterverbuik met 30 persent verminder het. Hierdie feite het bygedra dat sommige boere tot 20 mud van 200 pond netto gewig per morg geoes het.[1]

Die Magaliesbergse Koringkoöperasie (M.K.K.)[2] is die kanaal waardeur die koring bemark word.

In 1942 het die M.K.K. nie minder nie as 157,000 mud hanteer, terwyl die rekordoes van 210,000 in 1951 van die dorsvloer of agter die stropers weggeneem is.

Volgens die gegewens wat uit die boeke van die M.K.K. verkry is, het die prys van koring van 27/- per mud gedaal tot 21/- per mud van 200 pond netto in 1930. Die depressie wat die volgende jare so ŉ neerdrukkende invloed op die

---

1) Gegewens is deur die Landbou Proefstasie op Losperfontein verstrek.
2) Vide vir besonderhede omtrent die M.K.K. bl. 248 e.v.

pryse van produkte gehad het, het geneig om koring tot 18/- per mud neer te dwing totdat die prys in 1938 deur die Koringbeheerraad op 21/- per mud vasgestel is. Hierdie prys is beslis nie lonend nie en as die gemiddelde opbrengs op 14 mudsak per morg bereken word, verseker hierdie prys 'n bruto inkomste van £14.14.0. per morg wat ironies klein vergelyk met die van tabak.

Hierdie feite het veroorsaak dat die boere net aan hulle eie huishoudelike behoeftes gedink het en nie koring vir bemarking wou produseer nie. Die boere spreek dan ook die mening uit, dat, aangesien winterbesproeiing toegepas word en dit veeleisend in die koue weer is, die boer dikwels verplig is om sy graan self te besproei omdat die diens van naturelle wat die werk verstaan, ontbeer moet word. Die naturelle gaan hulle liewer aan die boere wat hulle tabakmiedens deur die winterseisoen bewerk, verhuur, as om water te lei.

Sommige boere het hulle produksiekoste so hoog as 18/- per mud gestel, terwyl die meerderheid die produksiekoste toe op 12/6 per mud gestel het. Dit het 'n netto inkomste van 8/6 per mud en 'n netto inkomste per morg, op 20 mud bereken, van £8.5 meegebring. Op 10 morg beteken dit maar 'n totale inkomste van £85 netto. Hierdie inkomste is dan die hoogste soos bereken op die maksimum opbrengs per morg. Die bewerking en die besproeiing van 'n morg kos nie minder as die opbrengs minder is nie en dis daarom dat die produksiekoste soms so hoog as 18/- per mud bereken is. Aangesien hierdie inkomste deur die van die tabakbou so in die skadu gestel word, is dit geen wonder nie dat boere geen begeerte toon om koring te verbou teen daardie prys nie.

In 1942 het die pryse egter gestyg tot 23/- per mud en die boere het toe weer begin koring saai. Die styging is deur die oorlog, wat die invoer van koring feitlik onmoontlik gemaak het, teweeggebring. Die produksiekoste

het egter ook gestyg.

In 1951 met die rekordoes van 210,000 sak is die prys op 49/7 per mud van 200 pond netto vasgestel. Die produksiekoste het egter ook gestyg, maar vanweë die feit dat die oes met behulp van masjinerie ingesamel kon word, het die koste nie te hoog gestyg nie.

Die goedkoopste oes-insameling is deur middel van die stroper wat gelyktydig sny en dors, verkry, maar dan moet die graan droogryp wees. Die koring moet ongeveer twee tot drie weke langer op die lande staan en die risiko, dat hael die oes mag vernietig, veroorsaak slapelose nagte, en daarom sny die boere liewer nog hulle koring met die selfbinder-snymasjien.

Die stroper skakel snykoste, hantering van gerwe, miedpak, uitry en dorsmasjienarbeid uit, aangesien hierdie masjien die graan in die sak besorg terwyl hy sny. Die oeskoste met die snymasjien en die hantering tot na die sak koring by die dorsmasjien weggeneem word, word bereken teen 8/6 per mud, terwyl die stroper die arbeid teen 6/5 per mud lewer. Dit is 'n besparing van 2/- per mud; dog die risiko en die feit dat twee tot drie weke langer gewag moet word voor die grond opnuut voorberei kan word vir die tabakoes, word nie vergoed deur die 2/- besparing nie, is die mening van baie boere. Dit kon egter jaar na jaar opgemerk word dat meer en meer boere tog liewer stroop al is die graan nie droogryp nie, want dan maak hulle die graan droog as dit te klam is vir bemarking.

Die kosteberekening per mud word soos volg saamgevat:

| | | |
|---|---|---|
| Saadbedbereiding ............. | ± 2/- | per mud. |
| Besproeiing .................. | ± 2/6 | per mud. |
| Bemesting .................... | ± 2/- | per mud. |
| Stroopkoste .................. | 6/6 | per mud. |
| Streepsakhouers .............. | 2/3 | stuk. |
| Transportkoste vir bemarking.. | 1/3 | per mud. |
| Totaal ........... | 16/6 | per mud. 1) |

1) Gegewens verkry van verskillende boere.

Hierdie berekening is op ɲ opbrengs van 20 mud per morg gemaak. As die opbrengs minder is, sal die saadbedbereiding, besproeiing en bemesting meer wees per mud want die koste bly dieselfde of die opbrengs nou 20, 10 of 30 mud per morg is t.o.v. die pryse gemerk ±; m.a.w. die koste verminder of vermeerder in omgekeerde verhouding met die opbrengs per morg. Hierdie koste bring die netto inkomste per mud op 33/1 te staan t.o.v. die prys in 1951, sodat ɲ opbrengs van 20 mud per morg ɲ netto inkomste van £33.1.8. meebring. Volgens die gegewens wat ons op verskeie plase by verskillende boere ingesamel het, het die netto inkomste gevarieer tussen £17.0 tot £35 per morg.

ɲ Boer wat 20 morg grond onder besproeiing het, het ons daarop gewys dat die bruto inkomste vir tabak op die grond gemiddeld op £4,000 per oes gestel kan word, terwyl die koringopbrengs as hy sy 30 mud broodkoring aftrek, slegs £400 aan netto inkomste lewer terwyl die tabak gemiddeld meer as £2,000 aan netto inkomste lewer.

(d) Ander Gewasse en Vrugte.

i. Ertjies.

Langs die Magaliesberg, tot ongeveer 1 tot 2 myl vanaf sy voet aan die noordelike kant, word op groot skaal ertjies gedurende Maart en April geplant om gedurende die kouer wintermaande as groenerte bemark te word. Ryp kom in hierdie streek baie selde voor en dit gee hierdie boere ɲ geleentheid om die peulgewas te kweek ten einde wisselbou toe te pas, stikstof in die grond te kry en na die gewas sy beste aan groenerte gelewer het dit dan in te ploeg vir groenbemesting.

Hierdie landbougewas is baie waardevol. Dit dien vir die doeleindes soos uiteengesit en daarby verseker dit nog ɲ goeie netto inkomste wat van die aanvraag gedurende hierdie tyd van die jaar afhang. Die Laeveld se eerste oes is dan klaar bemark en sy oes vir Augustus is nog nie

gereed nie. Benewens die waarde as wisselbou-peulgewas lewer ertjies nog ŉ netto inkomste van £80 tot £200 per morg wat van die aanvraag en aanbod en wisselende markpryse te dien effekte, afhang.

Afgesien van die bemarking op die ope mark, aangebied teen veiling, kan dit direk aan die inmaakfabriek op Pretoria teen ŉ vaste prys van 5/- per sakkie van 20 pond netto gewig gelewer word. Die boer kry sy sakkies dan weer terug, wat in elke geval ŉ besparing is omdat hy die sakkies vir al sy besendings oor etlike oeste kan gebruik. Ertjies word veral aangeplant met die oog op bemarking gedurende Junie en Julie. Aanplantings vir ŉ vroeër of ŉ later bemarking as die genoemde maande, is onderhewig aan witroes, en die boere het geleer om nie gedurende ander tye te produseer nie omdat die oes dan op ŉ mislukking uitloop. Die gemiddelde netto inkomste per morg oor die afgelope 3 jaar 1949, 1950 en 1951 was ruim £200, terwyl die inkomste van £80 tot £500 per morg gewissel het.

Aanplantings word egter tot ongeveer 5 morg beperk. As ŉ groter oppervlakte beplant word, is dit nodig om die grond stuksgewys met tussenposes van ŉ week of langer te beplant, om nie alles gelyktydig vir bemarking te hê nie. Die gevolg is dat witroes die oes ook kan beskadig. Die boere het ook geleer dat te groot hoeveelhede op die mark die pryse na omlaag dwing.[1]

Ertjies is ook op ander plekke in die distrik gekweek, maar met minder sukses en daarom is dit uitgeskakel. Die boere van die Middelveldstreek spits hulle dus net toe op tabak- en koringbou terwyl die boere benoorde die Mamagaliesrand en Langberg, die noordelike grens van die Middelveldstreek, hulle ook op ertjies toespits.

---

1) Informasie van die betrokke boere verkry.

Hierbenewens maak en hou hulle vir waatlemoene en spanspekke wat ook onderhewig is aan groot prysskommelings op die ope mark, grond gereed.

ii. Waatlemoene en Spanspekke.

Die netto inkomste vir waatlemoene en spanspekke wissel baie, van £100 tot £700 per morg, terwyl die gemiddelde prys oor die afgelope drie jaar 1949, 1950 en 1951 op £450 per morg bereken kan word.

iii. Blomme.

Blomme is ʼn ander produk wat bemark word en daar sommige boere blomme dwarsdeur die jaar bemark, is daar ook weer wat hulle veral toespits om op ʼn groot skaal slegs die wintertipes te kweek. Gedurende die wintermaande wanneer blomme skaars is, word hulle produk dan bemark. Alhoewel gegewens oor die presiese produksiekoste en die opbrengste nog nie beskikbaar is nie vanweë die feit, dat boere slegs onlangs met die tipe boerdery aan die noordelike hange van die Magaliesberg begin het, en wel op kleinskaal, om eers te eksperimenteer, skyn dit asof die boerdery suksesvol gaan wees en goeie inkomstes gaan verseker.

Een van die blomboere wat elders al heelwat ondervinding opgedoen het, het ons meegedeel dat sy jongste winterblommeoes hom ʼn bruto inkomste van tussen £23,000 en £24,000 besorg het. Dit het egter baie duidelik geblyk dat hier t.o.v. koste en winste per morg ʼn geheimhouding is, daar hulle mededinging soveel as moontlik wil uitskakel. Dit het egter duidelik geword op navraag dat die koste aan saad, bolle, bereiding van saadbed, bewerking en gereedmaking vir die mark, hoog is, maar dat die inkomste ruim daarvoor vergoed.

Ons kon vasstel dat hierdie groot blomboer 100 manlike naturelle aanhou. Hierby het hy ʼn bestuurder aan wie hy ʼn vry huis, en ʼn stukkie grond vir groente en £600 p.a.

aan salaris betaal. Daar was 5 blanke opsigters, meestal jong manne, elkeen voorsien van 'n huis en 'n groentetuin en elkeen kry 'n salaris van £480 p.a. Volgens ons kon vasstel, word £300 per maand aan die naturelle betaal, terwyl hulle gratis voedsel en inwoning geniet. Die grootte van die grond moes ons maar skat teen ongeveer 15 of 16 morg.

Hierdie nuwe vertakking van die boerdery brei vinnig uit en ons voel oortuig dat dit binne enkele jare 'n bron van hoë inkomste aan tientalle boere sal verseker, veral as die wintersoorte gekweek word.

iv. Sitrusvrugte.

Aan die noordelike hange van die Magaliesberg is sitrusvrugte sedert 1860 al bekend en hierdie boorde is op 'n taamlike groot skaal uitgebrei vanaf 1870 maar die vernietiging van die boorde het ook weer sedert 1912-1922[1] plaasgevind vanweë die besmetting deur die sitruskanker, en in 1932/33 is duisende bome ook dood vanweë die groot droogte en waterskaarste. Vanaf 1948 word egter weer groot boorde aangelê en tientalle duisende bome, veral nartjies, word aangeplant.

'n Boom moet ten minste 5 tot 8 jaar oud wees voordat dit 'n oes van kommersiële hoeveelhede produseer. Die sitrusboere bereken die opbrengs per boom teen £2 per seisoen aan bruto inkomste terwyl die produksiekoste op 5/- tot 10/- per boom gestel word t.o.v. behandeling, bewerking en bemarking. Die skaalinsek is soms baie lastig en dit verhoog die produksiekoste omdat dit 'n ekstra behandeling vereis.

Ons kon slegs van een sitrusboer spesifieke gegewens verkry op een oes. Hy het 10,000 bome waarvan die helfte nog nie tot volle produksie ontwikkel het nie. Sy onkoste

---

1) Gegewens van die betrokke boere.

in die produksie en die bemarking was besonder hoog omdat hy 'n besondere duur verpakking toegepas het vir die oorsese uitvoermark en die bemarking in die Unie. Die bruto opbrengs was £10,000 d.w.s. £1 gemiddeld per boom. Die produksiekoste was £3,000 sodat sy netto inkomste op £7,000 vir die seisoen te staan gekom het. Die pryse was veral swak en in menige opsig teleurstellend, tog is £7,000 'n hoë inkomste.[1]

Dit word egter bereken dat 'n uitgegroeide boom ongeveer gemiddeld 700 stuks vrugte dra. Teen die huidige pryse beloop die gemiddelde inkomste op 8/- per 100 sodat 'n boom 'n bruto inkomste van ongeveer £2.16.0. verseker, waarvan, volgens die huidige pryse (1951) en produksiekoste in aanmerking geneem, die netto inkomste op £2 per boom gestel kan word.[2]

C. Slotbeskouing t.o.v. Landbouprodukte.

Dit kan uit die bogenoemde beskouing afgelei word dat daar geseënde jare sowel as maer jare voorkom. In die geseënde jare lyk dit asof die boer floreer, maar hy moet rekening hou met die maer jare sowel as met die seisoenskades wat bv. deur 'n skielike koue sy berekenings in duie laat stort, of met haelskades wat vrywel van jaar tot jaar voorkom, al tref dit net sekere plase.

In 1951, op die 14e Desember, het 'n haelstorm die distrik van suid na noord deurgeloop en slegs enkele boere het ongedeerd daarvan afgekom. Die dag na die haelstorm het ons die distrik deurgery en het net verwoesting op verwoesting aangetref. So 'n ramp het 'n geweldige nadelige uitwerking op die ekonomiese struktuur.

Dit het gevolglik, vanweë die late datum in die seisoen, die boere verhoed om weer tabak aan te plant. Ander het dit tog gewaag waar hulle dit kon bekostig om in die

---

1) Gegewens is verstrek deur die betrokke boer.

2) Gestel volgens ons eie ervaring en kennis van die produksiekoste en die opbrengs.

ver afgeleë distrikte van Marico en Groblersdal plantjies te gaan koop of te gaan haal. Maar hierdie toestand het die boere verplig om ander gewasse soos rys en katoen te probeer, want na hierdie haelstorm het 'n periode van geweldige droogte ingetree.

Baie boere het egter 'n uitvlug gaan soek by onderstandswerke. Die eksperimente t.o.v. rys en katoen het nogal byval gevind en in die toekoms sal seker meer hiervan gebruik maak soos ons trouens ook al weet dat dit wel gebeur.

Een boer het toe 'n proef met rys uitgevoer en het van 10 pond gewig saad 33 mudsak ongedopte rys van 200 lb. netto gewig geoes en dit teen £10 per sak verkoop. 'n Ander boer het toe katoen aangeplant en ons na die oes verseker dat die produksiekoste in die verhouding van 1:3 staan t.o.v. die wins. Gelukkig het die ryp wat nadelig vir hierdie produkte is, tot die laaste week van Julie 1952 uitgebly, maar dit is bewys dat die seisoen lank genoeg is om van hierdie tipe boerdery deur vroegtydige aanplanting in die groeiseisoen 'n sukses te maak.

Krisistye bring altyd 'n denke en eksperimentering in 'n ander rigting mee. So het 'n krisis van oorproduksie van sekere soorte tabak soos die Amarillotipes gelei tot eksperimente en die suksesvolle deurvoering daarvan met ander tipes soos die Orinocotipes waarvoor daar wel 'n groot aanvraag is en ingevoer moes word. Die algemene opinie is dat na 1954 en veral na 1955 geen invoer van hierdie soort meer nodig sal wees nie omdat die produksie in die tabakproduserende distrikte van die Unie voldoende sal wees.

Die eksperimente het egter ook aan die lig gebring dat dit onwenslik en onraadsaam is om binne drie jaar dieselfde gronde met hierdie Orinocotabak te beplant, sodat die grond op 'n kleiner skaal beplant moet word en

dat ŉ verwisseling van die aan te plante oppervlakte van jaar tot jaar noodsaaklik is. Die boer moet sy grond nou in drie dele waarop van jaar tot jaar verwissel kan word met die beplanting, verdeel. Die res van die grond kan egter nie nutteloos lê nie, want dis ook ŉ feit dat die rustende toestand nie genoegsaam is nie en ook geen bevredigende resultaat afwerp nie sodat wisselbou noodsaaklik op die oorblywende gedeeltes is. Soos reeds aangetoon, is bevind dat enige kultuurgrasplant soos mielies of koring baie waardevol is, maar die inkomste is te gering op die klein skaal waartoe hierdie grondgroottes dit toelaat.

Die gevolg was eksperimente in ander rigtings. Die resultate soos verstrek op ŉ vergadering van die Landboutak, Zoutpansdrift, van die Transvaalse Landbou-Unie op 20 Sept. 1952, ten einde hierdie moeilikheid die hoof te bied, was dan nie net interessant nie maar ook verrassend. Die volgende gegewens is verstrek t.o.v. die resultate wat op een morg onderskeidelik van elke soort verkry is.

| | | |
|---|---|---|
| Groenboontjies | 800 | sakkies van 20 pond gewig elk. |
| Kopkool | 15 | metrieke ton. |
| Uie | 500-600 | sakke van 120 pond gewig elk. |
| Groenerte | 500-600 | sakkies van 20 pond gewig elk. |
| Tamaties | 30 | metrieke ton. |
| Komkommers. | 20 | metrieke ton. |

As die heersende markpryse van 1952 hierby oorweeg word, is ŉ morg grond in staat volgens hierdie toetse om van £400 tot £1,000 aan bruto inkomste te verseker, terwyl die produksiekoste op laer as die van tabak gestel word; presiese gegewens was nog nie moontlik nie.

Gemengde boerdery, veral in hierdie besproeiingsgebied met hierdie klimaat, is van die grootste belang en kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die enkele boere wat reeds op kleiner skaal deur meer intensiewe bewerking ŉ

gemengde boerdery van tabak, koring en groente begin het, verseker ons dat die gemiddelde inkomste per morg hierdeur gemiddeld verdubbel het teenoor die vorige metode van grootskaalse tabak- en koringbou; daarenteen het die produksiekoste aanmerklik gedaal.

Die groot vraag wat egter ontstaan het, was ŉ gereelde en bestendige mark as hiermee op uitgebreide skaal begin word. Met hierdie doel voor oë is ŉ komitee van 9 lede gekies waarvan 2 prominente besigheidsmanne is, die lid van die Volksraad en 6 prominente boere met die oog op die moontlikhede van ŉ plaaslike inmaakfabriek omdat die dorp oor die nodige water en elektriese krag sowel as oor ŉ stuk grond wat vir die doel deur die stadsraad afgesonder is, beskik. Onderhandelinge is reeds aan die gang, maar daar is ŉ voorbehoud dat hierdie boere ŉ belang moet verkry in die filiaal-maatskappy.

Met die Langeberg Koöperasie Beperk (K.O.O.) is reeds onderhandel en die onderhandelinge is voorlopig op die langbaan geskuif, maar dit wil voorkom of K.O.O. die saak wil onderneem. Intussen het die plaaslike koerant ŉ deskundige gevra, en hy skryf weekliks ŉ artikel oor die kweking van groente en verskaf deskundige raad. Die toekoms voorspel groot dinge, want waar water is, is lewe: die leuse getrou: „Aqua et Vita."

D. <u>Inkomstegroepe.</u>

(a) <u>Boere.</u>

Volgens die 1951 sensusopgaaf was hier 2,016 boere wat volgens hulle inkomste soos volg oor die drie agtereenvolgende jare 1948, 1949, 1950 ingedeel kan word.

| Inkomstegroep. | Boere. Getal. | Verhouding in Persentasie. | Inkomste in £ sterling Min. - Maks. | Gemiddelde Inkomste in £ sterling |
|---|---|---|---|---|
| A | 2 | 0.09 | 48 - 60 | 54 |
| B | 9 | 0.46 | 50 - 100 | 75 |
| C | 62 | 3.08 | 100 - 150 | 125 |
| D | 65 | 3.24 | 150 - 200 | 175 |
| E | 109 | 5.42 | 200 - 250 | 225 |
| F | 60 | 2.98 | 250 - 300 | 275 |
| G | 175 | 8.68 | 300 - 350 | 325 |
| H | 71 | 3.48 | 350 - 400 | 375 |
| I | 182 | 9.03 | 400 - 500 | 450 |
| J | 187 | 9.28 | 500 - 600 | 550 |
| K | 262 | 12.95 | 600 - 800 | 700 |
| L | 227 | 11.26 | 800 - 1000 | 900 |
| M | 312 | 15.48 | 1000 - 1500 | 1250 |
| N | 133 | 6.60 | 1500 - 2000 | 1750 |
| O | 72 | 3.58 | 2000 - 2500 | 2250 |
| P | 33 | 1.65 | 2500 - 3000 | 2750 |
| Q | 37 | 1.84 | 3000 - 4000 | 3500 |
| R | 8 | 0.40 | 4000 - 5000 | 4500 |
| S | 10 | 0.50 | 5000 en hoër | 5000 |
| 19 | 2,016 | 100.0% | Totaal. | |

Groepe A tot C is ou mense wat hulle self nog boere noem alhoewel hulle in werklikheid nie veel bydra tot die boerdery nie daar hulle pensioentrekkers is, by kinders inwoon en onder die se toesig vry voedsel, inwoning en klere ontvang benewens 'n klein geldelike toelaag. Hulle help egter nog toesighou tuis dat die werkvolk se voedsel betyds gereed is. Hulle hou ook oor kleinere werkies toesig omdat hulle nie ledig wil wees nie en dit so verkies. Onder groepe C en D is daar jong seuns wat in die boerdery werk en help bestuur. Hulle ontvang so 'n toelaag as 'n deel van die inkomste vir sy hulp terwyl hulle vry voedsel en inwoning geniet.

Groepe E en F is ook nog sulke seuns asook jong beginnerboere en enkele ou mense wat onderskeidelik by hulle ouers of kinders inwoon, maar op eie verantwoordelikheid op klein skaal ŉ eie boerdery hanteer.

Groepe G, H en I is ook beginners op nedersettings en boere wat op klein 3 tot 4 morg persele boer. Onder hulle is ook enkele boere, veral onder groep I, wat deur haelskade of koue, in die afgelope 3 jaar hulle oeste gedeeltelik verloor het. By groep I kan ons ook van groepe J en K insluit. Die groepe J en K kan in sommige jare selfs onder groepe L, M of selfs N geplaas word.

Groepe L tot N is die gegoede en welvarende boere waaronder ook groep K ingesluit kan word en by wie die wisseling van inkomste varieer ooreenkomstig voorspoedige of rampspoedige oeste.

Groepe O tot S kan deurgaans as die meer welvarende of selfs ryk boere bestempel word. Onder hulle is daar boere van wie die genoemde bedrae dikwels verviervoudig na gelang van omstandighede. Hulle het ook meer as een plaas waarvan sommige bosveldplase is, en waarop ook met beeste geboer word.[1)]

Vanaf groep N tref ŉ mens die eienaars van meer as een stuk grond óf onder besproeiing óf êrens in die Bosveld van Noord- of selfs van Oos-Transvaal aan. Sommige van hierdie groepe beskik oor 30 tot 60 morg grond onder besproeiing en ŉ sitrusplaas.

Vanweë die feit dat die boere so dikwels deur hael, geteister word, het die M.K.T.V. voorsiening vir ŉ „Haelbeskermingsfonds" gemaak. (Haelskade-beskermingsfonds sou beter pas). Aan die einde van elke boekjaar word uit die beskikbare bruto restante sowat £15,000 in die fonds gestort om lede daardeur te help volgens die waardasie van die skade wat deur die hael gely is.

---

1) Vide Grafiek op bl. 222/223.

(b) Ander Bedrywe:


Die landboubedryf bring noodwendig ook andersoortige besighede en beroepe tot stand, omdat in so 'n gemeenskap, skole, kerke, winkels, poskantore, telefoonsentrales, magistraatskantoor, polisiekwartiere, motorhawes, meubelwinkels, ingenieursbedrywe, meules, slaghuise, saagmeules, handelsbanke, e.d. dienste nodig is om in die behoeftes van 'n beskaafde gemeenskap te voorsien. Geregistreerde besighede in Brits en -distrik is die volgende:[1]

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Handelsbanke | 3 | Ouditeursfirma | 1 | Makelaars | 2 |
| Eiendomsagentskappe | 16 | Mineralewaterfabriek | 1 | Apteke | 4 |
| Afslaerfirmas | 2 | Bakkerye | 2 | Losieshuise | 2 |
| Hotelle | 4 | Slagterye | 35 | Spekulateurs in lewende hawe | 15 |
| Algemene Handelaars: | | Groothandelaars | 2 | | |
| Blankes | 126 | Kafee en groentewinkels | 39 | Motorhawes | 39 |
| Asiate | 68 | | | Drukkerye | 1 |
| Naturelle | 37 | Melkerye | 2 | Boumateriaalfirmas | 3 |
| Varsprodukte Handelaars: | | | | | |
| Blankes | 51 | Paneelkloppers en spuitverwers | 1 | Aardewerk | 1 |
| Asiate | 21 | Landbougereedskap | 1 | Fotografie | 1 |
| Naturelle | 2 | Meubelfabriek | 1 | Roomysfabriek | 1 |
| Drankwinkels: | | Chemiese Lab. | 1 | Sandnywerheid | 1 |
| Kleinhandel | 1 | Bou-aannemers | 4 | Meules | 6 |
| Groothandel | 2 | Koöperatiewe Vereniginge | 2 | Monumentale en Granietnywerhede | 2 |
| Ingenieursbedryf | 3 | Haarkappers-winkels | 3 | Bioskope | 1 |
| Kolehandelaars | 3 | Prokureursfirmas | 4 | Droogskoonmakerye | 1 |
| Motorbandversoolbedryf | 1 | Meubelwinkels | 3 | Oorlosiemakers | 2 |
| Elektrisiteitsware | 1 | Juweliers | 1 | | |

Al hierdie besighede het talle mense nodig om te voorsien in die behoeftes van hulle dienste.

Hierby sluit ons dan nog die 23 skole met 141 onderwysers, die administrasie-ingenieur, die hoofwaterfiskaal,

1) Raadpleeg offisiële registers in die plaaslike magistraatskantoor tot 1952.



Boere as Inkomstegroep.
Nie-boere as inkomstegroep.
Getal Broodwinners.
340
320
300
280
260
240
220
200
180
160
140
120
100
80
60
40
20
A. B. C D E F G. H. I J. K. L. M. N. O P. Q R. S.
Inkomstegroep.

en die 19 waterfiskale, die magistraatskantoor en sy personeel, die munisipalekantore en personeel, die polisiekwartiere en personeel, e.d. in. Hier is ook 'n tal godsdiensgesindtes met hulle herders en leraars.

Hierdie besighede, bedrywe, beroepe, professies, e.d. met 'n totaal van 1921 broodwinners of 48.8 persent van die inkomstegroepe sluit die totale aantal broodwinners af.

Na aanleiding van ons bespreking kan ons nou 'n vergelykende lys opstel om die inkomstegroepe in te deel en te vergelyk tussen boerende en nie-boerende broodwinners. Hierdie vergelyking kan ons in staat stel om die posisie binne die ekonomiese struktuur beter te besien t.o.v. die boerende en nie-boerende groepe volgens die getalle binne die inkomstegroep van elke kategorie. (Vergelyk bygaande grafiek bl. 222/223.

| Inkomstegroep Kategorie. | Netto Inkomste in £ sterling. | Getal Broodwinners. Boerende. | Nie-boerende. |
|---|---|---|---|
| A | 48 | 2 | 47 |
| B | 50- 99 | 9 | 210 |
| C | 100- 149 | 62 | 178 |
| D | 150- 199 | 65 | 147 |
| E | 200- 249 | 109 | 169 |
| F | 250- 299 | 60 | 140 |
| G | 300- 349 | 175 | 171 |
| H | 350- 399 | 71 | 122 |
| I | 400- 499 | 182 | 131 |
| J | 500- 599 | 187 | 140 |
| K | 600- 799 | 262 | 164 |
| L | 800- 999 | 227 | 81 |
| M | 1000-1499 | 312 | 59 |
| N | 1500-1999 | 133 | 6 |
| O | 2000-2499 | 72 | 13 |
| P | 2500-2999 | 33 | 13 |
| Q | 3000-3999 | 37 | 6 |
| R | 4000-4999 | 8 | 3 |
| S | 5000 en meer | 10 | 1 1) |
| Totaal | | 2,016 | 1,801 |

1) Hierdie gegewens is verkry uit die 1951-Sensusopgawes van Britsdistrik soos verwerk en gesistematiseer deur die skrywer self.

By bogenoemde nie-boerende groep moet nog 120 broodwinners wat pensionarisse is en op Sonop onder die Departement van Volkswelsyn ressorteer, kom. Hulle vorm eintlik 'n groep wat buite die ekonomiese struktuur van die distrik hoort.[1)]

Hier volg 'n tabel om die inkomstegroepe met hulle afhanklikes aan te dui.

| | Boerende gemeenskap | Nie-boerende gemeenskap | Sonop. Dept.v.Welsyn | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Broodwinners | 2016 | 1801 | 120 | 3,937 |
| Afhanklikes | 3953 | 3169 | 338 | 9,442 |
| Totaal | 7951 | 4970 | 458 | 13,379 |

Volgens die vergelyking op bl. 223 blyk dit duidelik dat die hoër inkomstegroepe oorheersend boere is en dat die laer inkomstegroepe oorheersend onder die nie-boerendes ressorteer.

Vanaf groep I is daar 'n duidelike skeidslyn waar die groter getalle met hoër inkomste en die kleiner getalle met hoër inkomste tuishoort. Volgens ons afbakening op die gegewe tabel blyk die volgende:

| Groepe | Boere | Nie-boere |
|---|---|---|
| A tot H of onder £400 | 553 of 27.5% | 1184 of 65.7% |
| I tot K of £400-£799 | 631 of 31.3% | 435 of 24.2% |
| L tot N of £800-£1,999 | 672 of 33.3% | 146 of 8.1% |
| O tot S of £2,000-£5,000+ | 160 of 7.9% | 36 of 2.0% |
| Totaal | 2016 of 100% | 1801 of 100% |

Wat die nie-boerende inkomstegroepe betref, is groepe A, B en C meestal ou mense wat ouderdomspensioentoelaes trek en van wie sommiges 'n byverdienste het soos onder groep C. Die ander is vakleerlinge of junior klerke van wie die vooruitsigte vir die toekoms rooskleuriger lyk.

Groepe D, E en F is gevorderde vakleerlinge in die verskillende bedrywe, junior klerke met ervaring en

1) Vide Hoofstuk V - Sonop - bl. 126 e.v.

ongeskoolde maar ervare arbeidskragte in die M.K.T.V. se tabakhanteringskure.

Groepe G en H sluit spoorwegarbeiders, klerke in winkels en kantore, veral dameskIerke en onderwysers(-esse) wat begin, jong tiksters en polisie wat beginners is, in.

Groepe I tot K sluit o.a. onderwysers, klerke, passers en draaiers, werktuigkundiges, staatsamptenare, polisiebeamptes, elektrisiëns, masjiniste, boekhouers, paneelkloppers, waterfiskale, e.d.m. in.

Groepe L tot N sluit o.a. predikante, onderwysers, bankbestuurders, rekenmeesters, magistrate, polisie-offisiere, die stadsklerk, eienaars van besighede, handelsreisigers, die bestuurders en rekenmeesters van die M.K.T.V. en M.K.K., winkelbestuurders van groot besighede, die weginspekteur, ingenieurs en ploegbase in. Garagebestuurders, tandartse, prokureurs en mediese dokters ressorteer veral onder groep N.

Onder groepe O tot S tref ons veral enkele mediese dokters, prokureurs, groot winkeleienaars, garage-eienaars, hoteleienaars, die bioskoopeienaar, graniet en monumentale bedryfsbase waarvan een ook ŉ begrafnisondernemer is, slagters, spekulateurs in lewende hawe, afslaers, e.d. aan.

i. <u>Handelsbanke meer in Besonder.</u>

Die ontwikkeling van die handelsbanke weerspieël ook die ekonomiese ontwikkeling. In 1921 was op Brits ŉ tak van De Nationale Bank van Zuid-Afrika, Beperkt, met ŉ personeel van 5, terwyl De Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika, Beperkt, ŉ personeel van 4 gehad het. Tot 1935 was hier geen uitbreiding in die besigheid nie maar eerder ŉ krimping, veral gedurende die swaar droogte van 1932-'33, wat die banke betref. Hierdie periode val ook binne die depressiejare op ekonomiese gebied.

Tot 1928 was hier nog ŉ florerende besigheid deur ŉ goeie oorsese sitrusmark, die sitrusboere het op ŉ groot

skaal sitrus uitgevoer. In 1929 het die mark verswak en in 1930 het dit so ineen gestort dat die sitrusboere selfs nog groot bedrae moes inbetaal op die vervoer- en op die oorsese hanteringskoste. Soos ons toen ter tyd beleef en ondervind het, het die meeste van hierdie boere op die rand van bankrotskap gestaan, terwyl die droogte en die ekonomiese depressie die toestand sodanig versleg het dat die boere hulle op andersoortige tipes van boerdery, soos tabakbou bv., moes toespits. Die vooruitsigte was hierin ook maar skraal. Die handelsbanke het hierdie ekonomiese toestand terdeë gevoel, en klerke is verplaas omdat die besigheid nie meer lonend was nie.

Die nedersettings het ook nog in hulle kinderskoene gestaan en 'n sukkelbestaan gevoer toe hulle ook deur die gevolge van die ekonomiese depressie voete onder die lyf uitgeslaan is. 'n Krisis het in die tabakmark ingetree. Daar was 'n styging in die tabakproduksie van 7.4 miljoen pond gewig in 1926 tot 12.6 miljoen pond in 1928, terwyl dit alles van die lugdroog en swakker tipes was; hierbenewens het die fabrikante, nog 8.9 miljoen pond ingevoer.

Die fabrikante het hulle toegespits op die fyner tipes vir sigaretdoeleindes. 'n Stagnasie het ingetree en groot hoeveelhede tabak moes teen 'n verlies van sowat £42,000 oorsee bemark word. Geen agterskot kon uitbetaal word nie. In 1930 was die M.K.T.V. eers in staat om 8/- uit £1 agterskot uit te betaal t.o.v. die 1928/1929 oes.[1] Daarby het die droogte gekom en die boere byna 'n nekslag toegedien; die handelsbanke het hierdie toestand net soos die ander besighede ondervind. Die Nasionale Bank van S.A. Bpk.[2] het sy personeel verminder tot 3 en De

---

1) Gegewens verkry uit die meergenoemde Rapport van die Hoofbestuurder, M.K.T.V. 30 Okt. 1950, Rustenburg.

2) Gedurende 1926 het „De Nationale Bank van Zuid-Afrika, Beperkt", hierdie offisiële naam vervang deur die Afrikaanse naam „Die Nasionale Bank van Suid-Afrika, Beperk", volgens die dokumente by die Bestuurder.

Nederlandsche Bank voor Z.A., Bpkt. het syne verminder tot 2.

Op 30 Junie 1935 het De Nederlandsche Bank hier gesluit en het hy met toestemming van sy kliënte hulle rekenings oorgedra aan Die Nasionale Bank van Suid-Afrika, Bpk., op Brits. Toe ons die Bestuurder die rede om hierdie wending vra en veral omtrent die sluiting van die tak, was sy antwoord: „It is only a district for paupers."

Hierna het egter weer 'n verbetering ingetree en die ekonomiese toestand het 'n ligstraal getoon, veral deurdat die boere nou sukses met oonddroog tabak begin behaal het en pryse so verbeter het, dat fabrikante geen verskoning gehad het om groot hoeveelhede tabak vanuit Rhodesië in te voer nie.

In 1935 is 'n handelsooreenkoms tussen die Unie en Suid-Rhodesië aangegaan dat tolvrye tabak slegs dan alleen van daar ingevoer sal word as die produksie van die Unie vir daardie jaar se benodigdhede ontoereikend was.[1)]

In 1939 was die ekonomiese posisie weer so gunstig dat Volkskas Beperk hier 'n tak gestig het met 'n personeel van 5. Die besigheid het egter nog verder verbeter sodat hier ook 'n tak van die Standaardbank van S.A., gestig is op 1 Augustus 1950 met 'n personeel van 8, terwyl Volkskas Bpk., 'n personeel van 21 en Barclays Bank (Dominium, Koloniaal en Oorsee) waarby die Nasionale Bank van S.A. Beperk, ingelyf is, 'n personeel van 19 het. Hierdie uitbreiding is 'n definitiewe bewys van die gesonde posisie in die ontwikkelingsgang van die distrik sedert 1926 tot 1951.

ii. <u>Ander Besighede meer in Besonder.</u>

In 1921 was op Brits slegs 'n paar algemene handelaarsbesighede; dog met die aanvang van die konstruksie van

---

1) Gegewens verkry uit die meergenoemde Rapport van die Hoofbestuurder M.K.T.V. 30 Okt. 1950.

die dam in April 1921 en veral toe die werk aan die kanale in September 1921 begin het, het hier veel meer besighede ontstaan, veral winkels wat deur Asiate opgerig is.

In 1939 was hier in die dorp en distrik 108 Algemene handelaarsbesighede geregistreer, terwyl die aantal tot 231 in 1951 gestyg het. Hiervan het 126 aan Blankes, 68 aan Asiate[1] en 37 aan Naturelle behoort. (Vergelyk verder bl. 222 in hierdie hoofstuk.) Die grootste uitbreiding het in die dorp plaasgevind terwyl daar kleiner besighede oral in die distrik opgerig is. In die dorp is daar nie minder nie as 5 groot slaghuise teenoor 30 van ietwat kleiner omvang in die distrik, waarvan enkele soos op Melodie, Rashoop, Silkaatsnek, Skeerpoort, Zoutpansdrift, Sonop, Zanddrift en Beestekraal ook taamlik groot is en moderne ingerig is.

Vanweë die uitgebreide slagtersbesighede het hier dan ook nie minder nie as 15 geregistreerde handelaars en spekulateursbesighede in lewende hawe ontstaan, waarvan almal, op 4 na, slagters is. Hier is ŉ groothandelslaghuis wat grotendeels die ander voorsien van vars vleis. Die slagtery vind by die munisipale abattoir onder toesig van ŉ gesondheidsinspekteur, plaas. Die hoeveelhede diere wat hier geslag word sedert April 1944 word in die volgende tabel aangedui.

| Jaar | Beeste | Skape | Kalwers | Varke | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|
| 1944/45 | 1,442 | 8,717 | 27 | 334 | 10,520 |
| 1945/46 | 1,937 | 8,321 | 20 | 464 | 10,742 |
| 1946/47 | 2,732 | 8,190 | 25 | 560 | 11,507 |
| 1947/48 | 3,355 | 9,078 | 40 | 502 | 12,975 |
| 1948/49 | 3,440 | 9,579 | 55 | 581 | 13,655 |
| 1949/50 | 3,691 | 10,725 | 71 | 639 | 15,126 |
| 1950/51 | 4,912 | 10,994 | 87 | 693 | 16,886 [2] |

1) Die woord Asiate geniet blykbaar voorkeur in die betrokke registers omdat dit Indiërs, Sjinese en Maleiers en ander Oosterlinge insluit.

2) Soos verstrek deur die Stadsklerk.

Dit dien ook daarop gewys te word dat hier in 'n landboudistrik nie minder nie as 74 varsproduktehandelaars waarvan 51 aan Blankes, 21 aan Asiate en 2 aan Naturelle behoort; hierbenewens is hier 39 kafees wat ook groentewinkels is.

E. Meganisering van die Landboubedryf.

As ons deur Britsdorp stap, verbaas dit ons dat hier soveel motorhawes is, en daarby vergelyk sommige van die geboue goed en moderne net soos die in die stad. Ry ons deur die distrik, merk ons oral langs die verkeersweë sulke motorhawes en brandstofvoorsieningstasies op. Hier is in die dorp en in die distrik nie minder nie as 39 motorhawes wat ook brandstof voorsien. Hiervan is 17 op die dorp en 22 is oral in die distrik op spesifieke sentra geleë. Hierdie uitbreiding het plaasgevind sedert 1946.

In 1928 was hier slegs een motorhawe, in 1936 slegs 3 en in 1942 slegs 6. Hierdie groot uitbreiding het noodsaaklik geword vanweë die geweldige toename in motorvoertuie, trekkers en selfaangedrewe masjinerie soos stropers, want die hele boerderybedryf het gemeganiseer geraak. In die dorp is ook drie ingenieursbesighede en een paneelklopper en spuitskilderbesigheid.

Voor 1939 of die aanvang van die vyandelikhede gedurende die Tweede Wêreldoorlog 1939-'45, was hier ongeveer 10 trekkers wat nie op die pad kon gebruik word nie omdat die agterwiele van kappers voorsien was. 'n Stuk of tien trekkers met lugbande, is veral gebruik om dorsmasjiene na die dorsvloer te vervoer en aan te dryf wanneer gedors word. Die totale aantal trekkers was maar 20. Tot en met die einde van 1942 is hier meer trekkers met of sonder lugbande aangekoop. Die getal het slegs, volgens ons eie opname, op 'n totaal van 83 te staan gekom.

Na die staking van die vyandelikhede in Europa en meer trekkers beskikbaar gestel is, het hier 'n groot

aanvraag, veral na 1946 ontstaan.

Waar boere nie trekkers kon bekom nie, het hulle jeeps aangeskaf omdat hierdie voertuig nie net as voertuig gebruik kan word nie, maar ook om die ploeg, eg, snymasjien en sleepwa te trek; daarbenewens kan hy ook as aandrywingsmasjien met ŉ band gebruik word om waterpompe en kleiner dorsmasjiene aan te dryf. In die ligter sanderige leemgronde het hy uitstekende diens gelewer, maar die swaarder leemgronde het hom ooreis en moes hy vervang word. Die meganisering van die landboubedryf het egter sedertdien in alle erns begin.

Die redes waarom tot die stap van meganisering oorgegaan is, kan ons soos volg saamvat:

1. Die lewende hawe op die hoewes was altyd ŉ probleem vanweë die beperkte ruimte. Hierbenewens moes die trekdiere na ŉ dag van harde werk soms ver aangejaag word om in die bestemde weiding die nag oor te bly;
2. heelwat tyd is in beslag geneem om die osse na en van die kampe te bring;
3. voedselvoorsiening in die skaars wintermaande was ŉ vereiste waarvoor voorsiening moes gemaak word en gronde wat meer winsgewend kon benut word, is vir hierdie doel gebruik;
4. die osse het vir slagdoeleindes hoë pryse beding en kon dus voordelig van die hand gesit word;
5. gedurende die oorlogsjare was gebruiksgoedere baie skaars en sommige selfs onverkrygbaar. Hierdeur het die boere wat goeie pryse vir hulle produkte gekry het, heelwat geldelike kapitaal gespaar sodat hulle in staat gestel was om die nodige masjinerie kontant aan te koop toe dit verkrygbaar was;
6. waar ŉ boer na ŉ winteroes haastig sy lande moet bewerk om die saadbed in orde te kry vir die someroes en omgekeerd, het deur die stadige os wat tog ŉ lewende dier

is en uitgeput raak, heelwat tyd verlore gegaan; en

7. die ossewa wat 'n stadige vervoermiddel is, is ook vervang deur sleepwaens, sodat die moderne trekker wat maklik 15 tot 20 myl per uur ver kan gaan, voor die sleepwa gebruik is om produkte vir bemarking weg te bring as die boer nie oor 'n vragmotor beskik nie.

Om die omvang van die meganisering behoorlik te besef, gee ons hier die jaartal en die hoeveelheid voertuie wat oor elke jaar vanaf 1937 tot 1951 volgens die munisipale registers, op Brits geregistreer is.

| Jaartal | Motorvoertuie | Jaartal | Motorvoertuie. |
|---|---|---|---|
| 1937 | 1,000 | 1948 | 3,657 |
| 1940 | 1,418 | 1949 | 3,834 |
| 1944 | 2,043 | 1951 | 4,679 |

By elk van 1949 en 1951 moet nog 81 trekkers met kappers wat nie op die pad mag gebruik word nie, bygevoeg word.

As ons die getal motorvoertuie en motoraangedrewe voertuie anders as rytuie, spesifiseer volgens hulle spesifieke doel vir die gebruik soos aangeteken in die munisipale registers, blyk die meganisering duideliker.

| Soorte Voertuie | 1949 Getal | 1951 Getal |
|---|---|---|
| Motorkarre | 1,610 | 2,000 |
| Vragmotors en bakkies | 667 | 931 |
| Jeeps | 700 | 623 |
| Trekkers met lugbande | 550 | 650 |
| Trekkers sonder lugbande | 81 | 81 |
| Sleepwaens | 307 | 369 |
| Motorfietse | 0 | 106 |
| Totaal | 3,915 | 4,760. |

Die vermeerdering is by elke afdeling behalwe in die geval van jeeps waar 'n afname voorkom, te sien. Hierdie afname is toe te skryf aan die feit dat die jeep nie aan sy doel in die swaar leemgronde beantwoord het nie en is daar uitgeskakel; tog bly die aantal masjiene wat vir trekdoeleindes ingespan word in 1949 en 1951 nie konstant

nie maar toon 'n klein vermeerdering van 1331 tot 1354; veral is die toevoeging van 100 trekkers in 1951 van groot belang.

Hier is nog boere wat trekdiere soos osse of muile aanhou, maar dis die boere wat oor weiding naby hulle beskik of hoewebewoners wat naby die gemeenskaplike weiding woon.

Die ossewa is egter 'n seldsaamheid op die pad. Waar een nou en dan met 'n vrag hout gesien word, behoort dit aan 'n naturel uit die reservaat. Af en toe sien 'n mens nog 'n muilwaentjie op die pad, verder word muile ook gebruik vir skoffeldoeleindes tussen die tabakrye omdat daar deur hierdie trekdiere die minste of geen skade aangerig word nie. Vragmotors, trekkers of jeeps met sleepwaens met vragte produkte na hulle bestemmings is 'n alledaagse verskynsel op die paaie.

As ons die hoeveelheid trekkers in oënskou neem, en bedink dat sommige eienaars slegs 10 tot 17 morg bewerk, dan lyk dit na geldverkwisting en 'n onvoordelige geldbelegging. Prof. Tomlinson het bevind na sy ondersoek dat uit 'n totaal van 49 trekkereienaars daar (A) 16 trekkers is wat slegs 348 uur per jaar gemiddeld werk; (B) 20 trekkers wat slegs 811 uur per jaar gemiddeld werk; (C) 13 trekkers wat slegs 1514 uur per jaar gemiddeld werk wat 'n kosteberekening per uur meebring in die geval van groep A, 7.2 sjiclings per uur; in die geval van groep B, 4.5 sjielings per uur en in die geval van groep C, 3.6 sjielings per uur.[1)]

Hiervolgens skyn dit asof die lopende koste in die geval van groep A dubbeld die is van groep C. Dit is wel waar, maar aan die anderkant is die slytasie van groep A seker ook die helfte minder as die van groep C, sodat groep A jare langer gebruik kan word. Buitendien beweer

---

1) Tomlinson a.w. bl. 15.

die boer dat as die ding staan, vreet hy nie voor nie en tyd is geld en daarby bespaar dit baie aan arbeidskoste sodat die uitgawes baie verminder word deur die korter tyd, minder arbeidskragte en minder bekommernis.

Ons beskeie mening is dan ook dat prof. Tomlinson se berekening slegs relatiewe waarde het in soverre geen boer, tensy dit baie dringend is, die masjien aan die gang sal sit ter wille van die werk wat slegs 1 uur sal duur nie. Inteendeel, die boer werk dag en nag om sy hoewe om te ploeg, te eg en te bewerk ten einde met die plantery te kan begin en sy trekker kom dan in die skuur.

Verder verseker sulke boere ons dat hulle ander boere se grond omploeg teen ŉ vergoeding, want die man wat geen trekker besit nie, betaal huurgeld van £2.5.0. voor en vanaf 1951 die huurgeld van £2.15.0. per morg om gou klaar te kry, eerder as om met ŉ span osse ŉ week of meer besig te wees. Hierdeur het die trekkereienaar geen onkoste behalwe slytasie aan sy kant nie. Waar die osse op die beperkte hoeweruimte meer ŉ las is en ŉ wagter moet hê, en waar twee persone nodig is by ŉ span osse, doen een persoon met die trekker die werk in minder as die helfte van die tyd.

Buitendien skaf die boer met die kleiner grond ŉ kleiner en ligter trekker met ŉ kleiner brandstofverbruik aan. Die boere wat al ŉ paar jaar ŉ trekker gebruik, verkies ter wille van die gerief wat hy geniet vandat hy ŉ trekker besit, om nie weer na die os terug te keer nie.

ŉ Verdere aanduiding van die meganisering tref ons volgens die inkomste uit belasting op motorvoertuie wat ingevorder is van jaar tot jaar vanaf 1944-1951 aan.

| Jaar | Bedrag | Jaar | Bedrag. | |
|---|---|---|---|---|
| 1944/45 | £12,441 | 1948/49 | £33,308 | |
| 1945/46 | £17,116 | 1949/50 | £34,085 | |
| 1946/47 | £20,469 | 1950/51 | £36,822 | 1) |
| 1947/48 | £30,156 | | | |

1) Gegewens verstrek deur die Munisipale Tesourier van Brits.

Volgens hierdie gegewens is dit duidelik dat daar ŉ geweldige toename van £9,687 of 42.8 persent oor die boekjaar 1947/48 was, terwyl die aantal voertuie volgens die versekering van die kantoor met minstens 80 persent toegeneem het, wat ook ŉ aanduiding is dat die ingevorderde bedrag, nie pro rata toegeneem het nie. Hierdie feit moet toegeskryf word aan die groot aantal belastingvrye trekkers wat geregistreer is.

Die toename in belastingvorderings vanaf 1946 tot 1951 bedra ŉ vermeerdering van £16,353 of 79.8 persent terwyl die aantal voertuie meer as verdubbel het van 2279 tot 4679 wat ŉ vermeerdering van 2400 voertuie of 105.3 persent beteken. Dit is weer ŉ aanduiding van die aantal belastingvrye trekkers en sleepwaens met ŉ ligte belastingslas.

F. <u>Belastings Ingevorder.</u>

As ons die styging in die bedrae t.o.v. die belasting wat ingevorder is, nagaan, merk ons ook hoe die ekonomiese struktuur daar uitsien. Tot 1941 het Brits nie eers meegetel onder die gepubliseerde opgawes van ingevorderde bedrae t.o.v. inkomstebelasting nie, omdat slegs die distrikte waar bedrae van £10,000 en meer ingevorder is in aanmerking vir publikasie gekom het.[1]

Ons verstrek egter die styging vanaf 1946 waaroor gegewens beskikbaar is en omdat dit tog as ŉ maatstaf van die groot verandering wat ingetree het, geneem kan word. Motorbelasting is uitgesluit.

| Soort Belasting | 1946 | 1947 | 1948 | 1949 | 1950 | 1951 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | £ | £ | £ | £ | £ | £ |
| Unie-inkomste | 42,303 | 42,756 | 69,427 | 64,236 | 65,782 | 91,571 |
| Unie-ander-departemente | 23,683 | 30,404 | 13,284 | 25,659 | 23,963 | 21,588 |
| Provinsiale | 6,862 | 7,996 | 30,574 | 14,322 | 19,237 | 24,874 |
| Totale | 72,848 | 81,156 | 113,285 | 104,217 | 108,982 | 138,033 |

1) Werklike gegewens was plaaslik nie verkrygbaar nie vanweë ŉ brand wat die rekord- en argiefkamer in die afgelope oorlogsjare in puin gelê het.

Getal persone aangeslaan t.o.v. die belastings:

| | 1946 | 1947 | 1948 | 1949 | 1950 | 1951 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Provinsiaal | 2167 | 2250 | 2400 | 2056 | 2100 | 2307 |
| Unie-inkomste | 655 | 699 | 760 | 775 | 854 | 823 [1] |

„Unie-ander-departemente" [2] dui bedrae wat aan die Departemente van Lande en Irrigasie t.o.v. die afbetalings op die hoewes en die waterhuur onderskeidelik, betaal is. Boetes is nie bygereken nie.

As ons die bedrae wat ingevorder is vir Unie-inkomste in oënskou neem, merk ons 'n toename van £49,268 of 116.4 persent oor die 6 jaar terwyl die aantal belastingbetalers gestyg het met 168 of 25.7 persent en dit nieteenstaande die korting wat in 1949 verhoog is van £5 tot £7.10.0. per kind nie. In 1950 merk ons die hoogste getal persone wat aangeslaan is sonder juis 'n merkbare styging t.o.v. die vorige jaar of twee. Die bedrae is nie stabiel in hulle toename nie, maar dit toon ook weer die wisselvallighede wat die boerdery-inkomste tref.

Die getal persone wat provinsiale persoonlike belasting betaal, bly min of meer konstant, alhoewel ons 'n aanmerklike styging in 1948 in beide die aantal persone en bedrae aan belasting ingevorder, bespeur. Die rede hiervoor is dat die inkomstekantoor opdrag gekry het om 'n aantal ekstra inkomstebelastingvorms as 'n steekproef aan mense te stuur ten einde te ontdek of daar nie meer vir inkomstebelasting aangeslaan kan word nie. Die gevolg was dat die persone toe nie in 1947 persoonlike belasting betaal het nie, en in 1948 teen April, is die vorms sonder 'n eis teruggestuur met die gevolg dat hulle in 1948 sowel vir 1947 as vir 1948 aangeslaan is vir persoonlike belasting

1) Gegewens verkry uit die inkomsterekords van die magistraat op Brits.

2) Hierdie woordgebruik is gekies in die spesifikasies as 'n verkorte term vir ander Staatsdepartemente behalwe vir Finansies wat onder Unie-inkomste geplaas word.

wat die styging in die aantal persone sowel as in die belasting veroorsaak het.

Volgens die getal persone en die bedrae wat aan persoonlike belasting betaal is, merk ons in 1946/1947 dat die gemiddelde per persoon slegs die helfte van die maksimum aanslag van £7.10.0. bedra, terwyl die gemiddelde per persoon vir 1949/1951 die volle £7.10.0. plus die provinsiale inkomstebelasting bedra. Hierdie belasting is 'n heffing van 20 persent op die bedrag wat aan Unie-inkomstebelasting betaal word.

Die daling in die aantal belaste persone in 1949 dui ook aan dat 'n hele aantal jong belastingpligtiges die distrik verlaat het om elders in die Staatsdiens te werk omdat die plase te beknop is om vir hulle ook 'n bestaanbare inkomste te verskaf.

Die inkomste vir Britsdistrik is egter baie hoër as die betrokke motorbelastings, deur die munisipale amptenare ten gunste van die Provinsiale Administrasie ingevorder, bygereken word.

Die totale bedrae betaal aan direkte belasting sal dan as volg vertoon:

| Soort belasting | 1946 £ | 1947 £ | 1948 £ | 1949 £ | 1950 £ | 1951 £ |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Unie-inkomste | 42,303 | 42,756 | 69,427 | 64,236 | 65,782 | 91,571 |
| Persoonlike | 6,862 | 7,996 | 30,574 | 14,322 | 19,237 | 24,874 |
| Motor | 17,116 | 20,221 | 30,156 | 33,156 | 34,085 | 36,882 |
| Totaal | 66,281 | 71,221 | 130,157 | 111,864 | 119,104 | 153,267 |

'n Ander feit wat ook die ekonomiese struktuur van die distrik weerspieël, is die verhoging van die graad van die magistraat. Hierdie verhoging geskied ook volgens die inkomste wat deur die Ontvanger van Inkomste gehanteer word.

In 1928 met die stigting van Britsdistrik is die magistraat as graad II aangestel. So het dit gebly tot April 1946 toe hy tot graad I verhoog is en binne drie jaar,

in Januarie 1949 is die magistraat se status tot die van senior graad verhoog en die moontlikheid bestaan dat hy binnekort na 'n nog hoër graad verhoog sal word volgens die mededeling van die hoofmagistraat.[1)]

Ons wil graag 'n aantal distrikte wat baie ouer is met Brits t.o.v. die staatsinkomste oor 'n steekproefjaar 1948, vergelyk. [2)]

| | | | |
|---|---|---|---|
| Brits | £115,382 | Nelspruit | £155,935 |
| Bethal | £ 94,934 | Pietersburg | £219,382 |
| Barberton | £112,272 | Piet Retief | £ 36,634 |
| Ermelo | £135,795 | Potchefstroom | £200,954 |
| Klerksdorp | £166,319 | Rustenburg | £190,389 |
| Letaba | £132,739 | Standerton | £130,938 |
| Lichtenburg | £ 91,589 | Waterberg | £ 53,687 |
| Lydenburg | £ 64,512 | Wolmaransstad | £ 39,198 |
| Middelburg | £118,954 | | |

Letaba is 'n besonder klein distrik met 'n hoë finansiële inkomste en daarom was dit 'n senior graad lank voor Brits.

G. Koöperatiewe Verenigings.

In verband met die ekonomiese struktuur van die distrik res enige gegewens i.v.m. die Tabak en Koring Koöperatiewe Verenigings nog ons belangstelling. Alhoewel die gegewens deur die bestuurders verskaf, binne die perke van hulle mag, maar karig is, gee dit tog 'n aanduiding.

Die sukkelbestaan van die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging (M.K.T.V.) sedert sy stigting op Brits in 1924, het iets van die verlede geword. Daar word ongeveer 10 miljoen pond gewig tabakblad van hoë gehalte deur die distrik jaarliks gelewer. Die waardebepaling is

1) Die Hoofmagistraat deel mee dat hierdie verhogings hoofsaaklik te danke is aan die finansiële inkomstes wat deur sy kantoor jaarliks gehanteer word.

2) Finansiële verslag van die magistraatsdistrikte in die magistraat se rekordboek.

£1,500,000 voorskot d.w.s. 75 persent van die totale bedrag. Die afgelope 5 jaar d.w.s. 1946-1951 was die gemiddelde agterskot £900,000 jaarliks wat 'n belangrike kapitale omset is. Die totale agterskot was gemiddeld £1,500,000 vir Rustenburg, Marico, Krugersdorp, Waterberg, Groblersdal en Brits, terwyl 60 persent van die bedrag na Brits alleen gekom het.

Die Magaliesbergse Koringkoöperasie (M.K.K.) is op 17 September 1930 geregistreer. Die M.K.K. het uitgebrei en waar die omset in 1935 ongeveer £23,600 beloop het, het die omset so vermeerder dat die bedrag in 1951 ongeveer £698,500 in produk-hantering alleen beloop het, terwyl die omset in verband met die koop en verkoop van landboubenodigdhede en gereedskap vanaf 1939 tot 1951 gestyg het vanaf ongeveer £10,000 tot ongeveer £250,000 per jaar. Hierdie kapitale omsette toon lewe en vooruitgang.[1)]

H. Slot.

Dit is ongetwyfeld 'n feit dat hier aktiwiteite van 'n hoë gehalte in die ekonomiese dinamiek deur 'n veelbewoë tydperk van 25 jaar - 'n tydperk van armoede, droogte, ekonomiese depressie, politieke stryd, oorlogsjare, terugslae, geseënde jare en triomf wat op 'n eie selfstandige karakter dui - deurworstel en suksesvol deurgevoer is.

Vanaf die stigting van die nedersetting in 1925 tot 1936 was die nedersetters as armblankes, of ook genoem „kanaaljapies", bekend.[2)] Vandag is hulle gerehabiliteerdes, volwaardige burgers van die staat, prominente lede van die maatskappy in 'n volwaardige menslike samelewing.

---

1) Die gegewens is deur die betrokke bestuurders verstrek.

2) Die ou gevestigde inwoners het die nedersetters met die naam onderskei om 'n verskil te maak tussen hulle en die nedersetters wat meestal armblankes was.

In 1921 was dit 'n byna ongerepte boswêreld waar gesweet en geswoeg is om die wêreld vir mense om op voort te kan bestaan en selfstandig te kan word, bewoonbaar te maak.

In 1951 lyk dit asof hierdie kenmerke van barensweë nooit bestaan het nie, en dat die geborene sonder barensweë die lewenslig aanskou het. Hier is gestry, maar ook oorwin, nou het die voortmarsjering begin.

Die worsteljare was moeisaam, maar deur uithou en aanhou is voortgebou en oorwin; die aarde is onderwerp volgens Gods bevel.

---

# HOOFSTUK IX.

## ORGANISASIES.

### A. Algemeen.

Die samelewing is vandag oral so georganiseer dat daar al gepraat word van oor-organisasie, en dit het al nodig geword om die organisasies deur middel van hulle verteenwoordigers in 'n skakelkomitee saam te bind ten einde moontlike botsings of oorvleueling te voorkom.

Hierdie feit het op Brits ook van so 'n aard geword dat 'n skakelkomitee gestig is met die oog op die koördinasie van kragte en die uitskakeling van oorvleueling of botsings van funksies waarvan daar soms drie tot vier van verskillende verenigings op een dag georganiseer was.

Die organisasies wat ons hier aantref, kan ons eerstens verdeel in die Landbouorganisasies wat met die landboukultuur te doen het; tweedens die Liefdadigheidsorganisasies wat bestaan uit die susterorganisasies van die drie susterkerke en onder die breër toesig van die kerkrade hulle werk verrig en die vroueorganisasies soos die van die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie en die Vroue Landbou-Unie wat as onafhanklike organisasies op hulle terrein die samelewing dien; derdens die Jeugorganisasies van die kerke en van die politieke partye; vierdens die Kultuurorganisasies soos die Kunsvereniging en die Kunswedstrydvereniging; vyfdens die Nie-landbou-belangegroepe soos die onderwysersverenigings en die staatsdienspersoneelvereniging, e.d.

Aangesien ons hier met 'n landboukultuur wat die uitstaande bedrywigheid van die distrik uitmaak te doen het, en die ander as noodsaaklike bykomstige dienste wat as uitvloeisel van die landboubedryf beskou kan word, spits ons ons dan eerstens op die Landbouorganisasies toe.

### B. Landbouorganisasies.

Die landbouorganisasies waarmee ons hier te doen kry,

is die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging (M.K.T.V.) en die Magaliesbergse Koringkoöperasie (M.K.K.).

Vanaf 1924 was hier ook nog die Kanon-Sitrus Koöperatiewe Vereniging, maar die het ontbind en is gelikwideer na die groot droogte van 1932/33 toe so 'n groot aantal sitrusbome verdroog het. Die toekoms mag hierdie organisasie weer laat herleef daar tientalle van duisende sitrusbome reeds weer aangeplant word. Die plase waar die periode van 25 jaar na die uitroeiing van die sitrusboorde wat besmet was deur sitruskanker, verstryk het, word ook beplant.

(a) Die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging. (M.K.T.V.)[1)]

Hierdie organisasie is onder die bekwame leiding van wyle mnr. G.W. Otterman in 1909 op Rustenburg met 'n ledetal van 800 wat tabakboere van Rustenburg, Pretoria, Krugersdorp en Groot Marico ingesluit het, gestig. Die M.K.T.V. het eers twee jaar later in 1911 met sy werksaamhede begin.

Die M.K.T.V. was die eerste Tabakkoöperasie in Suid-Afrika met 'n moeilike weg as die baanbreker op sy gebied. Ondervinding in die saak was daar glad nie, opgeleide manne met kennis van die tabakbou was skaars, en veral het die vertroue in die saak, as gevolg van oorproduksie en mislukkings op koöperatiewe gebied t.o.v. ander landbougewasse, feitlik algemeen ontbreek.

Fabrikante was destyds, sowel as later, erg gekant teen koöperasie en het enige moontlike poging aangewend om die onderneming te laat misluk, want hulle het in hierdie verenigde bemarkinsfront 'n opponent teen hulle afdwingende pryse en een wat mededinging onder die indiwidue aanmoedig, gesien. Die M.K.T.V. sou ook misluk het as die verpligte

---

1) In 1924 is op Brits 'n tak van die M.K.T.V. gestig en geregistreer volgens De Wet op Koöperatiewe Verenigingen van 1922 (Wet nr. 28 van 1922.)

koöperatiewe beheer nie in 1925 geproklameer was nie.[1]

Wet nr. 38 van 1925, veral art. 17, het verkopings deur een kanaal verpligtend gemaak, en die ontroues, selfs onder die direkteure, wat te kortsigtig was om die gevaar in te sien en hulle deur momentele voordele deur fabrikante aangebied, laat verblind en mislei het, gebind tot „Eendrag maak Mag." Baie van hierdie ontroues het aan ons hulle kortsigtigheid beken en erken dat die doel van die fabrikante slegs 'n selfsugtige oogmerk gehad het.

Die Hoofbestuurder skryf in sy rapport: „Uit 'n toestand van ekonomiese nood waarin tabakboere verkeer het, is die M.K.T.V. deur sowat 800 planters onder leiding van ons geëerde ontslape Erepresident wyle mnr. G.W. Otterman, in 1909 gestig ... 'n Harde baanbrekerstryd moes vanaf die aanvangstadium baie jare lank gestry word. Ongelukkig het elemente van eie belang ongeloof in, en ontrouheid teenoor die Koöperasie aangewakker. Behalwe vir die getroue lede van die Koöperasie was daar boere wat al hulle tabak regstreeks aan fabrikante, spekulante en handelaars verkoop het. Andere het hulle goeie tabak aan buite-kopers van die hand gesit en die swakkere klasse aan die Koöperasie gelewer. In daardie jare het fabrikante probeer om produsente te verhoed om bymekaar te staan en om tabak verenigd te verkoop. Om verdeeldheid en verwarring verder te veroorsaak, het dit sover gegaan dat gunstige kontrakte en kontant voorskotte aan sommige boere aangebied is. Subsidies vir saad en selfs bemestingstowwe is aan sulke planters verskaf." [2]

Alhoewel die M.K.T.V. sedert 1926 herhaalde kere geweldige terugslae as gevolg van oorproduksie en bemarkingsmoeilikhede gedurende die swaar ekonomiese depressie vanaf

---

1) Vide Wet nr. 38 van 1925 - Om de Wet op Koöperatiewe Verenigingen 1922 (Wet nr. 28 van 1922) te wijzigen.

2) M.K.T.V.-kennisgewing van 30 Okt. 1950 (reeds aangehaal). Ons onderstreep.

1930 ondervind het, het hy tog met geweldige spronge, veral vanaf 1929 toe wyle mnr. Jan J. de Kock die bestuur oorgeneem het, vooruit gegaan. Dit kan veral begryp word as die moderne organisasie met die primitiewe inrigting van 1911 en selfs jare daarna, vergelyk word. Dit is vandag een van die bes georganiseerde organisasies van sy soort en as gevolg van sy doeltreffendheid bestaan daar vandag daardie onontbeerlike samewerking en vertroue tussen die lede van die Koöperatiewe Vereniging, sy besigheidsafdeling en die fabrikante, wat tot voordeel van almal strek. Tot die grootste mate hang die sukses van die Koöperatiewe Vereniging van die tevredenheid en die diens wat die boer by die waardasieskaal kry, af; daarom is die waardasie van die ingewikkeldste en belangrikste werk in die koöperatiewe skure, en dit kan alleen gedoen word deur deeglik opgeleide en bekwame manne.

Onmiddellik na die waardasie word die waarde van die tabak volgens die gewig en die gewaardeerde prys bereken; 75 persent van die waarde word dadelik aan die boer in die vorm van ꞌn voorskot uitbetaal. Aan die einde van die finansiële jaar word die orige 25 persent plus ꞌn moontlike verdere restant aan hom as agterskot uitbetaal. Die agterskotte wat sedert 1947 uitbetaal is, het gevarieer tussen £2.8.0. tot £2.13.0. op elke pond wat by voorskotuitbetalings teruggehou is. Sedert 1911 tot 1949 het die omset vanaf ongeveer £30,000 tot 4½ miljoen pond sterling vermeerder, betreffende tabak alleen. Van hierdie omset van 4½ miljoen pond in 1949 het Brits alleen as voorskot en agterskot, £2,400,000, volgens die verstrekte gegewens ontvang.

Behalwe die genoemde uitbetalings word uit die restante van die agterskot voor uitbetaling ꞌn sekere persentasie afgetrek en in ꞌn reserwefonds geplaas waartoe elke lid op hierdie manier onregstreeks bydra in verhouding met die

waarde van die tabak wat hy lewer.[1] Hierdie fonds is daar om vir die afhanklikes van afgestorwe lede te sorg, of vir lede bo 60 jaar, of vir lede wat ongeskik raak om hulle boerdery voort te sit. Artikel 10 van die Statuut maak voorsiening vir die weduwees van gestorwe lede of vir die bevoordeeldes uit die boedel. Hulle kan deur goedkeuring lede in die oorledene se plek word, of as hulle nie die regte of verpligtinge van die oorledene wil oorneem nie, is hulle geregtig om 'n sekere bedrag wat deur die Raad van Direkteure vasgestel word, te ontvang, maar wat in geen geval 75 persent van die belange van die oorledene in die vereniging aan die einde van die boekjaar waarin hy oorlede is, oortref nie.

Artikel 16 maak voorsiening vir die lede wat die ouderdom van 60 jaar bereik het, en vir hulle wat deur twee geneeshere as ongeskik gesertifiseer is. Hulle is ook geregtig op 'n bedrag van hoogstens 75 persent van hulle belange soos in die geval van diegene wat in artikel 10 genoem word.

As ons die Statuut van die M.K.T.V.[2] deurlees, merk ons die omvang van die organisasie onder die hoofde: Naam; Kantoor; Doelstellings; Tydperk van bestaan; Kapitaal; Lidmaatskap (toetreding); Lidmaatskap (bedanking en uitsetting); Aanspreeklikheid van lede; Raad van Direkteure; Direksiekomitee; Onbevoegdheid van Direkteure; Bevoegdheid van lenings te sluit; Algemene vergaderings; Wysiging van Statuut; Boekjaar, Ouditering; Lewering van tabak; Betaling aan lede; Uitvoer van kwota-tabak; Verliese; Lenings aan lede; Wyse van beskerming teen haelskade; Betaling van skade-eise; Algemeen; Likwidasie en ontbinding.

Onder die hoof Doelstellings word dit vir die leser duidelik wat die organisasie beoog:

---

1) Gegewens tot sover is verkry uit die genoemde M.K.T.V.-kennisgewing van 30 Okt. 1950 en van die Bestuurder op Brits.
2) Verkrygbaar by die M.K.T.V.-kantore, Posbus 69, Rustenburg, soos geregistreer in 1940 met alle wysigings tot Sept. 1951.

(a) Om die tabak van sy lede op die voordeligste wyse van die hand te sit;

(b) om die tabak van sy lede te verwerk of te bewerk en om die aldus verwerkte of gedeeltelik verwerkte tabak op die voordeligste wyse van die hand te sit;

(c) om landbougereedskap en masjinerie, saad, misstowwe en ander boerderybenodigdhede ten behoewe van sy lede aan te koop of op 'n ander wyse te verkry en aan hulle te verskaf;

(d) om ten behoewe van sy lede landbougereedskap of masjinerie aan te koop of op ander wyse te verkry of te huur en te gebruik;

(e) om volgens 'n koöperatiewe stelsel winkels te verkry, te open en aan te hou om tabak of tabakprodukte van die hand te sit en te lewer;

(f) om roerende en onroerende eiendom deur aankoop of op ander wyse te verkry, en te huur ten einde die doelstelling van die vereniging te kan bereik, en om sodanige eiendom as wat nie meer gebruik kan word nie of nodig is vir die doelstelling van die vereniging nie van die hand te sit of te verhuur;

(g) om geld op lening op te neem vir enigeen van die wettige doeleindes van die vereniging en te dien einde die roerende en onroerende eiendom van die vereniging te hipotekeer;

(h) om versekering van oeste, produkte en landbougereedskap en masjinerie volgens 'n koöperatiewe stelsel te onderneem en voort te sit of om as agent van sy lede t.o.v. sodanige versekering op te tree;

(i) om aan sy lede geld voor te skiet op tabak wat deur hulle aan die vereniging afgelewer is.

(j) om enige fondse of geld van die vereniging wat nie onmiddellik vir die sake van die vereniging benodig is nie,

namens die vereniging uit te leen, te belê, of op rente uit te sit op sodanige wyse as wat van tyd tot tyd deur die raad van direkteure bepaal mag word;

(k) om bekwame persone aan te stel om sy doelstellings uit te voer en sy lede te onderrig en met advies te dien aangaande tabakboerdery;

(l) om inligting in te win en te versprei aangaande die beste manier om op voordelige wyse met tabak te boer;

(m) om deur aankoop of op ander wyse aandele te verwerf in enige sentrale of federale koöperatiewe landboumaatskappy of sentrale of federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy of in 'n ander koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid, geregistreer in gevolge die Wet op Koöperatiewe Verenigings 1939, (wet nr. 29 van 1939) of met verlof van die Minister van Landbou en Bosbou in 'n Koöperatiewe Handelsmaatskappy;

(n) om inligting aangaande die wêreldmarkte en aangaande koöperasie in die algemeen in te win en te versprei.

(o) Hier word voorsiening gemaak vir die beskerming teen haelskade vir nie-lede, asook vir die uitvoer van tabak namens 'n handelaar wat verplig is om 'n sekere hoeveelheid van 'n sekere soort tabak uit te voer en sodoende die betrokke handelaar van die verpligting vry te stel, en om namens en ten behoewe van 'n beherende raad wat 'n skema volgens die Bemarkingswet 1937, (wet nr. 26 van 1937) of 'n wysiging daarvan, tabak uit te voer, te handel met tabak, of dit te hanteer, op te berg of te behandel; en algemeen namens of ten behoewe van so 'n raad op te tree.

(p) Maak voorsiening om met goedkeuring van die Minister van Landbou en Bosbou alle ander dinge te doen ter verwesenliking van die vermelde doelstellings of ter bevordering van enigiets wat daartoe sal bydra om die doelstellings te verwesenlik.

---

L.W. Ons onderstreep.

(q) Maak voorsiening om met verlof van die betrokke Minister ooreenkomstig (p) by die „Rustenburg Distrik Boere Unie" aan te sluit.

Slegs bona fide boere wat op die voorgeskrewe wyse aansoek doen en goedgekeur is deur die Raad van Direkteure, mag lid van die vereniging word teen ŉ toetredingsfooi van £1 wat by die reserwefonds volgens artikels 6, 7, 8 en 9 van die Statuut van die M.K.T.V., gevoeg word.

Volgens artikel 11 kan ŉ lid geskors word as hy ŉ skikking met sy krediteure moet tref of insolvent verklaar word, of versuim om sy wettige skulde te betaal, of sy verpligtings teenoor die vereniging nie nakom nie. Elke lid is ook verplig om sy hele oes in die vorm van blaartabak deur bemiddeling van die vereniging te verkoop, andersins word hy beboet.

Die wyse van beskerming teen haelskade is volgens artikels 73 en 81 bepaal. Elke geregistreerde lid se tabakoes is outomaties teen haelskade sonder regstreekse betaling van ŉ heffing of ŉ premie gedek, mits hy die vorige boekjaar tabak gekweek en in kommersiële hoeveelhede op sy eie naam gelewer het, en mits hy die nodige prosedure vir registrasie van sy tabakoes nagekom het; andersins moet hy ŉ heffingsfooi betaal.

Artikel 38 slaan ooreen met artikel 11, maar het spesifiek te doen met die onbevoegdhede rakende die direkteure.

In hierdie organisasie word vir die welvaart van sy lede persoonlik, sowel as vir hulle goeie burgerskap, en as lede van die maatskaplike lewe deur sy bindende reëls van lidmaatskap aan die vereniging, gesorg.

Die bates en reserwefonds van die M.K.T.V. is gesond en groot bedrae is in die Land- en Landboubank van Suid-Afrika Bpk. wat aan boere geld uitleen, belê; hierbenewens is groot bedrae in ander handelsbanke soos Volkskas Bpk.

en Barclays Bank D.C.O., wat hulle nie net spesifiek toespits op uitlenings aan boere alleen nie, belê. Deur hierdie fondse word in die behoeftes van sy lede voorsien wanneer hulle deur hael getref word sodat hulle nie die mislukking van 'n oes op hierdie manier gely, so ernstig voel nie, terwyl sy oues van dae, weduwees en ongeskikgeraaktes ook beskerm is om onbekommerd die toekoms in te gaan.

Hier is dus 'n organisasie wat die moontlikhede en voorwaardes wat die omgewing bied na die beste van sy vermoë begryp en benut het.

(b) Die Magaliesbergse Koringkoöperasie Beperk. (M.K.K.)

Uit die druk van omstandighede, soos die ekonomiese depressie wat so erg gevoel is sedert 1930, is hierdie organisasie gebore. In die paragraaf wat kortliks die geskiedenis van die ontstaan van hierdie organisasie behels lees ons: „Dit is die jaar 1930. Die hele Unie is in die greep van 'n ekonomiese depressie. In die stedelike gebiede heers groot werkeloosheid en op die platteland het die inkomste van die boerebevolking geweldig gedaal as gevolg van die ongekende swak pryse van landbouprodukte selfs die prys van koring wat nog redelik hoog was in vergelyking met die van ander produkte, het gedaal vanaf ongeveer 27/- in 1926 na ongeveer 21/- per sak van 200 pond netto gewig in 1930. Behalwe dat die pryse uiters laag was, het hulle ook gewissel van maand tot maand en selfs van week tot week."[1)]

Die koringboere was desperaat en op 'n konferensie wat in Januarie 1930 in die Kaap gehou is, is gevoel dat ordelike bemarking en stabiele pryse slegs deur die oprigting van landboukoöperasies verkry sou word.

Die boere van Brits het nie op hulle laat wag nie en op 19 Julie 1930 het hulle die stigtingsvergadering van die „Koringkoöperasie" gehou. Die nodige dokumente is na

---

1) Deur die welwillendheid van die Hoofbestuurder van die M.K.K. aan ons verskaf uit die ou notuleboeke.

Pretoria gestuur en op 17 September 1930 is „Die Magaliesberg Koring Koöperatiewe Maatskappy, Beperk," geregistreer as 'n koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid. Die naam is op 'n jaarvergadering op die 10de Januarie 1948 verander na die Magaliesbergse Koringkoöperasie, Beperk.[1)]

Volgens die Statuut van die M.K.K. is dit duidelik af te lei van die doelstellings dat dit ooreenstem met, en op dieselfde beginsels berus as die van die ouer organisasie die M.K.T.V., behalwe dat die woord tabak vervang is deur die woorde graan en lewende hawe, daarom verwys ons na die doelstellings van die M.K.T.V. en bespreek net die doelstellings wat nuut en anders is.

Artikel (d) van die doelstellings is om voedingstowwe, misstowwe, of ander boerderybenodigdhede te vervaardig of te bewerk en artikel (n) handel oor die werf en beskikbaarstelling van arbeiders vir sy lede.

Lidmaatskap is oop vir bona fide boere, koöperatiewe landboumaatskappye, spesiale koöperatiewe boeremaatskappye en sulke verenigings en maatskappye as wat in sub-artikel (i) van artikel 5 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings 1939 (Wet nr. 29 van 1939) vermeld word. Lidmaatskap kan na aansoek by en goedkeuring deur die Raad van Direkteure verkry word op voorwaarde dat aandele waarvan die minimum aantal die nominale waarde moet besit, wat gelyk aan 'n sekere persentasie van die waarde van die besigheid wat hulle met die M.K.K. wil verrig of verrig het, moet bestaan. Hierdie persentasie en die tydperk wat hierop van toepassing is, word deur die raad van Direkteure vasgestel. Die M.K.K. tree slegs as agent vir sy lede op om hulle oes teen haelskade te verseker en beskik nie self oor so 'n fonds soos die M.K.T.V. nie.[2)]

---

1) Vide Notuleboeke van die M.K.K. vir die gegewens.

2) Vide: Statuut van die M.K.K. by sy kantoor op Brits.

Die meeste stigterslede het elk slegs een aandeel van een pond in die kapitaal van die M.K.K. opgeneem en 2/- daarop betaal sodat die beskikbare fondse baie gering was. By die direksie het dit egter nie aan geesdrif ontbreek nie en dadelik het die M.K.K. met sy werksaamhede begin deur ŉ eenvertrek-kantoor as besigheidsentrum te betrek. Die M.K.K. het hom in die eerste jare van sy bestaan hoofsaaklik op die hantering van koring en wintergraansoorte wat deur elke lid verplig was om in te lewer, om op die poelstelsel bemark te word, toegelê. Die lid het dan by die lewering van sy produk ŉ voorskot van 60 persent ontvang en nadat die graan verkoop is, het hy sy agterskot, ontvang.

Intussen het die koringkoöperasies van die Unie hulle vir die totstandkoming van ŉ beheerraad wat in 1938 die beheer oor die koringnywerheid verkry het, beywer. Die M.K.K. het verteenwoordiging op die Beheerraad gehad as verteenwoordiger van die Transvaalse koringprodusente. Die M.K.K. is aangestel as agent en het ŉ hanteringsvergoeding van nege pennies per mud ontvang.

In 1934 het die M.K.K. ŉ ledetal van 553 met 563 aandele gehad terwyl die ledetal in 1951 tot 3,245[1)] met ŉ totale aandelebesit van 33,911 gestyg het. Die besigheid het egter so uitgebrei dat grondeiendom waarop groot geboue in 1936 opgerig is, aangekoop is. Tans is die geboue te klein en word uitbreidings elders in die dorp beoog, want, daar die totale omset in 1935 ongeveer £23,600 bedra het, het dit in 1951 ongeveer £698,500 bedra. Die omset het veral toegeneem in die koop en verkoop van landbougereedskap en boerderybenodigdhede soos in die bedrag van £10,000 in 1939 teenoor ŉ kwart miljoen pond in 1951 weerspieël word.

Die beleid van die M.K.K. is nie om groot winste af te werp en hoë diwidende uit te betaal nie, maar om die voor-

---

1) Hierdie getal sluit koringboere buite Britsdistrik ook in.

deel van lae pryse aan die lede te gee; tog kon 'n diwidend wat van 5 tot 7½ persent op die belegde kapitaal van die lede varieer, aan hulle sedert 1936 uitbetaal word.

Ter wille van die beter hantering en behartiging van die belange van die koringprodusente het al die koring-koöperasies 'n sentrale koringkoöperasie nl. „Die Suid-Afrikaanse Sentrale Koöperatiewe Graanmaatskappy Beperk," (S.A.S.K.O.), wat as mondstuk vir hulle moes optree en ook die maalfunksie moes vervul, gestig. Die M.K.K. is maal-lid van S.A.S.K.O. Affiliasie is ook by die Vrystaatse en Transvaalse Sentrale Aankoopkoöperasie, Beperk, wat land-bougereedskap op grootmaat aankoop om aan hulle lede-koöperasies te verskaf, verkry. Die M.K.K. is ook lid van die Transvaalse Lewendehawe Koöperasie, Beperk. Deur hierdie liggaam word die slagvee van sy lede op die voordeligste wyse bemark. Die M.K.K. het verteenwoordiging op al die gemelde organisasies.

Vanweë die belange van die koringboere en ter wille van die omvangryker samewerking is die M.K.K. geaffilieer by die Transvaalse en die S. Afrikaanse Landbou Unies asook by die Transvaalse Sirkel van Graankoöperasies wat deur die regering by die vasstelling van graanpryse geraadpleeg word.

Dit is werklik in die belang van elke lid om deur sy ondersteuning, finansieel of andersins, by te dra tot die uitbouing van die M.K.K., want alleen dan kan lede die beste dienste van hulle organisasie verwag. Deur hierdie landbouorganisasies het die boere dan ook geleer wat saam-staan en saamwerk beteken en die wat eers huiwerig was om aan te sluit, is nou net sulke sterk ondersteuners omdat hulle hierin hulle persoonlike belange bevorder sien, en dat eendrag mag is.[1)]

---

1) Besonderhede rakende die M.K.K. is goedgunstiglik verskaf deur die Hoofbestuurder uit hulle rekords in soverre dit toelaatbaar is.

C. Liefdadigheidsorganisasies, onder Kerklike Toesig.

Van hierdie organisasies het elk van die drie sogenaamde susterkerke 'n vereniging wat uit die vrouelidmate bestaan. Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Transvaal het ook tot die stigting van 'n sustersorganisasie in April 1950 oorgegaan. Voorheen het hierdie Kerk nie oor so 'n organisasie beskik nie. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het 'n Sustersvereniging sedert 1940, en die Gereformeerde Kerk in S.A. het ook so 'n sustersorganisasie sedert 1932.

In 1943 is die Sustersvereniging van die Ned. Herv. gemeente, (N.H.S.V.) Brits, alhier gestig en in 1936 het die Gereformeerde Gemeente gelyktydig met die stigting van die gemeente ook 'n tak van die Sustersorganisasie gestig terwyl die Gemeente Krokodilrivier van die Gereformeerde Kerk so 'n organisasie reeds vanaf die stigtingsdatum in 1932 het.

Ons sal hierdie sustersorganisasies volgens kronologiese orde behandel. Elkeen van die genoemde organisasies het hulle doelstellings en dien ooreenkomstig is hulle strewe dan ook ter bereiking van hulle doel, gerig.

(a) Die Gereformeerde Sustersorganisasie (G.S.O.)

Die grondslag van hierdie G.S.O. is die Woord van God soos vertolk deur die belydenisskrifte, met die leuse: „BID EN WERK". Die doel van hierdie Sustersorganisasie is dieselfde as die van die Bond van Gereformeerde Sustersorganisasies waarby hierdie takke ingelyf is en behels die volgende:

I. Die bevordering van die belange van die Gereformeerde Susters soos:

(a) Die ondersoek van Gods Woord en die Belydenisskrifte.

(b) Verspreiding van lektuur.

(c) Handhawing en aankweking van die Gereformeerde opvatting van die huwelikslewe.

II. Die Christelike roeping om werke van:

(a) Barmhartigheid te doen waar nodig in oorleg met die plaaslike diakonie, soos krankebesoek, verpleging, algemene hulpbetoon, Christelike opvoeding, opheffingswerk in verband met huishouding, ondersteuning van sending, hospitale, ens.

(b) Die ondersteuning van die Gereformeerde Kerk in sy plaaslike behoeftes.

Ten einde hierdie doelstelling na te streef word gereeld elke maand 'n vergadering wat met skriflesing en gebed geopen word, gevolg deur 'n lesing oor een of ander deel van die Christelike plig van die vrou of oor die onchristelike dinge waarteen sy as vrou en moeder moet waak, gehou.

Aan die jeug word aandag bestee en gesellige uitstappies word ter wille van hulle gereël. Elke jaar word ook 'n gesellige byeenkoms vir die hele gemeente wat dan onderling gesellig met mekaar verkeer, verversings geniet en aan 'n verskeidenheidsprogram deelneem, georganiseer.

Teen die einde van elke jaar word ook in samewerking met die ander sustersorganisasies van die susterkerke, die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie (S.A.V.F.) en die Vroue Landbou-Unie (V.L.U.) 'n gesellige byeenkoms vir die oues van dae, aan wie tydens die geselligheid geskenke uitgereik word, georganiseer. Die G.S.O. saam met die genoemde organisasies dra jaarliks ook by om 'n distriksverpleegster (kraamsuster) vir haar dienste t.o.v. behoeftiges in die distrik te vergoed.

Verder is die G.S.O. die diakonie behulpsaam met bydraes, geldelik of andersins, die aankope van klerasie vir behoeftiges, opheffingswerk t.o.v. voorligting en praktiese wenke i.v.m. die huishouding. Gereelde bydraes word aan die weeshuise, die tehuise vir die oues van dae van die kerk, die hospitaal en die sendinghospitaal gestuur. Die

G.S.O. beywer hom ook vir die insameling van fondse deur kollektes en verkopings te hou ten einde die plaaslike kerk in sy behoeftes soos die aankoop van 'n orrel, vloermatte, banke, e.d. te steun.

(b) Die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging (N.H.S.V.)

Die N.H.S.V. se leuse is „WEES 'N SEËN", en aanvaar as grondslag die grondslag van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika soos uitgedruk in die Wet van die Kerk.

Die doel van die N.H.S.V. is: Die diens van die barmhartigheid t.o.v. alle mense en t.o.v. almal wat lidmate is van 'n gemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in die besonder, deur hulp te verleen aan die wat versorging behoef, wat in hulle gesinslewe teen moeilikhede moet stry, wat maatskaplik ontspoor is, of wat hulle in stoflike nood bevind. Die doel is verder om te midde van die maatskaplike nood van die volk in samewerking met die kerk en die owerheid die samelewing te wys op sy roeping om geregtigheid te betrag.

Net soos in die geval van die G.S.O. vergader die lede van die N.H.S.V. ook een maal per maand en beywer hulle ook om hulle plaaslike kerkraad te steun by die oprigting van die kerkgebou, die aankoop van 'n orrel, hulp vir die diakonie in armversorging, die versameling van fondse vir die weeshuise en die oue tehuise van die Kerk. Die N.H.S.V. werk ook saam met die ander vroueorganisasies soos reeds vermeld om gesamentlik funksies vir die oues van dae en vir die salaris van 'n distriksverpleegster te organiseer.

(c) Die Bond van Dienaresse.

Die vroueorganisasie van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Transvaal is eers in 1950 gestig en sedertdien bestaan hier ook afsonderlike takke van die organisasie in die verskillende omgewings van die vyf N.H. of Geref. gemeentes. Die naam Bond van Dienaresse word aanbeveel, maar geleentheid word nog gebied om ander name

aan te beveel voordat daar finaal oor besluit word.

Die grondslag van die Bond is: „Liefde tot God, eerbied vir sy Naam en diens in sy Koninkryk op aarde", terwyl die leuse is: „Nie om gedien te word nie, maar om te dien."

Die doelstellinge van die Bond is:

1. Om die boodskap van ewige redding deur Jesus Christus uit te dra na die medemens;
2. om God te dien in die persoonlike lewe, in die gesinslewe en in die gemeentelewe;
3. om gemeenskapsgevoel en gemeenskapslewe aan te wakker, en Christelike naasteliefde en diensvaardigheid uit te leef in alle gemeenskapsverhoudinge;
4. om die heiligheid van die huwelik in ere te hou, die gesinslewe te beskerm en om by ouers en veral by die vrou en moeder 'n diep roepingsbewustheid en verantwoordelikheidsgevoel aan te kweek;
5. om in wysheid en liefde die jeug te lei tot 'n kuise en nuttige lewe tot verheerliking van God;
6. om mee te help tot die vorming van vroue en jongdogters sowel in beroeps- as vrywillige arbeid wat op elke terrein in toewyding en diens van die Kerk kan optree as werksters, spreeksters en leidsters;
7. om mee te werk tot die oprigting van gemeentelike boekerye en om voorligting te verskaf oor die keuse van boeke en tydskrifte;
8. om leiding te gee wat betref vryetydsbesteding en ontspanning;
9. om as hulpdiens van die Kerk in nouste samewerking met die kerkrade spesifieke pligte te onderneem, werksaamhede uit te voer en fondse in te samel in belang van die Kerk, ooreenkomstig opdragte van die Sinode, Ringe en Kerkrade;
10. om met toestemming van die kerklike bestuur werksaamhede te onderneem, nie deur (9) gedek nie, wat kan meewerk

tot opbou van die Kerk en tot heil van die medemens, en onder meer tot bevordering van die kerklike maatskaplike sorg.

Hierdie sustersorganisasie wat in die belang van hulle eie gemeentes en van die N.H. of G. Kerk in breër verband optree, is nog jonk, maar het tog getoon dat dit hulle erns is om hierdie doelstellings uit te leef en die lede beywer hulle daarin om deur middel van huisbesoek nes die vorige genoemde twee organisasies daardie doelstellings na te kom wat in artikels (1) tot (6) behels is. Daar word ook 'n gereelde maandelikse vergadering gehou om sake en probleme wat tydens die besoeke opgeduik het, sowel as die nodige optrede te bespreek.

Die organisasie tree as 'n gesamentlike hulpdiens in samewerking met die kerkraad op t.o.v. die organisering van funksies ter insameling van die nodige fondse vir die weeshuise en die tehuise vir die oues van dae, e.d. kerklike inrigtings. Met die oog op die maatskaplike sorg in die gemeentelike kring, die distriksverpleging en die opheffing van behoeftiges deur die nodige leiding en rigting aan die sodaniges te gee, word baie aandag geskenk.

Die hooftema van al drie die vroueorganisasies onder kerklike toesig is om hulle te beywer om die regte metodes van hoe om reg te koop en reg te kook aan die minderbevoorregtes te onderrig ten einde binne die perke van hulle inkomste tog die beste te kry. Al drie die organisasies bied ook hulp en ondersteuning aan behoeftige studente veral die wat hulle wil bekwaam vir die bediening van die Goddelike Woord in die kerk of die sendingveld of die evangelisasiediens en maatskaplike opheffing in die agterbuurtes ter plaatse of elders.

Die vrou is in hierdie opsig werklik die hulp van die man en haar hulp word hoog gewaardeer.

Fondse word ingesamel ten bate van inrigtings vir die blindes en die doofstommes. Plaaslike behoeftige blindes word deur al die susterorganisasies binne die gemeentelike verband van die nodige klerasie op die plek waar hulle onderwys ontvang, veral as die ouers behoeftig is, voorsien.[1)]

Naas hierdie drie organisasies kan ook die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie (S.A.V.F.) genoem word omdat die S.A.V.F. ook op Christelike grondslag gebaseer is, maar nie beperk tot een kerk optree nie.[2)]

D. <u>Ander Onafhanklike Vroueorganisasies.</u>

Hieronder klassifiseer ons die organisasies wat onafhanklik van 'n spesifieke kerkverband, maar tog op Christelike grondslag optree soos die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie, en die wat op nie-sektariese grondslag, soos hulle dit noem, staan, waaronder die Transvaalse Vroue Landbou-Unie gereken kan word.

(a) <u>Die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie. (S.A.V.F.)</u>

Hierdie organisasie het uit die druk van 'n noodtoestand in die Transvaal toe die volk op „moedverloorsevlak" gesit het na die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, ontstaan en gegroei. Dit was die tyd toe die klein kind, onder die diepe indruk van trane en snikke, rougewaad en lamferhoedband, murasies met verbrande sinkplate wat as voorlopige onderdak moes dien, e.d. omstandighede van ellende waarin die na-oorlogse burgers moes aansukkel, opgegroei het.

In hierdie tyd is hierdie organisasie onder die leiding van mev. Saul Solomon op Pretoria op die 19e Oktober 1904, gestig.

Om 'n denkbeeld van hierdie organisasie te kry, is dit nodig om die notule van die 38ste jaarvergadering en die

---

1) Vide die betrokke konstitusies.

2) Vide die betrokke konstitusie.

viering van die veertigjare bestaan van die organisasie, gehou op Pretoria van 16 tot 20 Oktober 1944, te bestudeer.

„Die vroue van Transvaal het nou al veertig jaar lank koers gehou, saamgestaan en hard gewerk vir die opbou, ja die rehabilitasie van ons volk, al was daar gewelddadige stakings, wêreldoorloë wat ons land ook meegesleep het, selfs 'n gewapende opstand onder ons volk, skeurings en verbrokkeling van ons deur sluwe politici - deur dit alles het die S.A.V.F. stil deur depressie en deur voorspoedige tye gewerk, moed gehou en die ou leuse - Eendrag Maak Mag - gehandhaaf."

„Ons het begin toe ons as volk totaal uitgeroei was, ja sō uitgeroei dat vroue soms die ploeg moes getrek het om 'n bietjie mieliepitte in die aarde te kry vir hulle kindertjies."

„Vir sommige van die jonger geslag is dit hinderlik om van die geskiedkundige feite te hoor, maar is dit reg om die heldedade van ons Boervroue te versmoor en te vergeet? Selfs in die roue tyd van vernedering, toe die gevoelens, volgens die ou notule onstuimig was, het die S.A.V.F. hulle lede bymekaar gehou te danke aan die verstandige leidsters en die erns waarmee die vroue besiel was om te red wat nog te red was."

„Die groot werk van rehabilitasie en om veral die geestelike waardes van ons mense te verryk en te sterk, het die vroue aanvaar. Daar is direk met die opvoeding van ons kinders in ons Moedertaal 'n begin gemaak, en werk vandag nog daarvoor. Mettertyd is die ou metode van maar te gee, vervang deur die meer wetenskaplike behandeling van ons arm mense. Dit is gevoel dat daar van hulle kant 'n teenprestasie gelewer moes word - hoe gering ook al - om te verhoed dat ons tot bedelaars en parasiete afgetrek word." 1)

---

1) Uit die toespraak van Mevr. S. Broers, voorsitster van die S.A.V.F. (vide Bylae E uit die notule van die 40 jarige Feeskongres gehou op Pretoria van 16-20 Oktober 1944.) L.W. Ons onderstreep.

Die S.A.V.F. is dikwels beskou, veral in die afgelope 20 jaar, dat dit 'n organisasie is wat hom uitsluitlik beywer ten behoewe van die Ned. Herv. of Geref. Kerk en dit was beslis nie waartoe die vereniging hom wou laat leen nie en as sy konstitusie bestudeer word, merk ons dit ook. Hy wou nie sy Christelike karakter prys gee nie en ook nie net vir een kerk hom beywer nie.

Gedurende sy byna 50 jarige bestaan het daar ook veranderinge ingetree in sy doelstellings, as ons die ou konstitusie met die jongste uitgawe van 1947 vergelyk.

In die ou konstitusie merk ons dat die gebruiklike taal by die besprekings en vir die notule Afrikaans of Hollands sou wees en waar noodsaaklik ook Engels, terwyl die jongste hersiene uitgawe slegs Afrikaans as amptelike voertaal van die vereniging stel.

Die doelstellings van die ou konstitusie lui: „Die doel van die Federasie is om, met Gods hulp, die land te dien, ten eerste:

1. „Deur te strewe na 'n regverdige en Christelike wetgewing;

2. deur 'n gesonde Christelike Nasionale opvoeding te bevorder, van en deur die Volk;

3. deur in besonder te waak en te ywer vir die regte en belange van vroue en kinders;

4. deur verenigde gebed vir almal wat oor ons gestel is, ons Regering, ons land Suid-Afrika, en die Wêreld;

5. deur ware vrede en eenheid te bevorder, deur menseliefde te beoefen, en smart en lye te lenig;

6. deur die saak van Geregtigheid en Liefde te verhoog, in die naam van onse Here Jesus Christus.

In een woord:

Deur elke regmatige middel wat ons ten dienste staan, die ware belange van Transvaal en van Suid-Afrika te behartig

---

Opm. Ons onderstreep.

wat betref ons nasionale vooruitgang in alle opsigte op stoflike, verstandelike, sedelike en geestelike gebied.

En, ten tweede:

Om hierdie doel te kan bereik, is die Federasie gemagtig:

i. om op alle wettige maniere, deur die Kongres goedgekeur, fondse bymekaar te maak;

ii. om los of vaste eiendom aan te koop, te verkry, in besit te hou of te verkoop. Indien nodig, mag geld opgeneem word op Federasie-eiendomme, en fondse op verband uitgesit word.

Die lidmaatskap is oop vir alle blankes van alle Christelike gesindtes in Transvaal."

In die jongste uitgawe van die konstitusie merk ons dat die lidmaatskap alleen vir blanke persone wat in die Transvaal woonagtig is en wat die Protestantse geloof bely, bedoel is.

Die nuwe doelstellings lui as volg:

„Die doel van die vereniging is om insonderheid binne die grense van Transvaal vir die behoud en die vooruitgang van die Suid-Afrikaanse volk op geestelike, sedelike, verstandelike en stoflike gebied te ywer, deur:-

I. Die saak van Geregtigheid en Liefde in die naam van onse Here Jesus Christus te bevorder; (Dit slaan ooreen met die vorige artikel 6, enigsins gewysig);

II. gesamentlike gebed vir almal wat oor ons gestel is, vir ons land en vir die wêreld; (slaan ooreen met die vorige artikel 4, enigsins gewysig)

III. Ware vrede en eenheid te bevorder, menseliefde te beoefen en smart en lyding te lenig; (slaan ooreen met ou artikel 5, ietwat gewysig)

IV. te strewe na regverdige en Christelike wetgewing; (dieselfde as die ou artikel 1)

V. 'n gesonde, Christelik-Nasionale opvoeding van die volk

---

1) L.W. Ons onderstreep.

te bevorder; (ou artikel 2 ietwat gewysig)

VI. in besonder te waak oor en te ywer vir die regte en die belange van vroue en kinders; (ou artikel 3, ietwat beter gestel)

VII. die liggaamlike gesondheid van die volk te beskerm en te verbeter; (nuwe artikel)

VIII. op alle regmatige maniere fondse bymekaar te maak;

IX. los- of vasgoed aan te koop, te verkry, in besit te hou, te skenk, of te verkoop;

X. indien nodig, geld op te neem op eiendomme of fondse op verband te belê;

XI. inrigtings tot stand te bring;

XII. fondse te stig, bv. n algemene gesondheidsfonds."

Artikels VIII, IX en X slaan ooreen met: „En ten tweede: I en II," ietwat verander na die woord.

Die S.A.V.F. stel hulle ywer en dienste nie net lokaal ten behoewe van die wat hulp nodig het nie, maar elke plaaslike tak beywer hom om ook op ander plekke te help waar hulp noodsaaklik is.

Die S.A.V.F. verkry ook die hulp van invloedryke en bekwame persone om sy doel te bereik, so bv. het hulle dr. Marie te Water se dienste gebruik om hulle te help om in samewerking met die Universiteit Pretoria die Kinderleiding te stig wat vandag „Die Kinderleiding-Instituut by U.P. is en waar ouers leiding kan kry sowel as advies oor moeilike kinders en kinders met afwykings. Hieruit het die Ouersvereniging gespruit en uit dit alles is die Departement van Maatskaplike Werk van die Universiteit Pretoria tot stand gebring.[1)]

Die organisasie het hom tot die uiterste toe beywer om welsynswerk op die Lichtenburgse delwerye te doen. Werksklasse is daar gestig en die mooiste dons- en wolkomberse

---

1) Verkry uit die genoemde toespraak van Mevr. S. Broers Bylae E van genoemde notule.

en speelgoed is daar gemaak. Daar is ook 'n kliniek deur die S.A.V.F. opgerig wat werklik 'n ligpunt en toevlugsoord vir arm mense en hulle kindertjies is. Hulle het nie minder nie as veertien inrigtings in die provinsie soos Christelike tehuise vir laagbesoldigde Afrikaner meisies en seuns in die stede, Kraaminrigtings, Werkklubs en Gemeenskapshuise, en 'n Reddingshuis en 'n Oue Tehuis.

Aan die Bond van Afrikaanse Moeders op Pretoria word nog steeds uitbreidings gemaak om in die behoeftes te voorsien. Hier is ook mediese studente werksaam om hulle opleiding in kraambehandeling te voltooi. Dis 'n plek waar moeders in daardie omstandighede gehelp word, nie net om gesonde kindertjies veilig gebore te laat word nie, maar om hulle eie gesondheid ook te behou. Volgens die waardasie wat deur die stadswaardeerders gemaak is, is die gebou ver oor die £100,000 werd. Hier word ook kraamsusters opgelei om op ander plekke, veral waar nie geskikte fasiliteite bestaan nie, hulle dienste beskikbaar te stel. Tot diep in die Bosveld het die S.A.V.F. in hierdie opsig hulle hande uitgebrei.[1]

Op Brits en in die distrik beywer die S.A.V.F. hom in die breë vir al die ondernemings van die organisasie in die stedelike sentra en in die sentra waar die nood die meeste gevoel word. Hierdie tak het self ook 'n gemeenskapsentrum teen 'n koste van £2,000 in Brits opgerig. Arm en behoeftige vroue word hier geleer om handwerk te doen, om spaarsaam en tog doeltreffend klere te maak, verstandig te koop en te kook. Die lede het wyke waarin besoek afgelê word sodat hulle gereeld maandeliks die nooddruftiges en die oues van dae kan opbeur en hulle kan help, terwyl wyksverslae gereeld gelewer word om op die besondere gevalle hulle verder toe te spits. Die ondervinding was aangenaam om te sien hoe die sodaniges na so 'n besoek uitsien.

1) Vir verdere inligting lees 'n mens slegs die notule van die 40-jarige Feeskongres van die S.A.V.F., veral Bylae E.

Verpleging en maatskaplike werk word onderneem en geskikte persone word vir die doel aangestel en beloon.

Op die 14e Maart 1928 is die tak op Brits gestig, want die ellende en armoede onder die sowat 800 nedersettersgesinne uit die armblankedom hier op die kroongrondhoewes was groot. Die S.A.V.F. het dit as sy taak beskou, ooreenkomstig sy doelstellings, om hier sy hande uit te brei en die gesonke Afrikaner te help. Vandag is sy werk plaaslik nie meer so uitgebreid nie, maar meer beperk omdat so baie reeds gerehabiliteer is.[1)]

Die armes is nou meer beperk tot die dorp en die Sonopnedersetting waar die S.A.V.F. saam met die Departement van Volkswelsyn werk. Die Departement beskou dan ook die S.A.V.F. as 'n waardevolle hulp in al sy ondernemings. Hulle beywer hulle ook om seuns en dogters van behoeftiges te voorsien van klere en fondse om hulle studies voort te sit. Dit is ook 'n jaarlikse gebruik om 'n knap leerling, nie juis die intelligentste nie, met 'n klein beurs van £10 te voorsien na die leerling in st. X geslaag het en verder wil gaan studeer aan een of ander Afrikaanse Universiteit. Hierdie hulp is bedoel om die nodige boeke aan te koop. In samewerking met die ander vroueorganisasies word baie gedoen om die armes, sieklikes, oues van dae, e.d. se lewe te veraangenaam.

(b) <u>Die Transvaalse Vroue Landbou-Unie. (T.V.L.U.)</u>

Hierdie vereniging is die vroueafdeling van die Transvaalse Landbou-Unie. Die oogmerk van hierdie vereniging is om 'n organisasie wat aan die vroue die geleentheid bied om 'n daadwerklike aandeel in die plattelandse lewe en die ontwikkeling daarvan te neem, daar te stel. Vir die bereiking en bevordering van hierdie oogmerk stel die organisasie hom ten doel:

---

1) Vide notuleboek van die S.A.V.F.-tak Brits.

i. „Om voorsiening te maak vir 'n sentrum vir opvoedkundige en sosiale verkeer, ontspanning en bedrywighede;

ii. om deskundige voorligting insake huishoudkunde, gesondheidsleer, maatskaplike welsyn en landbou binne die bereik van sy lede te bring;

iii. om die ontwikkeling van huisvlyt aan te help;

iv. om die waarde van samewerking te leer;

v. om lede bewus te maak van die wyse waarop hulle hulle land behulpsaam kan wees, en om 'n studie te maak van plattelandse onderwys, volksgesondheid, kindersorg, ens.;

vi. om toelaes, ledegelde of ander fondse wat deur die organisasie verkry of byeengebring word vir bogenoemde doeleindes te ontvang en te gebruik, en nie andersins nie. Indien 'n vrouetak om een of ander rede ontbind, word die betrokke fondse wat op daardie datum voorhande is, aan die Tesouriere van die Vroueafdeling van die Transvaalse Landbou-Unie gestuur om in die Voorsorgfonds (Begiftigingsfonds) van die Vroueafdeling gestort te word;

vii. om met sodanige ander bedrywighede besig te wees wat verband hou met of bevorderlik is vir die bereiking van die tak se oogmerke."

Lidmaatskap is oop vir blanke vroue en meisies van 16 jaar en ouer.

Verder stel die organisasie hom ook ten doel, ter bereiking van sy oogmerke, om met ander vrouevereniging van nie-politieke en nie-sektariese karakter in die Transvaalse Provinsie en elders saam te werk.

Hierdie organisasie, net soos die S.A.V.F., is op sy eie terrein in die nastrewing en uitlewing van sy gestelde oogmerke baie bedrywig. Hierdie organisasie verskaf leiding op die gebied van huishouding, kindersorg en eerste hulp.

Jongmense word aangemoedig en opgelei in eerste hulp en lê die vereiste eksamens in samewerking met die plaas-

like hoërskool af.

Kursusse in volwasse onderwys word in samewerking met die ander vroueorganisasies, veral die S.A.V.F., t.o.v. huishouding, kindersorg, gesondheid, huislike probleme, probleme wat ondervind word met kinders en hulle opvoeding, gereël.

Die lede van die T.V.L.U. beywer hulle en ding ook mee in die verskillende kompetisies van die vroueafdelings op die verskillende Landboutentoonstellings wat van tyd tot tyd op Pretoria, Johannesburg, Durban of Bloemfontein, of op die kleiner sentra gehou word.

Die mededinging vind meestal op die gebied van naaldwerk, gebak, preservering van vrugte e.d. huishoudkundige aangeleenthede plaas. Volgens die jaarverslae van die T.V.L.U. word daar heelwat eerste, tweede en derde pryse verower op die jaarlikse tentoonstellings. Dit is al feitlik 'n jaarlikse instelling om die verowerde goue ster en silwer ster diplomas aan die verskillende mededingsters uit te deel.

Hierdie organisasie verkry gereeld die hulp van een of meer outoriteite op verskillende terreine, van die Departement van Landbou, of van die Transvaalse Departement van Onderwys, of van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap om lesings, demonstrasies en beoordelings te lewer oor spesifieke ondernemings of gedane take sodat die lede 'n deegliker kennis hieroor kan opdoen.

Die T.V.L.U. beywer hom ook hier as organisasie, indiwidueel of in samewerking met die S.A.V.F. en die kerklike organisasies, vir liefdadigheidsdoeleindes deur fondse in te samel vir die S.A.N.T.A. (South African National Tuberculosis Association of die Tuberculose Vereniging van Suid-Afrika) en ook vir die „Meerhoff Chronic Sick Home for European Children" wat in die distrik geleë is en waar daar ook deur hierdie organisasie gesellige

funksies gereël word om die ongelukkiges aangenaam op te beur.

E. Jeugorganisasies van die Kerk.

Elke gemeente van die drie s.g. Hollandse susterkerke het sy Christelike Jongeliedevereniging onder toesig van die kerkraad. Hierdie verenigings hou hulle vergaderinge in ooreenstemming met die Geloofsbelydenis en uitsprake van die Heilige Skrif en handhaaf die Calvinistiese beginsels. Bybeltemas en die Christelike standpunt teenoor moderne ideologieë soos die kommunisme, liberalisme, sosialisme, e.d. word ondersoek; deur bevoegde persone word lesings hieroor gelewer en besprekings vind plaas en vrae oor onduidelikhede word gestel. Verder beoog die verenigings ook 'n gesonde Christelike onderlinge gesellige verkeer. Soos reeds aangedui, het die kerk hier 'n sterk houvas op die gemeenskap en dit is verblydend om te sien met watter mate van ywer die lede van die verenigings bymekaar kom om hulle programme uit te voer.

Dit het ook al gebeur dat jongmense uit sektariese rigtings saam met hulle vriende met wie hulle saamwerk die vergaderinge bywoon, dit selfs gereeld besoek, naderhand kom aansoek doen het om die belydeniskatkisasie te mag bywoon en deur openbare belydenis en doopbediening lidmate van die kerk geword het. In hierdie opsig vind hier op indirekte wyse evangelisasie plaas.

Hierdie jongeliedeverenigings gee 'n mens die indruk van voortgesette katkisasie na die aflegging van die belydenis van die geloof. Dit voorsien in 'n behoefte in die gejaagde lewe om ontspanning en aangename verkeer te verskaf met die opdoen van kennis i.v.m. die probleme waarmee die jeug so dikwels te kampe het. Struikelblokke en geloofsoortuigingstoetse wat deur die wêreld veroorsaak en geëis word, word hier te berde gebring, en die nodige inligting word verskaf.

Kerksang word deur hulle beoefen en help sodoende om die agteruitgang wat op die gebied oral te bespeur is, te stuit, en die sang tot sy reg te laat kom. Hierdie jongmense is ook ɱ aanwins nie net op kerklike gebied nie, maar ook op die verskeie maatskaplike terreine van die samelewing waarin hulle werksaam is of die organisasies waaraan hulle behoort of die funksies waarin hulle behulpsaam is.

F. Politieke Organisasies.

Hierdie tipe van jeugorganisasies bestaan hier nie, want dit word glo as onnodig beskou daar die jongmense bo 16 jaar aan die takke behoort van die politieke partye waartoe hulle aangetrokke voel. Hier bestaan ook net die twee hoof politieke partye: Die Nasionale Party wat hom ten doel stel ɱ Christelike Nasionale grondslag in belang van Suid-Afrika eerste, terwyl die Verenigde Party hom meer op liberale grondslag bevind.

Oor die beginsels wil ons nie uitwei nie, maar slegs oor die organisasie. Die Nasionale Party is die leidende groep en is in hulle aksie in takke georganiseer. Elke tak het sy bestuur van 5: die voorsitter(ster), sekretaris(-esse), tesourier(e) en twee non offisiële lede, daarby is elke tak verdeel in groepe van 5 tot 10 kiesers onder ɱ groepleier wat van tyd tot tyd die nodige fooie moet insamel.

Die groepleiers organiseer en reël dat elke kieser van hulle groep by die stembus kom om verseker te wees van elke stem. Voor die verkiesings is daar kort na mekaar, wanneer nodig, bestuurs- of groepleierskonferensies om besondere gevalle te bespreek en om seker te maak dat elke kieser by die stembus kom, of sy stem op ɱ ander wettige manier uitbring wanneer die kieser wettiglik verhinder word. Die beamptes in die partykantoor word van elke lid van die party op hoogte gehou. Vergaderinge van hierdie party word gereeld met gebed geopen en met dankgebed afgesluit.

Publicke vergaderinge van die party word ook met gebed geopen en afgesluit met die sing van „Die Stem van Suid-Afrika."

Die Verenigde Party beskik ook oor sy takorganisasies wat ook uit 'n bestuur van 5 lede bestaan wat die hele organisasie op hulle neem met helpers wat daartoe gevra word. Hulle vergaderinge word deur 'n woord van verwelkoming geopen, en deur die teenwoordiges te bedank vir hulle moeite, afgesluit, omdat hulle die politiek en godsdiens volgens hulle opvatting as geskeie sake beskou, buitendien is dit hulle mening dat 'n gebed sommige van hulle lede wat heeltemal buite 'n kerkverband staan, mag aanstoot gee.

G. Kultuurorganisasies in Belang van Kuns en Musiek.

Van hierdie organisasies het ons hier twee wat feitlik in dieselfde rigting werk en mekaar aanvul. Hulle beoog die estetiese smaakontwikkeling veral t.o.v. sang, musiek, voordrag, poësie en prosa.

(a) Die Kunsvereniging beoog en spits hom toe op sang en musiek en beperk sy ledetal op 'n maksimum van 25. Die lede vergader weekliks op 'n aand wat deurgebring word in die bespreking van die werke van kunstenaars op hierdie terrein en die aangewese persone lewer dan musiek- en sangitems. Dit is 'n gesellige verkeer wat afgewissel word deur indiwiduele voordrag in solo's, duo's, trio's of kwartette of gesamentlike sang met begeleiding. Daar word af en toe verskeidenheidskonserte gereël en die fondse word vir die een of ander liefdadigheidsfonds afgesonder. Lede van die Kunsvereniging is altyd bereid om by geleentheid van funksies op te tree, veral wanneer kunswedstryde gereël word. Met Krugeraande in Oktober of kultuuraande in Mei is hulle altyd beskikbaar en bereid om hulle deel tot die verrigtinge by te dra.

(b) Die Kunswedstrydvereniging bestaan eintlik net uit 'n komitee waarop elke skool in die dorp en distrik verteen-

woordig is. Die lede van hierdie komitee is die voorsitters(sters) van die verskillende sub-komitees by die organisering van die kunswedstryde wat oop is vir alle kinders van die laer- en die middelbare skole en amateurs buite die skoolkring. Die program sluit gewoonlik die voordrag van voorgeskrewe gedigte, prosa stukke, en geskikte gedigte vir praatkore sowel as vokale musiekstukke vir sangsolo's, -duo's, -trio's en musiekstukke vir klavier en viool, in. Verder vind wedywering in volkspele tussen verskillende ouderdomsgroepe ook plaas. Na die wedstryde afgeloop is, vind die pryswennerskonsert plaas en dit trek gewoonlik soveel besoekers dat twee agtereenvolgende aande daarvoor gereserveer moet word.

H. Belangegroepe van Nie-Landboukundige Aard.

(a) Die Transvaalse Onderwysvereniging (T.O.)

Onder hierdie groepe tref ons veral die onderwysersverenigings aan. Die Transvaalse Onderwysersvereniging is die grootste groep en bestaan uit 120 lede en vorm 'n aparte kring met een verteenwoordiger op die hoofbestuur van die organisasie. Hierdie vereniging is gefundeer op Christelike en Nasionale grondslag en beoog in die eerste plek die opvoeding van die jeug van die volk op hierdie grondslag.

Die vereniging tree op as 'n beskermer van sy lede se persoonlike belange en regte. Die T.O. is 'n sterk krag in die Provinsie en dui ook die rigting t.o.v. die onderwys en opvoeding aan. Die Transvaalse Departement van Onderwys en die Transvaalse Provinsiale Administrasie hou wel deeglik rekening met die besluite en optrede van die T.O. Die vereniging beywer hom nie net t.o.v. die binnemuurse skoolaangeleenthede nie, maar ook met die buitemuurse soos kunswedstryde, volkspele, atletiek, voetbal, korfbal en die algemene sosiale opvoeding van die jeug in die omgewing van elke skool, deur middel van debatte, verskeidenheidskon-

serte, e.d. aangeleenthede. Die onderwyser bly die opvoeder binne en buite die skool, en die buitemuurse aktiwiteite is gemik op die opvoeding van die hele omgewing. Daar word nie net gedink aan die salaris nie, maar veral aan die liefde vir en die belang van die jeug van die volk. Dit is die idealisme waarmee elke lid van die vereniging vervul is.

Die onderwysers vergader kwartaalliks wanneer sake i.v.m. die onderwys en opvoeding bespreek word en dan word daar ook sake van huishoudelike belang bespreek.

Elke vergadering word geopen en afgesluit met sang en gebed. Elke kwartaal lewer die hoofbestuurslid 'n verslag oor die besprekinge van en deel die besluite wat deur die Hoofbestuur ooreenkomstig die kongresbesluite geneem is, mee. Een maal per jaar word 'n kongres gehou waarop dringende sake i.v.m. die onderwys en opvoeding bespreek en besluite oor geneem word.

Die kwartaallikse vergaderinge waarop die lede saamkom, neem ook die vorm van 'n gesellige onderlinge verkeer aan wanneer persoonlike gesprekke en gedagtewisselinge gedurende 'n lang tee- en verversingspouse, plaasvind. Die bestuur vergader so dikwels per kwartaal as wat dit nodig is.

(b) <u>Die Staatsdiensklerke</u> is maar min in elke afdeling en behoort aan die takke daarvan in Pretoria en kan wat hierdie distrik betref as organisasie buite rekening gelaat word.

Al die genoemde organisasies wat bespreek is, is verteenwoordig op 'n skakelkomitee buiten die landbouorganisasies soos die Koöperatiewe Verenigingе en die Vroue Landbou-Unie. Die skakelkomitee is net 'n verteenwoordigende liggaam waarin die organisasies met 'n uitgesproke Christelike en Nasionale grondslag verteenwoordig is.

Die organisasies in die distrik dui op 'n goedgeordende samelewing waarin samewerking en saamstaan gekenmerk word. Al die kragte wat ingespan is en nog ingespan word, mik op 'n hoogstaande kultuur waar die Christelike doelstellings, uitgesproke of verswyg, gerig is op die nakoming van die plig; plig teenoor jouself, plig teenoor jou medemens, plig teenoor die kerk, plig teenoor jou volk en staat, en plig teenoor dit wat vir elkeen heilig behoort te wees.

I. Sportverenigings.

Benewens die genoemde verenigings tref ons hier nog verskillende sportverenigings op die gebied van voetbal, rugby en sokker, sagtebal, korfbal, skyfskiet vir mans en dames, boeresport en verskillende tennisklubs, atletiek asook 'n hengelaarsklub en 'n skaakspelersklub, aan.

Rugby is die nasionale sportsoort en die aktiwiteite vind gedurende die winterseisoen plaas.

Die laerskole het so 'n rugbybond en spanne van die verskillende skole ding mee om bekers en skilde wat vir die doel geskenk is.

Die middelbareskole vorm 'n aparte bond en mededinging vind ook op 'n wyer gebied plaas met en tussen middelbare skole in ander dorpe en in die stede.

In die buiteskoolse hoedanigheid is hier die eerste, tweede en derde rugbyspanne wat veral met spanne van ander omgewings meeding.

Korfbal is veral 'n gewilde soort sport vir meisies, en net soos in die geval van rugby vind die grootste wedywering tussen die skoolspanne plaas. Hier is ook buiteskoolse spanne wat met buiteskoolse spanne van ander omgewings meeding, terwyl hulle ook vriendskaplike wedstryde teen die senior skoolspanne speel.

Hier is 'n paar sokkerspanne wat egter net ter wille van die ontspanning van die spelers onderling gespeel word.

Atletiek is 'n somersportsoort en mededinging vind hoofsaaklik onder die skole plaas. Die laerskole ding onderling mee, terwyl die middelbareskole onderling sowel as in die breër kring van die Noord-Transvaalse Atletiekbond, meeding. Dit lok groot wedywering uit wat sy hoogtepunt bereik wanneer die Noord-Transvaalse Atletiekbond sy groot jaarlikse kompetisies in Pretoria hou.

Skyfskiet is 'n ander belangrike sportsoort wat ter wille van die onderlinge konkurrensie beoefen word. Die beste skuts word uitgesoek om teen die bestes van die ander distrikte te wedywer om die bekers en trofees. Skerpskutters van hierdie omgewing het al selfs as die keur van die Transvaal deurgedring tot die Uniale kompetisies wat jaarliks in Bloemfontein plaasvind.

Die dameskyfskietspanne is eintlik slegs georganiseer om dames te leer hoe om 'n pistool of geweer te hanteer en om goed te kan skiet wanneer dit nodig is. Behalwe onderlinge wedywering is hier nog geen reëlings getref om buite die eie kring mee te ding nie, maar dit mag in die toekoms tog plaasvind.


Die Boeresport is 'n organisasie wat die ou tradisionele sportsoorte van die Voortrekkers in ere hou en laat voortbestaan. Hierdie tipe van sport is in die huidige Britsdistrik in lewe gehou. Elke Oujaarsdag en Nuwejaarsdag het dit plaasgevind. Dit het van geslag tot geslag bly voortbestaan. Dit geniet veral vandag weer groot byval nadat daar 'n verslapping ingetree het tussen 1920 tot 1938. Dit trek ook deelnemers van elders wat belangstel in die sport. Oujaarsdag en Nuwejaarsdag is die dae waarop 'n groot laertrek by Rashoop plaasvind. 1)


Die verskillende tennisklubs reël onderlinge wedstryde sowel as wedstryde met ander klubs, maar die hoofdoel is

---

1) Vide foto XXIX op bl. 272/273.

Foto nr. XXIX.





**Boeresport-funksie**

grotendeels ter wille van die ontspanning en die persoonlike oefening.

Die skaakklub is beperk tot 'n groep belangstellendes wat weekliks bymekaar kom en onderling meeding, maar ook skaakkompetisies hou met spanne uit Pretoria.

Die hengelaarsklub bestaan slegs uit 'n klein groepie belangstellendes wat hulle ook maar toespits om van hierdie tydverdryf 'n werklike ontspanningsbedryf te maak en om die grootste vis te vang.

Al hierdie sportaangeleenthede dien as 'n vorm van ontspanning vir mense wat werklik min vrye tyd tot hulle beskikking het en daarom so 'n tydjie afsonder. Daar is o.i. in hierdie distrik min tyd vir ontspanning omdat die landboubedryf feitlik dag en nag beslag lê op die aandag van die inwoners.

Elke dag is vir die mense 'n voldag waarin elke oomblik benut word of benut moet word. Die sportaangeleenthede is vir die boere nie daar om hulle vrye tyd voordelig te benut nie, maar as ontspanning vir die liggaam en die gees wat gebonde is, en waarvoor tyd vir ontspanning gevind moet word. Die aandag van die kinders word al van kleinsaf op die plase deur die boerderyaangeleentheid in beslag geneem en die skoolkind moet sowel sy skoolhuiswerk verrig as die een of ander taak op die plaas na skool.

Die kinders op die dorp het die sportaangeleenthede nodig as 'n vryetydsbesteding na hulle skoolwerk afgehandel is, want anders sal die tyd hulle verveel. Hulle is dan ook elke middag besig met die een of ander sportsoort.

# HOOFSTUK X.

## DIE GEESTELIKE GESTELDHEID VAN DIE GEMEENSKAP.

### A. Algemeen.

Onder hierdie hoof wil ons ons toespits op die kerklikheid of godsdienstigheid van die gemeenskap, onderwys en opvoeding, moraal en moraliteit, kriminaliteit en die rehabilitasie van diegene wat moreel uitsak.

Die godsdienstigheid of die kerklikheid het 'n sterk houvas op die doen en late van die gemeenskap. Dit bepaal dan ook die norme van die publieke opinie en die konvensionele in die sedes en gewoontes.

Die onderwys en opvoeding in die skole het vandag 'n geweldige invloed op die opgroeiende jeug en hier word die fondamente van burgerskap, godsdienstigheid, sosiale aanpasbaarheid en die ontwikkeling van die hele mens, liggaamlik en geestelik, gelê. Dit dui die koers en gee die pas aan i.v.m. vryetydsbesteding indien die werksaamhede dit toelaat. Dit is 'n bindende faktor op die indiwidu binne 'n sosiale gemeenskap in die uitlewing van die self. Die onderwys en opvoeding in die lewe is die skakel tussen die huis en die kerk en as die invloed op die kind van die kant van die huis waar die vryhede soms in ongebondenheid kan ontaard, verderflik is, het die skool en die kerk waar gebondenheid deur regulasies of leer en tug die uitgangspunt is, die regstellende invloed.

Die kerk en die skool is twee bindende faktore in 'n gemeenskap en hulle invloed dring selfs deur tot buite hulle direkte invloedsfeer waar dit ook die moraal bepaal en die immoraliteit en die kriminaliteit aan bande lê.

### B. Godsdiens en Kerklikheid.

Wat die godsdiens en die kerklikheid betref, kan ons praat van homogeniteit in hierdie distrik daar 89.83 persent van die gemeenskap uit die lidmate van die drie Hollandse kerke bestaan. Hierdie drie Hollandse suster-

kerke het dieselfde geloofsbelydenis en is gebaseer op die Calvinistiese grondslag wat in meerdere of mindere mate streng toegepas word.

In Britsdistrik is 5 gemeentes van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk van Transvaal met ŉ sieletal van 7,362, terwyl die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 2 gemeentes het met ŉ sieletal van 2,324 en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ook met 2 gemeentes en ŉ sieletal van 2,315.[1)]

Hierdie 9 gemeentes met hulle 9 predikante en kerkrade wat tydig en ontydig oor die sieleheil van die waaroor hulle gestel is, waak, het ŉ deurslaggewende invloed op die doen en late van hulle lidmate in die distrik. Hier bestaan ŉ goeie verstandhouding tussen die kerke en ŉ gevoel van broederskap is opvallend, veral tussen die verskillende lidmate omdat die lidmate van die verskillende kerke oor en weer trou en hierdeur al ŉ onderlinge verwantskap meegebring het. Die publieke opinie is streng gekant teen huwelike wat buite die kerkverband voor die magistraat bevestig word en word bestempel as „uit die kombuis uit getroud."

(a) <u>Kerklikheid en die Huwelik.</u>

As die huweliksregisters in die magistraatskantoor nageslaan word van die huwelike wat daar bevestig is, merk ons ŉ jaarlikse gemiddelde van 119 huwelike van 1928 tot 1949. Sedert 1950 het daar ŉ afname plaasgevind wat skerp uitstaan teenoor die van die vorige jare. In 1950 was daar 48, in 1951 was daar 43 en in 1952 was daar nog ŉ daling tot 41 huwelike. In die beginjare 1928 tot 1934 was daar nogal heelwat huweliksbande deur die magistraat gelê van nedersetters wat veral aan die Ned. Herv. of Geref. Kerk, volgens die aanduiding in die huweliksregisters, behoort het.

---

1) Gegewens verkry en verwerk uit die 1951-sensusopgawes.

In 1939 het die huwelike van lidmate van die kerk in die magistraatskantoor afgeneem. Hierdie wending kan moontlik toegeskryf word aan die invloed van die Simboliese Ossewatrek en die groot saamtrek by Monumentkoppie op Pretoria in 1938. Hierdie Eeufeesviering het baie daartoe bygedra om die tradisies van die vadere in ere te laat herleef op godsdienstige en op Afrikaanse kultuurgebied.[1)]

Gedurende 1941 tot 1943 het daar weer heelwat huwelike in die magistraatskantoor, van kerklidmate wat by die leër aangesluit het gedurende die Tweede Wêreldoorlog, plaasgevind. Soldate wou graag in hulle uniforms trou en hier was ŉ sterk anti-oorlogsdeelname-gevoel veral op kerklike gebied; buitendien was die kerklike publieke opinie ook teen die uniform gekant gewees.

Sedert 1946 is daar weer ŉ afname in die aantal huwelike wat in die magistraatskantoor plaasvind in die huweliksregisters te bespeur.

Die huwelike wat nog daar plaasvind, is van enkele van die kleiner godsdienstige groepe wat nie ŉ plaaslike predikant of pastoor het nie. Dit kom ook voor onder groepe van wie die leraar geen aanstelling as huweliksoffisier het nie. Uit navrae het dit geblyk dat hulle tog na hulle in die magistraatskantoor voor kommissaris gegaan het, die huwelik in hulle betrokke sentrum kerklik laat bevestig.

Die mense is dus nog kerk- en kerklik gebonde in hulle houding. Alhoewel dit vroeër soms ŉ ernstige nasleep gehad het as daar ŉ huwelik of hofmakery sou plaasvind tussen die lidmate van die verskillende susterkerke, is dit vandag ŉ algemene verskynsel sonder enige nasleep. Sulke jongmense is vroeër selfs gedreig met onterwing as hulle buite hulle eie kerkverband trou. Vandag vind dit gedurig plaas en veral in so ŉ digbewoonde gebied waar die lidmate

---

1) Volgens ons eie waarneming en soos dit ook duidelik geword het uit ons navrae.

van die kerke langs mekaar woon. As byna algemeen geldende vanselfsprekendheid word dit aanvaar dat die vrou lidmaat word van die kerk waartoe haar man behoort; slegs as enkele uitsonderinge word dit aangetref dat die man by sy vrou se kerk aansluit. Daar gaan feitlik nie een kerkraadsvergadering verby sonder dat aansoeke om lidmaatskap van die aard oorweeg moet word nie.

ŉ Mens tref byna geen familie aan wat as familie net aan een kerk behoort nie sodat die families in al drie die susterkerke versprei is. Huwelike buite die verband van die drie Hollandse kerke vind selde plaas en word gewoonlik vroegtydig deur die ouers ontmoedig as dit onder hulle aandag kom.

Enkele huwelike het tussen Rooms Katolieke en Protestante plaasgevind. Die merkwaardige hier is dat elkeen van die egpaar, lidmaat bly van sy of haar kerk, dog die kinders uit die huwelik is lidmate van die Rooms Katolieke Kerk. Uit navrae het dit geblyk dat die Rooms Katolieke ouers sorgdra dat die Rooms Katolieke priester kort na die geboorte daar is om die kind te doop. Dit het ook geblyk dat die invloed van die moeder die sterkste op die kinders is, want in die enkele gevalle wat hier voorkom, het die kinders later belydenis afgelê en lidmaat geword in die kerk waartoe die moeder behoort. Hierdie tipe van oor-en-weer huwelike word gewoonlik met krag ontmoedig.

Huwelike vind nie net binne die gemeenskap van die distrik plaas nie, maar ook met ŉ lewensmaat buite die grense van die distrik vanweë die sosiale ligging van die distrik met betrekking tot en intersosiale verkeer met ander sentra.

Die mense is in hulle houding en gedrag kerklik en kerkgebonde sowel in die sedes as in die gewoontes van die indiwidu in die samelewing. Dit het ŉ groot invloed uitgeoefen op die nedersetters wat van elders afkomstig is, want die sterk afkeer en die strenge publieke opinie teen buite-

egtelike geboortes of geboortes binne die redelike tydperk het 'n moontlike ongebonde toestand van die aard beperk en beëindig. Volgens die geboorteregisters het sulke geboortes in die beginjare vanaf 1928 toe dit hier aangeteken is nogal dikwels voorgekom. Dit het geleidelik afgeneem sodat dit gedurende die afgelope vier jaar nie meer voorgekom het nie. Vanaf 1929 tot 1951 het 44 gevalle voorgekom of 0.49 persent van die totale aantal geboortes. Die kerklike invloed is ook van so 'n aard dat baie ouers hulle kinders weerhou van die bywoning van publieke danspartye in hotelle en beperk dit tot huispartye waar sulke danspartye wel toegelaat word. Die kerke pas die kerklike tug in mindere of meerdere mate toe, maar veral deur prediking, vermaning en 'n wakende oog is die sedelike norme gesond.

(b) Die Kerklike Agtergrond en Godsdienssin.

Dit is 'n alom bekende feit dat die Voortrekkers baie godsdienstig was, en dat die s.g. Statebybel die eerste en heilige besitting was wat sy plek in die wakis waar dit maklik bekombaar was op die trekpad, gekry het. Die lees van 'n kapittel uit die Bybel, die sing van Psalms en by baie ook Gesange sowel as die sing van die s.g. Kinderharp, was 'n daelikse gebeurtenis in die huislike lewe van elke Voortrekkergesin. Die jongmense van die buurt het saans bymekaar gekom om s.g. Kinderharpliedere te sing. Hierdie liedere is nie by die Sondagse godsdiensoefening gesing nie.

Om die kerklike agtergrond en godsdienssin van die gevestigde pioniernageslagte beter te begryp, haal ons 'n paar historiese feite aan, omdat hierdie agtergrond en godsdienssin tot vandag toe voortlewe en dit as karaktertrek die kern gevorm het van die gevestigde inwoners toe die nedersetters hier geplaas is.

Ds. A. Murray het tydens sy eerste besoek aan die „Overvaalse" geweste saam met ds. P.K. Albertyn, predikante van Graaff-Reinet en Prins Albert onderskeidelik en ouder-

ling B. Pienaar van Richmond op 10 April 1848 op Potchefstroom aangekom. Boodskappe is uitgestuur en vanaf die 15 de April vir die vier volgende dae is godsdiens gehou, die sakramente is bedien en behalwe uit die geweste van Schoonspruit, Zuikerboschbrand (Heidelberg) en Vaalrivier was daar van Magaliesberg ŉ groot getal wat die dienste bygewoon het. „Van degenen die van de Magaliesberg gekomen waren, voegden zich twee bij de Commissie te kennen gevende dat zij gezonden waren om de Commissie, of ten minste een der leeraars te verzoeken derwaarts over te komen, daar velen wegens armoede en anderen wegens gebrek aan rijtuigen niet naar Mooirivier konden over komen," lui die verslag van die afvaardiging aan die Sinode.[1] Aan die versoek kon nie voldoen word nie.

Uit hierdie omgewing was daar ook ŉ hele klompie wat met kar en perde kon afreis, want hierdie geweste was[2] ook bekend as Magaliesberg en veral bekend as Agter-Magaliesberg. Die reis moes met tussenposes dag en nag geduur het om die ongeveer 120 myl (huidige padafstand) af te lê.

In Desember van 1848 is aan hierdie versoek voldoen toe ŉ tweede Sinodale afvaardiging bestaande uit Dr. W. Robertson (Swellendam) en ds. P.E. Faure (Wynberg) hulle eerste kerkdiens op 19 Desember in die Magaliesbergse afdeling op Hekpoort in die Bo-Moot, die plaas van kommandant Gert Kruger, gehou het. Hier het ossewaens en ruiters van alle kante gekom sodat daar 209 waens was.

Die afvaardiging bereken dat ongeveer 700 persone die gemeente uitgemaak het en dat daar ongeveer 1,000 siele was.[3]

Teen die einde van 1849 het ds. Andrew Murray Jnr. die eerste predikant van Bloemfontein geword en in Desember het

---

1) Sien verslag by A. Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek bl. 103.

2) Volgens Marthinus Schoeman (1839 - 1925).

3) Vgl. Dreyer: a.w. bl. 121 - 167. L.W. Ons onderstreep.

hy Mooirivier, Zwartruggens en die mense in die Magaliesbergse besoek. Tydens sy eerste besoek aan die „Overvaalse" het hy onder die besef gekom dat hierdie mense ŉ aparte gemeenskap uitmaak. Sy indrukke van die Magaliesbergers was besonder gunstig. Hy sê: „Nergens heb ik eene meer aandachtige gemeente gevonden, terwijl wij ook nergens zulke blijken hebben genoten van des Heeren tegewoordigheid in ons midden." Dit was op die plaas van Casper Kruger, vader van Paul Kruger, agter die Magaliesberg op die latere Zoutpansdrift ongeveer 6 myl noord van Britsdorp. Hier was volgens die verslag ongeveer 200 waens, terwyl daar by die godsdiensoefeninge tussen 800 en 900 mense elke keer onder die bokseile vergader het. Vrydag en Saterdag het hy aan die doopouers gewy, Sondag is nagmaal bedien, Maandag na die oggenddiens het ds. Murray tien uur lank sonder tussenpose gewy aan „80 jongelieden, die zich als leden hebben aangeboden waarvan 42 aangenomen zijn, die op den ochtend van den Kerstdag (Dinsdag) aan de gemeente werd voorgesteld." 1)

In 1852 het di. A. Murray en J.H. Neethling weer hierdie dele besoek, maar het die mense in ŉ diepe rou aangetref. „Reeds langs de weg hadden wij vernomen, dat de Koorts het felst in vele delen dezer gemeente had gewoed," skryf ds. Neethling en dan noem hy o.a. die dood van die waardige manne vir Kerk en Staat: Casper Kruger en Frans Pretorius. 2)

In daardie dae was hier reeds ŉ geskil op kerklike gebied daar die bewoners van Zoutpansdrift nie die s.g. Evangeliese gesange wou sing nie en toe ds. D. Postma vanuit Holland hierdie geweste besoek het, was hulle teenwoordig en het saam op die 10e Februarie 1859 die Gereformeerde gemeente onder die geskiedkundige seringboom op

---

1) Sien verslag by C. Spoelstra - Het Kerkelijke en Godsdienstige leven der Boeren na den Grooten Trek. bl. 88.

2) idem bl. 125.

Rustenburg gestig.[1)]

In 1911 is op die plaas Zoutpansdrift die Gereformeerde gemeente Krokodilrivier afgestig van die moedergemeente Rustenburg. In 1914 is op die plaas De Kroon, die Nederduits Hervormde of Gereformeerde gemeente Krokodilrivier afgestig van die moedergemeentes Rustenburg en Pretoria. Hierdie afstigting is 'n deel van die vroeëre (1910) afstigting van Rustenburg, wat saam met 'n gedeelte van die gemeentes van Pretoria en Krugersdorp die N.H. of G. gemeente Magaliesberg uitgemaak het met die kerksentrum op Skeerpoort in die distrik, wes van die dam.

Op die 27ste Mei 1927 is hier ook 'n gemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika van die N.H. gemeentes van Pretoria en Rustenburg met 'n ledetal van 130 afgestig.

Hierdie drie gemeentes waarvan die N.H. of G. gemeente Krokodilrivier en die Gereformeerde gemeente Krokodilrivier aanvanklik elkeen 400 lidmate gehad het, het sedert die ontstaan van die distrik in 1928 baie uitgebrei soos vervolgens aangetoon sal word.

In 1928 het die N.H. of Geref. gemeente ongeveer 3,000 siele getel en die gemeente Dalunie is op Mamagalieskraal afgestig van Krokodilrivier, en in 1944 is die gemeente Zanddrift weer van Dalunie afgestig.

In 1935 is die gemeente Vorentoe van die moedergemeente Krokodilrivier afgestig en in 1949 die jongste dogtergemeente Brits [2)] sodat hier nou 5 N.H. of G. gemeentes met 'n gemeente op Skeerpoort in kombinasie met Magaliesburg bestaan met 'n totale sieletal van 7,362 volgens die 1951-sensus.

---

1) Volgens getuienis van die pioniers (vide Voorwoord).

2) Besonderhede verkry van ds. W.R. Joyce L.P.R., emiritus predikant van die moedergemeente en volgens die notule soos te vinde in die kerklike argief van die moedergemeente van die N.H. of G. Gemeente Krokodilrivier, Harringtonstraat, Brits.

Die Gereformeerde gemeente Brits is in 1936 van die Gereformeerde gemeente Krokodilrivier met Brits as sentrum afgestig terwyl 'n sentrum van byeenkoms die afgelope paar jaar op Beestekraal ontwikkel het deur die aanbou van 'n saal waarin nou ook die sakramente bedien word.[1] Die lidmate by Beestekraal is van plan om af te stig van Krokodilrivier en so 'n moontlikheid word reeds in die vooruitsig gestel. Verder het so 'n Gereformeerde kerksentrum sedert 1909 op Remhoogte waar die predikante van Pretoria Woord en Sakramente bedien het, ontstaan. Hierdie sentrum is ook in die distrik in die Moot, wes van die dam waar die Geref. gemeente „Die Moot" in 1924 van die gemeentes Pretoria en Krugersdorp, afgestig is.[2] Die Geref. gemeente „Die Moot" was eers in kombinasie met Krugersdorp, maar sedert 1936 met Brits.[3] Die totale sieletal van die Gereformeerde kerk in Britsdistrik was 2,315 volgens die sensus van 1951.

In 1951 is die gemeente Hartebeestpoort van die Nederduitsch Hervormde gemeente Brits afgestig.[4] Die totale sieletal was 2,324 volgens die 1951-sensus.

Elke gemeente het ook nog haar Christelike jongeliede verenigings sowel as sustersorganisasies wat binne die gebied van elke gemeentelike kring ressorteer en werk tot welsyn van haar lidmate.[5]

'n Opvallende kenmerk is die werklike broederskap, nie net tussen die gemeentes van dieselfde kerk nie, maar ook tussen die gemeentes van die verskillende kerke.

As een of ander gemeente 'n funksie reël ten bate van die gemeente ter stywing van een of ander fonds, vind 'n

---

1) Vide notuleboek van die Gereformeerde Gemeente, Krokodilrivier, Pk. Pansdrif, oor Brits.

2) Vide notuleboek van die Gereformeerde Gemeente, Die Moot, Pk. Skeerpoort.

3) Vide notuleboek van die Gereformeerde Gemeente, Brits.

4) Vide notuleboek van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Brits.

5) Vide Hoofstuk IX afd. C. (a), (b), en (c) bl. 252 e.v. en afd. E. bl. 266.

mens die lidmate van die ander gemeentes van dieselfde kerk sowel as die lidmate van die ander kerke ruimskoots verteenwoordig op die funksie of dit nou ŉ verkoping, konsert of toneelopvoering is. Dit is ook opvallend dat in die kore wat by die een of ander kerklike funksie optree, lidmate van al drie die susterkerke deelneem en selfs ook die vrouens van die predikante.

Ten bate van die kerkboufonds van die Gereformeerde gemeente, Brits, is ŉ kantate ingestudeer en uitgevoer onder leiding van die orreliste; terwyl slegs 48 persent van die deelnemers aan die uitvoering lidmate van die kerk was, was die ander deelnemers lidmate van die ander Gereformeerde gemeentes en van die susterkerke.

Om die stand van die lidmaatskap van die verskillende kerklikgesindtes te bestudeer, verwys ons na afd. F van hoofstuk VII op bl. 185 e.v.

Die name van elke kerkverband is gegee in die taal waardeur die lidmate hulle godsdiens hou en om die oriëntasie aan te dui. Die lidmate van die Rooms Katolieke Kerk is saamgestel uit Engelse, Hollanders, Duitsers, Portugese, Assiriërs, Italianers en ŉ paar Afrikaners. Die Apostoliese Geloofsending is nou weer onderverdeel in die s.g. Oue en Nuwe Apostoliese Geloofsending.

Diegene wat aan geen kerk behoort nie, staan heeltemal onverskillig teenoor ŉ kerk as sodanig, maar is deurgaans mense wat nie bemoeisiek is nie en word as goeie beskaafde mense in die samelewing geken. As die een of ander lewensmaat van ŉ egpaar onkerklik is, word die een wat wel aan ŉ kerk behoort nie verhinder om kerk toe te gaan nie. Die gelowige ouer sorg vir die Christelike opvoeding en die godsdienstige lewe van die kind. Die lidmate van die sektariese rigtings is besonder godsdienstig met die kenmerk dat hulle die oorbeklemtoning van een of ander godsdienstige aspek handhaaf en daarmee dweep.

(c) Die Huisaltaar.

Deur intieme omgang met die ou mense, het ons kon vasstel dat die maniere en opvoeding van hulle kinders deur 'n strenge en opregte godsvrug en godsdienssin gekenmerk is. Die Bybel het sy ereplek gehad en is gelees. Huisgodsdiens was die reël. Elke aand na die ete is die „Boeke" op die tafel gebring. 'n Hoofstuk is gelees en die dooplidmate moes daarna sê wat hulle onthou het; hierop het die vader gewoonlik gereageer deur verder i.v.m. die onthoue gedeelte uit te wy, vrae te stel en te verduidelik. Hierop het die gebed gevolg. Na die gebed het almal hartlik saam gesing. Soms het elkeen 'n vers moes opgee of die wat wou, het een opgegee. In die vroeë oggendure het 'n paar lofsange in die ouerkamer weerklink en die gesin gewek. Die kinders het nadergekom en saam gesing waarna die vader voorgegaan het in gebed.

In afwesigheid van die vader het die moeder dit gedoen of as daar 'n groot seun was, moes hy dit waarneem. As die kinders in die oggend gewek is deur die lofsang van die ouers, het hulle in die eetkamer bymekaar gekom waar by die kers- of lamplig 'n stukkie uit die Bybel gelees, en die verrigting deur gebed en sang afgesluit is. Hierdie godsdiensoefening was veel korter en kinders is nie gevra na wat hulle onthou het nie.

Sondags het die bewoners van die buurt in een huis waar 'n ouderling of voorganger die godsdiensoefening waargeneem het, bymekaar gekom. Hier is dan ook nog 'n preek gelees of 'n paar stigtelike woorde oor die gelese gedeelte gespreek. Hierdie opvoeding het nog nie uitgesterf nie alhoewel die gewoontes by baie reeds verander het. Daar word nog gelees en gebid, maar die sang het in baie huise reeds verdwyn. Die oggenddiens kom nog sporadies voor, want dit het uit die meeste huise verdwyn alhoewel baie nou aan die ontbyttafel 'n stukkie lees.

Waar die invloed van die vorige geslag taan, het die kerk nou die plig oorgeneem en deur prediking, huisbesoek, vermaning en toesig bestaan die gewoontes nog. Die gewoonte om by elke maaltyd te bid en te dank bly voortbestaan deurdat die ouers hulle kinders deur persoonlike voorbeeld hierin opvoed. Hulle sal ook 'n besoeker vra om oor tafel te bid of te dank, veral as hulle van sy godsdienssin oortuig is. Oor die algemeen tref die Christelike gasvryheid, vriendelikheid en behulpsaamheid 'n mens, en dat die gebed nog 'n waardige plek inneem, is noemenswaardig.

Die predikant en kerkraad word gerespekteer en hulle amp word waardig geag. Ons het so dikwels ondervind dat geskille makliker deur die kerkraad uit die weg geruim word en waar geskille ook mag ontstaan, word die kerkraad geken en erken om die saak aan te hoor en die vrede te herstel. Buurvetes wat selfs na 'n hofuitspraak nog voortduur, vind sy oplossing deur die optrede van die kerkraad.

Die ervaring het hier geleer dat die mense hulle laat lei, maar hulle nie laat dryf nie en dat 'n gesonde en Christelike leiding 'n besonder waardevolle faktor in so 'n digbewoonde gebied is, veral as die leiding die indiwidu nie van sy inisiatief beroof nie, maar in die regte bane stuur.

Die kerkbesoek het baie verbeter sedert die afstigtings, want daar is nou meer gemeentes, terwyl die lidmatetal per gemeente nou kleiner is sodat die predikant meer dikwels en gereelder huisbesoek kan doen as wat voorheen die geval was.

(d) <u>Kerkbesoek.</u>

Besoeke wat ons van tyd tot tyd in die verskillende gemeentes tydens die eerste en tweede dienste op Sondae, met nagmaalsgeleenthede en spesiale geleenthede, sedert 1925, en veral gedurende die afgelope 7 jaar afgelê het, asook deur navraag, het getoon dat groot veranderinge op hierdie gebied ingetree het.

Vroeër toe hier slegs een gemeente van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Transvaal en een van die Gereformeerde Kerk in S.A. was, d.w.s. teen 1924 tot 1928, was dit 'n onbegonne taak vir een predikant om sy gemeente behoorlik te besoek. Vervoer het toe ook nog meestal, veral in reëntye, met die kar en perde geskied, sodat daar maar ongeveer 6 myl per uur afgelê kon word.

Vanaf ongeveer 1940 het die posisie heeltemal verander. Vroeër was die paaie onbegaanbaar in reënweer. Waar die predikant toe oor 'n motor beskik het, moes hy ook nog die kar en perde aanhou. Die aangewese weg onder die omstandighede was dus om buitedienste te hou in die omgewing waar die predikant die week besig was met huisbesoek.

Die eerste Sondag van elke maand is dienste in die kerkgebou gehou en diegene wat naby genoeg was, het met die perdekar kerk toe gery. Volgens die predikante was die besoek by so 'n diens ongeveer 25 tot 35 persent van die lidmatetal en soms selfs minder as die weer ongunstig was.

Gedurende nagmaalstye het die mense met die ossewa teen Donderdag al kerk toe gegaan en 'n tentelaer was die uitstaande kenmerk tydens hierdie geleenthede. Die kerkraadsvergaderinge is Vrydagmiddag en Saterdagoogend gehou, terwyl Vrydagaand gewoonlik in beslag geneem is deur 'n gemeentevergadering. Saterdagmiddag is die voorbereidingsdiens en Saterdagaand is nog 'n diens of 'n gemeentelike samekoms gehou. Sondagoggend is nagmaal bedien, die middag die nabetragtings- en doopdiens, terwyl daar Sondagaand 'n afsluitingsdiens gehou is.

Die April-nagmaal was die groot geleentheid van die jaar; dan het die belydeniskatkisasie reeds veertien dae voor die nagmaal begin en het die ouers met hulle kinders in tente op die kerkplein uitgekamp. Hierdie groot geleentheid het 'n wyer betekenis gehad as net die belydenisaflegging en die nagmaal. Hierdie geleentheid het ook aan

menige jonkman die vooruitsig gebied om die ja-woord van die nooi wat hy al lankal in die oog het, te kry. Dit was die gewoonte dat sy nie ŉ jonkman sal hê alvorens sy „aangeneem" is nie. Dit was deurgaans ŉ geleentheid waarna uitgesien is. Ou kennise is ontmoet en nuwe kennise is gemaak, terwyl aangename uurtjies, deur kort besoekies oor en weer by die tente, deurgebring is.

Hierdie eerste-Sondagse dienste en nagmaalsgeleenthede het ŉ tradisie geword en daar is in 1952 nog mense wat by hierdie gewoonte hou om net dan die kerk te besoek, alhoewel die toestande so totaal verander het, dat lidmate gemiddeld 6 myl van die kerksentrum verwyder is. Britsdistrik is voorsien van goeie teer- of gruispaaie en motorvervoer is tot die beskikking van die meeste kerkgangers.

Vanaf ongeveer 1949 het hierdie toestand eers verander nadat die predikante ŉ definitiewe veldtog van stapel teen die gewoonte gestuur het. Die predikante verseker ons dat die kerkbesoek hierna ten minste verdrievoudig het op elke Sondag, wat die oggenddienste betref. Die tweede diens word swakker bygewoon en is ongeveer die helfte tot twee derde van die oggenbesoek. Op Britsdorp vind die tweede diens in die aand plaas en in die buitegemeentes in die middag.

Vanweë die tipe boerdery is dit nodig dat toesig op die werf moet wees en hierdie lidmate woon gewoonlik die tweede diens by. Ons kon tot die gevolgtrekking kom na herhaalde besoeke gedurende 1949 tot 1952 en met behulp van kerkraadslede dat die kerkgeboue Sondagoggende vol is. Predikante en kerkrade spreek hulle tevredenheid uit met die kerkbesoek wat varieer tussen 60 tot 80 persent van die lidmatetal. Kerkrade hou in hulle wyke toesig en nalatiges word vermaan. Deur die intensiewe huisbesoek van die predikante is hier op kerklike gebied werklik lewe en die kerklike bande is verstewig.

Tekens van afvalligheid wat sedert 1948 oral te bespeur was,[1] is vandag feitlik uitgewis en selfs afvalliges het weer na beärbeiding en die aflegging van belydenis van geloof volwaardige lidmate geword. Dit is ook die rede dat sektariese rigtings oor klein getalle lidmate beskik. Jongmense van wie die ouers aan die sektes behoort, kom vandag kerk toe, lê hier belydenis af en word gedoop om volle lidmate van die kerk te word. Die invloed van die skool tel hier ook mee.

Die radio was ook een van die middels wat besig was om mense van die kerk af te hou. Diegene wat ongereeld kerk besoek het, het die radio voorgehou as verskoning en dat hulle net sulke goeie godsdiensoefeninge oor die radio het. Die gemeenskap van die heiliges is ontbeer deur menige lidmaat ter wille van ŉ radiodiens. Hier moes dikwels vermaan word. Die radio veroorsaak gemaksug; dit werk meestal oneerbiedigheid in die hand. Hierdie gewoonte het gelukkig so te sê uitgesterf.

(e) Kerklike Houvas op die Sedelike Norme.

Die houvas van die kerk op sy lidmate is sterk en ŉ weerhoudende krag teen immoraliteite. Hierdie invloed laat hom selfs buite die kerklike gemeenskap geld omdat die publieke opinie van die kerklike gemeenskap so groot en alomverteenwoordigend is in die distrik dat dit ŉ sterk krag uitoefen.

Die godsdienstigheid en die kerklikheid het so ŉ sterk houvas op die sedelike norme en gewoontes van die publiek dat dit ook die opvoeding van die jeug in so ŉ mate bepaal, dat die afwykings van die sedelike norme so selde en sporadies voorkom onder kinders en skoolkinders dat ŉ mens byna nooit van so iets te hore kom nie. As dit voorkom, is dit

1) Hier het ons te doen met die stigting van die s.g. Hervormde Nederduits Gereformeerde Kerk of die de Vos-kerk soos algemeen genoem. Ongeveer 240 lidmate van die N.H. of G. kerk het hierby aangesluit sodat hulle ŉ eie kerkgebou opgerig het en ŉ predikant beroep het. Hierdie gemeente het so te sê doodgeloop sodat daar in 1953 slegs 37 lidmate was.

van so 'n singulêre aard dat die enkele geval so behandel kan word dat dit nie meer voorkom nie en gevolglik nie tot 'n gewoonte verder kan ontwikkel nie. Vernielsug by kinders is so seldsaam en van so 'n geringe aard dat die ouer die kwaad self uitroei voordat dit in omvang toeneem. Publieke gevalle van vernielsug vind mens nie meer vandag aangeteken nie.

In die skole word strenge toesig toegepas om sulke oortredings in die kiem te smoor.

Herhaaldelike voorkoms van diefstal deur dieselfde kinders het in die 10 jaar 1942-1952 in 6 gevalle[1] voorgekom en dit het duidelik geword dat die gewone metode van liggaamstraf toe te pas weinig waarde gehad het, maar nadat die feite onder die aandag van die ouers deur die betrokke instansies gebring is, het dit opgehou. Hierdie gevalle het voorgekom by kinders van wie albei ouers elders werk en die kinders na skool aan hulle self oorgelaat was. Die ouers het die rondlopery en ledigheid stopgesit deur aan die kinders 'n verantwoordelike taak op te lê om af te handel nadat die skoolhuiswerk afgehandel was.

Gevalle wat deur die Jeughof behandel is omdat die gedrag hande uitgeruk het, is van net so 'n geringe omvang. Slegs 3 kinders is na 'n verbeteringsgestig gestuur, want in die hofregisters is 1 vir 1947, 1 vir 1948 en 1 vir 1949 aangeteken.

In die magistraatsrapportboek vind ons in verband hiermee: „Surprisingly enough, juvenile delinquency is very low in this district."

Hierdie feite skryf ons toe aan die godsdienstigheid en kerklike houvas op die sedelike norme en gewoontes van die gemeenskap. Hierdie houvas word nie net deur die kerk as sodanig bewerkstellig nie, maar ook deur die opvoeding en die onderwys in die skole waar hierdie houvas ook weerspieël word.

---

1) Vide magistraatsrapportboek.

(f) Godsdiens en Politiek.

Die houvas word ook weerspieël in die politieke lewe van die gemeenskap van hierdie distrik. Die lede van die twee politieke partye wat op Brits bestaan, vertoon ook die godsdienstiggebondenheid of nie.

Die Nasionale Party wat verteenwoordig word in die distrik deur 4,983 kiesers en die Verenigde Party deur 1,840[1)] het elkeen sy sienswyse omtrent die saak. Die Nasionale Party erken in hulle houding volgens hulle konstitusie volmondig die Godsbestuur en die handhawing van die Christelike en Nasionale beginsels.

Hierdie party open sonder uitsondering sy taksvergaderinge, bestuurs- en publieke vergaderinge met gebed en verklaar onomwonde dat as jou politieke sienswyses met die Bybel bots, is daar iets met jou politiek verkeerd, want dit behoort die toets van die uitsprake van die Heilige Skrif i.v.m. jou politieke en maatskaplike lewe te deurstaan.

Die Verenigde Party (V.P.) daarenteen, wil die godsdiens en politiek skei en uitmekaar hou en is die mening toegedaan dat die politiek te vuil is om dit as 'n deel van jou godsdienstige uitlewing te beskou. Hulle is hier ook die mening toegedaan dat 'n predikant hom heeltemal buite die politiek behoort te hou en dat 'n predikant wat hom verkiesbaar stel as kandidaat vir die Volksraad of die Provinsiale Raad homself 'n groot oneer aandoen en 'n ergerlike sonde pleeg.

Toe 'n emerituspredikant hom verkiesbaar gestel het as kandidaat vir die Nasionale Party vir die Provinsiale Raad, was sy predikantskap die grootste teenpropagandamiddel omdat 'n Bedienaar van die Goddelike Woord hom self so verneder het om die kansel vir die politiek te verruil. Die

---

1) Gegewens is verstrek deur die Nasionale Partykantoor en het net betrekking op Britsdistrik en nie op Britskiesafdeling nie.

reaksie van die gemeentelede wat aan die V.P. behoort, het dan ook nie uitgebly nie toe die kerkraad die emeritus-predikant L.P.R. gevra het om een Sondag die dienste waar te neem in die afwesigheid van die plaaslike predikant. Hulle het aanstoot geneem, dog die kerk nie verlaat nie, maar die tweede diens het die lede van die party weggebly. Nie lank hierna nie is ŉ versoekskrif van hulle voor die kerkraad ter tafel gelê om hulle misnoeë te kenne te gee en te vra dat dit nie weer moet gebeur nie daar dit ŉ skeuring in die kerk gaan bring. Daar was verdeeldheid in die kerkraad, maar eindelik is aan die versoek gehoor gegee om die kerklike eenheid te bewaar.

Waar ons begrafnisse bygewoon het van ou mense wat begeer het dat die emeritus predikant „hom of haar moet kom begrawe", het ons van die lede van die V.P. moes hoor dat hulle daarteen gekant is al was die begrafnis op die plaas by die sterfhuis gehou.

Eienaardig genoeg, maar dit was en is opvallend dat lede van die V.P. wat bedank en by die Nasionale Party aansluit, hierdie vorige sienswyse laat vaar en selfs veroordeel.

(g) <u>Begrafnisse</u>.

Begrafnisse is nog ŉ godsdienstige plegtigheid net soos vroeër en trek oor die algemeen groot getalle belangstellendes, veral op die plase en by die begrafnisse van bekende figure op die dorp. ŉ Opvallende kenmerk van die begrafnisse op die plase waar ŉ ou inwoner of afstammeling van die voorgeslag begrawe word, is dat daar sulke groot getalle naturelle die begrafnisdiens bywoon. Selfs die kapteins van die naburige statte is daar teenwoordig.

Wanneer die diens onder die bome gehou word, neem die naturelle hulle plek eenkant onder die bome in en vra beleefd geleentheid om na die afloop van die begrafnisdiens ook hulle bydrae in ŉ huldeblyk te lewer. Na enkele kort

huldebetuigings deur aangewesenes, word ŉ koorsang aangehef.

Uit die huldebetuigings kon ons aflei dat die plaasvolk sedert hulle voorgeslag in dankbare diens by die baanbrekers gewoon en gewerk het en goed behandel is. Die hoop word dan ook uitgespreek dat hulle nog lank net so gelukkig sal kan saam woon by die oorledene se kinders. Dank word betuig dat hulle vaders deur die blanke voorvaders die Evangelie van Christus gehoor het en kinders van die Lig kon word.

As die diens in ŉ skuur gehou word, bly die naturelle eerbiedig buite en vra dan om by die graf hulle blyk van hulde te betuig. Deur ondervraging van die naturelle het dit aan die lig gekom dat die goeie Christelike behandeling en beskerming wat hulle van die blanke geniet het, deur hulle vaders aan hulle vertel is en hulle moet volgens die gewoonte hulle aan die voorvaderlike opdragte hou.

C. Onderwys en Opvoeding.

(a) Inleiding.

Onderwys en opvoeding gaan hand aan hand in die proses van die ontwikkeling van die volle mens binne die raamwerk van sy sosiale kring en daarbuite. Die mens as voelende, denkende, strewende wese is ŉ sosiale wese vanaf sy geboorte tot by sy graf en ondergaan willekeurig, direk en indirek ŉ leerproses wat hom laat aanpas en inpas by die eise van sy maatskaplike kring. Hierdie leerproses uit hom tuis as die enger sosiale kring, binne en buite die skool in binnemuurse of buitemuurse aktiwiteite as wyer sosiale kring; dog buite die skoolgrense as kind, jongmens of volwassene in ŉ nog wyer sosiale kring op kerklike terrein en in die volle maatskaplike lewe.

Die huis, die skool en die kerk werk afsonderlik en gesamentlik doelbewus in hierdie ontwikkelingsproses van die opvoedeling dwarsdeur sy lewe. Die leerproses is hoe om te dink en nie wat om te dink nie en daarom is dit ŉ moeilike en veeleisende proses wat inspanning vereis van

sowel die leermeester as van die leerling, van die opvoeder en van die opvoedeling.[1]

Hierdie proses word moeiliker wanneer die opvoedeling 'n minderbevoorregte is wat onder geïsoleerde toestande opgroei en 'n minderwaardigheidsgevoel ontwikkel het wat hom teruggetrokke voel en gereed gemaak het tot opstand in selfverdediging vanweë 'n gewortelde verset teen alle norme en die konvensionele wat nie aan hom eie is nie.

Hierdie toestand was kenmerkend in die beginjare 1921 tot 1934 gedurende die bebouingsproses van die omgewing en die opvoeder se taak is hierdeur bemoeilik. Sukses het dan ook net afgehang van 'n taktvolle optrede, en 'n simpatieke en 'n welmenende houding wat oortuigend genoeg was om die opvoedeling en sy ouer tot die slotsom te laat geraak dat hulle ook nog waardes besit.

Hierdie proses het taaie volharding en moed van die opvoeder vereis, maar die resultate het ook nie uitgebly nie en die toestand is vandag (1952) gans anders. As ons ons gedagtes oor die jare laat teruggly, moet ons maar net tot die gevolgtrekking kom dat die Bouheer van die nasies alle opvoeders op watter terrein ookal, as instrumente in Sy hand gebruik in die proses van nasiebou.

Elke indiwidu het 'n ideaal wat gekoester word, en waar dit die taak van die opvoeder is om hierdie indiwidu te voorsien van die nodige kennis en rigting ten einde sy ideaal na te strewe en die ideaal te laat rig op 'n hoë nivo, moet die opvoeder self besiel wees met 'n hoë ideaal, om ver bo die stoflike te verrys.[2]

---

1) Vide ook: Coetzee, Dr. J. Chris,: „Die eerste beginsels van die Calvinistiese Opvoeding" - Die Ossewareeks Nr. 2, Pro Ecclesia-Drukkery Stellenbosch - 1940 Hfstk. II en Keyter, Dr. J. de V.: „Opvoeding en Onderwys." Nas. Pers Bpk., Bloemfontein 1936; bl. 4 - 9 en 86 - 88.

2) Vide ook Horn, J.L.: „Principles of Elementary Education." The Century Co., New York, 1929. Bl. 61-62, en Coetzee & Bingle: „Beginsels en Metodes van die Laer Onderwys." Van Schaik, Pretoria, 1947, bl. 11.

Die hele opvoedingsproses is in Britsdistrik ook gebaseer op 'n Christelike en Nasionale grondslag en dra as sodanig hierdie karakter omdat al die onderwysers hier die C.N.O.-beginsel huldig en dit na die beste van hulle vermoë probeer uitleef al is hulle werksaam in staatskole. 'n Onderwyser wat nie 'n uitgesproke Christen is nie, word gou geken en gebrandmerk en waar die kerk en die kerklike ampte nog gerespekteer word, dra elkeen van die huis, die kerk en die skool afsonderlik en gesamentlik by tot die groot taak van die opvoeding. Die mens is trouens ook 'n kind van God en moet die doopbelofte nakom, sodat die gedrag nie alleen deur die publieke opinie bepaal moet word nie, maar dat die indiwidu eties so sterk moet staan dat hy as 'n kind van God dienooreenkomstig sal handel as synde van 'n te hoë adel om tot die lae af te daal. Die doel en die taak is hoog en breed van omvang en die stryd veeleisend om die nivo te bereik en daarop te bly, tog word daarvoor geywer en dit word 'n daelikse roetine.[1)]

(b) <u>Vroeëre Onderwys.</u>

Die skool is 'n noodsaaklike vereiste in 'n moderne beskaafde wêreld omdat die gekompliseerde gemeenskapslewe binne die samelewing geen ruimte laat vir analfabete nie. Hierdie feit het hom selfs laat voel in die dae van die baanbrekerslewe, en al was dit 'n nomadiese lewe in die begin, het die onderwys nie ontbreek nie, want die allerprimêrste beginsels van onderwys is ten minste om te kan lees en skryf en dit is toegepas. Die kinders is deur die ouers en veral deur die grootouers geleer lees uit „De Trap der Jeugd" en die s.g. Statebybel. Hulle moes ook leer skryf en die beginsels in die hoofbewerkings in rekenkunde ken om vlugge berekeninge te kon maak. Al was die skoolonderrig beperk tot die ledige tye van die leerling, het hulle tog geleer skryf en lees, en al was dit net uit die een Boek tot hulle beskikking, het hulle hulle kennis uitgebrei en

---

1) Vergelyk ook Coetzee & Bingle, a.w. bl. 11.

vermeerder.

Waar ons nog etlike van daardie ou mense geken het wat as jongmense saamgetrek het, of as kinders groot geword het, wat òf tydens die Groot Trek óf daarna gebore is, kan ons ons nie herinner of daar een was wat nie kon lees of skryf nie.[1)]

Ons het meer as een maal verbaasd gestaan om onder die ou mense die uitnemende Bybelkennis en rake teksverwysings aan te hoor. Hulle moes ook baie Psalms en Gesange van buite leer sowel as die sing daarvan. Baie van die Psalms is op die s.g. „liederwys" gesing, waarvan die van Ps. 6, 38, 126, 134, en 146 nog oral bekend is. Hierdie Psalms met die betrokke musiek kan ons bestempel as Voortrekker-volksliedere en weerspieël die Trekkerlewensomstandighede. Die „liederwys" van Ps. 134 is meer toegepas op die sing van die Môre- en Aandgesang.

Die onderwysers wat destyds gekies is, was toe die een of ander familielid of betrekking wat vanweë een of ander liggaamsgebrek nie in staat was tot diensverrigting in die boerdery, die jag of op kommando nie. Om hierdie rede was Marthinus Schoeman, bekend as „Kruppel Martiensie" en Christiaan Liebenberg die aangewese persone. Hulle was intelligent en het tyd gehad om baie te leer soos die ou mense dit uitgeredeneer het en net die regte manne om die opkomende geslag te onderwys en op te voed, waarby die lat, volgens die ou mense, 'n noodsaaklike middel was.

Teen 1890 het hierdie skole wat ongeveer in 1862 gestig is, Staatsondersteunde skole[2)] geword en die name van persone soos Pieter Heslinga, Joost Heystek en W. Kamp (later professor) was nie onbekende onderwysers in die omgewing nie.

---

1) Vide ook Theal, George Mc.Call: „History of South Africa." Deel III bl. 299-301 en Malherbe, E.G.: Onderwys en die Armblanke, Carnegie verslag - Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch 1932 bl. 14 - 18.

2) Dit was die skole op Skeerpoort 60, Bokfontein 47, Hartebeestfontein 5, Krokodildrift 27, Roodekopjes 44, Zoutpansdrift 51, De Kroon 33, Klipkop 327 en Beestekraal 295.

Hierdie skole bestaan vandag nog, maar word vandag gehuisves in ander geboue en is Staatskole. Twee van hierdie skole, Hartebeestfontein 5 en Krokodildrift-Wes het egter in 1952 na ŉ bestaan van 90 jaar gesluit omdat die huidige kindertal die voortbestaan nie meer regverdig nie, daar groter skole binne drie myl afstand die kinders en ouers getrek het.

In 1890 het in die omgewing wat deur die huidige distrik ingesluit word 9 skole bestaan waarvan 7 nog bloeiende inrigtings is.

Na die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902 het hierdie skole „Government Elementary Public Schools" geword met ŉ paar kleiner s.g. Private C.N.O.-skole wat vanaf 1910 so ŉ sukkelbestaan gevoer het, omdat onderwysers skaars en fondse so gering was, dat hulle moes sluit. Die ouers was te arm na die oorlogsruïnasie om genoegsame fondse vir die doel te gee en die onderwysers het die werk meer uit liefde as vir iets anders gedoen.

Ouers wat dit kon bekostig het hulle kinders egter na ander C.N.O.-skole buite die distrik gestuur. In „Die Moot" was daar op Remhoogte en Hartebeestfontein 118 sulke skole wat voortbestaan het tot 1913 en die name van meester Jansen van Ryssen, meester Japie Malan, Oom Pieter (Mülder)[1] en oom Niklaas (van der Walt) sal nog lank voortbestaan in verband met C.N.O. in die omgewing.

In die s.g. „Elementary Public Schools" sal die naam van die eentalige Engelsman en onderwyser Martin Phillips seker ook lank onthou word, nie omdat hy die kinders iets geleer het nie, want daarvoor het die onderwyser en die kinders mekaar te sleg verstaan, maar vanweë die grappige sy van die skoollewe en die onbeholpenheid van die Engelsman met wie die jong Boereseuns openlik die draak gesteek het.

---

1) P.W.A. Mülder was die stigter van die C.N.O.-skool op Hartebeestfontein in 1904. C.N.O. is die afkorting vir Christelik-nasionale Onderwys.

As ons die ou skooldokumente naslaan, vind ons talle van komiese aanduidings in die spelling van Afrikaanse plaasname soos Middelkraal as „Middlecar (Dutch)", en die name van kinders is soms so gespel dat dit ŉ lelike lasterwoord is. Hierdie 9 skole het bly voortbestaan tot 1919 toe met die werksaamhede aan die Hartebeestpoortdam begin is.

(c) „Hartebeestpoort Irrigation Schools."

Met die aanvang van die werksaamhede aan die Hartebeestpoortdam in 1919, is ŉ skool vir die kinders van die amptenare en werkers aan die suidekant van die berg opgerig en was bekend as die „South School" en dit was die begin van die sogenaamde „Hartebeestpoort Irrigation Schools."

Op 18 Januarie 1921 is „The Hartebeestpoort North School" geopen in nommer 13 „Staff Quarters, Hartebeestpoort Irrigation Works, (H.I.W.) with an attendance of 27"[1] waar dit tot 1953 gehuisves is. In 1953 is ŉ nuwe gebou opgerig, maar toe weer aan die suidekant van die Magaliesberg en is bekend as die Generaal-Hendrik-Schoemanskool.

Terwyl die walkonstruksie sy voltooiing genader het, is ŉ begin gemaak met die Oos- en Weskanaal. Groot arbeiderskampe het ontstaan waar ontredderde gesinne huisvesting gevind het en skoolfasiliteite het noodsaaklik geword om die honderde kinders van die so nodige onderwys te voorsien.

Tydelike skoolgeboue van ŉ verplaasbare tipe van hout-en-sink en groot tente, wat saam met die werkskampe kon verskuif word namate die werk gevorder het, is opgerig; sodoende het daar vanaf 1922 tot die einde van 1926 die volgende skole ontstaan: Hartebeestpoort, Nuwekamp, Kampskole no's. 3, 4, 7, 8, 9, 10, Wolhuterskop-, Sonop-, Wolwekraal-, en Padkamp met ŉ totale inskrywing van ongeveer 1200 leerlinge.[2]

---

1) Vide die ou skooljoernaal van die Hartebeestpoortskool - (sedert 1953 bekend as Generaal-Hendrik-Schoemanskool.)

2) Vide die ou dokumente van die organiserende hoof soos bewaar by die Voorwaarts- en Vossskool in die distrik.

Omdat daar gedurig arbeiders van een afdeling oorgeplaas is na 'n ander, het dit nodig geword om die aparte skole onder een organiserende hoof met 'n agerende hoof aan elke skool, te organiseer. Die agerende hoofde was aan die organiserende hoof verantwoording verskuldig en hulle het van hom die nodige opdragte ontvang. Dieselfde lesskemas was deurgaans vir elke standerd van toepassing by al die skole en dieselfde werk is gedurende dieselfde spesifieke lesperiode gegee. Wanneer die kinders saam met hulle oorgeplaaste ouers na 'n ander kamp verhuis gedurende 'n skooldag, verloor hulle net die lesse gedurende die paar uur terwyl hulle trek. Wanneer die kinders arriveer op die nuwe kampplek, stap hulle gereed met skrifte en al die nuwe skool binne en het net nodig om die verlore paar lesse se werk van die klasmaats te kry en aan te teken, indien nodig.

Die organisasie van wyle mnr. Harold Voss was knap en hy het van die taak onder die moeilikste omstandighede en karigste fasiliteite 'n reuse sukses gemaak in samewerking met die personeel tot sy beskikking.

Uit elke inspeksierapport[1] blyk die volgende:

i. Treurige toestande waaronder gewerk word;

ii. Groot tevredenheid met die werk en vordering van die leerlinge;

iii. Lof aan die diensdoende personeel vir hulle opofferinge, want hulle het ook maar in sak- of asbeshutte moes inwoon en dit self moes meubileer, en

iv. Die kampskole het dieselfde leerplanne gevolg as die dorpskole.

Wat besonder opvallend was, is die bereikte resultate in hierdie skole. Destyds was st. VI 'n publieke en eksterne eksamen en die resultate het volgens die gelukwensingsbriewe van die inspektoraat elke keer getoon dat hier werk van uitstaande kwaliteit gelewer is. 'n Tipiese voor-

---

1) Hierdie Inspeksierapporte is te sien in die ou joernale van die Irrigasieskole en word bewaar by Wolwekraal-, Voss- en Voorwaatsskool. Hierdie rapporte is streng vertroulik en mag nie in die geheel weergegee word nie.

beeld toon die volgende soos in die joernale aangegee:

Dorpskole geslaag 67%

Buiteskole geslaag 76%

Kampskole geslaag 83%.

Hierby moet die volgende onthou word:

i. Die dorpskole en die kampskole het dieselfde leerplanne gehad.

ii. Die kampskole moes hulle werk onder uiters swak en moeilike omstandighede verrig vanweë swak geboue, verskuiwings, tekort aan materiaal en kinders wat onder uiters armoedige omstandighede verkeer het.

iii. Die moeilikhede i.v.m. die geskikte personeelvoorsiening; want die toestande waaronder die onderwysers moes werk en woon, was so treurig dat gekwalifiseerde onderwysers se verblyf hier van korte duur was, en die werk deur onopgeleides moes gedoen word, terwyl die skole feitlik 'n Opleidingskollege[1] was. Dit het 'n veeleisende taak op die skouers van die organiserende hoof en sy agerende hoofde gelê.

Hier moes onderwys gegee en opgevoed word. Sosiale opheffingswerk was net so noodsaaklik om hierdie mense wat hulle as minderwaardiges aangevoel het en deur andere bestempel is as „Kanaaljapies", te laat verstaan en te laat ondervind dat hulle ook waarde besit en waardevol kan word en wees. Die wil om te rehabiliteer moes opgewek en gekweek word. Hierdie goeie werk is gedoen en voortgesit en die resultate het nie uitgebly nie.

Twee omsendbriewe van die organiserende hoof onder datum 1:12:1926 is belangrik t.o.v. hierdie skole. Ons haal hulle ten volle aan:

---

1) Hier is destyds van baie onopgeleides se dienste gebruik gemaak. Die organiserende en agerende hoofde het hierdie onopgeleides teoretiese en praktiese onderrig gegee sodat hulle deur private studie en hierdie hulp in die betrokke eksamens kon slaag en kwalifiseer.

Hoofde en Staf,

Irrigasieskole,

1:12:1926.

My is opgedra deur die Wel Edele Heer F.S. Malan, Sekretaris van die Departement van Onderwys om u in kennis te stel met hoeveel genoeë hy die Irrigasie Skole op die 30e November besoek het.

Hy het 'n gunstige indruk op professionele sowel as op maatskaplike gebied ontvang en hy verlang hiermee dat ek sy belangstelling en waardering aan u oordra.

Hy verseker my verder dat hy 'n besef het van die moeilike omstandighede waaronder u u werk doen en dat hy seker is dat u in die toekoms dieselfde lojaliteit aan die Dept. sal toon ten voordele van die kinders van ons land.

Get. Harold Voss.

O.H.

Omsendbrief nr. 2 van dieselfde datum lui as volg:

Hoofde,

Irrigasie skole.

1:12:1926.

Soos u weet sal daar vanaf 10 Desember 1926 'n verandering kom in die voortsetting van die skole onder my toesig.

Ek wil graag die geleentheid gebruik om die waarnemende hoofde en assistente hartlik te bedank vir die werk wat hulle langs die weg gedoen het.

Ek hoop van harte dat die gees wat totnogtoe in die Irrigasie Skole geheers het in u werk in die toekoms sal uitblink.

Die werk was moeilik.

Die doel helder.

Ek wens u 'n gelukkige toekoms toe.

Get. Harold Voss.

O.H. 1)

---

L.W. Ons onderstreep.

1) Opgespoor in die ou lêers en joernale van Wolwekraalskool. Ander gegewens is ook verkry uit ou joernale by Voorwaarts- en Voss-skool- sowel as by Wolwekraalskool.

Uit die eerste brief blyk duidelik wat die taak en omvang van die werksaamhede was deur die woorde wat ons onderstreep het. Verder is dit ook nog duidelik watter belangstelling die Departement van Onderwys in hierdie skole en hulle werksaamhede gestel het, want sulke besoeke van óf die Direkteur óf die Sekretaris het volgens die ou joernale dikwels in die vier jaar, 1922 tot 1926 voorgekom.

Uit omsendbrief nr. 2 blyk die waardering van die organiserende hoof en die feit dat die tyd van die „Irrigasie Skole" beëindig was.

Vanaf 18:1:1927 vind ons in die ou joernale die begin van die Nedersettingskole wat in die plek van die Irrigasieskole ontstaan het min of meer op die plekke waar die betrokke Kampskole was en wat van nou af direk onder die Skoolraad geressorteer het.

Bestendiging was egter nog nie ꞌn voldonge feit nie en verskuiwings het nog gedurig plaasgevind totdat die nedersetters op hulle aangewese hoewes behoorlik gehuisves was en die kampe geheel en al verdwyn het nadat die Departemente van Landbou en Lande finaal oorgeneem het van die Departement van Arbeid op 1 April 1931.[1)]

Tog was dit nog nie die finale bestendigingstydstip in die verskuiwingsfase nie, want die vergroting van hoewes wat in 1934 plaasgevind het en die verplasing van sommige nedersetters na Groot Marico, het weer ꞌn verandering teweeggebring en volgens die ou skooljoernale en inspeksierapporte blyk dit dat ꞌn bestendiging eers einde 1935 ꞌn voldonge feit was. Aangesien die meeste skole slegs 3 tot hoogstens 6 myl van mekaar geleë is, moes die grenslyne van elke skooldistrik vasgestel word.

Uit ꞌn inspeksierapport oor ꞌn inspeksie op 27 en 28 Februarie 1936 lees ons die volgende: „Die Skool (Wolwekraal) wat uitsluitlik deur kinders van Nedersetters besoek word, het heelwat skommelinge ondergaan sedert sy ontstaan

---

1) Vide bl. 120 e.v.

as gevolg van die beleid van tyd tot tyd vasgelê deur die Uniale Departemente van Arbeid, Lande en Landbou." 1)

Uit die ou skooljoernale blyk ook duidelik dat die Direkteur van Onderwys (Transvaal) persoonlik van tyd tot tyd die skole op die nedersettings besoek het en dat daar baie gedoen is om die armoedige toestand te verlig en te verbeter, veral gedurende die droogtejare vanaf 1929 tot November 1933, die jaar waarin die lewensdrama in hierdie omgewing sy klimaks bereik het en die ellende so erg was dat dit byna gelyk het of die hele skema tot ŉ hopelose mislukking gedoem was. Ons was tydens die tydperk aan een van die nedersettingskole verbonde en dit was skrynend om die lustelose, ondervoede en swakgeklede kindertjies te aanskou. Die Departement van Onderwys en die S.A.V.F. in samewerking met die personeel van die skole het alles in hulle vermoë gedoen om te voed en te klee.

ŉ Opmerking wat ŉ mens deurgaans in die ou skooljoernale aantref, stem ooreen met die volgende van Wolwekraalskool onder datum 2 Mei 1933: „Die gemiddelde reënval gedurende die afgelope vier jaar was onder normaal. Gedurende 1931 en '32 was die water in Hartebeestpoortdam te min om enige oeste te maak. Die pagters en hulle gesinne ly gebrek. Groente en vrugte was die afgelope twee jaar onverkrygbaar. Die kinders is lusteloos, liggaamlik en geestelik swak en sieklik. Die Transvaalse Departement van Onderwys gee nou ŉ toelaag van 1/- per kind per week, waarvoor melk, vars vrugte en groente, rosyne, grondbone en vleis aangekoop word." (Dit was gedurende die ekonomiese depressie en daar kon dus heelwat met die geld gedoen word.)

Hierdie kritieke toestand sowel as die moeite wat deur die skoolpersonele en die liefdadigheidskomitees gedurende hierdie krisistyd gedoen is om enigsins die nood te verlig, staan ons vandag nog duidelik voor die gees.

---

1) Verkry uit die ou joernaal van Wolwekraalskool.

Geen liefde en vreugde word gesmaak as dit nie uit smart, verdriet en lyding gebore is nie - en so was dit ook hier.

Die klimaks in hierdie drama wat in die aanvangsjare hier afgespeel is, is bereik en die ontknoping het ingetree. Gelukkig was hierdie drama nie 'n tragedie nie, want toe die nag op sy donkerste was, het die dag gebreek en die nuwe dag het die landskap 'n vorm van bestendigheid en duidelike kenbaarheid, laat aanneem.

In die magistraatsrapportboek is dan ook 'n opmerking wat duidelik aantoon dat die lig sigbaar was:

„Since the great drought 1932-'33 and the end of the slump there has been a steady development in every direction and there is reason to feel that the district can look forward to further development agriculturally and commercially."

Hierdie opmerking het slegs betrekking op die ekonomiese sy, maar dit het ook sy ligkant in die onderwystoestande getoon.

In 1925 was hier 12 gevestigde skole in die omgewing wat in 1928 Britsdistrik geword het. Die gemiddelde inskrywing was 1118.4 leerlinge met 38 onderwysers. (Die Irrigasieskole van 1922 - 1926) is hierby uitgesluit.) Die ontwikkeling van die skole kan as volg saamgevat word:

| Jaartal | Getal gevestigde skole | Getal onderwysers. | Getal leerlinge Gem. Inskrywing. |
|---|---|---|---|
| 1925 | 12 | 38 | 1118.4 |
| 1930 | 20 | 91 | 2839.0 |
| 1935 | 20 | 100 | 2490.0 |
| 1940 | 21 | 121 | 2708.0 |
| 1945 | 23 | 134 | 3496.4 |
| 1950 | 23 | 141 | 3716.8 [1] |

Hierdie gegewens sluit die primêre sowel as die sekondêre skole van die Transvaalse Departement van Onderwys in. Die daling in die inskrywing tussen 1930 -'35 is toe te skrywe

1) Opgestel uit die gegewens wat goedgunstiglik deur die Transvaalse Onderwysdepartement verstrek is.

aan die herskommeling en vergroting van die hoewes in 1934 en soos reeds voorheen op bl.154 e.v. aangedui; verder is daar 'n geleidelike styging tot 1950 op te merk.

D. Middelbare Onderwys.

I. Die Hoër Huishoudskool Martha Human[1] op Hartebeestpoort word net onderkant die wal in die geboue van die personeel van die „Hartebeestpoort Irrigation Works", gehuisves. Die skool is eintlik 'n geesteskind van Mej. M. Gutter wat welsynswerk in hierdie omgewing tydens die konstruksiewerke en later in die eerste jare van die Nedersetting onder ds. E.J.J. van der Horst, Welvaart Superintendent van die Nedersettings, gedoen het. Hulle het albei gevoel dat dit noodsaaklik is dat daar 'n beroepskool vir die dogters van die nedersetters, wat nie in die geleentheid was om ná standerd VI na middelbare skole te gaan nie, gestig moet word. Ds. van der Horst het hierdie gedagte aanhangig gemaak by die destydse Departement van Unie-onderwys.

Hierdie gedagte het dadelik byval by wyle mnr. George Hofmeyer, Sekretaris van die Departement van Unieonderwys (U.O.D.) gevind.

* Die U.O.D. het destyds reeds die behoefte aan beroepskole diep gevoel aangesien daar toe nog weinig vir beroepsonderwys gedoen is, en feitlik niks op die Transvaalse platteland nie.[2] Wyle mnr. Hofmeyer het hom hart en siel in hierdie groot volksaak gewerp aangesien hy in die opheffing van die minderbevoorregte Afrikanerdogters en -seuns besonder belanggestel het. Onder die onvermoeide ywer van sy opvolger, dr. S.F.N. Gie, het die idee nou begin vorm

---

1) Gegewens is verkry uit die ou skooljoernale en ons persoonlike kennis van die feite, en feite wat aan die lig gekom het gedurende die 21-jarige feesvierings op 14:3:1948 soos weerspieël uit die toesprake en ook uit die Artikels van mnr. Japie van Zijl (Voorsitter van die Adviserende Raad) Mevr. R.J. Pienaar (Mej. Martha Human hoof vanaf 1927 - '45) Mrs. G.M. Linscot (Miss Chattey, Inspektrise) en Dr.G.W. Eybers (Sekretaris van die Dept. van Unie-onderwys). Vir die arts. Vide Gedenkboek Hoërhuish. skool. Hartebeestpoort, 1927 - 1948.

2) Vide ook: Malherbe E.G.: „Onderwys en die Armblanke," Carnegie Verslag: a.w. bl. 52-67 en Grafiek 2 op bl.73 en Grafiek 3 op bl. 75 van a.w.

aanneem en met manne van dr. Gie se kaliber soos mnr. Japie van Zijl, dr. Louis van Schalkwyk, mnr. Dawie le Roux en dr. G.W. Eybers het die stigting van die skool gou 'n werklikheid geword.

In daardie dae was dit 'n baie gewaagde onderneming van die U.O.D., want dit sou 'n nuwe soort skool wees, met 'n nuwe program, 'n nuwe uitkyk, ver van die naaste dorp en in 'n betreklike afgesonderdheid. Daar was die groot vraag of die ouers die skool sou ondersteun, aangesien ouers tog geneig voel om hulle kinders na gevestigde inrigtings te stuur i.p.v. hulle te laat onderwerp aan die nuwe eksperiment. Die leuse van die Departement was hier: „as daar nie gewaag word nie kan daar nie gewin word nie."[1]

Op die 14e Maart 1927 is die skool gestig en is daar van die leë geboue van die Departement van Besproeiing gebruik gemaak. Groot veranderings moes aan die geboue aangebring word om hulle dienstig vir die doel van onderwys en huisvesting te maak.

Mej. Martha Human na wie die skool later vernoem is, het onder uiters moeilike omstandighede die aanvoorwerk begin en die baanbrekerstaak verrig. Op die 15e Maart 1927 het die eerste 5 dogters opgedaag. Die getal het stadig gegroei en die personeel en dogters moes sonder die hulp van bediendes ses maande lank hard werk om alles te behartig. Aanvanklik het dit geskyn of groeikrag ontbreek het omdat die idee posgevat het dat die skool slegs vir minderbevoorregtes en onintelligentes bedoel en geskik was. Die nedersetters was ook nie besonder gretig om hulle dogters hierheen te stuur nie. Soos ons kon vasstel het die ouers aan 'n minderwaardigheidsgevoel gely en was die mening toegedaan dat die skool spesifiek bedoel was vir die minderbevoorregtes. Hulle het gekrenk gevoel dat dergelike inrigtings net bedoel en geskik was vir diegene wat 'n las in

1) Eybers, Dr. G.W. artikel in genoemde Gedenkboek bl. 7.

en vir die samelewing gewees het. Omdat hulle hulle eie eer wou red, het hulle halstarrig hulle verset teen hierdie idee en onderwysinrigting.

In oorleg met dr. Gie is die skool toeganklik vir alle dogters in die Transvaal gemaak en langs hierdie weg is die idee dat die skool slegs vir die armmansdogter en vir die minder intelligentes bedoel is, vir goed uit die weg geruim.

Opvoedingswerk is hier gedoen om 'n trots by die ouer en die kind vir die inrigting op te wek. Ons dink aan die deelname aan kunswedstryde in sang, musiek en voordrag; sportaktiwiteite soos korfbal en atletiek, uitstallings van mooi naaldwerk, heerlike gebak, e.d. waarby baie eerste pryse behaal en bekers en skilde verower is sodat die naam van die skool weldra op die lippe van elkeen hier in die distrik en menigeen daarbuite gelê het. Met trots is van die prestasies van hierdie skool melding gemaak. Dit het die gewenste uitwerking gehad, en vandag verlaat baie dogters selfs die middelbareskole om in hierdie inrigting hulle opleiding te kom ontvang.

Hierdie skool was feitlik 'n proefstasie van die U.O.D. Hier moes allerlei planne van die Departement uitgetoets word. Die Departement het nie net alleen probeer om hier goeie personeellede op te lei nie, want baie van hierdie dogters wat hier opgelei is, het aan hierdie skool sowel as aan ander inrigtings van die Departement as onderwyseresse en instruktrises waardevolle dienste gelewer en hulle lewer dit nog terwyl hulle ook hulle plekke op ander terreine in die sosiale lewe met eer volgestaan het.[1]

In hierdie inrigting is eersteklas toekomstige huisvrouens en moeders wat 'n sieraad vir hulle omgewing is sowel as vroue wat in die verskillende vertakkings van die same-

---

1) Ons verwys hier na die genoemde Gedenkboek na die artikels van Eybers, Dr. G.W.; en Pienaar, Mevr. R. (Mej.) M. Human ; en van Zijl, J.E. en het betrekking op al die gegewens vanaf voetnoot (1) bl. 304.

lewing hulle plekke met eer volstaan, opgelei.

Na 18 jaar diens wat deur die Departement eervol vermeld word, sowel as deur die hele plaaslike omgewing, het mej. Human die tuig neergelê en is opgevolg deur mej. C. van Rooy wat die goeie werk waardig voortgesit het totdat die skool na 25 jaar 'n volwaardige Hoër Huishoudskool geword het waar dogters tans ook vir die Seniorsertifikaat opgelei word. Die leerplan is uitgebrei. Die dogter kan haar nou ook bekwaam vir enige ander taak of roeping waartoe sy deur die breër opleiding volgens die doelstelling, in staat gestel mag word. Die doelstelling soos deur die Departement gestel, kom kortliks op die volgende neer:

(a) Om dogters op te lei om goeie en bekwame huisvroue en moeders te wees wat 'n gesonder onderlinge verhouding sal skep in die huis sowel as tussen die huis en die samelewing.

(b) om dogters voor te berei om betrekkings te beklee in die handels- en industriële wêreld, as ook in die staatsdiens en meer vroulike betrekkings soos kleremaaksters, e.d.

(c) om kultuur, 'n Godsdienssin, 'n verfynde leefwyse en ander sosiale deugde in die dogters te bevorder.[1)]

Wat hierdie doelstelling betref kan maar net gesê word dat dit reeds die fondament was waarop al die jare gebou en uitgebou is, maar feitlik nou eers geformuleer is.

Baie van hierdie leerlinge beklee reeds belangrike en verantwoordelike betrekkings in die handels- en industriële wêreld en in die staatsdiens, en baie het ook hulle eie besighede as kleremaaksters ter plaatse en elders.

Ons het kennis gemaak met hierdie dogters as onderwyseresse van die U.O.D. in nywerheidskole of ander huishoudskole waarvan die hoofde ons verseker het dat hulle uitstekende werk verrig.

Ons ken hulle as matrones in koshuise, verpleegsters en hospitaalsusters, klerke in kantore, baie as huisvrouens

---

1) Vide die betrokke leerplan.

en moeders in die huise van vooruitstrewende boere, amptenare, onderwysers en predikante. Ons moet erken dat hierdie inrigting onskatbare dienste aan die samelewing bewys het. Hier is waardige vroue en moeders wat in 'n verskeidenheid van samelewingsvertakkinge hulle plekke met eer volstaan, opgelei, en hierdie opleiding word nog voortgesit.

II. Landbouonderwys.[1)]

Toe die Departement van Unie-Onderwys in 1925 beroepsonderwys van die provinsiale departemente van Onderwys oorgeneem het[2)] was daar nog maar baie min aan landbouonderwys in die Transvaal gedoen.[3)]

In 1928 het die U.O.D. verskeie Landbouvakskole deur die land asook een op Brits aan die Mamagaliesrand ongeveer 4 myl noord van Britsdorp op die plaas Krokodilpoort gestig. Die geboue van die Ooskanaal-hoofkwartiere is vir die doel betrek omdat die werksaamhede aan die kanaal afgehandel en die geboue ontruim was.[4)] Hierdie kwartiere, tesame met 50 morg onbeboude en nog onontboste grond, is aan die U.O.D. oorgedra. Hier sou die nuutgestigte Landbouvakskool ontwikkel, waar veral, volgens die stigtingsdoel, die seuns van die nedersetters onder die Hartebeestpoortse Besproeiingskema opgelei kon word.

Die inskrywing was in die begin belowend, maar later nie net teleurstellend nie, dog kwynend. Die redes wat vir hierdie agterwaartse koers aangegee word, is die volgende:

i. Die kursus wat na st. VI begin het, was hoofsaaklik prakties en het na twee jaar en soms na twee en 'n half

---


1) Gegewens verstrek, is verkry van die Hoof van die Landbou Hoërskool, tensy anders vermeld.

2) Vide Art. 12 van De Financiële Regelingswet 1925 (Wet nr. 43 van 1925.) art. 12 handel oor die „Overdracht van zekere Onderwijsdiensten van de Provincies naar de Regering.

3) Malherbe E.G.: Carnegie Verslag a.w. Deel III bl. 54.

4) Vide foto nr. XXX op bladsy 308/309.

Foto nr. XXX.



Landbou Hoërskoolgeboue aan die Mamagaliesrand. Verder in die agtergrond links lê die omgewing na Brits



Landbou Hoërskool in die voorgrond links; en regs lê Mamagalieskraal in die agtergrond

jaar uitgeloop op 'n diploma wat in die publieke lewe nie veel erkenning erlang het nie;

ii. boerderytoestande was baie moeilik en onaantreklik weens die swak reënval, min water in die dam, die swak en onlonende pryse van tabak en koring weens die ekonomiese depressie (1930 - 1937 ongeveer) en omdat die skool toe nog veral die seuns van behoeftige ouers getrek het, het dit ook bygedra dat die kursus nie veel aantrekkingskrag vir ander meer gegoede seuns gehad het nie.

Die inskrywings het op Brits so gekwyn en gedaal net soos oral in die land, dat die U.O.D. besluit het om hierdie landbouvakskole terug te gee aan die provinsiale departemente.[1)]

Op 1 April 1938 is hierdie skole weer deur die provinsiale departemente oorgeneem.[2)] Die Transvaalse Departement van Onderwys het baie gou besef dat die kursusse aan hierdie skool opgeknap moet word sodat die skool dieselfde peil as die van ander middelbare skole van hierdie Departement kan bereik.

Die eerste stap was dat die ou tweejarige kursus so verbeter is dat dit kon lei tot die verkry van die volwaardige Juniorsertifikaat. Hierby het dit egter nie gebly nie, want in 1941 is die kursus nog verder uitgebrei sodat dit tot die Transvaalse Eindsertifikaat van die Middelbareskool kon lei soos by ander middelbareskole, maar met die verskil dat landbouopleiding, teoreties sowel as prakties 'n prominente deel van die kursus moet uitmaak.

Die belangstelling het dadelik begin groei en die inskrywings het gestyg, nie net van seuns uit Britsdistrik afkomstig nie, maar vanuit al die provinsies en selfs van

---

1) Malherbe, Dr. E.G.: Carnegie Verslag, deel III, a.w. bl. 63 sê (1932) dat die U.O.D. 7 Landbouskole in die land het met 'n bietjie meer as 200 leerlinge d.w.s. gemiddeld 30 leerlinge per skool, en vra behoorlike ondersteuning.

2) Vide Die Wet op oordrag van Landbouskole, 1937 (Wet nr. 30 van 1937) veral art. 2 (i) wat ook die inwerkingtreding vasstel op 1 April 1938.

buite die grense van die Unie,[1] want hierdie Landbouvakskool het 'n volwaardige Landbou Hoërskool geword en is tot op datum (1952) die enigste van sy soort in die Transvaal.

Die belangstelling het so gegroei dat die getalle so gestyg het dat ekstra koshuisakkommodasie noodsaaklik geword het en tog moet talle aansoeke jaarliks van die hand gewys word. Daar is akkommodasie vir 145 seuns in die koshuis en voldoende wonings vir die personeel. Geen dagskoliere word ingeskryf nie omdat die leerplan en lesrooster dit nie toelaat nie daar die seuns so vroeg as 4 of 5 uur in die oggend in die somer of winter onderskeidelik met hulle praktiese opleiding begin.

Die kursus is nou so gewysig dat dit ook, indien verkies deur leerlinge, kan voldoen aan die vereistes van die Matrikulasieraad om toelating tot die Universiteit te verkry.

'n Skool van hierdie tipe kan nie te groot getalle leerlinge hê nie omdat dit prakties te lomp word en die nodige intensiewe landbouopleiding bemoeilik.

Die Departement besef egter die waarde van hierdie opleiding vir ons seuns wat in die boerdery as 'n toekomstige loopbaan belangstel en daar is sprake om meer sulke skole in ander klimaatstreke van die Transvaal te stig om seuns die geleentheid te gee om ook opleiding in die ander vertakkinge van die boerdery te kry. 'n Studie in skaapteelt en wol is op Brits byvoorbeeld uitgesluit en word slegs teoreties behandel.

Volgens die hoof van die skool op Brits het die Natalse Departement van Onderwys hierdie skool se uitgetoetste leerplankursus vir sy Landbou Hoërskool oorgeneem.

Hierdie skool het reeds die weg op 'n waardige wyse aangetoon en 'n duidelike koers vir die uitbreiding van

---

1) Volgens die 1951-sensusopgawes was in hierdie skool 8 seuns uit Britsdistrik, 111 uit ander Transvaalse distrikte, uit die O.V.S. 2, Natal 6, Kaapprovinsie 5, S.W. Afrika 2, Rhodesië 6 en uit die Belgiese Kongo 2. Hierdie gegewens stem ook ooreen met die in die admissieregister van die skool.

landbouonderwys in ons Provinsie aangedui.[1)]

Die skool word nie net deur die seuns van boere besoek nie, maar ook deur die seuns van medici, onderwysers, magistrate en van ander professies of beroepe.[2)]

Die kursus sluit die volgende vakke in: Afrikaans, Engels, Wiskunde of Boekhou-Rekenkunde en dan die verpligte landbouwetenskappe teoreties en prakties soos: Akkerbou, Tuinbou, Pluimvee, Veeteelt, Suiwelbereiding en Ambagte. Boekhou-Rekenkunde sluit gewone boekhou en spesiale plaasboekhou en Rekenkunde wat tot st. X geneem kan word, in. In standerds VII en VIII word Algemene Wetenskap geneem.

Seuns kan kies tussen Wiskunde en Boekhou-Rekenkunde; verder is die ander vakke verpligtend, terwyl die landbouvakke as twee st. X-vakke beskou word onder die benaming Landboukunde en Praktiese Landbou. Die ses verpligte vakke vir st. X is: Afrikaans, Engels, Natuur- en Skeikunde, Wiskunde of Boekhou-Rekenkunde, Landboukunde en Praktiese Landbou. Hieruit kan afgelei word dat die kursus aan hierdie skool die fondament vir ŉ natuurwetenskaplike rigting aan die Universiteit lê en daarby veral vir ŉ graad in Landbou bedoel is.

Seuns wat hier die Eindeksamen van die Middelbareskool afgelê het, het die bewys in hierdie distrik sowel as in ander distrikte gelewer dat hulle puik boere is. Die opleiding is ook deeglik genoeg of hy nou sy eie boerdery gaan begin, of as ŉ bestuurder op ŉ grootboerdery gaan optree, of aan die Universiteit in die fakulteite van Veeartsenykunde, Veeteelt, Landbounavorsing, Akkerbou, of Algemene Landbou wat as kursus vir uitbreidingsbeamptes bedoel is, gaan studeer.

---

1) Meegedeel deur die hoof van die Landbou Hoërskool op Brits. Hy dien ook op ŉ komitee van die Transvaalse Departement van Onderwys i.v.m. hoër landbouonderwys in die Provinsie.

2) Vide die toelatingsregister van die skool, waar in die bestemde kolom die beroep van die ouer aangeteken word.

Die skool beskik oor 'n bekwame en deeglik opgeleide personeel van tien onderwysers vir die 145 seuns van st. VII tot X, sowel as twee deeltydse onderwysers wat die seuns in sang afrig. Godsdiensonderrig neem 'n waardige plek as 'n nie-eksamenvak in.

Om 'n goeie denkbeeld te kry van wat hier plaasvind buite die skool se interne aangeleenthede, haal ons 'n stukkie uit die jaarrapport (1951) oor die skool, aan.

„Hierdie jaar is gekenmerk deur besonder uitstaande resultate op sport- en ander terreine. Elkeen van die vier rugbyspanne het in hulle onderskeie afdelings die ligabeker verower, ons gewilde kaptein Hennie Venter, het ons in die interstad wedstryd tussen Pretoria en Johannesburg verteenwoordig; op die skietbaan het ons kadette-afdeling in die Imperiale Uitdaagwedstryd die Eerste Minister-trofee gebuit; ons seunskoor het in hulle afdeling op die kunswedstryd die eerste plek verower; in die Bybelkenniseksamen wat in Maart geskryf is, het al 84 seuns wat vir die hoër afdeling ingeskryf het, geslaag: 5 met hoogste lof, en 39 in die eerste klas; op die atletiekveld is met die interspanne-kompetisie 16 nuwe rekords opgestel en met die Inter-Hoërskoolse Kompetisie het albei die Senior- en Juniorspanne die eerste plek behaal."

Benewens hierdie genoemde buitemuurse aangeleenthede neem die seuns ook deel aan hulle eie skooldebatte wat verpligtend is, en hulle tree in die Volkspele Kompetisie saam met die meisies van die Hoër Huishoudskool op."

Hierdie skool dra dus sy volle deel by in die opvoeding en onderwys van die jeug op al die verskillende terreine van die lewe en veral op landbougebied. Die landbou is besig om oor die algemeen in 'n spesialiserende rigting te ontwikkel, en daarom is die bestudering en beoefening daarvan as 'n wetenskap in sy verskillende vertakkinge onontbeerlik vir die toekomstige landbouer.

Op die Landbou Hoërskool waar die seuns onder toesig verantwoordelike take opgelê word en wat die seuns ten goede kom op hulle jaarpunt, ontwikkel die seuns 'n sterk verantwoordelikheidsbesef. Die take, om verantwoordelikheid te aanvaar, sluit die bou van hoenderhuise, versorging van diere, versorging van plante en bome, e.d. in. Elke senior het 'n groep juniors onder hom om take soos op die rooster vasgestel, te verrig. Die senior dra die verantwoordelikheid van sy groep en doen verslag aan die betrokke onderwyser wat 'n inspekterende oog hou. Hierdie seuns kan verantwoordelikheid aanvaar omdat hulle dit as 'n deel van hulle opvoeding geleer is en geleer het. Hierdie take wissel van groep tot groep na twee weke sodat elke groep ervaring van die verskillende afdelings van die praktiese landbou kan opdoen. Hierdie werksmetode het groot opvoedkundige waarde en verdien 'n breër toepassing.

III. Akademiese en Praktiese Middelbare Onderwys. 1)


In die nabyheid van Britsstasie het sedert 1910 'n klein tweemanskool vir primêre onderwys bestaan, maar dit het sodanig uitgebrei dat dit in 1925 reeds 5 onderwysers op die personeel en 'n gemiddelde inskrywing van 175.6 leerlinge gehad het. Aan die einde van 1928, die jaar van die stigting van die distrik en dorp, was hier 6 onderwysers en 'n leerlingtal van 200. Die skool het opleiding vanaf die grade tot st. VI verskaf, maar aan die einde van 1928 is dit van Departementsweë toegestaan om die volgende jaar met st. VII te begin.

Vantevore het die kinders wat in st. VI geslaag het en wat verder wou leer na Rustenburg of Pretoria met die oog op sekondêre onderwys gegaan.

Op 30 Januarie 1929 het mnr. P. Imker Hoogenhout die skool met die oog op die toegestane st. VII-klas besoek en

1) Dit is die benaming waarmee die Transvaalse Departement van Onderwys sedert 1953 die Middelbareskole noem wat opleiding vir die Universiteit, handel en ambagte verskaf. Vide ook foto nr. XXXI op bladsy 313/314.

Foto nr. XXXI.



**Speelgrond aan agterkant van Brits Hoërskool**

hierdie toegestane uitbreiding sou dan ook van jaar tot jaar plaasvind totdat daar uit die skool self 'n st. X-klas ontwikkel het.

Op 28 Februarie 1929 was die inskrywing 316 leerlinge van wie 45 in st. VII was. Op die 4e Februarie 1932 was daar 57 leerlinge in st. VII en 30 in st. VIII. Op 20 Januarie 1936 is 'n begin toegestaan met die verdere uitbreiding deur st. IX toe te laat. Die sekondêre afdeling aan die skool het toe 63 leerlinge in st. VII, 41 in st. VIII en 18 in st. IX gehad. Deur die magtiging van die T.O.D. is met 'n st. X-klas van 16 leerlinge op 18 Januarie 1937 begin.

Volgens die kennisgewing moes die sekondêre afdeling 'n proefperiode van 5 jaar deurmaak om te kan vasstel of dit sy bestaan en voortbestaan sal regverdig.

Sedert 1937 het Sonopskool op die nedersetting van die Departement van Volkswelsyn ook 'n middelbare afdeling gekry wat sou uitbrei tot st. VIII, maar einde 1940 is hierdie sekondêre afdeling gesluit ten voordele van die Brits Hoërskool en gevolglik het die getalle in die skool op Brits toegeneem.

Die sekondêre afdeling van die skool op Brits is aan die begin van die derde kwartaal 1942 as 'n volwaardige sekondêre skool afgestig sodat die primêre en sekondêre afdelings voortaan as twee aparte skole sou voortbestaan. Die sekondêre skool het toe 329 leerlinge op die rol met 17 personeellede gehad.[1)]

Intussen is 'n groot en moderne gebou wat toe uitsluitlik deur die primêre skool betrek is, opgerig, terwyl aan die bestaande primêre skoolgebou 'n paar klaskamers, 'n laboratorium, 'n huishoudkundesentrum en 'n houtwerksentrum aangebou is. Hierbenewens kan 'n paar los hout- en sinkgeboue, 'n paar tente en die skaduwee van 'n seringboom

---

1) Opm. Gegewens is verkry uit die betrokke skooljoernale.

gevoeg word om die totaliteit van die sekondêre skoolgebou aan te dui.

In 1945 is die primêre skool uitgebrei tot 'n Juniorhoërskool deur die toevoeging van 'n sekondêre afdeling tot st. VIII waar aandag aan die praktiese vakke soos tik, snelskrif, en „shorthand" in die handels- en klerklike rigting gegee sou word, terwyl die middelbareskool voortaan net die akademiese sy sou behartig.

In November 1945 is die hoeksteen van die nuwe en huidige middelbareskool gelê, en aan die begin van 1947 moes hierdie gebou in 'n onklaartoestand betrek word, daar die Juniorhoërskool so uitgebrei het dat die grade en st. I afgestig is tot 'n Juniorskool wat voortaan in die ou Middelbareskoolgebou gehuisves sou word. Die gebou is gedurende 1946 vir die doel verbreek, verbou en omgeskep.

Aan die begin van 1950 sluit die Brits Juniorhoërskool en die st. VI, VII en VIII leerlinge word weer oorgeplaas na die Brits Hoërskool saam met 7 personeellede. Die Brits Juniorskool word ook gesluit en oorgeplaas na die ou Juniorhoërskoolgebou wat voortaan bekend sou wees as die Laerskool, Brits, en die geboue van die Juniorskool is omgeskep tot 'n meisieskoshuis van die Brits Hoërskool.

Hierdie sekondêre skool het nou ook van karakter verander daar hy voortaan sowel die akademiese as die praktiese opleiding sal verskaf.

Hierdie skool is verteenwoordigend van die distrik daar al die leerlinge vanaf st. VI na die Brits Hoërskool per bus vervoer of in die koshuise gehuisves word as hulle verder as 10 myl van die skool af woon. Dit is dan ook die vergadersentrum van die leerlinge van die dorp en die distrik en assodanig is dit insiggewend en 'n weerspieëling van die breinkrag en moontlikhede van die distrik.

Die leerlingtal van die Brits Hoërskool het dan gestyg van 546 in 1950, 670 in 1951 tot 741 in 1952. Hierdie laaste getal sal min of meer die gemiddelde bly tensy die

st. VI-leerlinge van die verderafgeleë laerskole ook hierheen moet kom. Die skatting van die Inspekteurs van Onderwys en die Skoolraadsekretaris is dat die getal moontlik kan styg tot oor die 1,000.[1)]

Hierdie skool het nieteenstaande sy metamorfose tog sy plek volgestaan en daar is en was studente in byna elke Universiteit van die Unie en in die Onderwyskolleges sodat daar vandag talle van die oudleerlinge onderwysers in laerskole sowel as in middelbare skole is. Daar is ingenieurs, prokureurs, advokate, predikante, mediese praktisyns, tandartse, ouditeurs, e.d. wat aan die skool die Eindeksamen van die Middelbareskool afgelê het. In die staatsdiens, spoorweë en hawens en poswese is talle vandag werksaam, wat hulle opleiding hier gekry het. In die besigheidswêreld en ander kantore is daar baie klerke wat hulle handels- en klerklike opleiding hier ontvang het.

Sedert 1942 het die persentasie druipelinge in die Eindeksamen van die Middelbareskool aan hierdie skool van jaar tot jaar gewissel vanaf 0 persent tot hoogstens 22 persent wat eenkeer voorgekom het en op 'n gemiddelde basis bereken, het dit die 11.7 persent merk gehandhaaf. As die een jaar buite rekening gelaat word, staan die gemiddelde op 8.6 persent druipelinge.

Volgens die gegewens van die Transvaalse Onderwysdepartement vanaf 1946 tot 1952 was die gemiddelde persentasie druipelinge in die Eindeksamen van die Middelbare Skool in die Transvaal 16.7 persent jaarliks. As ons die uitslae van die genoemde eksamen oor die genoemde tydperk vergelyk, dan tref ons die resultate van die provinsie in vergelyking met die van Brits Hoërskool as volg aan:

---

1) Gegewens is verkry uit die betrokke skooljoernale en ons persoonlike kennis van die feite, daar ons sedert 1946 'n lid van die personeel van Brits Hoërskool was.

| | Transvaal[1] | Brits.[2] | |
|---|---|---|---|
| | 13.8 persent | 13.4 persent | eerste klas |
| | 62.9 " | 74.3 " | slaag |
| | 6.6 " | 3.7 " | hereksamen |
| | 16.7 " | 8.6 " | druip. |
| Totaal | 100.0 | 100.0 | |

Die hereksamen vind gewoonlik in die een of ander vak waarin die leerling gedruip het, plaas, mits so ŉ leerling ŉ gemiddelde persentasie van 40 behaal het.

Hiervolgens kan ons dan ook aflei dat wat die eerste klas betref, ewenaar Brits byna die provinsie terwyl Brits die provinsie oortref met 11.5 persent in die geslaagdes, daarby het Brits ŉ kleiner persentasie wat ŉ hereksamen moet aflê in een vak en wat druip.

Op kulturele en sportgebied is die skool ŉ opvoedkundige sentrum wat reeds baie gepresteer het. Die skool is en bly dus die opvoedkundige sentrum, veral as die onderwysers met ŉ hoë ideaal besiel is.

E. Moraal, Moraliteit, Kriminaliteit en Rehabilitasie.

Soos reeds voorheen in hierdie hoofstuk aangetoon en soos deur die jare van partisipasie en waarneming vasgestel kon word, lê die morele opvattings van die gevestigde ou families wat sedert die Groot Trek hier woon, geanker in die kern van hulle opvoeding as nasate van ŉ diep godsdienstige Voortrekker voorgeslag.

Die morele opvattings het ŉ sterk invloed uitgeoefen op die nedersetters wat as intrekkers uit ander distrikte en provinsies hier geplaas is om te rehabiliteer. Hierdie tradisievaste morele opvattings is verstewig deur die kerklike afstigtings en die meer intensiewe kerklike bearbeiding asook deur die skoolinvloed, wat van omvattende betekenis op die sedes en gewoontes was.

---

1) Vide Jaarverslae 1946 tot 1950, T.O.D., Staatsdrukker, Pretoria Bylae I afd. II.

2) Vide Skoolrekords, Hoërskool, Brits.

Die ou families, het gedurende die konstruksiewerke heeltemal in afsondering gelewe deur geen sosiale omgang met die talle arbeiders in die arbeidskampe te hê of toe te laat nie, daar hulle van allerhande vorme van losbandigheid in die sedes en gewoontes in die arbeidskampte wete en te hore gekom het. Sosiale omgang het toe eers plaasgevind nadat die keuring en plasing van die nedersetters op die hoewes 'n voldonge feit was. Die sosiale omgang was toe ook sporadies en net wanneer dit noodsaaklik was.

Die gesinne van die intrekkers wat hulle skuldig gemaak het aan losbandigheid aan huis of elders, is vermy en dit word vandag nog gedoen.

Vroeër (d.w.s. voor 1900) is onder die ou families twee groepe aangetref wat vanweë hulle kerklidmaatskap en sekere morele opvattings, streng geskei was. Hierdie skeiding was die resultaat van wat, volgens hulle Christelike beskouing, as toelaatbaar of nie as toelaatbaar en oor wat as losbandig of nie as losbandig beskou moet word.

Hierdie twee groepe is oor en weer genoem Verenigdes (lidmate van die Ned. Herv. of Geref. Kerk) en Doppers (lidmate van die Gereformeerde kerk).

Die Doppers het byvoorbeeld dans en die gee van danspartye as 'n ernstige misstap bestempel en dit beskou as 'n vorm van losbandigheid; hiervan het hulle hulle kinders streng weerhou asook die verbod om met die wat wel dans te meng, gehandhaaf. Die Verenigdes het dans oor die algemeen as 'n onskuldige vermaak bestempel, maar beweer dat deur dans sonde kon kom.

Na die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902 het baie van hierdie Verenigdes die nuwerwetse en uitheemse danse afgekeur en veroordeel. Hulle het in elk geval hulle kinders toegelaat om na danspartye te gaan waar daar deur ouer mense toesig gehou is, maar baie van hulle wat dit toegelaat het, was in beginsel daarteen gekant om danspartye aan hulle eie huise toe te laat. Hulle het hulle kinders ook verbied om

danspartye van publieke aard in hotelle of ander publieke plekke by te woon omdat hulle van mening was dat daar makliker sonde deur die dans op sulke plekke kon kom as in private woonhuise.

Hulle het hulle kinders ook nie toegelaat om na danspartye te gaan aan private huise waar dit bekend is dat die bewoners vryelik drank gebruik of misbruik nie. Hulle was nie gekant teen matige drankgebruik nie, maar het die misbruik en dronkenskap skerp afgekeur en met afkeer bejeën.

Die danspartye wat altyd onder toesig gehou was, moes op Saterdagaande stiptelik om 11.55 nm. ophou, want om 12 uur begin Sondag en dit sou dan Sabbatsontheiliging beteken. As daar op so 'n dansparty onreëlmatighede soos vegterye of dronkenskap voorkom, is sulke onwenslike persone verwyder en as die verwydering van die onwenslikes nie plaasvind nie, is die danspartye by dergelike plekke later vermy.

Gedwonge huwelike het so seldsaam voorgekom dat dit buite rekening gelaat kan word. By albei die groepe was die moraal in hierdie opsig hoog en die morele opvattings was baie skerp teenoor so iets as dit mag voorkom.

Diefstal is in 'n baie ernstige lig beskou terwyl aanranding van jou rasgenoot net so ernstig bejeën is. Wanneer die aanranding op 'n persoon van 'n ander ras, bv. 'n Engelsman of naturel, gepleeg is, is dit gewoonlik as 'n kordaatstuk beskou, veral as die ander 'n baie geringe aanleiding tot so 'n daad gegee het.

Die algemene opvatting dat jou ja, ja en nee, nee moet wees, was 'n strenge publieke eis vir die betroubaarheid van die indiwidu. 'n Man wat met ede sy betroubaarheid bevestig het, is as ligsinnig bestempel en aan sy betroubaarheid is weinig waarde geheg. Dikwels moes ons die uitdrukking hoor: „Jy kan daardie man nie vertrou nie, want hy sweer te maklik." Eerlikheid is altyd as 'n uitstaande deug beskou wat saam met opregtheid en regverdigheid gepaard gegaan het. Oneerlikheid, onopregtheid en onregverdigheid is so met

weersin bejeën dat so 'n persoon feitlik geen vriend in die omgewing het nie en is as sodanig vermy. As so 'n persoon miskien sy spyt te kenne gee t.o.v. sy gedrag, is hierdie spyt bestempel as: „Wees maar op jou hoede vir hom, 'n jakkals verander van haar maar nie van nukke nie."

Dit kan gesê word dat die moraal van die ou families hoog was en die morele opvattings was oor die algemeen gebaseer op die Wet van Exodus 20 en volgens die uiteensetting daarvan in die Heidelbergse Kategismus. Die nasate het hulle aan die opvoeding van die voorgeslag gehou en dit voortgeplant.

Daar is dan ook 'n noue samehang tussen die moraal van 'n persoon en die groepskarakter van die groep waarvan so 'n persoon lid is. Waar 'n spesifieke morele opvatting in so 'n groep bestaan, is daar ook alle aanduidings dat die moraliteit die handhawing van die moraal gunstig is.

Hierdie invloed het so 'n sterk houvas op die nedersetters gekry dat dit hulle moraal ook bepaal het, alhoewel sommige van hulle tog wel goeie getuienis het dat hulle ook van hoogstaande morele opvattings was.

Die morele opvattings veroordeel die volgende kriminele oortredings as baie ernstig: diefstal, diefstal onder valse voorwendsels, diefstal deur toe-eiening, diefstal deur bedrog, crimen injuria, (onsedelike aanranding), moord, poging tot moord, wreedheid teenoor kinders en pligsversuim teenoor kinders, dieremishandeling, drankmisbruik en oortreding van die drankwet, beskadiging van die eiendom van andere, meineed, bigamie, die oortreding van die ontugwet tussen blank en nie-blank en die weerhou van loon.

Maar kriminaliteit in die volgende opsigte: oortredings van die skietwet, aanranding op persone van 'n ander ras gepleeg, veral as die persoon aanleiding gegee het, oortredings van die besproeiingswet en die van die motorordonnansies en verkeersregulasies, omheiningswet, skoolbesoekregulasies, wantbetaling van belastings, e.d. word

nie as baie ernstig beskou nie. Wanneer vonnisse vir oortreding hiervan opgelê word, word dit nog altyd beskou as iets om te vertel, selfs om oor groot te praat, en by sommige wil dit voorkom asof hulle dit as 'n onregmatige inmenging met hulle „regte" beskou en dat die soort oortreding 'n kuns is om te begaan, maar jy moet net nie gevang word nie.

Volgens die kriminele oortredings wat deur alle blankes gepleeg is en waaroor vonnisse opgelê is sedert 1923 tot 1950 beide jare ingesluit, merk ons die volgende:

1. Oortreding van die motorordonnansies 1158 vonnisse of 50.4 jaarliks sedert 1928 toe die eerste vonnis opgelê is. Hierdie oortredings is toe te skryf aan slegte ligte, remme, nommerplate, e.d.

2. Oortreding van die verkeersregulasies 570 vonnisse of 20.3 jaarliks vanaf 1924. Hierdie oortredings is toe te skryf aan verkeerde parkering, nie stilhou by stopstrate, oorskry van snelheidsperke, ry sonder touleier, e.d.

3. Versuim in die betaling van belastings sedert 1929 het op 545 vonnisse of 49.4 jaarliks oor 'n periode van 11 jaar, beloop. Sedertdien het dit nie weer voorgekom nie.

4. Vonnisse t.o.v. aanrandings op bediendes kom vierde met 334 vonnisse of 11.9 jaarliks.

5. Vonnisse t.o.v. diefstal kom vyfde met 317 vonnisse of 11.3 jaarliks. Die grootste aantal gevalle het voorgekom in 1925, 1926 en 1928. Hier was dit gewoonlik diefstal van osse. Hierdie diefstalle is ons geneig om nie as diefstalle te brandmerk nie, want die nedersetters is voorsien van rooi Afrikanerosse met dieselfde goewermentsbrandmerk en het in die gesamentlike weikampe geloop. Slegs 'n goeie beeskenner sou in staat wees om die regte span osse uit te keer. Sommige het werklik nie beeste geken nie en as hy 'n span osse uitgekeer het, het hy volgehou dat dit sy eiendom was. Die vonnisse was in elke geval nie swaar nie. Van al hierdie vonnisse was slegs enkele 'n vonnis van swaar

tronkstraf sonder 'n keuse van boete.

6. Oortreding van die skietwet neem met 218 vonnisse of 7.5 jaarliks die sesde plek in. Hier was die boetes swaar en selfs die konfiskering van geweers was gelas.

7. Daar is 126 vervolgings vanweë ongereelde skoolbesoek, ingestel. Hier was daar meestal 'n waarskuwing en die vonnis tot hoogstens £1 boete.

8. Oortreding van die drankwet het in 132 gevalle voorgekom met swaar vonnisse. Twee herhaalde oortreders is na Baviaanspoort weggestuur. Volgens noukeurige ondersoek kon vasgestel word dat hier in 1953, 73 mans en 12 vroue was wat as gewoontedronkaards bestempel kon word.

Om die res van die oortredings op te som, kry ons die volgende gevalle oor 'n tydperk van 28 jaar:

Diefstal deur valse voorwendsels 20; diefstal deur toe-eiening 20; diefstal deur bedrog 21; crimen injuria 13; verkragting 8; moord 3; manslag 14; poging tot moord 14; valse uitgifte 21; ontering van die hof 5; oortreding van die skaalregulasies 17; wreedheid en pligsversuim teenoor kinders 42; dieremishandeling 33; oortreding van die veesiekteregulasies 40 (gedurende die eerste 6 jaar); beskadiging van eiendom 37; verkoop van bederfde voedsel 31; oortreding van die besproeiingswet 87; weerhou van loon 63; verstrek van vals name 3; oortreding van die omheiningswet 24; ontug blank en nieblank 16; bloedskande 1; wanbetaling van skuld 10; oortreding van gesondheidsregulasies 13; en rusverstoring 25.[1)]

In die gevalle van wreedheid teenoor kinders was daar slegs enkele persone wat herhaaldelik aangekla is; gewoonlik was dronkenskap in die saak betrokke. Dieremishandeling het in die beginjare van die nedersetting voorgekom en die oorsaak was meestal toe te skrywe aan onhandigheid om met die diere te werk, veral daar die jong Afrikanerosse

---

1) Gegewens is verkry uit die registers van die kriminele hof soos gehou in die plaaslike magistraatskantoor.

baie wild en boosaardig was. Hulle kon dus nie so gemaklik in die juk touwys gemaak word nie.

Die gevalle van manslag is toe te skryf aan ongelukke waarby nalatigheid en onverskilligheid op die spel was.

Die kriminele skuldigbevindings dui daarop dat die „liederlike" (soos die mense sê) oortredings seldsaam voorkom; selfs die diefstalle dui daarop dat terugbesorging van die eiendom en 'n klein boete die vonnis was. In ander gevalle is tronkstraf met 'n keuse van boete opgelê. In 'n dosyn gevalle is diefstalle met tronkstraf alleen as straf opgelê. Die oortredings is in die algemeen nie as growwe diefstal bestempel nie.

Rehabilitasiepogings.

In die distrik, veral in die dorp in die armbuurt, is 132 huisgesinne by die magistraat deur die maatskaplike werkster geregistreer. Hierdie 132 gesinne word volgens kerklike lidmaatskap as volg in die verslag van 1952/1953 verdeel.[1)]

N.H. of Ger. Kerk 66% (55.04% van die bevolking behoort aan die kerk.)

| | |
|---|---|
| Ned. Herv. Kerk | 10.6% |
| Gereformeerde Kerk | 5% |
| Sektes en ander | 18.4% |
| Totaal ........... | 100% |

By hierdie 132 gesinne onder behandeling, word die probleme as volg ingedeel in die verslag:

| Aard van Probleem | Aantal Gevalle |
|---|---|
| Drankmisbruik | 73 mans 12 vroue. |
| Verslaaf aan ander verdowingsmiddels | 3 |
| Werkloosheid | 44 |
| Werkskuheid | 8 |
| Huweliksonenigheid | 61 |
| Ongehude moeders | 13 |
| Gesinne waar vader en moeder nie getroud is nie | 13 |

1) Dit is die jaarverslag 1 April 1952 tot 31 Maart 1953 van die Christelik-Maatskaplike Raad, (C.M.R.) van Brits, te sien by die kantoor in die Munisipale Biblioteekgebou op Brits.

| Aard van Probleem | Aantal Gevalle |
|---|---|
| Blank en nie-blanke ontug | 7 |
| Prostitusie | 17 |
| Ekonomiese probleme | 68 |
| Behuising | 33 1) |

Alles word deur die verskillende liggame soos die kerke, magistraat, vroueorganisasies, e.d. in die werk gestel, om die gesinne te rehabiliteer. Diegene wat onverskillig staan teenoor die kerk toon die mees verregaande immoraliteite. Sommige behoort net in naam aan die kerk, maar kom selde of ooit daar. Drankmisbruik en werkloosheid is eintlik die begin van al die ander probleme. Die ontleding van die toestand in die 132 huisgesinne bring die betrokke instansies op die regte spoor om die regte behandeling toe te pas. Die werkloosheid kan toegeskryf word aan die feit dat hierdie mense geen geskoolde arbeid kan verrig nie. Die gesinne leef in 'n soort verskole hoek en is meestal minderwaardig van verstand en van morele standaard.

Hierdie 132 gesinne, of 4.3% van die totale aantal gesinne volgens die 1951-sensus, is nie groot nie; tog is dit nodig dat aan hierdie gesinne aandag gegee moet word.

Die sosiale werkster bring die betrokke gevalle soos op die vorige bladsy gespesifiseer onder die aandag van die betrokke instansies. In samewerking met die betrokke kerkrade, die magistraat, die Arbeidsburo en die Departement van Volkswelsyn word alles gedoen om die mense, deur die toepassing van alle middels tot hulle beskikking, te help.

Materiële hulp word alleen in die uiterste gevalle toegeken en daarom is dit slegs 'n tydelike maatreël. Alle hulp is egter daarop gerig om die mense se selfstandigheidsgevoel te bevorder. Die hulpverlening is daarop gerig om die persoon te help om homself te help en daarom word alles

1) Die gegewens is verkry van die magistraat, die sosiale werkster en die genoemde verslag van die C.M.R. en ons eie ervaring omdat ons as ouderling in sommige van die gevalle ook moes handel.

gedoen om aan die gesinslede wat kan werk, werk te verskaf. Langs hierdie weg en die nodige kerklike bearbeiding word getrag om die gesinsvraagstukke op te los en hulle van hulle immorele dade te genees, al moet daar dan ook deur die hof 'n bevel kom om verharde persone na 'n inrigting te stuur.

Die 73 mans en 12 vroue wat aan sterk drank verslaaf is, word byna in elke tipe onder die kolom „Aard van die Probleem," aangetref.

# HOOFSTUK XI.

## SAMEVATTENDE SLOTBESKOUING.

Die samelewing waaroor ons in hierdie ondersoek handel, is 'n samelewing van mense wat hierdie samelewing vorm en onderhou. Dit blyk duidelik in elke hoofstuk dat die mens in die samelewing die aktiewe element is. Ons het getrag om die posisie van die mens in die samelewing en die verhouding waarin die mens tot die samelewing staan, aan te dui.

Die kyk wat 'n ondersoeker op die mens en die samelewing en die verhouding tussen die mens en die samelewing het, word in 'n belangrike mate bepaal deur die mensbeskouing van die ondersoeker. Die mensbeskouing is feitlik altyd gebaseer op 'n aantal sentrale vooronderstellinge omtrent die menswees.

Die Bybel openbaar aan ons dat die mens deur God geskape is, nie soos die res van die skepping nie, maar wel na die beeld en gelykenis van God. As sodanig is die mens deur God binne in die geheel van die skepping as kroon en konsentrasiepunt van die skepping geplaas. „Geschapen niet als ‚individuum' op en bij zichzelf bestaande, maar geschapen in het levensverband der mensheid, op de ander toegeschapen en afgestemd, begrepen in het Verbond met zijn Schepper, zijn medemens en met gans de schepping.

Het wezen van de mens licht daarin, dat hij Gods beeld is, dat is het menselijke in de mens. Als mens is hij zoon, gelijkenis, geslacht Gods. Als zodanig is de mens geest, ziel (hart); op het lichaam als zijn verschijning aangelegd, en door dit lichaam aan de aarde gebonden, maar tegelijk daarboven uitgaand. De mens gaat niet op in dit tijdelijke leven, hij bezit eeuwigheidswaarde. Als kroon en concentratiepunt van de schepping kan en moet hij, daaraan gebonden, tegelijk daarover heersen. Het beeld Gods in de mens komt uit in zijn heerschappij over al het geschapene." 1)

---

1) Van Dijk, dr. R: Mens en Medemens. N.V. Gebr. Zomer en Keunings, Wageningen. bl. 21 en 22.
Vgl. ook Bavinck, H.: Gereformeerde Dogmatiek II, bl. 491-494.
L.W. Ons onderstreep.

Die mens dan wat deur sy liggaam aan die aarde gebonde is, maar ook tegelyk bokant die aardse uitstyg, het deur sy sondedaad vanweë sy begeerte om aan God gelyk te wees ongehoorsaam aan die wet van God gewees en het in die sonde van 'n subjektiewe afkeer van God en Sy wet, geval. In hierdie staat het hy so verdorwe van natuur geword dat hy in die diepste sin van sy kreatuurlike bestaan onbekwaam is tot enige goed en geneig tot die kwaad in die religieuse betekenis van die woord. Maar na sy val het hy egter nog ten volle mens gebly. Hy het sy rede, wil, gewete en sy „hart" as beheersende konsentrasiepunt van sy lewe behou.

Die sonde kan egter nie die wet van God aantas nie en Hy handhaaf onafgebroke Sy wêreldorde vir die menslike lewe, en derhalwe ook vir die samelewing en die kultuur, en tewens „handhaaft de verantwoordelijkheid en de mogelijkheid tot verantwoordelijkheid in de mens. Handhaaft in en krachtens de verlossing van eeuwigheid van het gevallen schepsel in de menswording Gods in Jezus Christus, in Wie mens en kosmos worden herboren en herschapen tot de volkomenheid der volmaaktheid der schepping Gods."[1)]

Die mens het 'n groot verantwoordelikheid wat God hom opgelê het. Hy moet die aarde onderwerp en heers oor die werke van Sy hande (vgl. Genesis 1:28)

Hierdie verantwoordelikheid bring dus mee dat die mens al sy kragte moet inspan om die moontlikhede en voorwaardes wat sy totale omgewing bied te benut. Banning stel dit i.v.m. die heerskappy van die mens oor die geskapene „dat hij overal in verantwoordelijkheid is gesteld, dat hij niet in dierlijke onbewustheid mag leven, maar tot bewustwording omtrent zijn <u>oorsprong, roeping en bestemming</u> moet worden geleid." [2)]

---

1) Van Dijk, dr. R.: a.w. bl. 22 en 23.
   Vgl. ook Bavinck, H.: a.w. deel III bl. 103.

2) Banning, W.: Sociale Ethiek, 1949, bl. 13.

   L.W. Ons onderstreep.

Die mens lewe en wil lewe al word die lewenstryd ook soms baie moeilik. Die lewenstryd eis van die mens kragsinspanning. Die kragsinspanning bestaan nie net in die gebruikmaking van die liggaamskragte nie, maar veral van die geesteskragte wat meer en meer ingespan word, want in hierdie geesteskragte sien ons juis, ooreenkomstig die gesigspunt aangaande die skepping, die mens soos hy in sy verantwoordelike gemeenskap met God, sy Skepper, en ooreenkomstig Sy heilige Skepperswil ook in gemeenskap met sy medemens en met die hele skepping staan. „Maar hij gaat niet zonder meer op in, word niet in de totaliteit van zijn levenseenheid bepaald door de gemeenskap met medemens en schepping, omdat hij in het concentratiepunt van zijn bestaan, in zijn hart, in zijn ziel elke tijdelijke gemeenskap te boven gaat. In zijn hart, dat leeft in de gemeenschap met God, zijn Schepper en Souverein, in dat hart aangesproken door de volheid der wet Gods, die Zijn Woord in Christus ons openbaart als: het liefhebben van God en van de naaste, met geheel het hart, met geheel het verstand en met alle kracht." 1)

In al die doen en late van die mens lyk dit soms of „alles tevergeefs is waarmee die mens hom onder die son vermoei" en tog vermoei hy hom. Ja, hy vermoei hom juis omdat hy in gemeenskap met sy Skepper wat onverbiddelik prokreasie eis, staan. Die mens moet dus besig wees om die opdrag van sy Skepper uit te voer met al sy kragte en talente tot sy beskikking, of hy nou 'n gelowige is of nie. Die mens dan wat die opdrag van sy Skepper uitvoer om die aarde te bewoon en te heers oor die werke van Gods hande, is besig om hom uit te leef in die nakoming van Gods ordinansies.

Wanneer ons nou die geskiedenis van die Afrikaanse nasie betrag soos ons dit kortliks aangetoon het, merk ons

---

1) Van Dijk, dr. R.: a.w. bl. 22.

dat hulle in sowel die trek, as in hulle doen en late op die plekke waar hulle hulle gevestig het, besig was om die aarde te bewoon, te onderwerp en te heers oor die werke van Sy hande. Die moontlikhede en die voorwaardes wat deur die bodem gebied is, is benut en word nog steeds benut.

Die fisiese omgewing is nie 'n bepalende faktor in die doen en late van die mens nie. Wanneer ons die plante bestudeer merk ons dat hulle bodem-gebonde is en dat hulle karakteristiek deur die klimaat en topografiese struktuur bepaal en gekontroleer word. Die verspreiding van die diere aan die anderkant, word deur die klimaat, die topografiese struktuur en die plantegroei bepaal en gekontroleer.

Die verspreiding van die mens en die aktiwiteite van die mens word egter nie deur die topografiese struktuur of die klimaat bepaal of gekontroleer nie, alhoewel hy deur die fisiese faktore beïnvloed word. „It may be concluded that the limits imposed by natural environment are not insuperable and that they are being changed by science and technology. Culture not only pushes back the limits of geographical conditions, it actually changes them." [1)]

Die fisiese omgewing is in werklikheid 'n prikkel vir, en 'n uitdaging aan die mens omdat dit aan hom as voelende, denkende, strewende wese die moontlikhede en voorwaardes bied hoe om die fisiese omgewing te onderwerp en diensbaar te maak. Hierdie onderwerping en diensbaarmaking is tot nut van die mens in sy sosiale verband en sosiale groepering wat die volke in hulle verskeidenheid kenmerk.

Die koms van die blanke pionier het in die huidige omgewing van Brits, sedert 1841, ook die beskawing en die kultuur van die blanke gebring en laat wortelskiet. Hierdie beskawing en die kultuur was en is van Westerse oorsprong, en is gebaseer op die Christelike waarhede waarvan die Bybel die enigste grondslag was.

---

1) Ogburn en Nimkoff: a.w. bl. 81.

Die uitlewing van die Christelike waarhede het dan ook orde, rus en vrede gebring, teenoor die toestand van geweld, onrus en vrees gedurende die Silkaatsregime. Die bring van orde, rus en vrede was 'n noodsaaklike voorwaarde vir die ontwikkeling en bebouing van die fisiese omgewing.

„Geography does play an important rôle in furnishing materials for culture. It does not dictate what materials shall be used." 1) Landerye is aangelê en deur die blanke onder besproeiing geplaas terwyl die naturelle dit nie gedoen het nie. Die naturellemans was gewoon om hulle slegs met bierdrink, veg, jag en eet besig te hou terwyl die naturellevrou besig was om op 'n primitiewe manier die grond te bewerk en te beplant en tot diens vir die mans te wees. Die naturel het op 'n geheel ander manier die moontlikhede van die fisiese omgewing benut. „Nor does geography dictate how materials should be utilised. The use of the material furnished by nature depends on the <u>existing state of knowledge and the point of view of the prevailing folkways</u>." 2)

Die wisselwerking tussen die verskillende groepe, blank en nie-blanke het ongetwyfeld goeie resultate afgewerp. Die naturelle wat deur die blanke bevry is van die onrus, geweld en vrees van die vorige nedersetter, die Matebeli, het gewillige hulp geword en geleer om die bodem op 'n ander en winsgewender manier te ontgin. Die naturel het van die blanke geleer deur by die blanke in diens te wees. Die naturel het geleer om nuttige arbeid te verrig terwyl hulle vroue geleer is om andersoortige nuttige diens ook te verrig as die waaraan hulle gewoon was.

Die blanke het nie net die naturel geleer hoe om nuttige arbeid te verrig nie, maar het ook van huisuit met die kerstening van sy bediendes begin. Die Bybel was die rigsnoer van die nuwe beskawing en kultuur wat in hierdie

---

1) Ogburn & Nimkoff: a.w. bl. 81.

2) idem bl. 81 en 82.
L.W. Ons onderstreep.

omgewing deur die pioniers gebring is. Dit was veral die WET van die HERE, wat hulle doen en late bepaal het en volgens hierdie WET wat hulle by die naturel ingeskerp het, en wat te alle tye as ŉ gedragskode gegeld het, was dus ook die maatstaf van skuldigbevinding en straf vir oortredings. Die straf het nie net as vergeldende maatreël gedien nie, maar ook as opvoedingsmiddel omdat dit in liefde geskied het soos menige ou naturel onomwonde getuig het.

Die naturel kon ook nou sy eie landerye op ŉ doeltreffender wyse bewerk om sodoende beter oeste in te samel, want hiertoe het die blanke hom geleer en gehelp. „As the culture expands, new materials of nature are utilised." 1)

Die kennis van die blanke pionier, d.w.s. sy Ken en Kan of wetenskap en tegniek, het eerder op sy ervaring as op sy skoolkennis wat maar gering was, berus. Sy intelligensie en ervaring het aan hom ŉ kundigheid wat van insig en beredenering getuig, verleen. Die aanlê van die sewe „ouvore" teen 1863, is alleen al ŉ genoegsame bewys van die kundigheid. Die vervaardiging van die twee Ras-kanonne uit ou wabande is ŉ ander bewys van vernuf en tegniese vaardigheid sonder vooraf verworwe teoretiese kennis.

Namate daar meer bestendigheid gekom het, is die hartbeeshuisie van die pionier vervang, met beter en geriefliker wonings wat getuig van die spreekwoordelike waarheid dat eie ondervinding die beste leermeester is. Die ou woonhuise waarvan die meeste vandag verbreek en verbou is tot moderne huise, maar op die ou fondament, is ŉ verdere bewys van hulle kundigheid. Ons het hier dus met ŉ faktor van tradisie te doen. Die moontlikhede en die voorwaardes wat die bodem bied, was vir die voorgeslag ŉ uitdaging en ŉ prikkel tot die ontginning en die benutting daarvan en so is dit vandag nog.

Die huidige ontwikkeling getuig nie alleen van ŉ deeglike ontginning en benutting van die moontlikhede wat die

---

1) Ogburn & Nimkoff: a.w. bl. 82.

fisiese omgewing bied nie, maar dit toon ook 'n duidelike gebruikmaking van die ervaring en nalatenskap wat uit die doen en late van die pioniers verkry is.

Namate die kundigheid van die mens toegeneem het, veral in die vervaardiging van beter tegniese hulpmiddele, en na mate die moontlikhede om sulke hulpmiddele te verkry, verbeter het, het die onderwerping van die aarde en die heerskappy daaroor doeltreffender toegeneem. Dit is 'n onomstootlike feit in hierdie omgewing waarop ons studie toegespits is.

Die beplanning en bebouing het op alle terreine verbeter en toegeneem soos ons aangetoon het, en dit toon vandag nog 'n dinamiek wat eerder uitbrei as afneem. Die hele gemeenskapslewe is 'n proses in die voortstuwing, die ontwikkeling en die vervanging van die oue wat sy nuttigheid volgens die hedendaagse eise verloor het, of die wysiging van die oue om in te pas en aan te pas by die nuwe ter wille van groter doeltreffendheid, soos bv. die meganiseringsproses van die landboubedryf.

„Man is of course, an organism adapted to nature. As such, he is ultimately dependent on his geographic environment. Wide fluctuations in geographical conditions set limits. However given relative stability of natural conditions, such as man now enjoys, he can become master of his natural environment rather than remain its slave. Man's growth in knowledge has allowed him to escape in part from the controls of nature to which (other) animals are subject, and even to substitute increasingly an environment of his own devising. In the life of man the major emphasis deserves to be placed on the cultural rather than the natural environment." 1)

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

Die menslike behoeftes dien ook as 'n uitdaging en prikkel tot die gebruikmaking en die benutting van die

1) Ogburn and Nimkoff: a.w. bl. 82.
L.W. Ons onderstreep en plaas tussen hakies.

moontlikhede en die voorwaardes van die fisiese omgewing. In ons hele land was 'n verarmingsproses, wat onrusbarende afmetings aangeneem het, aan die gang omdat die veranderde en veranderende lewensomstandighede en die huishoudelike ekonomie van landelike aard, o.a. verander het na een van verstedeliking en industrialisering. Tesame met die gevolge van 'n verwoestende oorlog (1899-1902) het dit die verarmingsproses beklemtoon en vererger. Hierdie verandering en verwoesting was vir baie te veel, want hulle kon nie inpas en aanpas by die nuwe veranderinge nie en baie kon nie weer sonder hulp hulle voete na die oorlogsverwoesting vind nie.

Dit blyk baie duidelik uit die Volksraadsdebatte in 1914 hoe nypend hierdie vraagstuk was en dat die aangewese plek vir 'n moontlike rehabilitasie die huidige Britsdistrik was en dit het tot die beplanning van die Hartebeestpoortse Besproeiingskema gelei. Groot getalle armblankes het hierheen gekom of is hierheen gestuur om as arbeiders by die konstruksie van die damwal, die aanlê van die kanale en die ontbossing van die omgewing in diens geneem te word. Baie van hulle het hier gebly en is hier geskool tot landbouers.

Vandag is hulle waardige landsburgers wat uit die smeltkroes van die ekonomiese ellende en swaarkry gebore en gestaal is tot waardiges in die proses van nasiebou. In hulle verskeidenheid is hulle hier deur die homogene belange vanweë 'n landboukultuur saamgebind tot 'n nuwe sosiale groepering binne die eise van aanpassing en inpassing onder die nuutgevormde sosiale en materiele omstandighede wat uit die moontlikhede en voorwaardes van 'n spesifieke fisiese omgewing, gebore is.

Die ontginning en bebouing van die fisiese omgewing en die benutting van die moontlikhede wat dit gebied het, het meegebring dat 'n veel groter bevolking hier gehuisves kon word. Die aanwas deur immigrasie was dan ook so groot dat 'n nuwe magistraatsdistrik en kiesafdeling ontstaan het.

Hierdie nuwe distrik lê in die nabyheid van die groot stedelike gebiede en markte van die Transvaal. Vanweë sy sosiale ligging tot hierdie gebiede het 'n sosiale verkeer met behulp van alle moontlike moderne kommunikasiemiddele ontstaan.

Hierdie sosiale verkeer het menslike kontakte in 'n kring wat wyer was as die onderlinge sosiale kring teweeggebring en het daartoe bygedra dat 'n vorm van verstedeliking van die platteland deur 'n geleidelike deurdringing van die platteland met die stedelike (of die sogenaamde moderne) lewensvorme plaasgevind het. „De differentiatie en specialisatie in de samenlevensvormen, modern technisch-economische outillage, moderne verkeers- en distributiemiddelen (motorvoertuie, goeie paaie, radio, telefoon, ens.) ontsluiten meer en meer ook de meest geïsoleerde plattelandsgebieden en doordringen deze met het modern „stedelijke" patroon van cultuur en samenleving, hoezeer ook het visuele beeld van stad en platteland nog moge verschillen." 1)

So vertoon 'n moderne samelewing soos die van Britsdistrik bv. nie meer die beeld van 'n skerpe skeiding tussen die van 'n plattelandse tipe enersyds en die van 'n stedelike tipe andersyds nie, maar eerder 'n vermenging van die twee tipes.

„De samenleving als geheel nadert meer en meer een situatie, waarin de verschillen tussen stad en platteland in hoofdzaak nog slechts daarin bestaan, dat de plattelander in werk en leven, in belangrijke mate gebonden blijft aan natuurlijke milieu-invloeden en processen." 2)

Soos in enige ordelike samelewing tref ons hier ook 'n verskeidenheid van tipes van organisasies aan. Hierdie verskeidenheid van organisasies toon ook dat die differensiasietendens in hierdie menslike samelewing soos by enige moderne samelewing teweegbring dat die lewensgebiede of

---

1) Van Dijk, dr. R.: a.w. bl. 198.

2) Van Dijk, dr. R.: a.w. bl. 199.

kultuursfere en die samelewingsvorme hulle so ontwikkel het dat hulle op hulle onderskeie terreine en eenhede toegespits is. Hierdie onderskeie terreine en eenhede besit in 'n sekere mate selfstandigheid en is relatief onafhanklik van die ander.

Hierdie differensiasietendens is egter nie 'n aanwysing dat elke tipe van organisasie of maatskaplike verhouding indiwidueel sy eie koers gaan nie, maar dat daar ook 'n deeglike integrasietendens is. Elkeen van hierdie maatskaplike verhoudinge of hulle nou kwalifiseer onder liefdadigheid, kuns, ekonomie, e.d., of daaronder geklassifiseer kan word of nie, dra 'n indiwiduele en beperkte karakter, maar onderling staan hulle nie los langs mekaar nie, want op elkeen van die lewensterreine waarin hulle voorkom, staan hulle in onderlinge verband met mekaar.

„Deze verhoudingen bestaan, zoals reeds door velen is opgemerkt, niet alleen tussen mens en mens, maar evenzeer tussen verbanden, gemeenschappen, en maatschappelijke verhoudingen onderling en tussen deze en de mens. Deze interindividuele en interstructurele bindingen omgeven en doorkruisen op velerlei wijze de bindingen binnen de verbanden en gemeenschappen, zijn daarvan de noodzakelijke keerzijde." 1)

Geen staat, geen kerk, geen bedryf, geen vereniging, ja selfs geen mens kan in ons moderne samelewing „bestaan en leven zonder en buiten het milieu van deze nevengeschiktheidsverhoudingen van mens tot mens, en van samenlevingsvorm tot samenlevensvorm. Een pluraliteit van verhoudingen waarin de mensen elkaar in wederkerige en onderlinge dienstverlening behulpzaam zijn en aanvullen in de verzorging van hun behoeften op alle terreinen van het leven." 2)

Die grondtendense van hierdie samelewing is net soos die van enige moderne samelewing, differensiasie en integrasie. - - - - - - - - - - - - - - - - -

1) Van Dijk: a.w. bl. 131.
2) Van Dijk: a.w. bl. 130.

Wat die geestelike gesteldheid van hierdie menslike samelewing betref het ons op 'n streng kerklike agtergrond en diepe godsdienssin wat op die nageslag oorgedra is, gewys. Daar is dan ook al die tekens van 'n kerklike houvas op die sedelike norme, tog is daar ook tekens van disharmonie. Kriminaliteit kom hier ook voor net soos in enige ander samelewing.

Die kriminaliteit is ongetwyfeld die aanduiding dat dit in die sonde, wat die disharmonie veroorsaak, wortel.

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

Die beplanning van hierdie irrigasieskema is 'n voorloper. Hier is foute begaan, maar dit kan nogtans nie as „probeer fouteer" bestempel word nie, want die toepassing van die tegniek is te duidelik sigbaar.

Die ervaring wat hier opgedoen is, uit beide die sukses en die foute, kon op ander plekke in ons land met groter sukses en met minder foute benut word.

Die hele lewensproses is dus 'n leerproses en die wetenskap en die tegniek is dus niks anders nie as die ervaring en die verworwe vaardigheid wat omlyn en vasgelê is om deur ander daarna bestudeer en beoefen te word.

„De mens is ten slotte het actieve en unieke knooppunt waarin in laatste instansie de samenlevingsvormen hun snijpunt en verenigingspunt vinden en die het levende en dynamische bindmiddel is van elke samenlevingsorde.

De mens voorts als begaafd met taal, logisch denken en geheugen, die hem het aanhoren, cumuleren en overdragen van kennis en kunde, levenshouding en levensorde mogelijk maakt. De opgroeiende mens die opvoedbaar is en wordt opgevoed in en bij de samenlevingsorde waarbinnen hij wordt geboren en getogen en die straks de zijne zal zijn in bewuste aanvaarding of waartegen hij zich op onderdelen zal verzetten, en waarop hij daarom zal trachten wijzigende invloed uit te oefenen.

De mens die gedurende het verloop van zijn leven is en wordt opgenomen in, deel uitmaakt van een kleiner of groter aantal samenlevingsvormen en die daardoor in hart en hoofd met zich meedraagt de kennis van het bewustzijn van verantwoordelijkheid tegenover de verschillende normencomplexen die met de samenlevingskringen waaraan hij deel heeft, de zijne zijn." 1)

Waar die mens hom as aardbewoner daagliks in 'n fisiese omgewing bevind, moet hy wel deeglik ook met hierdie omgewing rekening hou, want hierdie omgewing bied aan hom die nodige materiaal waaruit sy lewensbestaan vir hom moontlik gemaak word.

Die water is sedert die oudste opvattinge as 'n element bestempel en word vandag nog in populêre sin as sodanig bestempel. Vir die mens bly dit op die aarde nog die element wat lewe gee en lewe bring. Dit is die primêre begrip van die lewe en die voortbestaan.

Sonskyn en grond is ander noodsaaklike materiaal, maar word deur die mens as vanselfsprekend aanvaar.

Onvrugbare grond kan vrugbaar gemaak word maar die mens voel hom ekonomies magteloos as die water ontbreek.

Net so is daar in die geestelike lewe van die mens 'n drieeenheid: Geloof, Hoop en Liefde maar die meeste hiervan bly die Liefde. Sonder die liefde is die harmonie in die samelewing verbreek.

Die Lewensimboliek van hierdie twee drie-eenhede Sonskyn-Grond-Water vir die liggaamlike, en Geloof-Hoop-Liefde vir die geestelike van die menslike samelewing kan ons in die vorm van 'n literêre bespieëling as volg saamvat:

---

1) Van Dijk: a.w. bl. 148 en 149.

Die waar Geloof is louter Sonneskyn,
die sterke Kragbron van die volle lewe.
Die Hoop is vrugb're Grond waarop ons bou.
Die Liefde is die helder Water, trou

in voeding, werking en in stille strewe.
Sonder Liefde en die Water rein
is die werke van die Kragbron dood,
die Hoop verydel en die Grond ontbloot.

Gee ons die Watervloed om te kan lewe,
sodat die Sonneskyn die Kragtebron kan wees
om ons in onse werke te laat strewe
sonder yd'le Hoop en sonder vrees!

Gods wil - ons is tot loflik staat gebore;
met heerskappy beklee - tot hoër diens verkore! 1)

---

1) Ongepubliseerde gedig van die skrywer van hierdie werk. Hierdie sonnet is uit 'n bepeinsing oor ons studie gebore.

# BRONNE- EN LITERATUURLYS.

## I. BRONNELYS.

### A. Mondelinge Onderhoude:

Ou mense uit die voorgeslag en direkte skakels uit die voorgeslag aan wie ons ook hulde bring in die voorwoord.

Prominente persone in die dorp en distrik soos predikante, amptenare, onderwysers, direkteure van koöperatiewe verenigings, kerkraadslede, voormanne van die koöperatiewe organisasies, voorsitters (sters), sekretarisse (esses), bestuurslede, e.d. van organisasies. Prominente boere in die distrik sowel as die bestuurders van besighede.

### B. Ongepubliseerde Bronne:

Aantekeninge oor gebeurtenisse, bepeinsinge en bespiegelinge van Johan Schoeman.

Huurkoopkontrakte van nedersetters en kontrakte van leerlingboere, e.d.

Jaarverslae en Rapporte van die Departemente van Cnderwys, Irrigasie, Lande, Landbou, Arbeid en Welsyn, by die verskillende Departementskantore op Pretoria of op Brits. So ook van die koöperasies: M.K.K. op Brits, die M.K.T.V. op Brits of Rustenburg, en sekere ou notule in soverre dit toelaatbaar was, die ou notule van die N.H. of G. Gemeente, Krokodilrivier, en van die Gereformeerde Gemeente, Krokodilrivier.

Joernale en rekords by skole in Britsdistrik asook die van die Magistraat van Brits en sy rapporte.

Registers van: geboortes, sterftes, huwelike, strafgedinge en vonnisse, en van lisensies in die magistraatskantoor.

Rekords en statistieke by die kantore van die magistraat, die polisie en die munisipaliteit.

Sensusopgawes van Brits soos verskaf op 8 Mei 1951 tydens die sensus.

### C. Gepubliseerde Bronne:

Artikels opgediep uit „Brits Pos" se koerantlêers.

Bloubooke T.G. 12/1907; T.G. 13/1908 en U.G. 1914, U.G. 19/1918 U.G. 32/1921 en U.G. 2/1924.

Brits - Johan van Riebeeckfees 1652-1952. Gedenkuitgawe, 31 Januarie 1952, by „Brits Pos" onder die verantwoordelikheid as skrywer, samesteller en opsteller deur die skrywer deses.

Konstitusies, statute, huishoudelike reglemente van die verskillende organisasies soos die S.A.V.F., G.S.O., N.H.S.V., Die Bond van Dienaresse van die N.H. of G. Kerk, die V.L.U., M.K.T.V., M.K.K., die Kuns- en Kunswedstrydvereniging, asook die notule van kongresse van e.g. vyf organisasies.

Mensch en Maatschappij. 2-Maandelijks Tijdschrift - nrs. 1 en 2, 1933, Jaargang 20, 1944/45, en nr. 2, Jaargang 26 - 1951. N.V. Drukkery, 'T Koggeschip, Amsterdam.

Offisiële Jaarboeke van die Unie van S.A., Staatsdrukker, Pretoria; vanaf 1910.

Rapporte en verslae in die Jaarblaaie van skole soos Brits Hoërskool, Brits Landbou Hoërskool, en die Hoër Huishoudskool Martha Human op Hartebeestpoort, veral die Gedenkboek 1927-1948.

Sociologisch Bulletin. nr. I Jaargang I.1947.

S.A. Irrigation Magazine, Irrigation Dept., Pretoria, vol. I nr. I, 1 Oct. 1921.

Staatskoerante van die Unie Goewerment en van die Provinsie Transvaal veral nrs. 1700, en 1732 van 1928 in die Unie Staatskoerant, en nrs. 1464 en 88 van 1927 en 1944 resp. in die Provinsiale Koerant.

Volksraadsdebatten 1914, Volksraadsgebou, Kaapstad.

Wetsboeke: Wette, Bepalinge en Wysiginge van die Unie Goewerment vanaf 1910.

Z.A. Republiek, Notulen van den Eersten Volksraad, Zitting 1897, Pretoria.

II. <u>LITERATUURLYS.</u>

Geraadpleegde werke t.o.v. leiding i.v.m. die navorsing voordat 'n eie rigting gekies is.

Barentsen, O.A.: Het oude Kempenland. P. Noordhoff, N.V., Groningen, 1935.

Diederich, J.: De Bevolking van Zaandam. Een Demografie op Sociografische grondslag. - H.E. Stenfert Kroese's Uitgewers Mij, Leiden. 1950.

Groenman, Sj.: Onderzoek naar de Levensomstandigheden der Bevolking van Plattelandse Gemeenten. Staphorst, Fas. N. Stenvert en Zoon, Uitgevers, Mappel. 1948.

Groenman, Sj.: Methoden der Sociografie. Van Gorcum en Comp., N.V. Assen. 1950.

Hackett, Brian: Man, Society and Environment. London, Percival Marshall. 1950.

Hawley, Amos H.: Human Ecology. A Theory of Community Structure. The Ronald Press Co., New York. 1950.

Huizenga, C.D.W.: Medemblik, In Zonderheid in verband met de Zuiderzeewerken. Nr. 7, Sociografische Serie. K. Samson, N.V., Alphen aan den Rijn. 1940.

Kuin, P. Jr.: Het Eiland Marken. In Studiën op het gebied van Ethnologie, Sociologie en Sociografie. 1932. P. Noordhoff, N.V. Groningen, Batavia.

Oosten, Bouwe: Een Veenpolderbevolking. Sociografie van den groten Veenpolder van Weststellingwerf. (Academisch Proefschrift) N.V. Drukkerij en Boekhandel; voorheen G. Taconis, Wolvega. 1947.

Reilingh, H.D. de Vries: Sociografie van Weerselo, Rapport 's Gravenhage. 1949.

Stuart, C.A. Verrijn: Inleiding tot de beoefening der Statistiek Methode en Toepassing op het gebied der Demografie. Tweede geheel herziene druk. Haarlem. 1928.

Van der Poel, D.C.: Inleiding tot de Sociologie van Nederland. Albanie, Den Haag. 1949.

Zweig, F.,: Planning in een Vrije Maatschappij. N.V., A. Oosterhoek's Uitgevers Mij., Utrecht. 1949. Vertaling door Dr. Willem van Doorn.

III. <u>BRONNE- EN LITERATUURLYS</u>.

Geraadpleegde en gebruikte werke.

<u>Gepubliseerd</u>:

Bavinck, H.: Gereformeerde Dogmatiek, II en III. J.H. Kok, Kampen. 1928.

Boëseken, A.J., Kruger, D.W. en Kieser, A.: Drie Eeue. Deel II. Nasionale Boekhandel, Kaapstad. 1952.

Coetzee, J. Chris,: Die eerste Beginsels van die Calvinistiese Opvoeding, Pro Ecclesia, Stellenbosch. 1940.

Coetzee en Bingle: Beginsels en Metodes van die Laer Onderwys. Van Schaik, Pretoria. 1947.

Coetzee, J. Chris, en van Rooy, D.J.: Beginsels en Metodes van die Hoër Onderwys. Van Schaik, Beperk, Pretoria. 1949.

De Jong, G.: De Geografie in haar verschillende vormen. Openbare les aan die Vrye Universiteit Amsterdam. 5 Nov. 1948.

Dreyer, A.: De Kaapse Kerk en de Groote Trek.

Gie, S.F.N.: Geskiedenis van S.A., deel II, 1795-1918 2e Druk. Pro Ecclesia-Drukkery. Stellenbosch. 1932.

Horn, J.L.: Principles of Elementary Education. Century, New York. 1929.

James, Preston: An Outline of Geography. Boston. 1935.

Keuning, H.J.: Regionalisme. Inaugurale rede, 12 Feb., 1949. Walters, Groningen.

Keuning, H.J.: Het Nederlandsche Volk in Zijn Woongebied. 's Gravenhage. 1947.

Keyter, J. de W.: Opvoeding en Onderwys, Nas. Pers Bpk., Bloemfontein. 1936.

Kotzé, P.W.: Namakwaland. 'n Sosiologiese Studie van 'n Geïsoleerde Gemeenskap. (Proefskrif) - Nas. Pers Bpk., Kaapstad. 1943.

Kynaston, H.,: (Late Director) Geological Survey. The Geolcgy of the Country Surrounding Pretoria. (Dept. of Mines and Industries). An Explanation of Sheet no. I (Pretoria) revised by Krige, L.J., Ph.D. and Lombaard, B.V., B.Sc. Govt. Printer, Pretoria. 1929.

Kynaston, H.,: (Director) and Humphrey, W.A., (Geologist): Supplement to the explanation of sheet no. 2, (Pienaars River) Govt. Printer, Pretoria. 1913.

MacIver, R.M.: Society. Farrar & Rinehart, New York. 1940.

Malherbe, D.F. du Toit, e.a.: Vakwoordeboek. J.H. de Bussy, Pretoria. 1932.

Malherbe, E.G.: Onderwys en die Armblanke. Carnegie verslag; Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch. 1932.

Ogburn & Nimkoff: A Handbook of Sociology, Routledge & Kegan Paul, Ltd., London. 1953.

Ploegsma, N.D.: Oorspronkelijkheid en Economisch Aspect van het Dorp op Java en Madoera. Universiteits Boekhandel, Antiquariaat, J. Ginsberg, Leiden. 1936.

Pole Evans, I.B., (Director of the Botanical Survey of the Union of South Africa): Botanical Survey of South Africa. Memoir no. 15 Govt. Printer, Pretoria. 1936.

Potgieter, Carel, en Theunissen, N.H.: Komdt. Genl. Hendrik Potgieter. Afrikaanse Pers, Bpk., Johannesburg.

Roberts, Austin,: The Mammals of South Africa. Edited by Bigalke, dr. R., Fitzsimons, dr. V., en Malan, Prof. D.E. Central News Agency. 1951.

Roberts, Austin: The Birds of South Africa. C.N.A. 1940.

Schoeman, Johan: Genl. Hendrik Schoeman, Caxton, Pretoria. 1950.

Sorokin en Zimmerman,: Principles of Rural-Urban Sociology. Henry Holt and Co., New York. 1939.

Spoelstra, C.: Het Kerkelijke en Godsdienstige leven der Boeren na den Grooten Trek.

Steinmetz, S.R.: Inleiding tot de Sociologie. 2de druk. Hersien deur J.P. Kruyt. 1942. Bohn, Haarlem.

Steinmetz, S.R.: Inleiding tot de Sociologie. De Erven, F. Bohn, N.V. Haarlem. 1931.

Steyn, Douw, G.: Eetgewoontes, Geneesmiddels en Gesondheid. van Schaik, Bpk. Pretoria. 1949.

Stockenström, Eric,: Geskiedenis van Suid-Afrika, 1700-1914. Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch.

Theal, George Mc. Call: History of South Africa. Deel III.

Tomlinson, F.R.: Ekonomiese Ondersoek na Oonddroog Tabakboerdery in die Wes-Transvaalse Besproeiingsgebied. Staatsdrukker, Pretoria. Pamflet nr. 318.

Totius: (dr. J.D. du Toit) Trekkerswee, Het Westen, Potchefstroom.

Transvaalse Onderwysdepartement: Verslag. Staatsdrukker, Pretoria. Vir die jare 1946 tot 1952.

V.d. Merwe, C.R.: Soil Groups and Sub Groups of South Africa. (D.Sc.-Proefskrif) Science Bullitin 231. Staatsdrukker, Pretoria.

Van Dijk, L.J.: Landschapsbedrijven als Middel tot Opheffing van Onontwikkelde Streken in Nederlandsch-Indië. Zomer en Keunings, Wageningen. 1942.

Van Dijk, R.: Mens en Medemens. Een Inleiding tot de Sociologie. N.V. Gebr. Zomer en Keunings, Wageningen.

Van Hinte, E.: Sociale en Economische Geografie van Harlingen. (Proefskrif vir D.Litt. et Phil.) Nico Poort, Harlingen. 1936.

Van Rooyen, C.H.: Kultuurskatte uit die Voortrekker Tydperk. Deel I. Nas. Pers, Beperk, Bloemfontein. 1938.

Walker, Eric,: A History of South Africa. Longman's, Green & Co., London. 1928.

Zimmerman, Carle C.: Outline of American Regional Sociology. Phillip's Bookstore, Harvard Square, Cambridge. 1947.

---

Pretoria Duplicating Co.

KOPIE VAN BLAD I. PRETORIA, VAN DIE GEOLOGIESE OPNAME.

SOWEL AS VAN BLAD 2 PIENAARSRIVIER


*Saamgestel en geteken deur:*

*J. B. Forman*






Swerfgrond.
Spoelgrond.
Grint, sandsteen en skalie
Skalie.
Kwartsiet.
Sisteem Karoo
Sisteem Waterberg
Skalie
Kwartsiet
Serie Pretoria.
Gestreepte ysterklip
Dolomiet.
Serie Dolomiet.
Sisteem Transvaal.
Kwartsiet en skalie.
Serie Swartrif.
Rooi Graniet.
Granofier en leptiet.
Gabbro, noriet, pirokseniet, en verwante gesteentes, met chromitietsone aldus aangedui.
Stollingskompleks. Bosveld.
Rooiberg felsiet.
Diabaas.
Verskuiwing
Skaal. 2·347 Myl = 1 Duim
Skaal. 1,000 Kaapse Roede = 1 Duim
Skaal 1:148,752.
W N
BRITS
HARTEBEESTPOORT 45
HARTEBEESTPOORT 46
HARTEBEESTPOORT 56
NAMAGALIESKRAAL
KROKODILKRAAL 61
UITVALGROND 76
HOEKFONTEIN 67
ELANDSFONTEIN 74
ROODEKOPJES 44
UITVALGROND 71
KROKODILDRIFT 27
SCHIETFONTEIN 82
ZILKAATSNEK 70
HARTEBEESTFONTEIN
BOKFONTEIN 47
ZANDFONTEIN 54
BOSCHFONTEIN 81
SYFERFONTEIN 24
RIETFONTEIN 28
SCHOEMANSVILLE
Hartebeestpoort Dam
DE UITVALGROND 42
SWAGERSHOEK 22
DE RUST 9
REMHOOGTE 40
SCHEERPOORT 60
Skeerpoort
Commando Nek
Krokodilrivier



AFDRUK VAN KAART HARTEBEESTPOORT
SKEMA 2380/53 OPVANGSGEBIED EN
OMGEWING Skaal 1 Duim = 2.347 Myl.
Verwysing
Spoorweë
Provinsiale Hoofpaaie
Hoofkanale
Noord Kanaal
Wes Kanaal
Oos Kanaal
CROCODILE RIVER
Gauging Weir
HARTEBEESTPOORT DAM
SCHOEMANSVILLE
BRITS
Brits West Sid.
Stephanus Sid.
Wolhuterskop Sta.
Beestkraal Sta.
Sonop
W.N.
27°45'
PELINDABA
SCHEERPOORT 1160
DE RUST 13
DE UITVALGROND 42
SWAGERSHOEK 22
GROENKLOOF 418
BUFFELSFONTEIN
ELANSKRAAL 21
BOSCHFONTEIN 81
BOKFONTEIN 47
ZANDFONTEIN 54
HARTEBEESTFONTEIN 5
ZILKAATS NEK 373
DE KROON
KROKODILDRIFT 27
UITVALGROND 71
KAREEPOORT
TURFFONTEIN 310
KAFFERSKRAAL 597
KAREEPOORT 625
ELANDSFONTEIN 74
ZWARTKOPJES OR ROODEKOPJES 32
ROODEKOPJES 44
LEEUWKOP 501
WOLWEKRAAL 512
KAREEPOORT 628
HARTEBEESTPOORT B
WOLVEKRAAL 56
PEARL 395
LEEUPEN 1047
ZOUTPANSDRIFT 51
KROKODIL-POORT 78
KROKODIL-POORT School
KROKODILSKRAAL 61
MAMAGALIESKRAAL 41
HARTEBEESTPOORT 46
HARTEBEESTPOORT C 46
LOSPERFONTEIN WEST 119
Losperfontein East
SNYMANSDRIFT 25
KLIPKOP 31
HARTEBEESTPOORT D
Geluk
WAAIKRAAL 206
OSKRAAL 43
NIETGEDACHT 440
BLAAUWBANK 72
WELGEVONDEN
ZANDDRIFT 62
KAMEELDRIFT 50
ROODEKOPPIES 63
BEESTKRAAL 29
LIEFLING 63
BANKFONTEIN 38
SIENA 14
VEEKRAAL 77
ELBA 69
ENNIS 35
KLIPGAT 52
RIETGAT 15
WATERVAL 58
BUFFELSPRUIT 53
SYFERFONTEIN 24
64


# SOUTH AFRICA SUID

1:500,000



TH AFRICA SUID-AFRIKA

1:500,000



spreiding Nr. 2


k Nr. 1

| ...ke | Kleurling | Naturel | Totaal |
|---|---|---|---|
| 402 | 43 | 1149 | 4460 |
| — | 83 | 1490 | 1573 |
| — | 4 | 65 | 98 |
| — | 2 | 100 | 724 |
| 15 | 89 | 993 | 1455 |
| — | 77 | 961 | 1568 |
| 5 | 4 | 993 | 1303 |
| — | 1 | 541 | 791 |
| — | 2 | 930 | 1346 |
| 3 | 10 | 644 | 766 |
| 6 | 5 | 1018 | 1304 |
| — | 14 | 651 | 1380 |
| — | 2 | 1005 | 1756 |
| 7 | 13 | 886 | 1403 |
| 16 | 37 | 1169 | 1666 |
| 1 | 3 | 1874 | 2927 |
| 30 | 11 | 1112 | 1674 |
| — | 5 | 1214 | 1425 |
| — | — | 2566 | 2573 |
| — | — | 312 | 312 |
| — | — | 1312 | 1759 |
| 14 | 47 | 564 | 1072 |
| — | 1 | 538 | 729 |
| 31 | 1 | 784 | 1455 |
| — | — | 2808 | 2808 |
| — | — | 246 | 268 |
| — | 6 | 613 | 802 |
| — | 11 | 1297 | 2029 |
| — | — | 104 | 204 |
| 30 | — | 896 | 1274 |
| — | — | 854 | 854 |
| — | — | 1113 | 1118 |
| — | — | 746 | 746 |
| — | — | 996 | 996 |
| — | — | 618 | 618 |
| — | — | 362 | 364 |
| — | — | 538 | 777 |
| — | — | 483 | 579 |
| — | — | 781 | 836 |
| 560 | 471 | 35,326 | 49,852 |

| Blankes | Vroulik |
|---|---|
| Onder 21 | Bo 21 |
| 3264 | 3337 |
| Totaal 6601 | |

| Kleurlinge | |
|---|---|
| Manlik | Vroulik |
| 261 | 210 |
| Totaal 471 | |

| Alle Rasse | |
|---|---|
| Manlik | Vroulik |
| 28,099 | 21,753 |
| Totaal: 49,852 | |




volgens die sensuswyke
1951 sensusopname, en
oorspronklike soos getrou
oor op Brits

Skaal 1 : 250,000

# Bevolkingsverspreiding Nr. 1, Brits


## Sien ook Nr. 2

**Verklaring**

- ○ Blankes
- ◒ Kleurlinge
- ⦶ Asiate
- ● Naturelle

- 2,500 Persone
- 1,000 „
- 500 „
- 100 „
- 50 „
- 5 „

— — — Naturellereservate




Skaal: 1:50,000




Skaal 1:250,000

# Bevolkingsverspreiding Nr. 2

## Sien ook Nr. 1

| | | Blankes | Asiate | Kleurling | Naturel | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1-6 | Brits | 2866 | 402 | 43 | 1149 | 4460 |
| 1-6 | Brits Lokasie | — | — | 83 | 1490 | 1573 |
| 7 | Kosmos | 29 | — | 4 | 65 | 98 |
| 700 | Sonop | 622 | — | 2 | 100 | 724 |
| 800 | Skeerpoort | 358 | 15 | 89 | 993 | 1455 |
| 801 | Schnaemansville | 530 | — | 77 | 961 | 1568 |
| 802 | Silkaatsnek | 301 | 5 | 4 | 993 | 1303 |
| 803 | Hartbeestfontein | 249 | — | 1 | 541 | 791 |
| 804 | Hartebeestpoort | 414 | — | 2 | 930 | 1346 |
| 805 | Zandfontein | 109 | 3 | 10 | 644 | 766 |
| 806 | Bokfontein | 275 | 6 | 5 | 1018 | 1304 |
| 807 | Wolhuterskop | 715 | — | 14 | 651 | 1380 |
| 808 | Losperfontein | 749 | — | 2 | 1005 | 1756 |
| 809 | Mamagalieskraal | 497 | 7 | 13 | 886 | 1403 |
| 810 | Roodekopjes 44 | 444 | 16 | 37 | 1169 | 1666 |
| 811 | Krokodildrift-Wes | 1049 | 1 | 3 | 1874 | 2927 |
| 812 | Krokodildrift-Oos | 521 | 30 | 11 | 1112 | 1674 |
| 813 | Elandsfontein | 206 | — | 5 | 1214 | 1425 |
| 814 | Hoekfontein | 7 | — | — | 2566 | 2573 |
| 815 | Uitvalgrond 76 | — | — | — | 312 | 312 |
| 816 | Mamagalieskraal | 447 | — | — | 1312 | 1759 |
| 817 | Hartebeestpoort | 447 | 14 | 47 | 564 | 1072 |
| 818 | Blaauwbank | 190 | — | 1 | 538 | 729 |
| 819 | Zoutpansdrift | 639 | 31 | 1 | 784 | 1455 |
| 820 | Buffelspruit | — | — | — | 2808 | 2808 |
| 821 | Waterval | 22 | — | — | 246 | 268 |
| 822 | Veekraal | 183 | — | 6 | 613 | 802 |
| 823 | Hartbeespoort 98 | 721 | — | 11 | 1297 | 2029 |
| 824 | Welgevonden | 100 | — | — | 104 | 204 |
| 825 | Zand-drift | 348 | 30 | — | 896 | 1274 |
| 827 | Jericho | — | — | — | 854 | 854 |
| 828 | Mamagalies Lok | 5 | — | — | 1113 | 1118 |
| 829 | Seringbult | — | — | — | 746 | 746 |
| 830 | Roodekuil | — | — | — | 996 | 996 |
| 831 | Bultfontein | — | — | — | 618 | 618 |
| 832 | Border | 2 | — | — | 362 | 364 |
| 833 | Vaalkop | 239 | — | — | 538 | 777 |
| 834 | Buffelspoort | 96 | — | — | 483 | 579 |
| 826 | Vogelfontein | 115 | — | — | 781 | 896 |
| | | 13,495 | 560 | 471 | 35,326 | 49,852 |

| Blankes Manlik | | Blankes Vroulik | |
|---|---|---|---|
| Onder 21 | Bo 21 | Onder 21 | Bo 21 |
| 3387 | 3507 | 3264 | 3337 |
| Totaal 6894 | | Totaal 6601 | |

| Asiate | | Kleurlinge | |
|---|---|---|---|
| Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| 289 | 271 | 261 | 210 |
| Totaal 560 | | Totaal 471 | |

| Naturelle | | Alle Rasse | |
|---|---|---|---|
| Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| 20654 | 14672 | 28,099 | 21,753 |
| Totaal 35326 | | Totaal: 49,852 | |

Bevolkingsverspreiding volgens die sensuswyke soos ingedeel vir die 1951 sensusopname, en gekopieer vanaf die oorspronklike soos gehou in die magistraatskantoor op Brits

Skaal 1 : 250,000





# Bevolkingsverspreiding Nr. 2

## Sien ook Nr. 1

| | | Blankes | Asiate | Kleurling | Naturel | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1-6 | Brits | 2866 | 402 | 43 | 1149 | 4460 |
| 1-6 | Brits Lokasie | — | — | 83 | 1490 | 1573 |
| 7 | Kosmos | 29 | — | 4 | 65 | 98 |
| 700 | Sonop | 622 | — | 2 | 100 | 724 |
| 800 | Skeerpoort | 358 | 15 | 89 | 993 | 1455 |
| 801 | Schaemansville | 530 | — | 77 | 961 | 1568 |
| 802 | Silkaatsnek | 301 | 5 | 4 | 993 | 1303 |
| 803 | Hartbeestfontein | 249 | — | 1 | 541 | 791 |
| 804 | Hartebeestpoort | 414 | — | 2 | 930 | 1346 |
| 805 | Zandfontein | 109 | 3 | 10 | 644 | 766 |
| 806 | Bokfontein | 275 | 6 | 5 | 1018 | 1304 |
| 807 | Wolhuterskop | 715 | — | 14 | 651 | 1380 |
| 808 | Losperfontein | 749 | — | 2 | 1005 | 1756 |
| 809 | Mamagalieskraal | 497 | 7 | 13 | 886 | 1403 |
| 810 | Roodekopjes 44 | 444 | 16 | 37 | 1169 | 1666 |
| 811 | Krokodildrift-Wes | 1049 | 1 | 3 | 1874 | 2927 |
| 812 | Krokodildrift-Oos | 521 | 30 | 11 | 1112 | 1674 |
| 813 | Elandsfontein | 206 | — | 5 | 1214 | 1425 |
| 814 | Hoekfontein | 7 | — | — | 2566 | 2573 |
| 815 | Uitvalgrond 76 | — | — | — | 312 | 312 |
| 816 | Mamagalieskraal | 447 | — | — | 1312 | 1759 |
| 817 | Hartebeestpoort | 447 | 14 | 47 | 564 | 1072 |
| 818 | Blaauwbank | 190 | — | 1 | 538 | 729 |
| 819 | Zoutpansdrift | 639 | 31 | 1 | 784 | 1455 |
| 820 | Buffelspruit | — | — | — | 2808 | 2808 |
| 821 | Waterval | 22 | — | — | 246 | 268 |
| 822 | Veekraal | 183 | — | 6 | 613 | 802 |
| 823 | Hartbeespoort 98 | 721 | — | 11 | 1297 | 2029 |
| 824 | Welgevonden | 100 | — | — | 104 | 204 |
| 825 | Zand-drift | 348 | 30 | — | 896 | 1274 |
| 827 | Jericho | — | — | — | 854 | 854 |
| 828 | Mamagalies Lok | 5 | — | — | 1113 | 1118 |
| 829 | Seringbult | — | — | — | 746 | 746 |
| 830 | Roodekuil | — | — | — | 996 | 996 |
| 831 | Bultfontein | — | — | — | 618 | 618 |
| 832 | Border | 2 | — | — | 362 | 364 |
| 833 | Vaalkop | 239 | — | — | 538 | 777 |
| 834 | Buffelspoort | 96 | — | — | 483 | 579 |
| 826 | Vogelfontein | 115 | — | — | 781 | 896 |
| | | 13,495 | 560 | 471 | 35,326 | 49,852 |

| Blankes Manlik | | Blankes Vroulik | |
|---|---|---|---|
| Onder 21 | Bo 21 | Onder 21 | Bo 21 |
| 3387 | 3507 | 3264 | 3337 |
| Totaal 6894 | | Totaal 6601 | |


| Asiate | | Kleurlinge | |
|---|---|---|---|
| Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| 289 | 271 | 261 | 210 |
| Totaal 560 | | Totaal 471 | |


| Naturelle | | Alle Rasse | |
|---|---|---|---|
| Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| 20654 | 14672 | 28,099 | 21,753 |
| Totaal 35326 | | Totaal: 49,852 | |


Bevolkingsverspreiding volgens die sensuswyke soos ingedeel vir die 1951 sensusopname, en gekopieer vanaf die oorspronklike soos gehou in die magistraatskantoor op Brits

Skaal 1: 250,000




MAMAGALIESKRAAL
41
HARTEBEESTPOORT C
46
KROKODILPOORT
78
OUTSPAN
Krokodil Rivier
SIDING
C/106
106
F/104
103
d/102


CEMETRY
W. N.
MAMAGALIESKRAAL
41
KROKODILKRAAL
61
43
805
799
798
820
802 A
801 A
800 A
796 A
797
794
793
789
788
804
790
821
802
801
800
796
796 B
797 A
787
785
786
822 A
822
781
784
837
838
835 A
835
782
783
780
11
10
986
987
779
778
777
776
834
839
840
841
841A
842
844
843
842A
843A
845
846
849
847
848
848A
847A





Vergelyking van onderverdeling van ou familieplaas met die van Kroongrond.

Kompilasiekaart van Roodekopjes of Zwartkopjes Nr. 32. ('n familieplaas.)
en van Mamagalieskraal Nr. 41, Hartebeestpoort C Nr. 46. (Kroongrond.)

Uittreksel van Kompilasiekaart Nr. JQ.6-B.

Skaal. 1:25.000
of
1 duim = 2100 voet (ongeveer.)





Vergelyking van onderverdeling van ou familieplaas met die van Kroongrond.

Kompilasiekaart van Roodekopjes of Zwartkopjes Nr. 32. ('n familieplaas.)
en van Mamagalieskraal Nr. 41, Hartebeestpoort C Nr. 46. (Kroongrond.)

Uittreksel van Kompilasiekaart Nr. JQ.6-B.

Skaal. 1:25.000
of
1 duim = 2100 voet (ongeveer.)



OUTSPAN
Krokodil Rivier
SIDING
ROODEKOPJES OF ZWA
32
KROKODILDRIFT
27
BRITS TOWNSHIP
EXTENSION
BRITS